

5 *Minute*

Jesushulp

elke dag vir 366 dae

Kort dagstukkies om jou deur jou lewe te help

Joas Natan



Voorwoord

Tussen sy twintigste en veertigste lewensjaar het die skrywer 'n dagboek gehou. Twee reëls het hy vir himself gestel, naamlik om elke dag van die jaar 'n inskrywing te maak en om net die waarheid te skryf. By die samestelling van die huidige dagboek word basies van dieselfde reëls gebruik gemaak, naamlik om 'n dagboek vir die hele jaar saam te stel en net die waarheid van God se Woord te gebruik om die bladsye te vul.

Die doel van die boek is om God, die Heilige Gees, se leiding te volg in die wete dat God gewillig en bekwaam maak om Sy wil te doen. Robert Morris, 'n televisie evangelis, het gepreek dat die Ou Testament direk en indirek na Jesus wat sou kom, wys. Die verskil was dat die Ou Testament uit 'n wettiese oogpunt geskryf is en dat die Nuwe Testament die klem op redding deur genade en die verdienste van Jesus laat val. Die dagboek poog om gebeure uit die Ou en Nuwe Testament en dit wat vandag gebeur met mekaar te integreer tot 'n sinvolle geheel. Daar sal soos die dagboek vorder minder van 'n direkte Ou- en Nuwe Testament indeling gebruik gemaak word. 'n Meer gemaklike vloei tussen Ou en Nuut sal gebruik word. Dagstukkies kom in prosaformaat sowel as in digvorm voor.

Die dagboek is gekryf met die doel om gelowiges te bemoedig aangesien Jesus ons gewaarsku het dat ons dit moeilik sal hê tydens ons verblyf hier op die aarde. Ons leef tans, in 2023, in 'n tyd waarin baie van die Bybelse profesieë ten opsigte van die Eindtyd in vervulling gaan. Jesus het ons gewaarsku dat hoe nader die Eindtyd kom, hoe moeiliker dit vir Sy kinders op die aarde sal word. Ons sal dus meer-en-meer op ons geestelike familie se ondersteuning moet staatmaak.

Die ongelowige sal uit hierdie boek baie leer van die leefwêreld van die gelowige kind van God. My gebede is dat dit hom (insluitend haar), so sal inspireer dat hy bereid sal wees om sy lewe toenemend vir Christus te gee en Hom as Verlosser van sy sondes dankbaar te dien

Wat hierdie dagboek van die konvensionele dagboeke onderskei is die feit dat baie dagstukkies in digformaat geskryf is.

Verder word dit saamgestel deur 'n persoon wat 82 jaar oud is. Dikwels sal die sin van die lewe en die sin van sterf beklemtoon word. Die dringende aard van die kortstondigheid van ons aardse bestaan sal die leser help om sin te vind in dit waarmee hy elke dag te make het.

Geen inhoudsopgawe word verskaf nie aangesien die dae van die jaar mekaar opvolg.

satan word deur die hele boek met 'n klein lettertjie geskryf. Geen eer sal vir hom toegelaat word nie.

Skrywer

November 2023

Dankbetuigings

- 1. Engel(a) vir al die tegniese bystand.**
- 2. My vrou (Genade) vir die ondersteuning, idees en korrigering.**
- 3. Die baie gebede van ander gelowiges.**
- 4. My Here, Skepper en Verlosser wat alles tot stand gebring het.**

Oktober 2023

1 Januarie

Lig

Gen.1:3 Toe het God gesê: Laat daar lig wees. En daar was lig. God het gesien die lig is goed en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei.

In die Nuwe Testament, in Mat.4:16, word Jesaja 8:23 aangehaal. Hierdie profesie is ten minste 500 jaar voor Jesus se geboorte gemaak:

*Die volk wat in duisternis woon het 'n groot **Lig** gesien;*

Hulle wat in die skemerland van die dood lewe,

*Vir hulle het 'n **Lig** opgegaan.*

Toenemend word die duisternis en die lig met mekaar verwar. Satan probeer met al sy mag 'n skemertyd van onsekerheid by die mens skep. Niks mag meer duidelik goed of sleg wees nie. Die mens moet verwar word; goed moet soos sleg en sleg soos goed lyk. Niemand moet met sekerheid kan sê dat iets goed of sleg is nie. Selfs baie leraars dra by tot die verwarring van die mens en verklaar die Bybel soos dit hulle pas. So by voorbeeld is die Bybel baie duidelik oor die gevaar van Sodomie, na aanleiding van wat in Sodom gebeur het. Die hele stad is met vuur uitgewis vanweë die mans se homoseksuele praktyke. Hierdie onbybelse praktyke word vandag algemeen aanvaar. Dit word selfs aanbeveel en word met wetgewing in Suid-Afrika beskerm.

God het in die derde versie van die Bybel reeds lig en duisternis geskei en verklaar dat lig goed is. Jesus is die Lig van die wêreld. Hy skei die kwaad van goed want Hy is goed. Laat elkeen wat die Lig van Jesus se vergifnis gesmaak het, aan die Lig vashou. Moenie toelaat dat die drogbeelde van satan se verleiding jou verwar nie.

2 Januarie

Huwelik

Gen. 1:27: *God het die mens geskep as Sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou, het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: Wees vrugbaar, word baie.....*

1 Kor. 7:10: *Die getroudes beveel ek- nee, nie ek nie, maar die Here- dat 'n vrou nie van haar man mag skei nie.....net so mag 'n man ook nie van sy vrou skei nie.*

Nog steeds seën God die mens as man en vrou in 'n egtelike verbintenis. Statisties is mense wat die langste lewe die wat getroud is en gesinne het. Dan volg die getroudes sonder kinders en dan die enkellopendes. Dit kom voor asof God die mens, wat volgens Sy plan leef, seën met 'n langer lewe.

Hy, wat die mens gemaak het, het van die eerste mens, Adam verklaar:

"Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke. (Gen. 2:18)" en in vers 24:

..."die man sal sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word."

God se volle seën vir die mens is bedoel vir die mens wat aan Hom gehoorsaam is. Die seën is bedoel vir die man wat bereid is om in 'n verhouding, soos God dit beplan het, met sy vrou te leef. Hy word deur geslagsgemeenskap met haar een en so word kinders voortgebring. So word die mens gehoorsaam en voer God se opdrag uit om "*vrugbaar te wees en baie te word.*"

3 Januarie

Sonde

"Die Here God het die mens beveel: Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy." (Gen. 2:17)

Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is." (Open. 2:7)

Adam en Eva, was ongehoorsaam aan God se bevel om nie van die boom van alle kennis te eet nie. So het hulle sondaars geword. Oor alle mense, ook oor jou en my, hang die swaard van veroordeling want ons is almal sondaars. Niemand is sonder sonde nie. Selfs 'n onskuldige kindjie hoef nie te leer om sonde te doen nie. Hulle doen dit van nature. Hulle ken: "Gee" en "myne", en weet goed hoe om 'n speelding van iemand anders te gryp. Hulle manipuleer deur te huil, te skreeu en 'n "tantrum" te gooi. Jesus het nie verniet gesê dat niemand in Sy koninkryk sal ingaan indien hulle nie weergebore word nie. Die mens moet eers aan homself sterf deur homself en sy eie selfsugtige begeertes te verloën. Dan moet hy sy sondes voor God bely. Indien hy dit in opregtheid doen en Jesus as die offer vir sy sondes aanvaar, word hy vrygespreek. So word die mens weer gebore. Hy word 'n nuwe mens en God se Gees kom in hom bly.

Indien jy dit nog nie gedoen het nie, is dit my bede dat jy dit so gou as moontlik sal doen. Wat kan ek vir jou beter toewens as 'n ewigheid in God se teenwoordigheid?

4 Januarie

Net God

U alleen is God.

Teen U is mens 'n sot

wat god wil wees,

sonder om Hom te vrees.

Altyd die opstand

van die verstand,

wat eie grootheid wil bedink,

tot menslike selfvernietiging stink.

In eie grootheidswaan,

sonder aanvaarding van eie blaam.

Altyd net gryp vir self,

sonder self te verdelf.

Altyd weer satansleuen:

"God sal jou ongehoorsaamheid seën.

Jy kan self god wees deur als te weet"

Net satansleuen bely-jy hoef nie te sweet

Net Jesus kan ons red,

Seun van God: op ons gebed.

In my selfverloëning word Hy erekoning,

in my buig en knak,

tel Hy my op Sy skoot, met gemak.

Alleen so jy vergewe,
tot satan van angs bewe,
in die hel - sonder ewige vrede.

5 Januarie

Moord

Kain het Abel oorweldig en hom doodgemaak. (Gen.4:8)

Maar die Here sê: "Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My. Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het" (Gen.4:10)

Julle onthou mos dat die godsdienstige leiers aan julle ouers gesê het: " 'n Mens mag nie moord pleeg nie. Alle moordenaars moet hof toe gesleep word en die doodstraf kry."

"Maar Ek sê vir julle dat iemand wat vir sy medemens kwaad is al klaar 'n moordenaar is. So iemand behoort in die hof aangekla te word. En iemand wat vir sy medemens uitskel vir 'n gek moet selfs in die hooggeregshof gedaag word. En iemand wat so ver gaan om sy medemens 'n idioot te noem moet in vuur van die hel gaan brand. (Boodskap: Mat. 5:21)

Uit hierdie woorde, Ou of Nuwe testament, is dit duidelik dat baie min van ons nie skuldig voor God staan nie. Net die liefde wat God se Gees in ons harte inbring kan ons motiveer tot goeie dade en woorde. Alleen wanneer ons ons medemens liefhet word dit moontlik om die medemens vry te spreek wanneer onreg teenoor ons gepleeg word. Hierdie liefde kan net in die gelowige se hart ontstaan wanneer hy iets van God se liefde vir himself begin begryp. Alleen wanneer hy oorweldig word deur die wete dat God hom ter wille van Jesus se verdienste vryspreek, kan die mens in hierdie liefde begin lewe. Dan sal hy nie meer moor en verwoes met sy mond en dade nie, maar sal hy in liefde vryspreek.

6 Januarie

Geweld en Korrupsie (1)

Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het (Gen.6:5)

Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld.....elke mens se lewe was verrot. (Gen.6:11)

Toe sê God vir Noag: "Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg."

Die oorstroming het oor die hele aarde gekom....dit het die ark opgelig. Die water het amper sewe meter bokant die berge gestyg en dit bedek.(Gen. 7:20) Al wat op die aarde leef het omgekom. Net Noag en die by hom in die ark is gespaar.

Op die eerste dag van die eerste maand van die seshonderd en eerste jaar van Noag was die water op die aarde heeltemal weggedroog.....Toe sê God vir Noag: "Gaan uit die ark uit, jy en jou vrou en jou seuns en hulle vrouens, en al die lewende wesens wat by jou is.hulle moet wemel op die aarde en vrugbaar wees en baie word op die aarde". (Gen.8:17)

2 Tim.3:1 tot 4:

Dit moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom. Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig; hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie; hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God. Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdienst hê maar die krag van die godsdienst sal hulle nie ken nie.

7 Januarie

Geweld en korrupsie (2)

Ons woon in Suid-Afrika in die jaar 2023 of daarna. Ek hoef dus nie eers te probeer om die huidige situasie aan jou te verduidelik nie. Jy beleef dit elke dag net soos ek. Wat is daar van geweld, korrupsie, moord, onreg, bordele, aborsie, homoseksualisme, selfvergoddelyking, diefstal, anargie, onrus en godsverloëning wat jy nie daaglik ervaar nie?

Maar, is ons enigszins slegter daaraan toe as Jesus en Paulus toe hulle 2000 jaar gelede gelewe het? Kon Jesus 'n waterkraan oopdraai, 'n spoeltoilet gebruik, op 'n sagte matras slaap, in 'n motor ry, burgerregte soos regverdigheid beleef? Was Paulus se lewe vol gerief en plesier? Hoe sou ons gevoel het indien ons soos Paulus die volgende van ons lewens moes gesê het:

" ons is dwaas, swak, word verag, ly honger en dors, is armoedig aangetrek, word mishandel, swerf rond, werk hard met ons hande, word uitgeskel, word vervolgd, word beledig, ons het die uitvaagsels van die wêreld, die skuim van die samelewing geword."

(1Kor. 4:10)

Hoe het hierdie mense van die Nuwe Testament oorleef? Wat het hulle die krag gegee om aan te hou? Paulus beantwoord hierdie vraag in Romeine 15: 13 met 'n seënwenne wat ook vir ons vandag bedoel is: *Mag God, die **bron van hoop**, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle **hoop** al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees.....* **Ons het hoop!**

8 Januarie

Googol

In Genesis 11 word die verhaal van die Toring van Babel vertel. Die wêreld het net een taal gepraat. *Toe sê hulle: "Kom ons bou vir ons 'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons 'n naam. Dan sal ons nie oor die aarde versprei nie."*

God laat nie Sy soewereiniteit uitdaag nie. Hy het gesien dat die mensdom met een taal haas onstuitbaar in sy gebruik van tegnologie sal word. Die mens sal in sy eenheidstrewende poging om sy eie god te word. Dus het God die mens se taal verwar sodat hulle mekaar nie meer kon verstaan nie. So is hulle eenheidstrewende verbreek en is hulle oor die aarde versprei.

Met die uitstorting van die Heilige Gees, soos beskryf in Handeling 2, was een van die gevolge dat die mense in ander, vreemde tale begin praat het. " Dit wat die bevolkingsgroepe by Babel verdeel het, is opgehef deur die Heilige Gees: " *Ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het"*

Dit wat God deur die werking van die Heilige Gees vermag het, het die uitdaging vir die sekulêre mens geword. Weer het die ideaal van Babel herleef om in eenheid God van Sy troon te stoot om self god te probeer wees. *Googol* het die oplossing gebring. *Googol* beteken 10 tot die mag 100 of 10 met honderd nulle aan. Die getal is so groot dat dit onverstaanbaar word. Die skeppers van *Google* het *Googol* gebruik as basis vir hulle woord *Google*. Soos *Googol* sal *Google* ontelbaar baie inligting beskikbaar maak. Dit is dus nie vreemd dat enige woord of sin, in watter taal ookal, vandag in jou eie taal op *Google* vertaal kan word nie. Die nuwe Toring van Babel nader vinnig voltooiing. Oppas waar jy bou.

9 Januarie

Die geheim vir voorspoed (1)

Waarom was Abram so voorspoedig? Kan ons iets uit sy lewe leer wat ons kan help om ook voorspoedig te wees? Ons gaan drie dagstukkies gebruik om hierdie vraag te beantwoord; eers gaan ons kyk na Abram se lewe volgens die ou Testament, hierna hoe die invloed van Abram in die Nuwe Testament voorkom en ten slotte wat ons vandag kan gebruik uit dit wat ons van Abraham geleer het.

Twee aspekte staan sterk uit wanneer die redes vir Abram se voorspoed ondersoek word. Die eerste is sy bereidheid om God te vertrou. Die tweede is sy absolute gehoorsaamheid aan God. Toe God van Abram verwag het om sy familie, vriende en bekende omgewing die rug te keer was hy bereid om God te vertrou. God het immers aan hom beloof dat hy hom 'n groot nasie in die onbekende omgewing, waarheen Hy hom neem, sal maak. Abraham het nie geweet waar die land is nie, watter gevare daar vir hom in die onbekende gewag het nie. Hy het net in God se voorsiening geglo. Sekerlik moes hy geglo het God is Almagtig en God is goed anders sou hy God nie kon vertrou het nie.

Abram was ook gehoorsaam aan God. Die grootste toets vir sy gehoorsaamheid het gekom toe God van hom verlang het om sy en sy vrou, Sarai, se enigste seun, die een vir wie hy moes wag tot hy 100 jaar oud geword het, te gaan offer. Offer het beteken dat hy sy seun op 'n altaar moes vasbind en sy keel moes afsny. Abram se geloof in God en God se goedheid en almag was so groot dat hy geweet het dat God vir Isak, sy seun, selfs uit die dood aan hom kon teruggee. Toe Abram sy hand ophig met die mes daarin om sy seun se keel af te sny, het God hom gekeer met die woorde:

"Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy my dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun aan my te offer nie. (Gen. 22:12)

10 Januarie

Die geheim vir voorspoed (2)

Die geheim vir Abram se voorspoed was sy geloof in God en sy vertrouwe in God. Hiermee saam sy bereidheid om te doen wat God vir hom gesê het. Hierdie geheim vir voorspoed word in die Nuwe Testament bevestig in die gedeelte in Jakobus 2: 20 tot 24:

"...wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder daade nutteloos is? Ons vader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie.? Jy sien dus dat geloof met daade gepaard gegaan het en dat dit eers deur daade volkome geword het. So is die Skrif vervul wat sê: Abraham het in God geglo, en daarom het God hom vrygespreek(Gen. 15:6), en daarom is hy 'n vriend van God genoem. Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy daade en nie net op grond van sy geloof nie.

Nog 'n voorbeeld van hoe gehoorsame daade met geloof en vertrouwe in God verweefd is, is in die voorbeeld van die prostituut Ragab. Sy het die verkenners weggesteek en hulle met 'n ander pad laat terugkeer na Josua toe. Jakobus se kommentaar op hierdie vrou se handeling is soos volg:

'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is geloof wat nie tot daade kom nie, ook dood.

Kom ons kyk nou na die toepassing van hierdie waarhede uit Abraham se lewe in ons lewens vandag:

11 Januarie

Die geheim vir voorspoed (3)

Wat is jou grootste behoefte? Kom ons kyk eerste na die gelowige mens se behoeftes. Dit kan nie beter omskryf word as die vrug van die Heilige Gees wat vir ons in Galate 5 uiteengesit word nie: hierdie behoeftebevrediging bring die hoogste voorspoed vir 'n mens. *Liefde, vrede, vreugde, vriendelikheid, geduld, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Wanneer jy jou lewe aan Jesus oorgee en aan jouself, jou eie drange en begeertes sterf, Sy vergifnis vir jou sondes aanvaar en glo dat God Sy Seun uit die dood opgewek het, ontvang jy God se Gees. Die dooie mensgees begin dan in God se Gees lewe kry. Dan kan jy agter Jesus aankom deur jouself te verloën en Jesus volg deur ook jou kruis van selfverloëning te dra. Die eerste deel van die Heilige Gees se inwoning is liefde; dit beteken dat jy jou eie belange en jou eie selfsugtige begeertes prysgee ter wille van die voordeel van mense om jou. Dit beteken ook dat Jesus jou grootste liefde word en dat Sy eer, Sy koninkryk en Sy wil jou oorheersende begeerte word.

Die ongelowige se behoeftes word deur die sekulêre Sielkunde aan die hand van Maslow se model of piramiede uitgebeeld al is daar baie kritiek teen die model. Eers moet die vorige basiese behoefte bevredig word voor na die volgende vlak beweeg word:

1. Fisiologiese behoeftes soos eet, slaap, seks, asemhaal en 'n skuilplek
2. Beveiliging soos sekuriteit, orde, stabiliteit en beskerming.
3. Lidmaatskap om eensaamheid te oorkom. Om deel van die gemeenskap te wees.
4. Erkenning en waardering van self en ander. Selfbeeld en versterking daarvan, prestasies, respek en selfversekerdheid kan hier ingesluit word.
5. Selfaktualisering soos geestelike en morele ontwikkeling, soeke na sin en hulpverlening aan ander.

Vir die gelowige maak dit nie veel sin nie.

12 Januarie

Demokrasie

Is jy 'n voorstander van demokrasie, waar die inwoners van 'n land die regering kies met 'n meerderheidstem? Hoe was die regeringsvorm en hoe is dit vandag?

Ou Testament

God is die Skepper van die aarde, die mense en die heelal. Alles behoort aan Hom en Hy is besig om Sy wil uit te voer met dit wat op die aarde gebeur. Aanvanklik, in Adam se tyd was God alleen God, en het Hy die aarde regeer volgens Sy wil. Met die sondeval het die mens gekies om self sy eie lot te probeer bestuur met katastrofiese gevolge soos ons gesien het met die gebeure om die toring van Babel en die sondvloed.

Die mense was nie tevrede met God as heerser oor hulle lot nie en het aangedring om 'n koning te kry soos die heidennasies om hulle. God het hulle gewaarsku teen die dwase keuse wat hulle wil uitoefen en teen die gevolge van hulle keuse. Die mens het gedink hy weet beter en het aangedring op 'n menslike koning om God se koningsposisie te vervang. Al die verkeerde besluite van die mens het hulle oorsprong gehad in die mens se behoefte om sy eie god te wees en hom los te maak van die lewende God se beheer. Die menslike koningskap het misluk, soos God voorspel het, en God moes ingryp met rigters en profete om orde op die aarde te herstel.

Die nuwe tyd

Die menslike selfverafgoding het sy hoogtepunt bereik toe die humanisme God uit die regering van die land uitgesluit het en die mense die hoogste gesag gemaak het. Hulle sou in die toekoms self besluit wie hulle as hulle regering aangestel wil hê. Demokrasie is ingestel waar die demo of die nasie die regering oorneem en self besluit oor wat hulle wil hê soos abortie, selfde geslag huwelikke en relatiewe moraliteit waar elkeen kan besluit wat vir hom reg of verkeerd is. Nog nooit was die wêreld in 'n groter gemors as nou nie.

13 Januarie

Na Demokrasie

Aangesien demokrasie grootliks besig is om oor die wêreld heen te misluk, ontstaan die vraag "Wat nou?"

Reeds vir 'n geruime tyd is daar 'n alternatiewe regeeringsvorm besig om vorm aan te neem. Die regeeringsvorm word gedryf deur die World Economic Forum (WEF). Jaarliks kom hierdie organisasie in Davos bymekaar om nuwe strategieë vir die bereiking van hulle doelstellings te bespreek. Van die magtigste mense in die wêreld is prominent by hierdie vergaderings. 'n Groot deel van die wêrelddeksonomie se rigting word hier bepaal. Mense wat prominent by hierdie byeenkomste is, is onder andere Klaus Schwab, Putin, Angela Merkel, Justin Trudeau en Emmanuel Macron. Van Suid-Afrika se prominente politieke figure word ook gereeld hier opgemerk. Putin is een van die wêreldleiers wat deur die WEF geskool en voorberei is vir sy taak. Ongeveer helfte van die jonger politieke figure in Frankryk is geesdriftige ondersteuners van die WEF. Hierdie mense vorm die globale elite, magtige groepe, baie ryk individue wat oor landsgrense werksaam is. Hierdie mense is nieverkose individue. Hulle verteenwoordig gewoonlik organisasies en kom in semigeheimhouding bymekaar om te besluit watter beleid hulle wêreldwyd toegepas wil hê. Die oorkoepelende tema by die WEF is totale beheer van die mensdom deur die media, die wetenskap en tegnologie te gebruik om demokrasieë te omvorm. Uitdagende temas word by hierdie vergaderings hanteer soos onder andere:

Die binnedring van regeerings, beheer van die mensdom se denke deur van klankgolwe gebruik te maak, massiewe inperkings, herkalibrering van vryheid van spraak, klere as digitale paspoorte wat jou sal kan identifiseer, slimfone deel van jou liggaam te maak (reeds teen 2030), die mens totaal van sy besitreg te ontnem en pille te verskaf wat mikroskyfies bevat (Pfizer). ---sien Juig tydskrif: Oktober 2022. P.64.

14 Januarie

Kommentaar op WEF

Ons, as gelowiges, sien reikhalsend uit na Jesus se wederkoms. Ons glo dat baie van die tekens wat Jesus vir ons gegee ten opsigte van die eindtyd in Matt. 24 en 25, is in ons tyd besig is om waar te word. Seker een van die belangrike aanwysers dat Jesus se koms naby is, is in Sy woorde:

"Pasop dat niemand julle mislei nie" (Mat. 24:4)

Die afgelope 6000 jaar, sedert Adam se verskyning, is satan ywerig besig om die mens te mislei. Gewoonlik is dit met halwe waarhede, met leuens, met die verwarring van redenasies, met 'n beroep op die strewe van die mens om self god te wil wees, die klem op die begeertes van die mens en velerlei ander tegnieke, Tans het satan grootliks die media in sy mag gekry. Die mens se onbevredigbare honger vandag na meer en meer kennis lewer hom uit aan die media. Mense kry net nie genoeg van weet nie; die nuus moet 'n paar keer 'n dag geluister word, die koerante word stukkend geles, die internet het die mens se grootste vriend geword. Min tyd om *Hom bo alles lief te hê en ons medemens soos onself lief te hê*, word bestee. In wese word die mens mislei om tyd aan homself te bestee. So sondig hy maar weer, soos so baie keer in die verlede, met die aanbidding van die afgod: *I, Me and Myself*.

Die gerigtheid op homself maak die mens uiters kwesbaar vir Jesus se waarskuwing om op te pas vir misleiding. Die meeste misleiding, ook vanaf die kansels, gaan vandag daaroor om die mens goed te laat voel oor homself, resepte te verskaf vir hoe 'n mens vir homself rykdom kan verwerf, hoe hy homself belangrik kan maak, homself kan geniet en sy eie koninkryk kan bou.

Mag jy nie so deur satan verlei word nie. Indien jy die selfgod dien, dit is nog nie te laat nie.

Vra God om jou te vergewe, verloën jouself, volg Hom en help bou Sy koninkryk.

15 Januarie

Lag en Huil (1)

Ou Testament- Genesis 16

Daar is een persoon wat by uitstek met lag geassosieer word, naamlik Sara, Abram se vrou. Toe sy die gesprek tussen Abram en sy besoeker, die Engel van die Here, afluister en hoor dat sy gaan swanger word en 'n kind gaan baar het sy gelag. Dit was in haar denke onmoontlik; hoe kon sy 'n ou vrou van tagtig swanger word? Abram was self nie meer 'n kind nie en het so aan die negentig geraak. Sara was 'n uitsonderlike mooi vrou en haar naam beteken onder andere prinses. Die blote gedagte dat sy 'n kind kan hê het haar vertroetelde, onvervulde verwagtings van moederskap, weer aan die gang gekry. Abraham het immers van God die belofte, baie jare terug ontvang, dat hy 'n groot nasie sal word. Maar eers sou Sara ook trane moes stort. Sarah het ongeduldig geword toe sy nie swanger word nie en het toe 'n plan gemaak. Sy het Abraham oorreed om met haar slavin, Hagar, omgang te hê om so vir Abraham 'n kind in die wêreld te bring. Die gedagte sou wees dat Sara dan die kind as haar eie sou kon aanneem. Hagar het egter toe sy swanger geword het arrogant geword en Sara begin verag. Sara het 'n bitter tyd deurgemaak en op die ou einde die swanger Hagar weggejaag. Die Here het ingegryp en het gekeer dat sy nie in die woestyn omkom nie. Sy moes teruggaan na Sara en Abram toe en leer om haar te onderwerp aan Sara. Toe Ismael, Hagar se seun, 14 jaar oud was het het God Sy belofte aan Abram en Sara waar gemaak. Isak, wat lag beteken, is gebore tot groot vreugde vir Abraham en Sara. Die lag en huil in die gesin was nog nie verby nie. Sara kon nie met Hagar en haar kind, Ismael, regkom nie en het Abram oorreed om Hagar en haar kind weg te stuur. Abram was lief vir Ismael en het met 'n swaar hart van hom en sy moeder afskeid geneem. Gelukkig het hy darem nog vir Isak, sy lieflingkind, gehad.

Moes jy ook al deur trane van vreugde en hartseer leer om God se wil te vertrou?

16 Januarie

Lag en Huil (2)

Dalk het Abraham nie openlik gehuil nie maar hy het ook sy smart ervaar. Dit moes vir hom 'n harde slag gewees het om Ismael te verloor maar God sou hom nog verder toets; die grootste toets van sy lewe het gekom toe God die volgende woorde tot hom gespreek het:

"Vat jou seun, jou enigste, seun, Isak wat jy liefhet en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys."

Sonder om tee te stribbel, sonder om te kla of met God te redeneer het Abraham hout gekap, sy donkie die volgende dag opgesaal en Isak saam met twee ander diensknegte geneem om die tog na Moria te begin. Op die derde dag het Abraham Moria uit die verte gesien, die bediendes agtergelaat terwyl hy en Isak alleen verder gegaan het. Isak was verbaas oor sy vader se optrede en wou by Abraham weet waar die offerlam is, terwyl hy self die hout op sy rug gedra het. Hierop het Abraham verklaar:

" My seun God sal self Sy offerlam voorsien."

Net voordat Abraham Isak se keel sou afsny het die Here met Abraham gepraat:

"Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy my dien: jy het nie geweier om seun, jou enigste seun, aan my te offer nie."

Hierdie stuk geskiedenis sou 'n duisend jaar later weer herhaal word. God sou Sy Seun, Sy geliefde, enigste Seun, ons Here Jesus, laat offer. Hy sou ook op hout vasgebind en meer nog, vasgespyker word. Vir Hom sou daar geen stop wees nie. Sy bloed sou soos die offerlam se bloed vloei, vanaf sy kop waar die doringkroon op vasgekap is, uit sy hande en voete wat vasgekap was aan die kruis, uit sy rug, wat teen die skurwe hout geskuur het nadat hy gegesel is en uit Sy sy waar die swaard hom deursteeke het.

Dit alles het Hy vir ons sondes gedoen sodat ons nie hoef gestraf te word vir ons oortredings nie. Hy is klaar gestraf, die volle boete is betaal. **God het Sy Offerlam voorsien.**

17 Januarie

Lag en Huil (3)

Nie meer huil in die sondekuil;

wees bly, wees bly,

GodsKind maak jou vry.

Rig jou oog omhoog,

sien Hom bo die hemelboog;

wit amandelblom,

waar Hy op die wolke kom.

Weg nou hartesmart,

bring vreugde in die Herehart,

wanneer Hy jou geloof aanskou,

en jy nie meer die sondeskuld herkou.

Sien jy die wolke wit en skoon,

in die vorm van 'n hemeltroon?

Tans is dit nog leeg,

Maar spoedig sal die sondewêreld beef,

wanneer Hy in Sy volheid kom.

Isak, rig jou vreugdelag na Bo.

Wat verskaf jou vreugde? Wat laat jou huil? Gee die antwoord op hierdie vrae vir jou 'n aanduiding van dit wat belangrik is in jou lewe?

Mag ons Verlosser ons hoogste vreugde wees en ons ongehoorsaamheid en ongeloof ons grootste leed.

Mag die liefde, vrede en **Vreugde** van die Heilige Gees ons deel wees.

18 Januarie

Lag en Huil (4)

Sara

Mooie prinses, ook uit Ur gekom,

mooi, soos 'n skone blom.

Wat kon Abraham jou bied,

daar in die Galdese sondegebied?

Nee, God het jou bestem,

veel later siele te wen,

toe jy oud en gedaan,

met skoonheid wat taan,

jou eersteling dra,

sonder te sug en te kla.

Uit Isakslende sou nog kom,

voorouers van die Heilige Koningsklong.

Waarom was jy ongeduldig vrou,

toe jy jou diensmeisie aan Abraham voorhou?

Het jy gedink God maak 'n grap,

toe jy jou swangerskap in ongeloof wegklap?

Of toe Abraham jou kind

gaan offer het, vasgebind?

Het jy toe gelag of het die pyn jou verkrag?

Wat het deur jou hart gegaan

toe jy in gedagtes saam

na die offerplek toe gaan?

Of toe jy weer jou kind,

Vir Isak in jou arms vind?

Kon jy God toe vertrou?

Kon die prinses toe weer lag?

19 Januarie

Kameel

Genesis 24 is merkwaardig vanweë die 19 keer wat kamele hierin vermeld word. God, wat Sy Woord geïnspireer het, moes 'n doel hiermee gehad het. Die vraag is nou waarom het God dit nodig gevind om die kameel soveel keer te vermeld?

Ses van die 19 vermeldings verwys na die feit dat die kamele water gekry het om te drink. In een drinksessie kan 'n kameel 180 liter water drink. Die water word nie in sy boggels gestoor nie maar wel in sy bloed. Die boggel of boggels (sommige kamele het 2) bestaan hoofsaaklik uit vet, tot 30 kilogram, wat gestoor word sodat die kameel vir selfs maande sonder kos kan oorleef.

'n Kameel is baie sterk en kan 400 kilogram gewig dra vir afstande van tot 40 kilometer per dag.

Kamele kan vinnig hardloop, tot 65 kmpu, dieselfde as 'n resiesperd.

Kamele het drie stelle ooglede en twee stelle oogwimpers om die sand uit hulle oë te hou. Hulle kan hul neusgate heeltemal sluit tydens sandstorms. Vanweë dik lae vel om hulle bors en knieë kan hulle in baie warm sand gerieflik sit sonder om te brand. Hulle tonge is 45 cm lank om gemaklik blare van bome te stroop sonder dat die dorings hulle tonge beskadig.

Antwoord enige van bogenoemde feite die vraag oor waarom God die kameel so prominent in die gedeelte gemaak het?

Indien Abraham se slaaf dieselfde roete as Abraham gevolg het om by Padam-Aram uit te kom beteken dit dat hy ongeveer 1000 kilometer vir 'n enkelrit moes aflê. Teen 40 kilometers per dag, vir 6 dae per week sou dit dus 'n minimum van 25 dae geneem het om die afstand af te lê. Slegs 'n uitsonderlik goed toegeruste dier sou dit kon vermag. Het God dalk die kameel so uitsonderlik toegerus vir hierdie doel? Geen ander transport sou hierdie

geweldige uitputtende woestynreis in 25 dae kon voltooi het nie. Die kameel het sy besondere vermelding verdien.

Die groter wonder van die kameel lê in die uitsonderlikheid van die Ontwerper en Skepper van die kameel. Alleen God kon die wonder van die berging van water in die kameel se bloed beplan het. Hoe dit plaasvind is 'n wonder wat net deur God beplan kon word.

Heerlik, vertroostend is dit vir ons om te weet dat dieselfde Wondergod wat die kameel gemaak het, ook elke dag na ons omsien. Hy het ook die lewende water van Sy Gees in ons gegee. Dit les ons dars na Hom op ons moeisame lewensrit van 80 jaar deur die lewe.

20 Januarie

Kamele (2)

Genesis 24

Tien uitgesoekte kamele vir God se sending,

vir Isak 'n vrou te soek in die onbekende

Wie was jy naamlose slaaf,

gekies vir hierdie groot opgaaf?

"Om kamele te water", was die toets,

Rebekka kon net nie hiervan wegkoes.

Was sy lief vir diere,

Het sy 'n sagte hart vir haar bure?

Laban, Rebekka se broer,

wil ook na die kamele kom loer.

hy beloof baie voer.

Waarom Heer, so baie van kamele?

Tog net 'n voertuig-'n drading,

opgestop met water daarin.

'n Regte waterkar,

lyk soos God se nar.

Hoog op sy bene,

bo die woestynsand verhewe.

Dubbel vliese oor oë, plat ronde voete,

gebou om te hou, op hom kan jy vertrou.

Wat 'n kontras Here;

mooie Rebekka op die vreemde diere.

Perfek toegerus, vir Godsdoel uitgerus.

Die wonder is in die nadere betragting

van die Skepper van die dier.

gemaak vir Sy plesier.

Sal ons ooit verstaan

met 'n brein wat aanhou taan?

21 Januarie

Kamele (3)

Ook in die Nuwe Testament verwys Jesus na 'n kameel:

"Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom." (Mat. 19:24)

Die les wat Jesus vir Sy toehoorders wou leer het ook vandag vir ons iets te sê. Baie Bybelverklaarders het hierdie woorde probeer verduidelik. Een verklaring was dat die poort na Jerusalem baie laag was en dat 'n kameel vanweë sy hoogte moeilik daar kon ingaan. 'n Ander moontlike verklaring is dat Jesus dit letterlik bedoel het naamlik dat dit bykans onmoontlik is vir 'n ryk persoon om in die hemel te kan ingaan. Toe Petrus na aanleiding van hierdie woorde by Jesus wou weet wie dan gered kan word het Jesus verklaar:

"Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik" (Mat 19:26). Jesus gaan dan verder en verklaar dat elke mens wat op aarde van iets afgesien het ter wille van God se koninkryk, 100 maal meer sal ontvang. Die sleutel tot die verklaring van die gedeelte lê juis hierin. In Mat 16; 24 stel Jesus dit duidelik:

*As iemand agter My aan wil kom, (of in die hemel wil inkom), moet hy homself verloën
.....(nie net van sy besittings en familie afstand doen nie maar van sy belangrikste besitting
naamlik homself, sy eie lewe afstand doen)*

Wanneer die mens op hierdie punt kom van afsterwe aan homself, doodgaan, die self opgee terwille van Christus, keer hy geestelik tot stof terug. Stof kan deur die oog van 'n naald beweeg. Alleen die mens wat so klein word, so van die self afsterf, kan weer gebore word en 'n nuwe lewe in Christus begin lewe.

In Mat 23: 24 gebruik Jesus 'n pragtige beeld om die Fariseërs van Sy dag te beskryf. Die beskrywing is ook van toepassing op baie mense van ons tyd. Dink 'n bietjie oor die volgende: *"Julle skep die muggie uit julle beker uit, maar julle sluk die kameel in."*

22 Januarie

Miere

Kom ons beweeg vir 'n oomblik weg van 'n baie groot dier na 'n 'n baie kleintjie, so klein dat dit nie as dier maar insek geklassifiseer word. Ek bedoel 'n mier. Die volgende ingteressante feite oor 'n mier word vermeld:

1. Miere kan boere genoem word vanweë hulle kosvoorsiening.
2. 'n Mier het 2 mae.
3. Miere het nie longe nie.
4. Miere kan swem.
5. 'n Mier kan slawe hê wat vir hom werk.
6. Miere is so oud soos dinasourusse.
7. Daar is meer as 12000 mier spesies bekend.
8. 'n Mier kan 20 maal sy eie gewig ophig.
9. 'n Koningin- mier kan baie jare lewe en kan miljoene nakomeling hê.
10. Wanneer miere veg, veg hulle gewoonlik tot hulle opponente dood is.
11. Na die afsterwe van 'n kolonie se koningin bestaan die kolonie hoogstens vir nog 'n paar maande,.
12. 'n Mier kan tot 2 ure sonder suurstof lewe.
13. 'n Mier het nie bloed nie.

Geen wonder dat die wyse Salomo gesê het:

"Gaan na die mier, luiaard, kyk na sy weë en word wys." (Spr.6:6)

23 Januarie

Die menslike wil

Van al die wonderlike dinge wat God in die mens ingebou het, is sy wil seker een van die voortreflikste. Dit is asof God 'n kans gewaag het met Sy skepping toe Hy die mens die vrye wil gegee het om te kan kies wat hy wil doen of nie wil doen nie. Met hierdie eienskap het God die mens vergoddelik want met 'n vrye wil kon die mens kies wat hy met God in sy lewe wil doen. Hy kon kies om sy eie god te wees, homself te verhef, homself te plesier, sy eie drange en behoeftes uit te leef en net homself lief te hê. Hy het ook die vrye wil om God te kies as Koning en homself aan God te onderwerp. Wanneer die mens kies om agter God aan te kom sal hy homself verloën, sy kruis van selfverloëning dra en bereid wees om Jesus te volg waar en hoe Hy lei. (Mat.16:24)

Baie mense wil God volg maar het 'n probleem omdat hulle nie weet hoe om hulle aan God se wil te onderwerp nie. Hulle probeer hard om hulleself en hulle eie behoeftes te kruisig en aan God gehoorsaam te wees maar misluk en glo dan dat hulle nie vry is om 'n keuse te maak nie. Die Bybel sê duidelik:

" Kies vir wie julle wil dien"(Jos.24:15)

Met hierdie woorde word tog duidelik veronderstel dat die mens in staat is om te kies. In Engels is daar 'n paar woorde wat ons kan help om beter te verstaan wat ons moet doen soos: (Robert Morris: Tv program oor Prediker)

1. *"Let"* Wanneer 'n mens toelaats, verloën jy jouself en jou eie wil soos in die volgende geval: *" Let Him (God) become the centre of everything, the most important Thing."*

2. *"Cry out to Him to fill you."* God nooi ons uit om in ons nood na Hom toe te kom. Indien jy verlang om deur Hom gevul te word sal Hy jou gebed verhoor.

3. *" God cares about everything you do. Allow Him into everything."*

Laat God toe tot in die kleinste besonderheid van dit waarmee jy besig is.

24 Januarie

Die menslike wil (2)

Sedert Adam se sondeval is die mens uitgelewer aan sy eie wil om sleg te wees. Die oersonde van Adam het die mens in 'n onwillekeurige posisie geplaas om die sonde te wil doen. Eers na Jesus se koms en die uitstorting van Sy Gees in die mens se hart het die mens vry geword om te kies, soos voor die sondeval. Daar is egter 'n paar vereistes waaraan die mens moet voldoen indien hy hierdie vryheidslewe wil lewe. Kom ons kyk na 'n paar hiervan:

1. Die ou mens moet sterf. Alleen 'n mens wat gesterf het kan weer begin lewe. Om net te probeer verander sonder om die ou mens af te sterf kan nie gebeur nie. Jesus het vir Nikodemus gesê dat hy alleen in die koninkryk van God kan ingaan indien hy weer gebore word. Hy moes dus die volwasse lewe aflê, afsterf. (Joh. 3:4)
2. Nikodemus wou weet hoe dit moontlik is. Jesus het die diep waarheid van die evangelie van goeie nuus aan hom verduidelik. In kort kom dit daarop neer dat die mens die geloof in Jesus as Verlosser moet ontvang want *Geloof is 'n genadegawe van God.* (Ef.2:8) Indien die mens glo dat Jesus vir al sy sondes geboet en die volle losprys vir hom betaal het, kan hy Jesus as Verlosser aanvaar.
3. Dan sal die mens bereid wees om deur die doopwater te gaan. Simbolies sal hy onder die doopwater sterf en sal die ou sondemens afgewas word. Wanneer hy uit die doopwater opkom sal hy die eerste asemtuig van God se Gees, die nuwe lewe, inasem. Deur die Heilige Gees sal hy 'n hemelse taal begin praat. Die vervulling met die Heilige Gees gaan sekere vrugte voortbring soos *liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.* (Gal. 5) Hierdie vrug van die Heilige Gees sal dit vir hom moontlik maak om God bo alles te kies, lief te hê en te dien

25 Januarie

Isak, Ismael en die Heidene (1)

Die Bybel is een van God se grootste wonderwerke. Dit is die eerste boek wat ooit gedruk is. Dit is deur meer mense gelees en gedruk as enige ander boek in die geskiedenis. Geen ander boek is in soveel tale vertaal nie. Die Bybel is 'n versameling van 66 boeke wat oor 'n tydperk van 2000 jaar deur 40 verskillende skrywers geskryf is. Dit is een Boek wat 'n volmaakte eenheid vorm en deurgaans konsekwent is. Dit ten spyte van die verskeidenheid van skrywers en die lang tydsduur van die samestelling van die Bybel. Dit vorm een sentrale tema, naamlik Jesus, die Verlosser van die mensdom. Dat die Bybel waar is blyk onder andere uit die profesieë wat reeds vervul is en tans vervul word. Een aspek van die Bybel wat uitgelig kan word is die volgende:

Daar is hoofsaaklik drie groot groepe mense wat gedek word in die Bybel naamlik die Jode, die afstammeling van Isak. Die Moslems, die afstammeling van Ismael, en die heidene. Abraham het God se belofte ontvang dat Hy 'n groot nasie sou word en dat uit sy nageslag die Verlosser van die wêreld gebore sou word. Hierdie belofte sou deur sy seun Isak tot vervulling kom. Sy ander seun Ismael sou ook 'n groot nasie word maar heel anders as Isak sou die nasie deur die slavin Hagar kom. So ontstaan twee groot groepe mense naamlik die wat onder die genadeverbond sou wees en deur geloof in Jesus gered sou word en die groep wat deur wetsonderhouding self hulle redding sal probeer verdien (Gen. 15-17). Die Jode het Jesus verwerp as Messias en Verlosser en val onder die wat hulle redding probeer verdien deur wetsonderhouding. Ook Islam val onder hierdie groep en beskou Abraham as hulle voorvader. Die Christene sou aanvanklik hoofsaaklik uit die heidene kom totdat hulle volle maat ingekom het.

Waar staan ons vandag in die geskiedkundige verloop van God se plan vir die mensdom?

26 Januarie

Isak, Ismael en die Heidene (2)

Ons, die heidene, is besonderlik bevoorreg om na Jesus se omwandelinge op die aarde, Sy kruisdood vir die mensdom se sondes en Sy opstanding en hemelvaart, uitgesonder te word om eerste die kans te kry om in Jesus se koninkryk in te kom. Ter wille van ons redding is die Jode se verstand versluier vir die waarheid van die Evangelie. Die Jode gaan wel nog hulle kans kry tydens die groot verdrukking. (Rom.11:25)

Min gedeeltes in die Bybel bied soveel insig in die groot plan van God as die hoofstukke in Romeine 9-11. Indien een versie hier uitgesonder kan word is dit Rom.11:25:

Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom en duur totdat die volle getal ("volle maat", in die 1953 vertaling) uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het.

Hoe sal ons weet dat die volle maat uit die heidennasies ingekom het?

Voordat ons hierdie vraag kan beantwoord is dit nodig om kortliks na die geskiedenis van Ismael te verwys:

Abraham en Sara het ongeduldig gewag op die vervulling van God se belofte aan Abraham dat Hy vir Abraham 'n groot nageslag gaan gee. Hulle het sake in hulle eie hande geneem en Sara se slavin Hagar vir Abraham gegee om vir hom 'n seun te verwek. So is Ismael gebore. Hy en sy ma moes uiteindelik vanweë Sara se houding weggestuur word om hulle eie potjie te krap. Abraham was jammer vir Ismael maar God het beloof dat Hy ook van Ismael 'n groot nasie sal maak. Ismael was 'n vegter en was lief vir jag. Hy was die voorvader van die Edomiete of soos ons hulle vandag ken die Arabiere en ander Oosterse nasies, hoofsaaklik die Moslem gemeenskappe. Hulle het ook vir Jesus as Messias verwerp en het Mohammed as hulle Verlosser aangeneem. Hulle was egter nie by die aanvanklike heidene ingesluit wie deur die verharding van die Jode eerste gered sou word nie.

27 Januarie

Isak, Ismael en die Heidene (3)

Daar is tekens dat die volle maat Christene uit die heidennasies reeds ingekom het. Amerika is 'n goeie voorbeeld. Volgens die *Pew Research Centre* het die bevolking 50 jaar terug in Amerika uit 90 % Christene bestaan. Vandag is hulle 64% en na raming sal die Christene teen die huidige tendense teen 2070 ongeveer 40% wees.

Kan ons verwag dat God nou die verharding van Israel sal wegneem en hulle in groot getalle sal begin inbring, nou dat die heidene hulle kans gehad het?

Daar is wel tekens dat die Jode meer toeganklik begin raak vir die Evangelie maar hulle is grootliks nog onwillig om Jesus as Messias te erken. Na my mening sal die verharding van Israel voortduur tot die ander nasaat van Abraham, Ismael, en sy volgelinge, hulle beurt gekry het om in te kom in God se koninkryk. Daar is tans interessante neigings aan die ontwikkel onder Islam. Hierdie neigings neem baie toe en gedurende die afgelope 100 jaar het meer Moslems Jesus as Verlosser aanvaar as in die vorige 1900 jaar. (*Juig tydskrif. Aug. 2022. P.22*)

Dan bly nog net die Jode, die nakomelinge van Isak, oor om hulle beurt te kry.

Dr. Hennie Prinsloo skryf in sy boek: *Die boek Openbaring*, op bladsy 78 die volgende in hierdie verband oor die Jode tydens die groot verdrukking: (*Openbaring 14*)

God verseël twaalf duisend uit elke stam van die twaalf stamme van die kinders van Israel. Hulle sal aan die begin van die groot verdrukking tot bekering kom. Hierdie honderd-vieren-veertig duisend word dan God se getuies en instrumente in die donker tyd van die groot verdrukking op die aarde. Hulle word besondere merkwaardige uitmuntende instrumente in die donker tyd van die groot verdrukking op aarde.....hulle sal baie siele vir Jesus wen.

Die tyd vir die Jode om tot bekering te kom het dan aangebreek.

Die siklus is dan voltooi en alle mense het die geleentheid gekry om gered te word.

28 Januarie

Drie groot gevare

Die *Pew Research Centre* se navorsing dui daarop dat Islam vinnig groei en na beraming in 2050 die grootste geloofsgroep in die wêreld sal wees. Hulle verklaar in Wikipedia:(*Decline of Christianity*):

People are giving up on Christianity and will continue to do so. Non Christian faith will double in America by 2070.

As groot rede vir die afname in Christengetalle word *Switching* genoem. Mense beweeg weg van die Christelike oortuigings af vanweë liberalisering en sekularisering. As voorbeeld van hoe liberale denke Christelike oortuigings kan benadeel kan na die *United Church of Christ* se statistieke gekyk word:

The united Church of Christ lost more than 40% of its members in the 17 years following the decision to embrace same-sex marriages.

Liberalisering sluit 3 hedendaagse neigings in, te wete:

1. Globalisering waaronder die strewe na een wêreldregering, een wêreldtaal, een wêreldgodsdienst alles onder een wêreldheerser. (Die Christene glo dit sal die Anti-Christ wees).
2. Industrialisie. Tans is ons besig om die vierde nywerheidsrevolusie te beleef gekenmerk deur geweldige tegnologiese en rekenaarontwikkeling.
3. Tegnologie. Die mens begin himself toenemend verlaat op transhumanisme waar tegnologie gebruik word om menslike vermoëns aan te vul en uit te brei. Hieronder val die groot klem op Robotologie. Tans word in Suid-Afrika reeds in aanvangsonderwys daarvoor voorsiening gemaak.

Hierdie ontwikkelings gryp die mens so aan dat hy geneig is om dit afgode te maak waarop hy eerder wil vertrou as geloof in God.

29 Januarie

Ons hoop

Indien ons die afgelope 4 dae se dagstukkies bestudeer kan 'n mens maklik depressief en moedeloos begin word. Wat gee vir die hedendaagse gelowige nog hoop en moed om voort te gaan?

Indien die mens kies om op homself te konsentreer en sy eie behoeftes voorop te stel is daar min wat hoop gee in hierdie lewe. Dit is alleen die mens wat sy verwagting op God stel wat sinvol kan lewe. Wanneer die mens gehoorsaam volgens God se model bid kom daar sin in sy lewe. Dan word God se eer, Sy koninkryk en Sy wil dit waarvoor die mens lewe. Die mens se eie eer, status posisie en geleerdheid verloor hulle aantrekkingskrag. Die mens wat so volgens God se wil lewe sal sy eie wil ondergeskik aan God stel en hy sal eers God se koninkryk en Sy wil soek. Dan word al die ander dinge wat hy benodig om sinvol te lewe deel van sy lewe soos die Woord sê in Mat. 6: 33:

Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

Laat God die sentrale plek in jou lewe inneem. Doen alles, deur God toe te laat om deel daarvan te wees. Soek Hom en wat Hy wil in elke ding in jou lewe. Onthou jy is vir God en vir Sy plesier gemaak en gered. Hy is nie daar om jou te bedien en te plesier nie. Alles gaan oor God. Hy sal jou toerus vir Sy wil met jou lewe; soek Hom, vra na Sy wil, laat Hom toe in alles, gee oor aan Hom, vertrou Hom met alles, wees gehoorsaam aan Hom, verlang na Hom, soek Hom en laat Sy Gees jou lei, beheer en bestuur. Dan sal jy die vrug van Sy inwoning ervaar en uitleef en sal jou lewe sin en betekenis kry omdat die liefde, vreugde en vrede jou lewe sal kenmerk.

30 Januarie

Sodom vandag

In Genesis 18-19 is die welbekende verhaal van Sodom vir ons opgeteken. 'n Mens wonder soms waarom God sekere dinge so belangrik geag het dat Hy dit in Sy Woord vir ons opgeteken het. Hierdie is een so 'n geval. Wat het ons met 'n dorp wat duisende jare gelede in homoseksualisme verval het, vandag te doen? Sê die totale uitwissing van Sodom, Gomorra en hulle omstreke deur vuur en swael vir ons iets vandag?

Kom ons beweeg vir 'n wyle nader aan ons huidige tyd en kyk of Jesus 2000 jaar later vir ons iets hieroor laat opteken het. Sodom en Sodomiete word 11 keer in die Nuwe Testament vermeld. In 1Tim.1:10 word homoseksualiste by ander gruwelike sondes ingesluit. In 1Kor.6:10 stel God dit duidelik dat geen homoseksualis deel kry aan God se koninkryk nie. Het ons in vandag se tyd nog 'n probleem met sodomie? Sommige kerke in Suid-Afrika het deur sinodebesluite die huwelik tussen homoseksuele persone goedgekeur, ook vir kerkleiers soos predikante.

Wat egter nog erger is, is dat die Woord van God groepe mense aandui vir wie dit minder draaglik sal wees op die oordeelsdag as vir homoseksualiste. In Matt. 10: 14 gee Jesus aan Sy dissipels, en indirek ook aan ons as Sy gelowige kinders, die volgende riglyne:

As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af. Dit verseker Ek julle: Dit sal in die oordeelsdag vir die gebied Sodom en Gomorra draagliker wees as vir daardie dorp.

Dit is vandag nog genadetyd. Dalk is ons nie homoseksualiste nie maar kwaadpratery, sukkel ons om ander te vergewe, of leef ons eintlik maar vir onself en het ons die teenswoordige wêreld lief. Dan wag dieselfde lot vir ons as vir die homoseksualis. Laat ons mekaar maar liewers ophelp en nie mekaar veroordeel en verdoem nie.

31 Januarie

Eet (1)

Hierdie woordjie kom meer as 600 keer in die Bybel voor. Dit moet dus 'n baie belangrike woord wees. Kom ons kyk na enkele belangrike aspekte waarna eet in die Bybel verwys. *(F.Mijnhardt: Afrikaanse Bybel Konkordansie; p. 253)*

1. Eva eet die totale mensdom vir alle geslagte in die verdoemenis in. Deur die een ongehoorsame daad het sy haar sondeloosheid verloor toe sy in die paradys gekies het om na satan se leuens te luister en van die verbode vrug te eet. Weliswaar het haar oë oopgegaan en haar kennis het vermeerder maar die ken van haar verloreheid en sondigheid is nie iets wat sy as wins kon beskou nie, veral aangesien sy haar eie verloreheid veroorsaak het. Sy dompel die totale menslike geslag in sonde deur hierdie onbesonne daad. (Gen. 3)

2. Esau eet sy eerstegeboortereg weg. Die genot van die oomblik om van die voedsel wat Jakob voorberei het te eet, het vir hom groter voordeel ingehou as die seën wat op die eersgeborene gerus het. Hy ruil sy eersgeborereg vir 'n bak lensiesop. Oor hierdie onbesonne daad sou hy later lang trane huil toe Jakob sy seën voor hom weggeraap het toe Isak Jakob in sy plek geseën het.

3. Isak se voorliefde vir wildsvleis benadeel sy oordeel. Hy het nie seker gemaak dat hy sy eersgebore seun Esau seën toe hy die braaivleis geruik het nie. Dit was vir Jakob maklik om sy ou blinde vader te bedrieg en voor te gee dat hy die eersgebore seun Esau is. So het Jakob seker gemaak dat hy die eersgebore seën wat hy regtens gekoop het, bekom het. (Gen.27).

4. Satan het so in die krag van verleiding van kos geglo nadat hy die mensdom in sonde gedompel het toe hy Eva verlei het, dat hy geglo het hy kan enigeen daarmee verlei. Hy probeer selfs vir Jesus met eet verlei. Jesus antwoord hom so: " *'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.*" (Mat. 4:4)

1 Februarie

Eet (2)

Nog 'n voorbeeld van hoe mense in ellende gedompel is deur kos, vind ons in Ps.78 Israel was oppad na die Beloofde Land in hulle veertigjaartog deur die woestyn. God het oor-en-oor, Sy almag aan Sy volk bewys soos onder andere die deurtog deur die Rooi See. Hy het hulle getoets in die woestyn om te sien of hulle Hom sou vertrou om vir hulle voedsel te voorsien. Toe die volk honger en dors geword het, het hulle die toets gedop en gevra of God in staat sou wees om vir hulle te sorg. God het vir hulle gesorg en vir hulle brood, (Manna) en vleis (kwartels) in oormaat voorsien.

"Hy het hulle geseën, meer as genoeg. Hy het vir hulle gegee wat hulle gevra het. Maar hulle gulsigheid het geen perke geken nie. Hulle kos was nog so in hulle mond, toe tref die toorn van God hulle. Hy het 'n slagting onder die grotes aangerig, die keur van Israel laat omkom" (Ps. 78: 29)

God is goed. Hy het gekies om dit, waardeur die mens sy hoop op die ewigheid by God verwoes het, in die paradys, simbolies te gebruik om die mens te red. Om te eet, op die regte manier sou die mens aan sy ewige redding deur Jesus se bloed herinner. Dit het Jesus gedoen deur die instelling van die nagmaal. Elke keer as mense die nagmaal gebruik sou hulle herinner word dat die brood wat hulle eet Jesus se liggaam voorstel wat op die kruis op Golgota vir hulle sondes gebreek sou word. Elke keer wat hulle die nagmaalswyn drink sou dit hulle herinner aan die bloed van Jesus wat hulle sondes sou afwas.

En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir Sy dissipels gegee met die woorde: "Neem eet; dit is my liggaam. "

Toe neem Hy die beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: " Drink almal daaruit, dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot die vergewing van sondes." (Mat. 26:26)

2 Februarie

Eet (3)

Ons het gister reeds 'n voorbeeld gehad van ooreet en hoe nadelig dit vir 'n mens se geestelike en fisiese lewe kan wees. Nog 'n voorbeeld is die volgende, opgeteken in Spr. 23:20:

"Moet jou nie ophou met suiplappe en vrate nie, want die suiplap en vraat word arm."

Soos met geld is kos in sigself nie sleg nie. Dit word vir die mens gegee vir oorlewing. Die gevaar is wanneer die liefde vir geld en vir kos 'n oorheersende dryfveer in 'n mens se lewe word. So kan die liefde vir kos 'n afgod in 'n mens se lewe word.

Die teendeel van liefde vir kos, vraatsigheid en ooreet is om te vas. Om te vas beteken om jou van die genot van lewe op die aarde te onttrek, Nie net te onttrek nie maar om jou in staat te stel om met groot toewyding jou aan God toe te wy. Deur te vas maak jy jou los van die daaglikse behoeftes om fisies te oorleef, jy soek die vreugde van die ware lewe buite die bevrediging van fisiese behoeftes. Deur los te kom van die daaglikse eet en drink kan jy 'n intiemer verhouding met God beleef sonder dat jy deur jou fisiese behoeftes aan jou wêreldbestaan herinner word. Om te vas kan goed wees indien dit met die regte gesindheid gedoen word. Ons word gewaarsku om nie te vas op so 'n manier dat ons ons eie geestelikheid vir mense ten toon wil stel nie.

Selfs Jesus het dit nodig gevind om te vas. In Mat. 4 word ons vertel van 'n geleentheid toe Jesus 40 dae en 40 nagte gevas het. Dit was net nadat Hy gedoop is en die seën van die Heilige Gees ontvang het. Satan het hom deur Sy vas probeer versoek want Jesus het honger geword en satan het hom uitgedaag om te bewys dat Hy die Seun van God is deur van klippe brode te maak. Satan se misleiding het misluk en Jesus het verklaar dat *die mens nie van brood alleen lewe nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.* (Deut. 8:3 en Mat. 4:4)

3 Februarie

Eet (4)

Een van God se grootste wonderwerke word selde vermeld. Kom ons kyk na 'n paar besonderhede van hierdie groot wonderwerk. Indien ons die Bybel as waar aanvaar sal ons na dese nooit weer twyfel aan God se vermoë om in al ons behoeftes te voorsien nie: (Eks. 13:17)

Israel trek vir 40 jaar lank in die woestyn of wildernis rond. Hulle was ongeveer drie to drie-en -'n -half miljoen mense. Hulle het groot troppe vee gehad. Volgens die hoofaankoper van die Amerikaanse leër sou soveel mense en diere die volgende benodig het om **elke dag** te kon oorleef: (Berekenings is in Amerikaanse eenhede)

1. 1500 ton voedsel **per dag** (dit is gelykstaande aan twee goedere treine wat elk een myl lank is)

2. Om die voedsel te kon voorberei sou 4 duisend ton hout nodig gewees het. Ook hiervoor sou die ekwivalent van 'n paar goedere treine per dag nodig gewees het.

3. Indien elke mens 4 gallon water per dag gebruik het, vir drink- en wasdoeleindes sou Israel ongeveer 11 miljoen gallon water per dag benodig het. In die woestyn het dit baie warm geword en die gemiddelde temperatuur kon in die omgewing van 108 grade Fahrenheit of 43 grade Celsius gewees het. In vandag se terme sou hiervoor 'n goederetrein wat 1800 myl lank is, benodig word, **elke dag!**

Soos met God se wonderwerke die geval is, is daar geen logiese verklaring vir die gebeure nie. Menslikerwys is dit onmoontlik en daarom is dit 'n wonderwerk. Dit gee 'n mens hoop en moed dat die wonder van Jesus se offer aan die kruis op Golgota vir ons sondes genoeg is. Geen verdienste van ons kant af is nodig nie; Hy het alles verdien, Hy het die volle prys vir ons sondes betaal. Hy was die volkome Offer.

Dankie Jesus.

4 Februarie

Lieflike Jesus

O Grote werklikheid,
neem weg my sondigheid.
Meer nog, verwyder tog
die blok van my verstand.
Hou tog U genade instand,
Bevry my dom verstand
toe ek dof en dom,
in eie krag poog, die hel te ontkom
vry te wees van sondelas,
die sonde by U, so onvanpas.
Dankie dat net genade red,
U nuwe waarheid in my ingebed.
As ek U liefde kan bedink
tot dit in my gedagtes insink.
Mag dit in my hart afsak, Heer,
nooit my vergifnis van ander keer.
Tot U liefde my dring
en ons almal saam in U engelekoor sing.

5 Februarie

Vergifnis(1)

U vergifnis Heer,
nooit gekeer deur my sondeseer,
van onreg my aangedoen
wat keer dat ek met U versoen.

Hoe sal ek kan vergeef
as ek nog in ongeloof beef
en twyfel aan U vergiffenis,
asof U my nie meer wil kus,
met oneindige liefde.

Reeds aan die kruis bewys,
nie meer ek, so sondeverguis.

Nou vrygemaak-
my sondewil versaak.

Met U liefde ingebloei,
laat O Gees, U liefde, vloei
na elkeen wat my hart laat bloei.

Vergeef hul almal Heer,
neem tog weg hul seer.

Bring hul tog in
in U koninkryk in.

6 Februarie

Vergifnis (2)

Die Bybel is een groot verhaal van vergifnis. Die eerste drie hoofstukke van die Bybel vertel ons van die perfektheid van God se skepping. Dan kom die sondeval van die mens. Die mens se sondes word vir ons deur opgeteken in die Bybel. Indien God nie vir ons gewys het hoe wonderlik sy skepping sonder sonde is nie, sou ons nooit die nodigheid van vergifnis beseef het nie. Vergifnis van die mens se sonde is die eerste stap in die herstelproses van God se skepping. Wanneer mens tot 'n beseef van sy sondes kom, daarvoor jammer voel en vergifnis soek begin die herstelproses. Indien die mens self probeer om goed te lewe en so te vergoed vir wat hy verkeerd gedoen het, is hy in 'n doodloopstraat. Die mens se oersonde was juis toe hy probeer het om self sy eie ding te doen. Hy wou immers soos God wees deur sy eie kop te volg en te doen wat hy wil. Eers wanneer die mens sy eie onvermoë om homself te red beseef, dit voor God erken en in God se plan sy redding begin soek, is daar hoop vir die mens.

God het nie net die skepping volmaak geskep nie maar Hy het ook 'n wonderplan ontwerp om die skepping te herskep vanuit die gevalle toestand waarin die mens dit gedompel het. God is perfek en alleen 'n mens wat perfek, sondeloos voor Hom kan staan sal goed genoeg wees om in Sy herstelde perfekte koninkryk vir ewig saam met Hom te bestaan. God se herstelplan moes dus die mens perfek, sonder sonde herstel. Die dilemma was dat God absoluut regverdig is en dat die mens se sonde gestraf moes word. Dus moes die mens sterf en vir ewig in die hel boet vir sy sondes. Indien God 'n sondelose mens kon vind kon Hy daardie mens in die plek van die mensdom straf en al die straf op hom laat neerkom. Daar was nie so 'n mens nie. God moes self ingryp. Hy moes Homself gee om gestraf te word, om mens te word. Dit het Hy gedoen deur Sy Seun, Jesus Christus as mens na die aarde toe te stuur om in die mens se plek smarte, pyn, dood, vernedering en hel te verduur. So kon Hy die mens vergewe.

7 Februarie

Vergifnis (3)

Om die mens te help om sy gevalle en hopelose toestand vanweë die sondeval beter te verstaan het God die Tien Gebooie vir die mens gegee. Hierdeur het die mens net nog meer sy eie hopelose toestand besef. Hy kon net nie self die wet onderhou en so probeer om goed genoeg te wees om God se koninkryk te beërwe nie.

Alleen die mens wat by hierdie waarheid uitkom, kan so aan homself en sy eie swak pogings wanhoop dat hy bereid sal wees om op homself en sy eie pogings op te gee. Daarom het Jesus hierdie wyse woorde gespreek:

"As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg."(Mat. 16:24)

Wanneer 'n mens tot geloof kom, met ander woorde glo dat Jesus vir al sy sondes geboet het en vir hom Sy lewe afgelê het, kan hy gedoop word. Die doping is simbolies van hoe die mens een word met Jesus; onder die doopwater hou hy op met asemhaal en sterf so saam met Jesus. Soos hy uit die doopwater opstaan word hy, soos by sy eerste geboorteproses, deur water heen gebore. Sy eerste asemteug word die inaseming van die Gees van God, die Ruach of wind. Met God se Gees wat die mens nuwe lewe gee is die nuwe skepsel vir God se nuwe sondevrye skepping gebore. Dan begin die groot stryd van die mens se lewe. Die ou natuur wat vir baie jare in beheer van sy lewe was het denkpatrone, gewoontes, begeertes en sondes in sy lewe gevestig, Denkpatrone is vasgelê. Dit alles moet nou nuut word om by die nuwe mens te pas. Satan gee nie maklik op nie en sal die mens veral deur leuens probeer mislei en hom probeer laat glo dat hy nooit 'n heilige lewe aan God toegewei sal kan leef nie. Die waarheid is dat die mens nuut geword het, dat hy die Gees van God in hom het en dat indien Hy die Gees toelaat hy 'n nuwe Geesvervulde lewe kan lewe.

8 Februarie

Vergifnis 4

Die mens wat deur die Heilige Gees vervul is, staan voor die groot uitdaging om toe te laat dat hierdie Heilige Gees hom in die toekoms gaan lei. Die toelating van die Heilige Gees is die kern van die gelowige se bestaan op hierdie aarde. Die ou mens wil deur satan se versoekings altyd probeer om die mens te verlei om self weer beheer oor sy lewe te neem. Die Heilige Gees moet toegelaat word om die gelowige te lei, hom te beheer, sy lewe te beheer en om vrug te dra. Hierdie gedagtes word pragtig in Gal. 4 en 5 uiteengesit. Die toets vir 'n Geesvervulde lewe sal in die vrugdra van die Heilige Gees wees. Die vrug van die Geesvervulde lewe word in Gal. 5:22 vir ons genoem naamlik: "*Liefde, vreugde, vrede, vriendelikheid, goedhartigheid, geduld, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*"

Dalk het jy die behoefte om jou lewe aan hierdie vrug te toets. Om die toets nie te moeilik te maak nie konsentreer net op die eerste drie en ondersoek jou lewe of daar van hierdie vrug in jou lewe die afgelope tyd was. Dalk sal jy, soos ek, moet erken dat daar heelwat vrugtelose takkies aan jou lewensboom hang.

In my geval het ek so vasgeval in die gebrek aan die eerste drie dele van die vrug van die Heilige Gees dat ek nog hiermee worstel. Neem nou maar *die liefde*. Vir liefde is daar 'n ander reeks toetse vir ons opgeteken in 1. Kor. 13 naamlik:

1. Sonder liefde is ek niks, net 'n galmende simbaal.

2. Niks kan vergoed vir die gebrek aan liefde nie; nie kennis nie, nie die spreek in tale nie, nie evangelieverkondiging nie, nie geloof nie en nie vrygewigheid nie.

3. Die liefde is geduldig, vriendelik, nie afgunstig nie, nie grootpraterig nie, nie verwaand nie, nie onwelvoeglik nie, nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie, soek nie sy eie belang nie en is nie bly oor onreg nie.

9 Februarie

Vergifnis 5

Hoe gemaak wanneer jy 'n gebrek aan die vrug van die Hielige Gees in jou lewe ervaar? Gestel nou maar jy ervaar dat jy nie meer so lief vir Jesus en jou naaste is as wat jy graag sal wil wees nie. Wat moet jy doen? Eerstens is daar niks wat ons in ons sondegebrokenheid kan doen om iets van genade te verdien nie. Die proses van vergifnis is 'n proses van genade. Selfds geloof in Jesus is 'n genadegawe van God. Alles wat goed is wat ons kan wees, kom van God af. So is dit ook met die liefde. Ons kan net liefhê omdat God ons eerste liefgehad het. Om God se Heilige Gees as vrug van Sy inwoning te kan toelaat om te werk in jou lewe is dit nodig om in 'n intieme verhouding met God te lewe. 'n Verhouding kom net tot stand wanneer jy iemand leer ken. Jy moet dus na jou verhouding met God gaan kyk. Spandeer jy genoeg tyd in Sy teenwoordigheid? Met ander woorde luister jy genoeg na Hom. Om te kan luister moet jy Sy Woord hardop hoor want geloof kom deur die gehoor. Verder moet jy ook met Hom praat. Genadiglik het Hy die gebed vir ons as wonderkommunikasie beskikbaar gestel. Soos jou verhouding met God verdiep en meer intiem raak, sal jy Sy hart vir jou beter verstaan. Jou liefde vir Hom sal groei soos jy die wonder van Sy liefdesdaad, om jou te red meer begin waardeer en in dankbare liefde vir Hom so wil leef dat jy Hom nie teleurstel nie.

Die kosbaarste wat 'n mens in hierdie lewe kan ontvang is die vrede van die wete dat jou verhouding met God reg is. God het alles gedoen om die verhouding tussen jou en Hom te herstel. Hy het jou lief en wil jou so graag as Sy kind verwelkom. Waarom Hom dan nie gelowig toelaat om dit te doen nie. Alles is deur Hom reeds verdien. Jy moet dit net glo en Hom toelaat om alles in jou lewe te wees.

Daar mag egter een groot probleem ontstaan wat jou verhouding met God kan ontspoor. Ons sal in die laaste van hierdie reeks oor vergifnis na hierdie een probleem kyk.

10 Februarie

Vergifnis (6)

Johannes 3:16 dui vir ons die pad aan van hoe 'n mens die ewige lewe by God kan ontvang.

In Mat.18: 21- 35 dui God se Woord vir ons aan hoe ons die vergifnis wat ons ontvang het, weer kan verloor.

In hierdie gedeelte verduidelik Jesus aan die dissipels deur 'n gelykenis hoe hulle Sy vergifnis vir hulle sondes kan verloor. Hy vertel van 'n werknemer wat miljoene rand van sy werkgewer gesteel het. Toe hy uitgevind word het sy baas beveel dat hy en sy gesin in die tronk gegooi moet word totdat hy sy skuld betaal het. Hy sou dit nooit kon betaal nie en sou saam met sy gesin vir ewig moes ly. Toe sy werknemer pleit om genade het die werkgewer hom jammer gekry en al sy skuld afgeskryf. Toe die man uitstap loop hy 'n mede-amptenaar raak wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het die man gedwing om hom dadelik te betaal. Soos hyself het die man om genade gesmeek, maar hy het die man nie vergewe nie en hom in die tronk laat gooi. Toe sy baas verneem hoe hy opgetree het, het hy die volgende gesê:

"Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het. Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?" Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al sy skuld betaal het."

Jesus lewer dan self kommentaar op hierdie verhaal:

"So sal my Vader wat in die hemel is ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie. "

Mag ons lewens nooit hierdie tragiese verhaal herhaal nie.

11 Februarie

Vergifnis (7)

Enige mens wat veronreg was sal jou kan vertel hoe moeilik dit is om iemand te vergewe. Sommige mense word soms swaar getoets, soos 'n persoon wie se kind deur 'n besope bestuurder doodgery word. Wat kan 'n mens doen om gehoorsaam aan God te wees en jou broer te vergewe?

1. Onthou die gelykenis in die vorige dagstukkies. Kan jy onthou watter gruwelike sondes God jou vergewe het? Wil jy hê God moet jou vergewe maar nie die persoon wat jou 'n onreg aangedoen het nie?
2. Onthou waarom God jou vergewe het. Jy kon niks vir jou vergifnis doen om dit te verdien nie. God het jou vergewe omdat Jesus reeds die straf vir jou sondes gedra het soos Hy die straf vir jou skuldenaar se sondes gedra het.
3. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het. God se liefde sal jou deur die Heilige Gees dring om jou medemens so lief te hê, dat jy hom sal kan vergewe.
4. Onthou jy is nie die regter nie. God is die Regter en Hy alleen kan regverdig oordeel.
5. Uit jouself is jy nie instaat om te vergewe nie. Alleen wanneer jy die Heilige Gees toelaat kan Hy jou in staat stel om te vergewe.
6. Alleen wanneer jy in 'n intieme verhouding met God leef en Sy Gees se werking in jou lewe toelaat, word jou vergifnis 'n werklikheid en sal jy tot in jou hart in staat wees om 'n medeskuldenaar te vergewe.
7. Is dit die moeite werd om die ewige saligheid by Jesus mis te loop omdat jy regter wou speel en jou skuldenaar nie wou vergewe nie?

12 Februarie

Vergifnis (8-slot)

Satan het een doel voor oë en dit is om jou vir ewig saam met hom in die hel te hê. Daar is baie aanduidings dat satan jou aanval en in sy mag probeer kry soos die volgende:

1. Vrees. Vrees was die eerste teken dat Adam en Eva vir satan se leuens geval het.
2. Depressie. Wanneer jy begin depressie ervaar is dit gewoonlik 'n teken dat jy op so 'n manier betekenis gegee het aan wat met jou gebeur dat dit negatiewe emosies opwek. Gewoonlik het jy na een of ander leuen van satan geluister.
3. Uitputting. Om gedurig moeg en siek te wees mag 'n fisiologiese oorsaak hê maar is dikwels 'n teken dat jy die stryd teen satan se aanvalle begin verloor omdat jy in jou eie krag teen hom probeer baklei.
4. Seksuele verleiding. Oppas! jy het dalk vir satan een of ander opening gegee.
5. Gebrekkige sekuriteit. Baie mense besef nie eers dat hulle 'n lewenslange stryd teen satan voer nie. Hulle proeer vir hulle sekuriteite op aarde skeep in die vorm van geleerdheid, geld en politiek.
6. Om aanstoot te neem. Ons daaglikse stryd teen satan word gewoonlik gekenmerk deur die baie kere wat ons aanstoot neem wanneer mense op sekere maniere teenoor ons optree soos om ons te minag, oortredings teenoor ons begaan en ons beledig.

Om oorwinning oor hierdie aanslae van satan te behaal is daar veral twee dinge nodig naamlik: Om jou aan God te onderwerp en om satan teen te staan. Om satan te probeer teenstaan sonder om op God en Sy hulp en verlossing staat te maak is futiel.

Om jouself te onderwerp beteken dat jy jouself moet verloën en in nederigheid jou afhanklikheid voor God erken en deur Sy genade jou skuldenaar te vergewe. Dikwels sal dit ook impliseer dat jy jou aan ander mense moet onderwerp veral wanneer jy weet hulle is verkeerd. Satan kan jou nie keer wanneer jy na Jesus toe kom vir hulp nie. Vra Hom.

13 Februarie

Geseënde Israel (1)

Moenie met Israel mors nie. Israel is God se oogappel. Hy het duisende jare gelede met Abram 'n verbond gesluit. In Genesis 12: 1-3 staan die volgende opgeteken:

Die Here het vir Abram gesê: " Trek uit jou land uit, weg van jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys.

*Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. **Ek sal seën wie jou seën en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees."***

Dieselfde verbond word deur God met Jakob aangegaan. In Genesis 31 sien ons hoe God vir Jakob seën:

Jakob sê vir sy vrouens ten opsigte van hulle pa wat hom probeer benadeel het:

" Maar God het hom nie toegelaat om my te benadeel nie. (Vers 8)

In vers 24 gaan God se ver as om vir Laban, Jakob se skoonpa, te waarsku om nie vir Jakob sleg te behandel nie toe Hy aan Laban verskyn en die volgende woorde spreek:

"Wees versigtig met wat jy vir Jakob sê."

God maak nie ydele dreigemente nie. Hy is tydloos en wat Hy sê sal gebeur. Daarom is dit so dat baie volkere in die verlede teëspoed ervaar het as 'n direkte gevolg van hulle hantering van Israel, veral die vervloeking. Neem nou maar Amerika. So baie van die teenspoed wat Amerika tref is 'n direkte gevolg van hulle optrede teenoor Israel soos met die pogings om van Israel se grondgebied te steel en dit vir die Palestyne te gee. Nader aan ons is die verskriklike rampe wat Suid-Afrika tref sedert die ANC aan bewind gekom het met hulle Anti-Semitiese benadering. Na 30 jaar is daar bykans niks wat die huidige regering aangepak het wat 'n sukses was nie. **Hoe gouer daar ag geslaan word op God en Sy woord hoe gouer sal die lot van Suid-Afrika draai.**

14 Februarie

Geseënde Israel (2)

Wat God belooft het vir die volkere met wie Israel te doen sou kry, geld ook ten opsigte van Israel. Indien Israel God sou eer deur hulle gehoorsaamheid aan Hom sal hulle geseën word maar indien hulle ander gode aanbid sal hulle vervloek word met groot teenspoed.

God is genadig wanneer Sy kind in nederige afhanklikheid na Hom toe kom, Hom eer en bereid is om Sy wil te doen. In Genesis 32 kom Jakob is so 'n gesindheid na God toe. God het hom die opdrag gegee om terug te gaan na sy land toe. Daar was egter 'n probleem want sy tweelingbroer het nog in die land gebly en hy het belooft dat hy Jakob sal doodmaak omdat hy geglo het dat Jakob sy eersgeboortereg gesteel het. Jakob was nou nie meer alleen nie. Behalwe sy eie lewe wat in gevaar was, was daar sy vrouens en 11 kinders en baie vee en besittings. Hy het God se hulp gesoek en deur die nag gebid dat God hom moet help.

" Red my tog uit die mag van my broer Esau, ek is bang vir hom.---- U het my tog beloof: Ek sal beslis goed doen aan jou, Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sand van die see, wat nie getel kan word nie.(Gen.32:7)

Nadat Jakob deur die nag met God geworstel het, het God hom gevra wat sy naam is. Hierop het God gesê:

Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het end-uit volgehou. (Gen.32:27)

Die mooi naam, Israel, beteken: *Stryd voer en God.*

Jakob was nie 'n perfekte mens nie maar daar is baie wat ons van hom kan leer. Sy erkenning van sy eie swakheid, sy nederigheid, sy diepe afhanklikheid van God en dat hy onthou het wat God vir hom belooft het is navolgenswaardig. Die belangrikste is dat hy God vertrou het om te doen wat Hy belooft het. Hy rig ook 'n gedenkteken op vir God se goedheid.

15 Februarie

Geseënde Israel (3)

Toe Jakob vir Esau tegemoet gegaan het, het hy sy prioriteite ten opsigte van sy familie duidelik getoon: Heel voor was die slavinne met hulle kinders, dan het Lea met haar kinders gevolg en dan Ragel en Josef. (Benjamin was toe nog nie gebore nie)

" Hy self (Jakob) het verbygegaan tot heel voor en toe hy nader na sy broer toe kom, het hy sewe keer diep gebuig. Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels. Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil."(Gen.33:3)

By God is alles moontlik. Hier is 'n broer wat 20 jaar gelede gesweer het hy gaan Jakob doodmaak. God het Jakob guns by Esau gegee. Wat 'n lelike geveg kon gewees het, is deur God beskik om 'n liefdevolle broederlike hereniging te wees.

Esau het in Edom net suid van die Dooie See tot in die huidige Arabië gebly. Soos Isak vir Esau voorspel het is dit 'n onherbergsame woestynlandskap. Jakob se ontmoeting met Esau was net oor die Jabbokspruit in die gebied van Dan. Dit is ongeveer 'n 100 kilometer van Esau se blyplek af. Jakob was nooit regtig van plan om na by Esau te bly nie. Hy het in plaas van suid na Seir, Esau se blyplek, te trek, oos getrek oor die Jordaanrivier na Sukkot toe en daarvandaan het hy versit na Sigem toe, 'n Klein entjie van Jerusalem af. Die twee broers het mekaar eerbiedig en God het Esau geseën omdat Esau vir Israel (Jakob) geseën het.

Vandag is die situasie heel anders. Israel is omring van nasies wat sy uitdelging soek. Esau se nasate is vandag hoofsaaklik Moslems . Ons weet watter bitter vete die Moslems teen die Jode voer. Hiervoor sal hulle definitief gestraf en vervloek word. Die bietjie vrede en voorspoed wat Amerika tans nog geniet te midde van al die korrupsie en liberalisme wat daar heers, is na my mening bloot vanweë die feit dat daar nog baie Jode in Amerika is wat Israel, veral finansiëel, ondersteun.

16 Februarie

God het 'n plan (1)

Het jy al gewonder wat God se plan met jou lewe is? Is dit nie gewoonlik tydens moeilike tye wat jy soms twyfel of God nog werklik in beheer van jou lewe is nie? Wanneer alles voorspoedig verloop dink jy maar min aan God se plan met jou lewe. Ons vind dit soms maar moeilik om God se groter plan vir ons lewens te ontdek. Ons kyk teen enkele los gebeurtenisse in ons lewens vas en sien nie die groter prentjie van dit waarmee God besig is nie. 'n Pragtige voorbeeld hiervan is die lewe van Josef.

Hy word aanvanklik as die bedorwe liefingseun van Jakob hanteer. Sy pa trek hom voor, gee vir hom mooi klere en betoon openlik meer guns aan hom as aan sy broers. Selfs God is uitermatig goed vir hom en gee hom hoop vir die toekoms deur hom te laat droom van hoe sy broers eendag voor hom gaan buig. Josef het geweet sy broers hou nie van hom nie maar dit moes tog 'n groot skok vir hom gewees het toe hulle hom so sleg hanteer het toe hy vir hulle kos gebring het in die veld. Toe hulle sy mooi kleed uittrek en stukkend skeur het hy nog nie mooi besef wat hom getref het nie. Hy kon dit seker nie glo toe sy broers hom in die droë put gooi nie. Hoe kon hy weet dat God besig was met Sy groot plan om van Israel 'n nasie te maak? Hoe kon hy weet dat God met 'n voorbereidingsproses besig was om hom te vorm as leier, om hom die Egiptiese taal te leer, om hom te toets ten opsigte van sy moraliteit? Het God nie dalk ook met jou so te werk gegaan nie? Het hy jou nie ook al deur swaarkry voorberei om as leier te kan optree nie? Moes jy nie ook al in 'n vreemde taal leer om jou werk te doen nie? Het God nie ook al in jou lewe jou morele waardes getoets nie? Net so min as wat Josef kon sien hoe God hom voorberei vir 'n groot taak is dit dalk met jou die geval. Dalk is die finansiële teenspoed, die gesukkel met 'n ou onbetroubare motortjie, die minagting van ander wat dink dat hulle beter as jy is en die pyn van vernedering, ook deel van God se plan vir jou lewe.

17 Februarie

God het 'n plan (2)

Nadat Josef se kleed uitgetrek is het hy heel moontlik soos 'n slaaf wat verkoop gaan word, kaal geloop. Om kaal te wees is seker een van die mens se grootste vernederings. Dink maar aan Adam en Eva na die sondeval toe hulle bewus geword het van hulle naaktheid en te alle koste probeer het om vir hulle bedekking te maak. Die ergste naakbeleving wat daar ooit was, was toe Jesus naak aan die kruis op Golgota opgehang is. Dit was langs 'n besige pad waarlangs baie mense beweeg het. Dit is so 'n aangrypende gebeurtenis dat mens vandag nog nie in jou gedagtes dit wil beleef nie. Dit is asof 'n mens altyd een of ander verklaring daarvoor soek sonder om die werklikheid van God se vernedering aan die kruis te wil erken. Josef was gestroop van al sy menswaardigheid. Binne 'n dag het hy van 'n ereposisie na 'n vernederende posisie van 'n naakte slaaf gekom. Hy het geen toekoms gehad nie. Ek wonder of die drome enigsins gehelp het om hom hoop vir die toekoms te gee. Is ons nie ook maar geneig om in ons teenspoed, vernedering en verwerping, van ons drome te vergeet en teen ons troostelose omstandighede vas te kyk nie? Hoe heerlik sou dit nie vir Josef gewees het, as hy geweet het dat God in beheer is, dat God hom binne enkele jare die onderkoning van Egipte gaan maak nie. Kan dit nie dalk ook vir ons die groot motivering wees om te volhard met die lewe nie. Ons weet tog verseker dat ons Koningskinders is, dat ons oppad is na ons ewige bestemming by Jesus en dat die hemel ons voorland is. Is dit nie daarom moontlik dat ons nie teen ons omstandighede hoef vas te kyk nie. Ons het immers die sekerheid, meer as wat Josef kon gehad het, dat ons na 'n hoopvolle toekoms oppad is. Al gebeur wat om ons nou te vorm, God het in Rom. 8:28 beloof dat:

"Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet, die wat volgens Sy besluit geroep is."

18 Februarie

God het 'n plan (3)

Omdat God die mens so goed ken is dit soms nodig om hom te bemoedig te midde van sy swaarkry, om hom te help om te volhard op die lewenspad. God doen dit deur dit met 'n mens beter te laat gaan. Dink weer aan Josef: In Gen. 39 word 'n beskrywing gegee van hoe die Here Josef bemoedig na sy verskriklike vernedering. Dalk het jy ook al so iets beleef:

" Die Here was by Josef en dit het goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar gebly. Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag, was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding en al sy besittings onder Josef se sorg geplaas. Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën.

So mag dit ook met jou wees, dat God die mense om jou ook sien, deur Sy goedgesindheid teenoor jou. Die toetse wat God op ons lewenspad plaas vind dikwels plaas wanneer dit met ons baie goed gaan. Hy wil sien of ons Hom dien en of ons net die seën op ons lewens by Hom soek. So was dit ook met Josef . Op die hoogtepunt van sy slaweloopbaan het God nog twee groot toetse vir Josef in gedagte gehad. Hy moes weer leer om te buig en niks te word nie. Hy moes ook leer om op God se tyd te wag en op God te vertrou selfs te midde van hopelose omstandighede. Hy moes ook leer om onreg te verdra.

Dalk herken jy ook hierdie dinge in jou eie lewe en moes jy ook moreel getoets word, moes jy ook weer leer om nederig te buig voor gesag, moes jy ook weer niks word nie en God vertrou te midde van hopelose omstandighede. Dalk was onreg ook jou deel gewees. Lees hierdie interessante gedeelte in Genesis 39.

19 Februarie

God het 'n plan (4)

Die dromer droom weer. Hierdie keer was dit in haglike omstandighede in die tronk en teenstelling met Josef se eerste drome toe hy nog in sy vaderhuis was. God het hom gebruik nie om te droom nie maar om die droom uit te lê. Ook in ons lewens is daar 'n tyd om te droom maar ook 'n tyd om die drome waar te maak. Die tyd is nie in ons hande nie en dikwels moet ons op God wag om ons drome waar te maak. Die sleutel tot die verstaan van die drome wat God vir ons gee is in die volgende woorde wat Josef vir sy 2 medeprisoniers in die tronk gegee:

"God ken julle drome se uitleg. Vertel die drome vir my."

God verwag ook van ons om Hom te vertrou met ons lewens. Soos dit met die skinker die geval was kan ons dalk voorspoed verwag maar dit mag ook wees dat God ons wil voorberei op 'n moeilike seisoen in ons lewens soos dit met die bakker die geval was. Oppas vir die fout wat Josef gemaak het. Toe hy die gunstige uitleg vir die skinker gegee het, het hy sy hoop op die skinker se intree vir hom by Farao geplaas. Hy sê die volgende vir die skinker:

"Wanneer dit met jou goed gaan, moet jy aan my dink en moet jy my 'n guns bewys. Jy moet my saak voor hom (Farao), stel en sorg dat ek uit hierdie plek uitkom. "

Dikwels vertrou ons ook op mense in plaas van God en moet ons soos Josef lank wag totdat ons vertrou in God en Hom alleen herstel is. In Gen.40:1 staan die volgende:

"Maar die hoof van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, hy het van Josef vergeet."

Josef moes nog twee jaar in die tronk deurbring voordat hy gereed was vir God se groot werk.

Weer het God drome gebruik. Die farao het 'n belangrike droom gehad oor 'n ramp wat die hele aarde se bevolking sou bedreig. Josef is laat haal om die droom uit te lê.

20 Februarie

God het 'n plan (5)

Eers moes Josef gebad en geskeer word en moes hy weer ordentlike klere aantrek. God het die bont kleed van Josef se vader vervang met klere wat geskik was om mee voor 'n koning te verskyn. Josef was gereed vir die werk wat God vir hom beplan het. Weer was daar 2 drome wat God gebruik het om die erns van die droom te beklemtoon. Soos Josef se eerste drome was die betekenis van die drome dieselfde al het die drome verskil. Soms sal God dit nodig ag om Sy wil vir ons te bevestig.

Josef was gevorm, hy was reg vir dit wat God met hom wou doen. Die belangrikste was dat hy nederig was en die eer van alles vir God gegee het. Van die vermoë om drome te kan uitleg, verklaar Josef:

"Nie ek nie. God gee die goeie antwoord vir u." (Gen. 41:16)

Nadat Josef al die eer aan God gee vir die uitleg van die droom, gebruik God hom deur vir hom insig te gee in 'n moontlike oplossing vir die probleem. Die farao was so beïndruk met die oplossing dat hy Josef dadelik aangestel het as onderkoning met die opdrag om die oplossing wat God voorsien het, in werking te stel.

Interessant dat Josef 30 jaar oud was toe hy in diens van die farao getree het. Ook Jesus was vir 30 jaar as mens gevorm voordat Hy met Sy groot taak kon begin om die mens van hulle sondedood te red.

Eindelik begin iets van God se groot plan vir ons deur die mooi verhaal duidelik word. Dit gaan nog altyd oor Israel, die vorming van 'n volk vir God volgens Sy belofte aan Abraham. Hierdie geskiedenis vertel van die volk Israel se verhuising na Egipte, die vorming van 'n nasie bestaande uit 3miljoen mans alleen, behalwe die vrouens en kinders, oor 'n tydperk van 430 jaar.

Ook in jou lewe is God besig met 'n groot plan. Vertrou Hom.

21 Februarie

Onthou jy nog?

Onthou jy nog die dag toe jy in groot nood na jou Here toe gekom het, toe die lewe en jou probleme net te veel vir jou geword het soos in die volgende gevalle?

1. Jou geliefde familielid haar laaste asem uitgeblaas het.
2. Jy desperaat uitkoms gesoek het uit 'n finansiële krisis.
3. Jou baas 'n werkseis aan jou gestel het wat net te moeilik vir jou was.
4. Toe jou gesondheid ingegee het en jy vir 'n groot operasie moes gaan.
5. Toe jou bloeddruk skielik geval het en jou hart onreelmatig begin klop het.
6. Toe jy God gevra het vir uitkoms en die uitkoms net weggebly het.
7. Toe jou belangrikste verhouding begin skeef loop het.

Onthou jy nog hoe God jou geantwoord het, hoe Hy jou gebed verhoor het, hoe Hy uitkoms gegee het, hoe Hy jou deurgedra het?

Het jy dit al oorweeg om die datum van jou noodsgedebd op te teken en wanneer Hy jou gebed beantwoord het, ook dit met 'n datum op te teken?

Ons vergeet so maklik.

22 Februarie

Tronk

Was jy al in 'n tronk opgesluit? Die kans is maar skraal dat dit wel die geval was. Maar as ek jou sou vra: "Was jy al in 'n gevangenis?", sou jy heel moontlik "Ja" kon antwoord. Wie van ons was nog nie in een of ander probleem vasgevang nie? Ek was onder andere in 'n verslawing vasgevang. Ek het gerook en kon net nie uit hierdie tronk ontsnap nie. Ek het uit my eie krag probleem losbreek maar het telkens maar weer misluk. Die Here het my gehelp met motivering wat net van Hom af kon kom. Ek het erge borspyne begin ontwikkel. Dit was nie moeilik om 'n verband tussen my rookverslawing en die borspyne te ontdek nie. Die probleem was nog steeds hoe om los te breek uit hierdie gevangenis.

Toe ek soos Paulus my onvermoë om self los te breek voor God erken het, het dit moontlik geword om Hom te vra om my te help. Hy is so getrou en betroubaar. Soos vir miljoene ander mense het Hy vir my gewys dat Sy krag in menslike swakheid volbring word. Toe ek Hom toegelaat het, het Hy die deur van my gevangenis oopgesluit. Ek kon uitstap, 'n vry mens. Hoe weet ek nie. Al wat ek wel weet is dat ek oor die 40 sigarette per dag gerook het, baie probeer het om op te hou of minder te rook sonder enige sukses en dat ek besig was om my gesondheid permanente skade aan te doen. Hy was my laaste hoop en Hy het in 'n dag se tyd 'n wonderwerk verrig. Die lus om te rook het verdwyn. Ek het nie nodig gehad om weer 'n sigaret aan te steek nie. Die teendeel het toe gebeur; ek kon die reuk van rook nie verdra nie en het baie sensitief geraak vir rook. So het Hy my beskerm teen terugval.

Dalk is jy ook in een of ander gevangenis vasgevang. Dalk het jy ook al Sy vrymaking beleef. Dalk kan jy Hom weer vra om jou te help. Ek is seker jy sal nie teleurgesteld wees nie:

In 2 Kor. 12:9 staan: " *My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.*"

23 Februarie

Woorde-Akkoorde

Vloek en raas,

wat 'n chaos.

Alles deur die Mond

vanuit 'n hart afgestomp;

Droog en bitter,

sonder enige liefdeskitter.

Onvergifnis verwoes als,

Laat net die smaak van bitterals.

Moeg om na nommer een te kyk?

en aanhou totdat alle mooi verblyk, verstryk.

Los een vir die Een;

Nie meer kyk na self,

net na Bo en om jou heen.

Gedood, trotse nommer een.

Delf in Sy genade

vir die pyn van ander se skade

aan jou siel.

Gee toe aan Sy Gees,

Hy wil graag jou Herder wees.

Daar is net plek vir ek of Gees.

Haastig nou, môre kom so gou.

24 Februarie

Shavach la-el (1)

(Glory to God)

Onlangs het ek met 'n skok besef dat *Vrede* nie meer deel van my lewe is nie. Dalk ervaar jy ook in die omstandighede waarin jy tans lewe 'n hunkering na vrede. Sonder vrede beteken om sonder die vrug van die Heilige Gees in jou lewe deur die lewe te worstel. Die vrug van die Heilige Gees se inwoning is *Liefde, vreugde, vrede en* (Gal. 5:16) 'n Vrugtelose lewe het egter 'n dieper oorsprong. In Gal.5:6 staan:

Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde tot daad oorgaan.

Die kernoorzaak van 'n liefdelose en vredelose lewe is die gebrek aan geloof. Deur geloof ontvang ons die inwoning van die Heilige Gees. Die Heilige Gees gee vir ons vrede omdat vrede deel is van die vrug van die Heilige Gees se inwoning. Gebrek aan geloof dui op 'n onvermoë om God se vergifnis te aanvaar. Jy glo nie dat Jesus ten volle vir al jou sondes geboet het nie. Dalk kan jy dit nie aanvaar nie omdat jy nie kan glo dat Hy so oneindig lief vir jou is nie.

Waarom sukkel ons so om te glo dat Jesus vir ons so lief kan wees? Dalk is dit omdat ons so lief vir onself is. Daarom dat Jesus vir ons die sleutel gee tot 'n vredevolle lewe in die volgende woorde in Mat 16:24

"As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg."

Wanneer ek my vrede verloor weet ek dit het tyd geword dat ek my myself ondersoek en kyk of ek myself nog verloën.

25 Februarie

Shavach la-El (2)

Hoe kan ek eer en glorie aan God bring as ek besig is om van myself 'n afgod te maak? Selfverloëning, selfkruisiging en die behoefte om agter Hom aan te kom is die oplossing. Probeer om nie voor Hom uit te hardloop om jou eie wil te doen nie.

Jare gelede het ons gereeld die Natalse Drakensberge gestap. Daar is baie slange. Ons het in 'n drieweekvakansie gewoonlik meer as tien keer slange gesien. Pofadders is die groot gevaar aangesien hulle nie maklik vir jou padgee nie. Die geheim is om mooi te kyk waar jy loop. My vrou het beter oë as ek en het die paadjies mooi dopgehou. Die Here het ons beskerm en ons is nooit gepik nie. Ander mense was nie altyd so geseënd nie. Soos dit maar dikwels met kinders die geval is, het hulle meer energie as die volwassenes. So was dit ook met die ou seuntjie wat nie by die stadiger pas van die volwassenes wou hou nie en vooruit gehardloop het. 'n Pofadder het hom gepik en hy moes met 'n helikopter na die naaste hospitaal geneem word.

Ons verloor ons vrede en word ook deur satan, die ou slang gepik, wanneer ons nie ons Hemelse Vader wil volg nie en vooruit agter ons eiewillige behoeftes aan hardloop. Dit is beter, om Jesus te volg, Hom gelowig te vertrou en Sy Heilige Gees toe te laat om vredesvrug in en deur ons te dra.

26 Februarie

Shavach la -El (3)

In Lukas 24 is die aangrypende verhaal van die Emmausgangers vir ons opgeteken. Hierdie gebeurtenis vind plaas nadat Jesus opgestaan het. Twee persone was oppad van Jerusalem na Emmaus toe. Hulle was diep teleurgesteld want Jesus het nie aan hulle verwagtings voldoen nie. Hulle het verwag dat Jesus hulle nasie van die Romeinse onderdrukking sal bevry. Dit het vir hulle oor hulle eie belange gegaan en nie oor Shavach al-El nie. Dit was eerder 'n geval van Shavach al-**Ek**. Daarom vra Jesus vir hulle toe Hy by hulle aansluit in vers 24:

" Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar bespreek?"

Die Bybel sê hulle het met **somber gesigte** gestaan. Hierdie 2 persone se vrede was weg. Hulle antwoord Jesus :

" Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos."

Jesus ontbloom hulle selfgesentreerdheid toe Hy van Homself sê:

"Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in Sy heerlijkheid (Glory) in te gaan nie?"

Nadat Jesus Hom aan hulle openbaar het, het hulle gemoedstoestand dramaties verbeter en het hulle **harte warm geword**. Die ou vrede van Jesus se teenwoordigheid was terug.

Hulle het dadelik die 13 kilometer Jerusalem toe terug gestap om vir die ander van Jesus te gaan vertel. Hulle het nou meer as net vrede ervaar:

" Hulle het met groot blydschap na Jerusalem toe teruggegaan." (vers 52)

Shavach **la-El** is herstel.

27 Februarie

God praat met jou (1)

Praat God werklik met mense vandag? Indien wel, hoe hoor jy Hom? Baie min mense het God fisies met hulle hoor praat. Tog sal baie mense die vrymoedigheid hê om te sê dat God met hulle gepraat het. Hoe hoor 'n mens God dan? Daar is 'n paar moontlikhede. Kom ons kyk na enkeles:

1. God praat met jou deur wat jy sien.

Jy kan Sy Woorde sien wanneer jy jou Bybel lees. Deur betekenis te gee aan die woorde kan jy verneem wat dit is wat Hy vir jou wil sê. Hoeveel keer het Hy jou nie al moed ingepaat deur dit wat jy in Sy Woord gelees het nie bv.

Moenie bang wees nie, Ek is met jou.

Kom na My toe almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee.

Vra en vir julle sal gegee word.

2. God praat met jou wanneer jy bereid is om Hom te sien in wat om jou gebeur. Dit is soos om 'n tamatiesaadjie vir 'n seisoen te bêre, dit uit te haal wanneer die nuwe seisoen begin, dit in sagte grond te bêre en die klein wit blaartjie te sien oopvou wanneer daar deur God se toedoen lewe begin kom. Dit kan vir jou sê dat jy 'n wonderlike God aanbid. Dat Hy lewe gee, dat Hy in Sy alwysheid die DNA van die tamatie in die droë saadjie gebêre het om vir jou te wys dat Hy lewe gee. Hy kan ook vir jou deur die gebeure sê dat, soos jy aan jouself sterf in jou selfverloëning, Hy nuwe lewe in jou kan gee deur jou wedergeboorte.

Jy moet geestelik doof wees om God nie te hoor wanneer jy na die skoonheid van 'n blom kyk nie. Selfs God het gesê dat Salomo in al sy glorie nie bekleed was soos een van die blomme wat Hy gemaak het nie.

Môre nog meer oor hierdie onderwerp.

28 Februarie

God praat met jou (2)

3. 'n Mens hoef nie jou ore te spits om God se skepping te hoor uitroep dat Hy groot is nie.

O Heer my God, as ek in eerbied wonder

en al U werke elke dag aanskou:

Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,

hoe U dit elke dag so onderhou....

Dan moet ek juig, my Redder en my God!

Hoe groot is U, hoe groot is U!

Want deur die hele skepping klink dit saam:

hoe heerlik, Heer, U grote Naam!

4. 'n Gelowige kan God met sy hartsore hoor.

Jy sal God hoor wanneer Hy deernis vir 'n persoon by jou laat opkom en jy weet dat jy hier moet help of hier moet gee. Lank nadat jy ongehoorsaam nie gereageer het nie sal jou hart jou aankla en sal jy skuldig voel omdat jy nie na God se stem geluister het nie.

5. God sê moenie daar gaan of dit of dat doen nie.

God kan by jou 'n gevoel van gevaar wakker maak of jou vir iemand versigtig maak en so vir jou 'n aanvoeling gee van wat Sy wil is om jou te beskerm. Die meeste van ons het al Sy sagte influistering verneem toe ons iets wou doen wat risiko's ingehou het. Die meeste van ons het ook die nare gevolge ervaar van ongehoorsaamheid toe ons nie na God se stem in ons binneste geluister het nie.

6. God praat deur nie te praat nie. Dit kan gebeur wanneer God stil raak totdat ons ons bekeer van die verkeerde dinge waarmee ons besig is.

29 Februarie

God praat met jou (3)

7. God praat met jou deur ander mense

Hierdie proses het begin in jou vroeë peuterjare toe jou ouers God se spreekbuis was om jou te leer wat reg en wat verkeerd is. Toe jy oud genoeg was om deur jou gewete aangespreek te word het jy geleer om God se stem in jou gewete te hoor. Hoeveel keer het jy nie 'n innerlike wroeging ervaar oor dinge wat jy verkeerd gedoen of gesê het nie? Dikwels moes ander mense jou help om jou foute raak te sien toe jy verkies het om liewers te probeer vergeet van dit wat jy verkeerd gedoen het. Nog erger is dit wanneer ons teen God se Woord stry en met ons eie gedagtes probeer regverdig wat ons weet ons verkeerd gedoen het.

Toe jy tot bekering gekom het en jou lewe aan God oorgegee het is jy weer gebore. Nou was jou ouers gewoonlik nie meer daar om jou God se stem te laat hoor nie. Jy moes baie leer omdat jy geestelik nog onvolwasse was. Veral die onderskeiding tussen reg en verkeerd was 'n probleem. In die tyd wat ons leef word reg dikwels deur die wêreld as verkeerd voorgelê word en verkeerd as reg. Ons moet leer om die Lig van die waarheid te onderskei en so ook die duisternis wat satan aan ons voorhou asof dit reg is. So kan 'n moderne jeugdige maklik van 'n ouer Christen verwag om

"By te kom."

Die "bykom", kan maklik beteken dat liberale idees aanvaar moet word. So het dit gebeur dat 'n jeugdige, wat 'n verklaarde ateïs is, nie in die huwelik glo nie en niks fout vind met abortie nie, van jou verlang om *by te kom* by sy of haar liberale lewensbeskouing. Menige familiebande is al hierdeur verwoes.

Die jong wedergebore Christen is dikwels van mentors afhanklik om hulle te help om agter die leiding en stem van die Heilige Gees aan te beweeg. Die mentors mag leraars of ander geestelike leiers wees. Ook hier is dit nodig om 'n Gees van onderskeiding te hê.

1 Maart

God praat met jou (4)

Die toets vir geestelike volwassenheid kom by die antwoord op die vraag:

"Hoe weet ek dit is God wat met my praat"?

1. God se Woord.

Die groot toets kom deur God se Woord, die Bybel. God sal nie vir jou iets sê wat bots met wat in die Bybel staan nie. Byvoorbeeld as jy voel God sê vir jou jy moet skei en met 'n ander getroude vrou trou, is dit nie wat God in Sy Woord sê wanneer Hy sê dat Hy *"egskeiding haat nie."*

2. Ken God se Woord

Jy sal nie bogenoemde toets kan toepas indien jy nie God se Woord ken nie. Hoe beter jy Sy Woord ken hoe makliker sal dit vir jou word om hierdie toets te slaag. Dink in hierdie verband aan die pragtige riglyn wat God vir ons gee in Fil.4: 8:

*"Verder broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein en mooi is, alles wat prysenswaardig is- watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees, daarop moet julle julle gedagtes rig. En wat julle van my geleer en ontvang het en **gehoor** en gesien het, dit moet julle doen.*

3. Vrede

Indien jy nie vrede ervaar ten opsigte van jou gedrag, wat jy gesê en wat jy gedink het nie, moet jy fyn ondersoek instel om jy waarlik gedoen het wat God vir jou gesê het. Dikwels is die vredetoets ook toepasbaar wanneer jy iets moes gedoen het, moes gesê het of gedink het en jy dit nie gedoen het nie. In Kol. 3: 15 staan:

"En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee.

Elke mens moet leer om te onderskei op watter wyse God met hom praat.

2 Maart

God praat met jou (5)

Al God se praat met jou sal nie veel help indien jy nie wil hoor nie. Ek kan getuig in my lewe het God oor een ding 'n paar keer met my gepraat totdat ek bereid was om te luister. Hy het hoofsaaklik my omstandighede hiervoor gebruik. My vroegste kinderherinneringe het te make gehad met onsekerheid. Ek het geglo dat sekuriteit in besittings gevind kan word. God het hard met my gepraat maar ek was hardhorend. Kom ek noem vir jou 'n paar dinge wat Hy in my lewe toegelaat het om die sekuriteit van besittings te vernietig.

Op skool het ek vakansies gewerk. Ek wou graag 'n dikwiel fiets met handremme gehad het. Uiteindelik het ek genoeg geld gehad om die fiets te koop. Ongelukkig het ons tuinwerker drie maande later verdwyn en so ook my fiets.

'n Rits diefstalle oor 'n klompie jare was nodig om my ore oop te boor vir wat God vir my wou sê. Kom ek noem 'n paar: My kosbare Omega oorlosie ('n duur geskenk van my ouers), my motorfietsie, my motor, my klere tydens een van drie inbrake in my huis. Toe kom die moeilikste tyd in ons lewens. Ek het my permanente werk verloor en moes met groot onsekerheid na 'n ander plek verhuis. In die proses het my vrou haar werk ook verloor. Die Here het nie moed opgegee met my nie. In hierdie onseker tyd het my ore oopgegaan en ek het ons situasie met my vrou bespreek. Ons het saam besluit dat nou die beste tyd was om ons los te maak van die drif om self sekuriteit te probeer skep. Omdat ons Hom wou vertrou met alles het ons ons tiende vir Hom begin gee. Ons het geweet dat dit net Hy is wat vir ons kan sorg. So het 'n wonderlike toekoms aangebreek. Dit is nou 50 jaar later en al wat ek kan sê is dat God doen wat Hy sê en dat Hy wonderlik en ruim in al ons behoeftes voorsien het. Ons is nou naby aan die einde en Hy het ons nog nooit in die steek gelaat nie. So praat God met elkeen van ons volgens ons behoeftes. Prys die Here.

3 Maart

Lyding (1)

God het pyn geskep. Sonder pyn sou ons baie soos 'n melaatse gewees het. Melaatse mense verloor dikwels van hulle ledemate omdat melaatsheid die ledemate wat aangetas raak, gevoelloos maak. Omdat hulle nie pyn voel nie kan hulle maklik brand sonder dat hulle dit weet of beserings opdoen sonder dat hulle daarvan bewus is. Pyn is nie lekker nie en daarom sal ons baie moeite doen om pyn te vermy. Die pyn van 'n brandende gewete is dikwels 'n voldoende afskrikmiddel teen sonde. Die pyn van die misbruik van jou liggaam deur byvoorbeeld te ooreet, te min te oefen of jou te vergryp aan dinge soos drank en rook kan as afskrikmiddel dien teen die misbruik van jou liggaam.

God het ons gewaarsku dat ons dit moeilik sal hê op hierdie aarde. Vanweë die straf op die sonde is die aarde vervloek en ons as mense val ook onder die vloek, in die sin dat die sondestraf van die dood voortdurend in ons aan die werk is. Sonder dat ons ons sondes voor God bely en Sy vergifnis aanvaar is ons oppad na die ewige dood en verdoemenis. Die lyding wat ons dan sal moet verduur is onbeskryflik. Indien jy dit wat hier staan kan lees, is daar nog hoop en tyd om reg te maak met God. Verskriklik om te dink dat ek en jy binne die volgende uur kan oorstap die ewigheid in. Ons sal dan of deur Jesus verwelkom word of ons sal ons oë in die hel oopmaak.

Indien jy belangstel om seker te maak dat jy by Jesus sal wees is daar een baie belangrike voorwaarde. Jesus het dit vir ons uitgespel in Mat.16: 24: Omdat die Amplified Bible dit beter toelig gebruik ek dit graag hier:

"If anyone desires to be My disciple, let him deny himself (disregard, lose sight of and forget himself and his own interests) and take up his cross and follow Me (cleave steadfastly to Me, conform wholly to My example in living and, if need be, in dying also).

Môre sal ons in groter diepte na hierdie gedeelte kyk.

4 Maart

Lyding (2)

Die merkwaardige gedeelte in Mat. 16:24 vervolg in vers 25:

"For whoever is bent on saving his temporal life (his comfort and his security here) shall lose it (eternal life); and whoever loses his life (his comfort and security here) for My sake shall find it (life everlasting).

Die mens se lewe hier op aarde word gelykgestel met die strewe en begeerte na aardse sekuriteit en gerief. In die taal wat ons gister gebruik het beteken dit dat die natuurlike, onbekeerde mens, sy lewe so leef om so min as moontlik lyding te verduur. Dit beteken dat die mens so gerieflik as moontlik wil leef en vir homself aardse sekuriteite probeer skep sodat hy onafhanklik kan lewe. Eintlik wil so 'n mens sy eie god wees en sy eie wil doen. Dit is juis hierdie mens wat volgens Jesus moet sterf indien die mens agter God wil aankom en God se volgeling wil wees. Die sterf aan die self beteken dat die mens homself moet verloën deur sy fokus weg van homself af te draai, van sy eie belange te vergeet, homself te vergeet, op die wil, eer en belange van God te fokus en sy medemens se behoeftes voor sy eie te stel. So sterf die ou mens en is daar ruimte vir 'n nuwe mens om gebore te word. Jesus verduidelik wedergeboorte aan Nikodemus deur te sê dat niemand God se koninkryk kan ingaan indien hy nie weergebore word nie. 'n Pasgebore baba moet begin asemhaal anders sterf hy. So het God ook voorsien deur die pasgebore Christen te laat asemhaal deur die wind van Sy Gees in die mens se nuwe gees in te blaas. Die Heilige Gees se naam in Grieks is Ruach wat ook *wind* of *asem* kan beteken .

Die nuwe mens sal nog steeds tydens sy verblyf op aarde lyding verduur. Die satan gee nie maklik sy besitting weg nie. Daarom sal daar selfs by die nuutgebore kind van God stryd en lyding wees soos hy weerstand sal moet bied teen satan en homself aan God sal moet onderwerp.(Jak. 4:7)

5 Maart

Lyding (3)

Ly God?

God is almagtig. Hy hoef nie te ly as Hy nie wil nie. Om die vraag of God ook ly, te kan beantwoord moet 'n mens onthou dat God uit God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees bestaan. Ons sal na elkeen van hierdie Drie moet kyk om die vraag te kan beantwoord.

God die Vader

Om iets van die lyding van God die Vader te kan verstaan kan ons na die geskiedenis van Abraham en Isak gaan kyk. Abraham kan nooit met God gelykgestel word nie maar ons kan die beeld van Abraham, die Vader van die gelowiges, tog hier gebruik om iets van die lyding van God die Vader te verduidelik. Abraham het lank gewag vir die koms van Isak. Isak was vir hom sy lieflingkind. Isak is gebore toe Abraham 100 jaar oud was. Vermoedelik was Isak so 13 jaar oud toe Abraham se lyding begin het. God het vir Abraham gesê hy moet Isak neem en hom gaan offer op die berg Moria. Abraham was nou ongeveer 113 jaar oud en Sarah sy vrou oor die 100 jaar. Die kans dat daar weer 'n eerstelingseun vir hom en Sarah gebore sou word, was dus baie skraal. Abraham het Isak baie lief gehad en om te hoor dat hy hierdie seun moes gaan offer deur sy keel af te sny, was seker die moeilikste ding in sy lewe. Ek glo dit was die langste nag van Abraham se lewe voordat hy en Isak die volgende more Moria toe vertrek het. Oppad moes Abraham seker deur baie wroeging gegaan het. Al wat hom kon deurdra was sy geloof dat God, die Almagtige, Isak selfs uit die dood kon opwek. God het geen uitkoms voorsien nie totdat Abraham die mes opgetel het om Isak te slag. Eers toe het God die lyding van onsekerheid, die pyn daarvan om sy enigste seun keel af te sny, gestop. God moes ook dieselfde lyding, en nog veel erger, ervaar het toe Hy Jesus, Sy enigste, laat offer het vir ons sondes.

6 Maart

Lyding (4)

God die Seun

Tans is daar ongeveer in 2022, 8 biljoen mense op die aarde. Indien elkeen 60 jaar lewe en elke dag van sy lewe 100 keer sonde doen is daar nogal heelwat sondes waarvoor daar geboet moet word. Dan word die sondes van al die mense die afgelope 6000 jaar sedert die eerste sonde in die paradys gepleeg is, nog nie in berekening gebring nie. Dit is triljoene maal triljoene sondes. Hoe groot sal die boete wees om vir al hierdie sondes te betaal? Wie sal hierdie groot boete kan betaal? Wie is sonder sonde want wat help dit indien iemand, wat 'n sondaar is, probeer om vir die sondes te boet? Dit maak tog nie sin nie. Is dit dan buitengewoon dat Jesus, wie die enigste een kon wees, buiten God die Vader, onder die las van die sonde *inmekaar gestort het*? Is dit dan buitengewoon dat Hy Sy Vader gevra het om, as dit moontlik is, *tog die lydensbeker by Hom te laat verbygaan*? Is dit dan buitengewoon dat Jesus Sy dissipels gevra het om *saam met Hom te waak* omdat die las vir Hom byna te swaar geword het? Was daar nog 'n mens, wat so gelyk het dat hy letterlik *bloed gesweet het*? Kon 'n ander soveel ly *dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie*?

Kon iemand, anders as ons Here Jesus, te midde van al die onreg toe Hy onskuldig vir al die sondes van die wêreld verniel, verneder en verwerp is, nog vir die sondaars bid? Bid dat God hulle moet vergewe omdat die sondaars nie weet wat hulle doen toe hulle Hom kruisig nie?

Nooit!

Nooit!

Nooit!

Kon iemand anders as Jesus dit doen nie.

7 Maart

Lyding (5)

Die Heilige Gees

Kan die Heilige Gees ly? Is tranen 'n teken dat iemand ly? Dan kan die Heilige Gees ly want die mens word gewaarsku om nie die Heilige Gees te bedroef nie. (Efes. 4:30). Nou, wat sal die Heilige Gees bedroef, Hom laat huil? Dr. Andrew Murray gee in sy boek "Nuwe lewe", die sonde die skuld vir die lyding van die Heilige Gees (p.65) Hy noem veral 4 sondes wat die Heilige Gees bedroef, naamlik:

1. Leuens

Leuens is by uitstek die werktuig van satan

2. Toorn

Woede, oorhaastigheid, kwaad, skreeu en lastering is die vrug van 'n lewe sonder die Heilige Gees. (Gal 5.) Wanneer 'n gelowige hom hieraan skuldig maak, ly die Heilige Gees.

3. Steel.

Die vrug van die Heilige Gees is liefde, nie om van ander wederregtelik te neem nie.

4. Vuil woorde.

Vuil praatjies, ydele woorde, onsinnige grappe bedroef die Heilige Gees.

'n Mens verwag dat die Geesvervulde Christen die vrug van die inwoning van die Heilige Gees sal toon. Dit sal liefde, vreugde, vrede, geduld, goeiehartigheid vriendelikheid, getrouheid en selfbeheersing insluit. Dit sal die Heilige Gees plesier verskaf indien die mens, in wie Hy inwoon, hierdie vrug openbaar, Hom deur die Heilige Gees laat lei en toelaat dat die Heilige Gees hom beheer en sy lewe bestuur. Hierteenoor sal die vrug van die vlees in die lewe van die gelowige Hom bedroef en Hom laat ly.

Dankie Drie-Enige God vir U lyding om ons die ewige lyding van die hel te spaar.

8 Maart

Ribbebeen

Het 'n man een ribbebeen minder as 'n vrou.?(Gen.2: 21) Eva is immers uit 'n ribbebeen van Adam gevorm. Ons weet dat dit nie die geval is nie. Mans en vrouens het gewoonlik 24 ribbebene.

'n Moontlike antwoord op die vraag is in die vertaling van hierdie gedeelte geleë. In "The Expositor`s Study Bible", is die verklaring van hierdie gedeelte soos volg:

"and He took one of his ribs (the word "rib" here actually means "side"), and closed up the flesh instead thereof (the woman is not merely of a rib, but actually of one side of man).

Is dit moontlik dat die vertaling van rib, naamlik "deel van Adam", of "kant van Adam" ons 'n ander verklaring van hierdie gedeelte kan gee?

Volgens Wikipedia bestaan 'n menslike sel gewoonlik uit 23 pare kromosome. Dit beteken elke mens het 'n total van 46 Chromosome in elke sel. Twee-en - twintig van hierdie pare lyk by mans en vrouens dieselfde. Die 23ste paar , bekend as die geslagskromosoom, verskil by mans en vrouens. Vrouens het twee X kromosomes, XX, en mans het een X en een Y kromosoom en word as XY aangedui.

'n Moontlike verklaring vir Gen. 2:21 kan dan die volgende wees:

God het 'n deel van Adam, naamlik die XY kromosoom gebruik om die vrou anders as die man te vorm. Die deel wat Hy gebruik het was die 23 ste Chromosoompaar , dit wat Hy gemaak het om geslag mee aan te dui. Hy neem die deel van Adam wat sy geslag aandui, naamlik die X Y kromosoom en vervang die Y kromosoom met nog 'n X kromosoom om die vrou anders te maak, met 'n X X kromosoompaar. Uit die deel van Adam, die XY kromosoompaar, sny Hy dan die Y deel uit en vervang dit met X.

Kan die deel waaruit God die vrou gemaak het dan die XY kromosoom wees?

9 Maart

Moses en Jesus (1)

In baie opsigte herinner die geskiedenis van Moses ons aan Jesus. Kom ons kyk in Eksodus na enkele van hierdie ooreenkomste.

Soos God Israel as volk in Egipte oor 'n tydperk van 430 jaar gevorm het, vorm God ook vir Hom 'n volk bestaande uit gelowige kinders wat Jesus as Verlosser aanvaar het. Hierdie proses is vandag nog steeds besig om voltrek te word in jou en my lewens. God het Israel geweldig vermeerder. So het Hy ook Sy gelowige kinders die afgelope 2000 jaar baie vermeerder. God het karakter in Israel ingebou deur hulle baie te laat ly. So het Hy ook met Sy gelowige kinders gedoen. Die lyding van Israel was weens swaar hande arbeid, vernedering en verslawing. So was dit ook met Christene die laaste 2000 jaar. In Eksodus 1:12 staan: *"Hoe meer die Israëliete onderdruk is, hoe meer het hulle geword."*

Satan het deur die farao probeer om die aanwas van Israel te verhinder. So probeer hy ook vandag nog die byvoeging van kinders van God vir Sy koninkryk keer. Dalk het jy ook in jou lewe al satan se listige planne ervaar om jou geloof in Jesus as Verlosser te ondermyn. Satan het probeer om deur die moord van seuntjies die geboorte van Jesus teen te staan want hy het geweet dat die Verlosser as 'n seuntjie van 'n Joodse egpaar gebore sou word. Al die Joodse pasgebore seuntjies moes in die Nyl verdrink word. Dit laat ons dink aan koning Herodus toe hy verneem het dat die Koning van die Jode in Betlehem gebore is en hy opdrag gegee het dat alle Joodse seuntjies van 2 jaar en jonger doodgemaak moet word.

Een besondere mooi seuntjie, Moses, is deur God gekies om te oorleef omdat God hom wou gebruik het om Sy volk van slawerny te bevry. Hy is deur die water van die Nyl in 'n biesiemandjie heen gespaar om Israel se leier en Verlosser te word. Jesus sou baie jare later ook uit water gebore word toe Sy moeder Maria, se water sou breek met Sy geboorte (Eks.2).

10 Maart

Moses en Jesus (2)

Soos Moses sou Jesus baie jare later ook uit Sy Vaderhuis in die hemel na die sondige aarde moes kom. Moses het uit die huis van sy Joodse ouers gekom en moes in die heidense paleis van farao grootword. Moses moes baie leer van hoe die heidene leef en dink, sowel as hulle taal want God sou hom later as volwassene gebruik om met die farao te onderhandel. Ook Jesus moes met die sondige wêreld kennis maak en gewoondraak om in mensetaal te praat en te dink. Ook Hy moes toegerus word om Sy kinders te verlos van 'n slawebestaan; die slawe van sonde.

Jesus het eerste aan Sy eie mense probeer goed doen soos Moses. Toe Moses sien dat van sy eie mense met mekaar baklei, het hy hulle probeer uitmekaarmaak. Die prys wat Moses hiervoor betaal het was verwerping deur sy eie mense. Hy moes selfs vlug vir sy lewe. Jesus moes ook vir Sy diens aan Sy eie mense deur hulle verwerp word en selfs met Sy lewe boet vir hulle vrymaking van die slawebande van die sonde.

Jesus het dit nodig geag om Sy Vader te vra om die lydensbeker wat Hy moes drink van Hom weg te neem. Moses het God probeer ompraat om die leiersrol wat hy moes speel om Israel te verlos van hulle lot in Egipte, van hom af weg te neem. God het, soos in die geval van Jesus, anders besluit.

Ek dink ook God het met Jesus 'n gesprek gehad soortgelyk aan die gesprek van God met Moses in Eksodus 3:7:

"Ek het die ellende van My volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem. Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land wat oorloop van melk en heuning."

11 Maart

Moses en Jesus (3)

Moses is deur God toegerus met die vermoë om wonderwerke te doen, soos om 'n kiere in 'n slang te verander, sy eie hand melaats en weer gesond te laat word en om water in bloed te verander. So het God ook Sy Seun toegerus met almag om selfs mense uit die dood op te wek. Beide Moses en Jesus sou so geloofwaardig vir mense geword het.

Die laaste groot wonder wat God in Egipte gedoen het was om die eersgeborenes van Egipte te laat sterf. Dit het gebeur terwyl die Jode, wat die bloed van die Paaslam aan die deurkosyne gesmeer het, geen dood ervaar het nie. Die dood van die eersgeborenes het Israel finaal verlos van die slawerny in Egipte. So was dit ook met ons Here Jesus. Toe Hy, die Eersgeborene van God, aan die kruis op Golgota gesterf het, het daar vir die mens vryspraak van sonde gekom en het die mens uit die slawerny van sonde ontsnap.

Die instelling van die Paasfees, wat vandag nog deur gelowige kinders van God gevier word, het ook sy oorsprong by hierdie gebeurtenis gehad. Die Jode was gereed om Egipte, die land van slawerny te verlaat. Hulle het die lam geslag, die bloed aan die deurkosyne gesmeer, die brooddeeg, sonder suurdeeg in die skottels gesit, dit in hulle klere toegedraai en dit so op hulle skouers gedra. Die suurdeeg was simbolies van die sonde. Hulle sou die slaweland agterlaat wanneer hulle uit Egipte vertrek.

Die finale breek met die sondebande van Egipte was toe die farao met al sy manskappe in die Rooisee verdrink het en Israel droogvoets deurgestap het. Die houvas van die slaweband van die sonde, soos in Egipte ervaar is, finaal gebreek. Toe die see terugvloei oor die Egiptiese leër het hulle gesterf. Israel het lewend deur die see gestap en so simbolies die afwassing van hulle sondebestaan beleef. Baie mense sou later dit deur die bekeringsdoop ervaar.

12 Maart

Moses en Jesus (4)

God voorsien 'n wonder vir Israel deur vir 40 jaar in die woestyn hulle met brood en vleis te voed. Dit was in die vorm van Manna en kwartels. Jesus sou baie jare later van 'n paar vissies en brode vir 5000 mans , plus hulle vroue en kinders, kos voorsien. God voorsien so ruim dat daar 12 mandjies vol oorskiet kos was. Dit was genoeg om vir elke dissipel wat uitgedeel het, 'n hele mandjie vol kos te voorsien (Markus 6: 35).

Deel van God se groot plan met die redding van die mens was om by die mens 'n behoefte te skep na vryspraak van sonde. Daar was reeds van die vroegste tye af 'n gewete in die mens ingebou. Selfs in die mees afgeleë gemeenskappe is daar vandag morele reëls wat geld, soos dat jy nie mag steel nie en nie iemand mag doodmaak nie. Om die mens meer bewus te maak van sy sondige bestaan het God dit nodig gevind om Tien Gebooie vir die mens te gee. Hieruit het oor die 600 wette en voorskrifte tot stand gekom. Die mens het spoedig besef dat dit vir hom onmoontlik is om al die wette te onderhou en dat hy skuldig voor God staan. Hierdeur het God 'n wonderlike plan beraam om die mense te help en vir hulle hoop te gee. Hy het die instellings van offer afgekondig en voorskrifte gegee van hoe die offers gebring moes word.

Hierin is die hart van die redding van die mens vasgelê want al die offers wat gebring is, tot met Jesus se koms, het na die koms van Jesus, as Offerlam van God, verwys. Hierdie gebeurtenis het reeds met die Oorslaanfees (die " Pass over" of Paasfees, begin)

So is die wonder van God se bemoeienis met die mens fyn uitgewerk, geïntegreer in elke gebeurtenis wat vir ons opgeteken is in Sy Woord.

Dankie Here.

13 Maart

Verandering

Hoe ouer ek word hoe minder sien ek kans vir verandering. Vrede is vir my opgesluit in 'n egalige lewenstempo. Om verandering die hoof te kan bied beteken inspanning en veral onsekerheid. Dikwels beteken dit ook mislukking en teleurstelling in myself. Dit beteken ook dat ek my eie onvermoë voor my Skepper moet erken en dat ek op Hom moet vertrou. In kort ek word uit my gemaksones geruk. God het vir Paulus gesê: *My genade is vir jou genoeg.*

Nou, na ouderdom 80, probeer ons ons lewens verskans teen verandering, maar dit is dikwels nie moontlik nie. Neem nou maar die noodsaaklike euwel van die digitale wêreld om ons. Ons het geleer om 'n paar knoppies te druk om resultate uit die rekenaar te kry. Die probleem is dat die rekenaarwêreld voortdurend aan die opgradeer is. Dit beteken dat jy voortdurend nuwe vaardighede moet aanleer. Ek probeer maar nie te dikwels aan die volgende Engelse gesegde dink nie:

You can't teach an old dog new tricks.

Dit sal my totaal beswaard maak indien dit die geval is. Die enigste oplossing vir die ou mens sal dan wees om maar uit te faseer. Mag ek met jou my geheim deel? *Ek het dikwels gewens dat dit moet gebeur.* God het egter ander planne met ons lewens en ons het dikwels onafgehandelde besigheid wat Hy deur ons wil voltooi.

Genadiglik is mislukking nie meer so 'n groot probleem namate jy ouer word nie. Dit wat mislukking so traumaties maak vir 'n jong mens, omdat hy so begaan is oor wat mense van sy mislukkings sal sê, speel nie meer 'n rol nie.

Deur die jare het 'n mens ook geleer dat God getrou is en dat jy op Hom mag steun om jou deur jou uitdagings te help. Soms moes Hy nie net help nie maar alles doen en jou selfs dra.

14 Maart

Geloof en Ken

Heer, ek ken so min maar weet dat U my bemin.

Hoe kan ek ken en verstaan,

wyl my verstand my geloof laat taan.

Grootste sonde is om als te wil weet,

nooit iets te vergeet.

Dan voel ek in beheer

en kan vergeet van U, my Heer.

Satan lieg: "Jy kan soos God wees, sonder om te bieë,

luister net na my leuens, en kyk by God verby.

Jy kan, soos God, alles weet,

sonder enige menslike sweet"

Waarheid is:

Gewis, sal jy die hemel mis.

Luister na wat God sê.

Sy waarheid is in Sy woord vasgelê.

Net deur te glo word jy gered,

vergeet van satanset.

Enigste ken vol sin,

wanneer jy tot God's wil deurdring.

Luiser, luister fyn:

"Geloof kom deur gehoor,

nie deur satan se getoor,

met kennis wat die siel versmoor-, en vermoor."

15 Maart

God is goed (1)

Vandag 30 jaar terug het ek my werk gelos om nuwe weivelde te soek. Dit was 'n geloofsprong omdat ek van kleinsaf graag 'n eie besigheid wou bedryf. Eintlik, dink ek, wou ek onafhanklik wees. Ek was 51 toe ek dit gewaag het. Tog was ek bang. Amper soos Israel se verkenners wat die beloofde land moes gaan verken. My vrou het my geloofsprong ondersteun. Sy het vir my presies dertig jaar terug, die volgende Woord uit Numerie 13: 1: gegee:

Die Here het vir Moses gesê: "Stuur manne om Kanaan, wat Ek aan die Israëliete sal gee, te verken."

Soos Israel, moes ek ook eers die Beloofde land gaan verken. Weliswaar was daar reuse in hierdie land en die stede wat ek sou moes oorwin was baie sterk en ommuur. In my geval het dit beteken dat daar heelwat kompetisie op my gewag het. Mense wat in my veld gepraktiseer het was talryk en baie bekwaam. Hulle sou nie sommer net vir my plek maak nie. Ek sou my plek tussen hulle moes verdien. Genadiglik het God my die geloof van 'n Josua en Kaleb gegee en het ek die uitdagings gesien in die lig van God se Almag en Sy wil vir my. Ek was oortuig dat dit wat ek moes gaan doen van Hom af gekom het en dat hy my deur die voorafgaande ervaringe voorberei het vir dit waarvoor Hy my wou gebruik. My onvermoë **om op my eie** 'n sukses van hierdie onderneming te maak het my belangrikste krag geword en is dit vandag, 30 jaar later, nog steeds. Ek moes soos Israel leer hoe om God te vertrou as alles te oorweldigend voor my gelê het. Ek het geleer om te wag tot God se tyd reg is, dat ek dikwels van ander se raad moes gebruik maak. Ek het ook geleer dat ek altyd iets kan byleer. Die grootste les wat ek geleer het was om God vir finansiële voorsiening te vertrou. Meer daarvan môre.

16 Maart

God is goed (2)

Jy mag dit waag om op God te vertrou. Hy sal jou nie in die steek laat nie. Ons het in ons getroude lewe van 56 jaar dit meer as een maal ervaar. Toe ons finansiëel op 'n baie moeilike stadium van ons lewens was het ons, ons tiende vir die Here begin gee. Dit is so waar dat God jou geld baie verder laat gaan as jy Sy tiende vir hom gee. Die nege tiendes wat aan jou behoort word net baie verder gerek as die tien tiendes sonder God se seën. Indien jy bereid is om God nog meer as dit te vertrou sal Hy jou nie in die steek laat nie. Kom ek vertel jou wat met ons gebeur het.

Vandat ek vir myself begin werk het, het ek elke jaareinde die presiese bedrag van my inkomste vir die jaar aangeteken. Die praktyk het konstant gegroei vir so 12 jaar. Toe het die inkomste gestabiliseer en daarna begin afneem. Aangesien ek beplan het om in my vroeë sewentigs op pensioen te gaan het dit my nie so baie gepla nie. Ek het uitgewerk dat indien die tendens voortgaan sal dit nie meer die moeite werd wees om na 70 nog aan te gaan nie. Op daardie stadium het ons baie geïnteresseerd geraak in 'n sendingbediening wat oor die wêreld groot tente vir groepies gelowiges opgerig het en hulle ondersteun het totdat hulle op hulle eie kon regkom. Die onderneming se groot probleem was om tentskenkers te kry. So 'n groot tent het baie geld gekos, omtrent wat ek in 'n jaar uit die praktyk verdien het. Ons het nietemin eenstemmigheid bereik en het gedoen wat ons geglo het God se wil is en 'n tent vir die onderneming geskenk. Die tent sou iewers in Zimbabwe opgerig word. 'n Snaakse ding het met die praktyk se inkomste hierna gebeur. Die werk het ingestroom en ek het die besigste tyd van my loopbaan begin ervaar. Die inkomste het die hoogte ingeskiet en ek het my beste jaar van al die jare wat ek gewerk het gehad. Wat ons gegee het, het ons dubbel en dwars terug ontvang. Die grootste opbrengs op ons belegging was egter siele vir Sy koninkryk. Dankie Here. Baie dankie.

17 Maart

'n Toets (1)

Die lewe is vol toetse vir ons Christenskap. 'n Mens word gewoonlik getoets op die terrein waar jy die meeste groei nodig het. Dus sal my toetsterrein dalk anders lyk as joune. Dit wat jy lees of hoor en dit raak jou gewete aan is gewoonlik 'n aanduiding van waar jou toetsterrein lê.

Ek lees in die " Joy" tydskrif van Augustus 2022 'n artikel wat deur Gillian Fraser geskryf is oor die onderwerp "Gentleness". Hierdie artikel het my so aangegryp dat ek vir dae daarna weer- en-weer die artikel gelees het. Hierdie eienskap van die Christenlewe het nou vir my my toetsterrein geword. Ek deel dit graag met jou.

In Gal. 5:22 word die vrug van die Heilige Gees in jou lewe met 9 aspekte aangedui. Een van hierdie dele van die vrug van die Heilige Gees is " Gentleness." Ek het in verskillende Afrikaanse vertalings rondgesoek vir goeie vertalings van hierdie Engelse woord. Op die ou einde het die volgende woorde vir my die essensie van "Gentleness" geword:

Minsaam

Sagsinnig,

Sag

Teer

Vriendelik

Hoflik

Sensitief

Om waarheid in liefde te spreek

Sagmoedig, ootmoedig en nederig.

Môre kyk ons weer 'n slag na hierdie toets.

18 Maart

'n Toets (2)

Ons het nou 'n redelike idee van wat met "Gentleness" bedoel word. Kom ons word 'n bietjie meer prakties en sien hoe sagmoedigheid in die Bybel vir ons vertolk word:

Dit is die nederige uiting van liefde, soos ons dit vind in die beeld van Jesus as Herder van Sy skape. 'n Herder was in Bybelse tyd een van die heel nederigste beroepe. Tog huiwer Jesus nie om Homself as 'n Herder van ons, Sy skape, aan ons bekend te stel nie. Sy nederige liefde word treffend vir ons uitgebeeld waar Jesus tydens die die nag voor Sy kruisiging, Sy dissipels se voete was.

Moses word as die nederigste mens wat geleef het aan ons voorgelou. God het hom hoog aangeslaan en hom uitsonderlik gebruik om groot dinge te doen. Toe Moses vir Israel ingetree het en in groot liefde vir Israel se voortbestaan by God gepleit het, sien ons iets van die sagte hart van Moses.

Paulus word in Tessalonisense aan ons voorgelou as iemand wat soos 'n moeder begaan is oor haar kinders wanneer dit oor die gelowiges in die gemeente gaan.

Daar is baie voorbeelde in die Bybel van wat sagmoedigheid nie is nie. Dit is wanneer ons optrede hard, aggressief en bakleierig is.

Vir my is die groot troos, wanneer ek hierdie toets so sleg drui, dat daar nog hoop is om te kan werk aan hierdie eienskap. Sagmoedigheid kom vir die meeste mense, soos vir my, nie natuurlik nie. Ek moet dit aantrek soos klere en dit najaag soos 'n kosbare besitting. Die feit dat ons hiertoe opgeroep word beteken dat ons wel deur God se Gees toegerus word om dit 'n werklikheid te laat word. Ons word opgeroep tot liefde en medemenslikheid in ons optredes. Gill sluit haar artikel met die volgende mooi woorde af:

"Walk in gentleness to each other as God has been extremely gentle with us."

19 Maart

Ateïste

Bid jy ook vir spesifieke ateïste? Dalk is hulle ook deel van jou familie. Dalk het hulle jou ook verwerp omdat hulle nie met so 'n oudmodiese oom of tante wou assosieer nie. Jy is dalk ook vernederend uitgekryt met: *Julle moet nou bykom*. Hierdie "bykom" het dan gewoonlik te make met een of ander liberale beskouing soos met die oorbodigheid van die huwelik en standpunte om homoseksualisme.

Dalk het jy ook moeg geword om te bid en het jy soms opgegee, tot die verskriklikheid van 'n ewigheid in die hel, jou weer geïnspireer het om op jou knieë vir die ateïs te gaan. Dit kan ook gebeur soos in my geval dat jy geleidelik begin opgee het in jou verwagting dat God die spesifieke ateïs tot geloof sal bring. In my geval het ek 'n lang pad met die betrokke persoon geloop; omdat ek oor 'n tydperk van 20 jaar die feit dat hy homself as ateïs verklaar het, aanvaar het. 'n Interessante ding het onlangs gebeur en het my geskud. Iemand wat die ateïs goed ken het my aan my aanvanklike beoordeling van die ateïs laat twyfel. Die persoon het onlangs met die ateïs te doen gehad en sê dat hy heeltemal verander het. Hy het sag geword en openbaar nederige liefde teenoor ander. Soos vir my persoonlik is daar die moontlikheid dat gebede vir redding verhoor kan word. Ek wonder nou of God nie dalk lankal my gebede vir die ateïs verhoor het nie. Nog iets wat vir my vreemd van die "ateïs" is, is dat hy sy kinders in 'n Christenskool geplaas het.

Hierdie ervaring het my weer laat besef dat ons as Christene 'n verantwoordelikheid het om liefdevol te beoordeel maar nie haatlik te veroordeel nie. Ons moet verkeerdhede liefdevol afkeer maar ons mag nie die persoon afskryf nie. God oordeel immers self oor die ongelowige mens. Hoe kan ons die volle omvang en konteks van 'n persoon se lewe beoordeel. Indien ons seergekry het vanweë 'n persoon se verwerping moet ons bereid wees om liefdevol te vergewe soos ons Jesus vra om ons te vergewe.

Dit is nou 3 jaar later. Ek is deur die ateïs gekonfronteer om of sy lewensstyl en geloofsoortuigings te aanvaar of nie meer deel van sy gesin te wees nie. Hy plaas Jesus in dieselfde kategorie as Buddha en Allah. Hy verwerp Jesus as Seun van God en as Verlosser. Ons familie is klein en die verlies van 'n enkele persoon is traumaties. Ek moet dus baie seker maak van hoe om te werk te gaan. In 2 Kor 6:14 -7:1 het ek my antwoord gekry. Ek word aangeraai om alle bande met die antichrist, hy wat Jesus as Messias ontken, te verbreek. Die argument om niks met so 'n persoon te doen te hê nie word 5 keer in hierdie gedeelte herhaal en word opgesom in vers 17 met die uitdruklike opdrag:

“Gaan van hulle af weg en sonder julle af, sê die Here

My keuse vir Jesus het ernstige gevolge vir my gesinsbande. Met hierdie keuse het ek my enigste oorblywende familielid, my broer, vervreem. Goddank, Jesus het gesê Sy broers is die mense wat die wil van God doen. Sodoende het ek in die plek van een broer baie boeties en sussies gekry.

20 Maart

Giftige slange (1)

In die Natalse Drakensberge kom daar heelwat giftige slange, soos pofadders, voor. Om die natuurskoon van hierdie berge te probeer beskryf is onmoontlik, Jy sal maar self moet gaan kyk. Jy sal egter die gevaar van giftige slange moet trotseer. In die kamp waarheen ons gewoonlik gegaan het en waarvandaan ons ons staptogte onderneem het, het daar aanvanklik min slange voorgekom. Geleidelik deur die jare het die slange vermeerder totdat dit te gevaarlik vir ons geword het om verder daar te kamp. Ons het baie gewonder waarom die slange so vermeerder het. 'n Moontlike verklaring is dat die roete wat die mense van die onder die berg af gebruik het om bo by Lesotho uit te kom langs die kamp verby geloop het. Soos die toeriste toegeneem het in die kamp het die versoekings ook vir die verbygangers toegeneem en so ook die diefstalle. Om die diefstalle teen te werk is baie ligte in die kamp aangebring. Die motte en ander goggas is hierdeur aangelok en so ook die paddas agter die motte aan, wat weer 'n gesogte gereg vir die slange was.

Hoe kan ek jou bemoedig deur hierdie storie?

In Numerie 21 kom die Israeliete in opstand teen God. Hulle stel die rede vir hulle ongeduld soos volg:

"Hier is nie brood en water nie en ons is sat vir hierdie slegte kos. Die Here het toe giftige slange onder die volk ingestuur. Die slange het die mense gepik en baie Israeliete het gesterf." (Num. 21:6).

Om die probleem te oorkom het God vir Moses gesê hy moet 'n koperslang maak en die slang op 'n paal sit. Elkeen wat gepik is en daarna na die koperslang opgekyk het, het bly leef.

Uit hierdie kort verhaaltjie kan ons dinge vir ons daaglikse stryd teen die ou slang, die satan, leer en met ons saamneem. Meer daarvoor môre.

21 Maart

Giftige slange (2)

Baie eeue later sou Jesus ook aan 'n paal, 'n kruis, opgehang word. Die siek en sterwende sondaars wat deur die lis van die satanslang met die gif van die sonde gepik was en besig was om die ewige dood in te gaan, sou ook gered kon word. Dit was ook vir hulle en vandag, ook vir ons, nodig om op te kyk. Nie meer net op die grond te kyk sodat jy nie op die slang trap nie. maar op na Hom, ons Verlosser, toe. Ons sou nie deur eie pogings en eie oplettendheid van die slangpik gevrywaar word nie maar deur gelowig ons hoop op lewe in Jesus te stel. Omdat die koperslang hoog opgelig was kon almal die slang sien. Maar, nie almal is genees nie. Dit was nodig om jousef te verneder en te erken dat jy niks kan doen om jousef te red nie en voor God te buig. Alleen wanneer jy geglo het dat jy genees sal word wanneer jy God gehoorsaam en op Hom vertrou kon jy gesond word en bly lewe. Die vrywaring teen die gif van die sonde het dus gekom deur nie te verstaan nie, nie self te probeer om jousef te red nie, nie deur die sondestrik van satan te probeer vermy nie, nie net deur jou kinderlike vertrouwe dat God alleen jou kan red. Alleen wanneer jy geglo het dat God se mag groter is as gif van die adder kon jy die gevolg van die gif in jou sondige natuur deur die teengif van Jesus se bloed neutraliseer. Soos vir Israel is die gevaar van die gif van satan dikwels geleë in ons onvergenoegdheid met wat God vir ons gee. Ons verlang dikwels na die genot van die ou sondelewe. Die vryheid, verlos van die slaweband van die sonde is dikwels nie vir ons genoeg nie. Ons sien so dikwels nog al die verleiding van die ou sondige slawebestaan, waaraan ons gewoond geraak het, voor ons bekering. Dan voel dit vir ons of dit wat God vir ons nou gee nie opweeg teen die sondebestaan van ou Egipte nie. Geen wonder dat God dan geduld met ons verloor en ons oorgee aan die genot en die dood van die sondelewe nie.

22 Maart

God Almagtig

Dankie vir die rus van die nag,

vir herstelde krag,

vir die uitdaging van 'n nuwe dag.

Hou tog oor my die wag,

lei my deur die lewe- sag,

tot by die heil wat by U wag.

Maak my so van U bedag,

van U oorwinning oor die sondemag

Ja, vandag,

en elke dag,

Ewige God in U almag.

23 Maart

Jesus, Jeshua, Josua

Ons lieflike Here, Jesus, Christus, kan met enige van bogenoemde name aangedui word.

Hulle beteken almal dieselfde naamlik:

"Die Here is Redder, Verlosser en Heil."

Aanvanklik was Josua se naam Hosea voordat Moses dit na Josua verander het. Hosea beteken *Verlossing*. *Jesus* is die Griekse vertaling van die Hebreuse *Jeshua*.

Ons as kinders van God is verdraagsaam ten opsigte van watter naam vir ons Heiland gebruik word solank die inhoud wat ons aan Sy Naam gee net nie oneer aangedoen word nie. Hy kan tog nooit minder wees as ons ewige Redder nie. Hy sal altyd ons Verlosser wees en Hy is ons ewige Heil. Dank God.

Moses het Israel uit die slaweland Egipte uitgelei. God het by die Sinaiberg dit nodig gevind om 'n verbond met Sy volk te sluit en aan hulle Sy 10 gebooie bekend te maak. Indien Israel hulle deel van die ooreenkoms sou nakom en God se gebooie sou onderhou sou hulle geseën wees. Indien hulle ander gode sou aanbid en God se gebod verwerp sou hulle straf ontvang. Tog was God steeds bereid om die mens te help omdat Hy geweet het dat die mens nie Sy gebooie sou kon onderhou nie. Indien die mens sy sonde sou bely en voor God sou erken, sou die offerdier se bloed hom tydelik van sy sonde straf vrywaar. Reeds met die eerste offers wat gebring is het die offerdier se bloed verwys na die bloed van Jesus, God se Offerlam, wat vir die mens se sonde sou boet.

Moses se bedeling het geëindig toe hy gesterf het voordat Israel deur die Jordaanrivier die Beloofde land ingetrek het. So het die redding deur wetsonderhouding ook simbolies tot 'n einde gekom. Josua het oorgeneem en Josua beteken die Here is Redder en Verlosser. Jesus alleen sou vir die mens se sondes die boete kon betaal met Sy bloed op Golgota. Die deurtog deur die Jordaan word dan simbolies die afwassing van die sonde deur geloof in Jesus.

24 Maart

Wet en Geloof (1)

In Gen. 1:1 staan:

"In die begin het God die hemel en die aarde gemaak."

In hierdie eerste 11 woorde van die Bybel is die onderskeid tussen geloof en ongeloof, reeds vir ons aangedui. Die mens wat hierdie woorde glo, doen dit uit geloof. Daar is geen bewyse waarop die mens kan steun om sy geloof te versterk nie. Die meeste van wat in hierdie woorde opgesluit is kan nie eers deur die mens verstaan word nie. Neem nou maar die woorde: *In die begin*. Ons kan nie eers behoorlik 'n denkbeeld vorm van 'n 100 jaar nie. Wat nog van 'n 1000 jaar of 6000 jaar, toe Adam geleef het? Nou praat ek nie eers van die onbegryplike tydloosheid van die skepping voordat tydsaanduidings soos lig, son, dag en nag en jaar geskep is nie. Ons kan net uit ons beperkte ervarings 'n denkbeeld probeer vorm van die lengte van 'n dag. Wat kon 'n dag gewees het voordat die son geskep is?

In hierdie eerste sin van die Bybel is nie net geloof ingebou nie maar ook 'n wet. Dit is die wet van geloof. Die wet van geloof is indirek aangedui. Die mens sal later in die Bybel leer dat die mens uit geloof lewe. Indien jy nie in geloof kan aanvaar dat God die hemel en die aarde in die begin geskep het nie, moet jy 'n ander verklaring vind en dit is deur die wetenskap in die "Big Bang Teorie" en "Evolusie" gevind. Hierdie teorieë is ook nie bewysbaar nie en ook daarvoor is geloof nodig. Die geloof om Evolusie en "Big Bang" te aanvaar is dikwels moeiliker as om in God en Sy Woord te glo. Daar is gesê dat die "Big Bang Teorie" minder aanvaarbaar is as die volgende:

Indien daar 'n groot ontploffing in 'n drukkery sou ontstaan en uit die ontploffing kom daar 'n skepping soos 'n Oxford Dictionary te voorskyn.

Jy kan die wet van geloof nie ontvlug nie. Jy gaan of glo in God en wat Hy gesê het of jy gaan terugval op die leuens van satan. Die wet van geloof bly.

25 Maart

Wet en Geloof (2)

Indien jy bereid is om God se Woord te glo beteken dit dat jy God glo en wat Hy sê as waar aanvaar. Die skeppingsgeskiedenis is dan vir jou een groot wonder van God wat jou geloof in God net verder versterk. Dan is dit ook nie moeilik om te glo dat dit wat God vir Adam en Eva gesê het waar is nie, naamlik:

"Die Here God het die mens beveel: 'Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil, maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy'" (Gen. 2:16).

Solank die mens God glo sal hy doen wat God van hom vra. Die wet van geloof is dan gehoorsaamheid aan God en 'n aanvaarding van God se wil en gesag oor die mens. Wanneer die mens nie in God glo nie en nie bereid is om Sy Woord as waarheid te aanvaar nie moet hy satan se leuens begin glo. Dan begin hy nie net in "Big Bang" en "Evolusie" glo nie maar ook in ander leuens van satan soos vir ons opgeteken in Genesis 3:

Satan vra vir Eva: *Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie?"*

Die vrou het die slang geantwoord: *" Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin. God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons.*

Toe sê die slang vir die vrou: *" Julle sal beslis nie sterf nie....."*

Vandag, 6000 jaar later, het ons al die bewyse dat satan vir Eva gelieg het want sedert sy gekies het om satan te glo het duisende miljoene mense gesterf, net soos God vir die mens gesê het.

Ons leer hieruit 'n groot waarheid: *Die geloof in die Waarheid van God en Sy Woord stel die mens in staat om God se wette te gehoorsaam. Sodra jy nie meer glo wat God sê nie glo jy satan se leuens en word jy sy slaaf.*

26 Maart

Wet en Geloof (3)

Satan en 'n derde van die engele wat hom gevolg het, is uit die hemel gegooi omdat satan God se soewereiniteit uitgedaag het en omdat hy gedink het hy kan homself bo God se gesag stel. Sy beredenering was verkeerd. Hy het gedink hy kan slimmer as God wees. Hy het Eva en Adam probeer oortuig dat hulle ook soos God kan wees deur alles te ken indien hulle bereid is om hom, satan, in sy foutiewe beredenering te volg. Die oomblik toe die mens satan se wet, van geloof in leuens, gekies het bo geloof in die wet van God, was die mens gedoem. Die ondergang van die mens was toe hy homself soos satan bo God en God se waarheid gestel het. Die mens het begin glo dat hy homself kan red deur ongehoorsaamheid aan God. Vandag nog is daar die voortdurende stryd aan die gang tussen die mens wat homself probeer vergoddelik deur homself te probeer red deur sy eie goeie daed, en die waarheid van God dat die mens net deur die verdienste van God se Seun, Jesus, gered kan word. Vir satan het godheid daarin gelê dat die mens, soos God, alles kan weet. Hierdie leuen het Eva oortuig om satan te glo. Merkwaardig dat satan nooit aan sy wenresep tot misleiding van die mens verander het nie. Vandag, 6000 jaar later is hy nog steeds oortuig dat hy die mens kan mislei deur hom te laat glo dat hy sy eie god kan wees deur alles te ken. Baie mense val vir hierdie leuen. Hulle glo dat hulle deur te google die internet kan oopmaak en enigiets wat hulle wil weet hier kan vind, selfs in enige taal.

Die mens word net gered uit geloof. Wanneer die mens homself verloën, die kruis van selfverloëning elke dag opneem en hom aan die leiding van God onderwerp, kan hy weet dat hy besig is om God te volg. Alleen in die volle volledige verdienste van Jesus word die mens gered, sonder enige verdienste van die mens se kant af.

27 Maart

Wet en Geloof (4)

Die mens wat sy sondes voor God bely, Jesus se verdienste aanvaar en glo dat God al sy sondes vergewe, word gered. Hy word gered omdat Jesus, die Onskuldige, vir hom die skuldige, in sy plek, ten volle gestraf is en helse smarte in sy plek gely het. Gewoonlik wil so 'n mens dan gedoop word as teken van die afwassing van hulle sondes. Die gehoorsame mens word dan ook deur God met Sy Heilige Gees gedoop om hom toe te rus vir die nuwe lewe. Die ou sondige mens sterf simbolies onder die doopwater. Met die eerste asemtuig en die inaseming van die Ruach, die Wind van God se Gees, nadat die mens uit die doopwater opstaan word die mens geestelik lewendig en word hy wedergebore. Die nuwe Gees wat dan sy lewe oorneem, indien hy die Heilige Gees toelaat, kan dan vrug in sy lewe dra.

Die vrug van die Gees is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. (Gal. 5:16). Iemand wat hierdie pad loop het nie meer die wet van die Tien Gebooe nodig nie. Die liefde dring hierdie mens om die goeie te doen. Hierdie liefde het hy alleen omdat God hom eerste liefgehad het en hom met Jesus se liefde geseën het om hierdie liefde te gaan doen.

Alles is net moontlik indien die mens die wet van geloof navolg. Die wet van die Tien Gebooe plaas 'n onmoontlike druk op 'n mens om homself te probeer red deur goed te doen. Al die ander gelowe op die aarde is vals want almal berus op een of ander verdienste van die mens. Die mens moet altyd iets self doen om gered te word. Net hierdie een waarheid kan die mens red, naamlik die wet van die waarheid van geloof in Jesus Christus as die enigste Redder, Verlosser en Heil.

28 Maart

Wet en Geloof (5)

Die vervlegtheid van die wet en geloof word duidelik uit 'n deel soos Josua 1: 5-9 waar God met Josua in gesprek is:

Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.

In hierdie gedeelte is daar 3 duidelike beloftes vir Josua. Daar is niks wat hy kan doen nie. God belowe dit alles vir hom. Al wat hy moet doen is om dit te glo en vir homself te aanvaar. Indien Josua bereid is om God op Sy Woord te neem en te glo wat God vir hom sê is daar meer direkte opdragte wat hom kan help om te bly glo, naamlik:

Wees sterk, wees vasberade.

Om Josua nog meer te help om te glo en te doen, verduidelik God vir hom waarom hy sterk en vasberade moet wees:

"want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het."

God leer Josua dan dat die resep vir voorspoed is om Sy gebod na te kom, om die wet te onderhou:

" Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het.....sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees."

Josua moes die Beloofde Land ingaan. Ook ons strewende om die Beloofde land van God se Hemel in te gaan. Alleen wanneer Josua glo in wat God sê en doen wat God sê word God se belofte waar: *"Ek die Here jou God is by jou oral waar jy gaan."*

Ook ons kan die Beloofde Land gelowig en gehoorsaam betree.

29 Maart

Profesie vir Israel (1)

Israel is, volgens God se belofte aan Abraham, as nasie gevorm; eers vir 430 jaar in Egipte, toe vir 40 jaar omswerwing in die woestyn en uiteindelik kon hulle hul Beloofde Land betrek.

Nadat hulle die Beloofde Land ingetrek het en goed gevorder het met die verowering van die land, gee God vir hulle 'n profetiese waarskuwing deur Josua. (Josua 23)

Vers 5: Die Here God sal hulle (nasies wat nog nie oorwin is nie) wegstoot voor julle en hulle voor julle uit verdrywe sodat julle hulle land in besit kan neem, soos die Here julle God julle beloof het.

6: Maar julle moet sterk staan in die uitvoering van alles wat geskryf staan in die wetboek van Moses. Moet daarvan nie regs of links afwyk nie, dat julle nie by hierdie nasies kom wat nog tussen julle woon, en die naam van hulle gode aanroep en in hulle naam 'n eed aflê en hulle dien en voor hulle buig nie.

10. Dit is die Here julle God wat die oorlog vir julle voer soos Hy beloof het.

11. Lê julle dus daarop toe om die Here julle God lief te hê

12. As julle egter 'n ander pad loop en julle verbind aan die mense wat oor is van hierdie nasies wat nog tussen julle woon en julle ondertrou met hulle en julle kom by hulle en hulle by julle weet dan seker dat die Here God hierdie nasies nie verder sal verdryf voor julle uit nie. Hulle sal vir julle strikke en wippe word, swepe op julle rue en skerp dorings in julle oë, en uiteindelik sal julle verdwyn uit hierdie goeie land wat die Here God aan julle gegee het.

*15. Maar soos elke goeie belofte wat die Here julle God oor julle gemaak het, nagekom is, so sal Hy elke ramp oor julle bring wat Hy aangekondig het, totdat Hy julle uitgeroei het uit hierdie goeie land wat Hy vir julle gegee het. **Dit het toe gebeur.***

30 Maart

Profesie vir Israel (2)--en vir ons?

God is getrou. Hy lieg nie. Soos Hy oor Israel geprofeteer het, het dit gebeur; Israel het kompromie met die heidene gemaak en God het hulle uit hul Beloofde Land verdryf. Eers is die noordelike stamme en later die suidelike stamme weggevoer in ballingskap. God was goed vir hulle en het ook die belofte van die koms van die Messias vir hulle waargemaak. Daarvoor moes hulle uit hulle ballingskap teruggebring word na hulle Beloofde Land toe.

Sewentig jaar na Christus se geboorte is Jerusalem verwoes en is Israel oor die wêreld verstrooi. Vir 2000 jaar het dit so aangehou totdat Israel in 1948 as onafhanklike staat erken is en die Jode weer kon terugkeer na hulle Beloofde land toe.

Hierdie gebeurtenis lei die volgende groot profesie oor Israel in, naamlik dat God Israel sal terugbring na hulle land toe voordat die eindtydgebeure sal aanbreek.

Vir ons as kinders van God is daar ook 'n profesie ten opsigte van die eindtydgebeure. Ons vind dit in Mat. 24:15

"Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word."

In die Joy tydskrif van Augustus 2022 word die volgende op bl. 30 gesê:

*"Persecution of Christians around the world reached genocidal proportions. One in every seven Christians is facing discrimination and persecution daily -much of it severe, **which dwarfs the persecution of Christians experienced at any time in history.***

Christians are now identified as the most persecuted religio-ethnic group worldwide."

Ons as Christene moet ons gereed maak vir nog meer opposisie en vervolging. Mag ons daarvoor juig omdat ons waardig geag word om vir ons Here Jesus te ly.

31 Maart

Doen vir my 'n wonder (1)

In Rigters 6 begin die aangrypende verhaal van Gideon. Hy was 'n mens soos ek en jy. Soos ons dikwels geroep word om dinge te doen wat ons voel bokant ons vermoë is, was dit ook met Gideon. Hy was 'n nederige bang persoon. Toe sy verhaal begin was hy besig om koring uit te slaan in 'n parskuip waar hy weggekrui het vir die Midianiete. Die Here doen 'n groot wonder vir hierdie nederige man en verskyn aan hom met die woorde:

"Die Here is by jou dapper man!"

Soos ons ook maar maak wanneer die Here met Sy groot taak op ons nommers druk, het Gideon dadelik weggeskram van wat God vir hom gesê het. Hy het probeer verskonings maak en het met God geredeneer. Eintlik sou hy verkies het om net rustig met sy lewe voort te gaan. Die Here tree met groot wysheid teenoor Gideon op en sê die volgende:

"Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israëliete uit die mag van die Midianiete!"

Wat God eintlik vir hom gesê het is dat indien hy in die volle wete van sy eie onvermoë op God vertrou, God hom sou bemagtig om die magtige Midian te verslaan.

Weer probeer Gideon met God redeneer en wys hy God op sy nederige familie en die feit dat hy deur die familie as niks besonders beskou word nie. Kom die meeste van ons nie ook maar uit nederige families nie? Word baie van ons nie ook maar laag aangeslaan deur ons familie nie? Weer kom die woorde van God by 'n mens op. *Gaan in hierdie krag van jou*, in 'n bewustheid dat jy uit jouself nie hierdie taak kan uitvoer nie en dat jy juis daarom op My en My almag vertrou.

Paulus sou baie jare later dieselfde ervaring hê wanneer hy sou moes opteken wat God vir hom gesê het: *"My krag word in jou swakheid volbring"*. Gideon wou glo maar het God gevra vir 'n wonderwerk om te bevestig dat dit wat gebeur, Sy wil is.

1 April

Doen vir my 'n wonder (2)

Dikwels in my lewe het ek voor dieselfde dilemma as Gideon gestaan; die taak was net te groot, die studies was net te moeilik en te veel, die onderhoud wat ek moes voer het ver bo my vermoëns, eise gestel. Ek het net geweet ek kan nie. Soos by Gideon het Hy die uitkoms gegee. Die bewustheid van die eie onvermoë het my krag geword. Ek het geleer om Hom te vertrou en Hom toe te laat om te doen waarvoor Hy my geroep het. In my oomblikke van twyfel het ek ook soos Gideon gekom en bevestiging vir die taak en opdrag by God gesoek. Ek dink God geniet dit wanneer ons so met ons onvermoë voor Hom kom en versekering by Hom soek dat dit wat ons moet doen regtig Sy wil is. Soms raak ons ongeduldig met Gideon omdat hy darem nou al seker moes geweet het dat God die magtige Midianiete aan hom wil oorgee. Wat het Gideon van oorlogvoering geweet. Hy was 'n boer en was nie deur mense gereken nie. Tog het hy in die krag van God voortgegaan met sy taak. Selfs vandag nog is die uitsit van die velletjies vir God se dou dikwels hoe ons duidelikheid kry oor God se wil in ons lewens. Soms gooi God sommer nog so 'n bonussie vir ons in om ons te help om seker te wees van Sy wil. Dit mag iets soos 'n Bybelversie wees wat ons net oortuig dat ons waarlik in Sy wil is, of 'n preek of iets wat iemand vir jou sê. Dit mag ook wees dat God jou soos vir Gideon vir Sy eer en erkenning aan Hom wil gebruik. God verminder die soldate wat Gideon moet help van derduisende af na 'n skrale 300 toe. In God se strategie om Midian uit te wis gaan die soldate van Israel, sonder wapens, die magtige vyand tegmoet. Al wat hulle gehad het is die geloof in Almagtige God dat Hy Sy wonderlike wil deur hulle sal laat geskiet. Niks is vir God onmoontlik nie. Dalk vra Hy ook van jou om net beskikbaar te wees om Sy wil te doen. Dalk moet jy ook met net 'n fakkel en 'n erdekruik 'n magtige vyand aandurf. Wanneer oorwinning onmoontlik lyk, gaan lees weer hierdie gedeelte oor Gideon.

2 April

Bekeer jou (1)

Gedurende 2022 het Kynan Bridges 'n merkwaardige boek die lig laat sien: "*Overcoming Familiar Spirits*." In die boek maak hy 'n stelling wat baie trefkrag het naamlik:

" nothing seems to be more understated in the church than the profound power of our words."(p. 97)

Hy sê van van woorde, dat enigiets wat jy in die omgewing om jou spreek die werklikheid van jou omgewing kan verander. So kan woorde skep of afbreek. Uit sy baie navorsing oor die demoniese- en geeswêreld om ons, kom hy tot die gevolgtrekking dat dit wat in die geesteswêreld om ons gebeur, gebaseer is op die wet van toelating.

" When we speak we give permission or licence to spiritual forces to operate. Our words set things in motion in the unseen realm that subsequently manifest in the natural world."
p. 98

Volgens Hebr.11:3 het die wêreld, soos ons dit ken, tot stand gekom deur die gesproke woord van God. Wanneer ons God se woord spreek word ons Sy medewerker en verander ons die wêreld. In Matt. 16:9 staan:

" Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy toesluit sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit sal in die hemel oopgesluit bly."

In Spreuke 18:21 staan;

"Die tong het mag oor lewe en dood"

'n Mens formuleer ongeveer 6000 gedagtes op 'n dag. Baie van hierdie gedagtes word uitgespreek. Hierdeur bou ons op en breek ons af; ons medemens en onself. Ons het baie om voor God te bely.

3 April

Bekeer jou (2)

Kynan Bridges sê verder oor die mag van die tong:

"Speaking blessings and declaring the promises of God can open doors of favor, increase, and prosperity in our lives. However, speaking what is contrary to the will of God can open the door to the influence and oppression of demonic powers.

What you proclaim you permit " p. 99.

Jesus sê in Matt. 12: 36 die volgende:

"Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag. Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word."

Ek is seker dat jy, net soos ek, nou 'n onrustigheid in jouself ervaar. Dit is dalk net nodig om oor vandag te dink aan die vele kere wat jy gepraat het en wat jy gesê het. Het jy ander opgebou? Het jy tot eer van God Sy Woord gespreek? Het jy geoordeel en verdoem? Wat het jy van jouself gesê: Dat God jou Leidsman is, dat jy Sy kind is, dat Hy vir jou sorg, dat Hy vir jou en ander se sondes gesterf het, dat Hy Redder, Verlosser en Heil is?

Dalk ervaar jy ook die behoefte om jou mondsondes voor God te bely terwyl jy nog kan. Dalk ervaar jy meer as net skuldgevoelens ten opsigte van jou mond. Dalk wil jy graag jou hele lewe opnuut aan God oorgee en Sy genade vir jou wandade aanvaar. Jy kan dit doen deur jouself te verloën en jou lewe opnuut aan God toe te wy.

Vandag is dit nog genadetyd. Môre mag dit te laat wees.

"My Vader, dankie vir hierdie geleentheid. Ek is jammer oor dit wat ek gesê het wat U koninkryk skade aangerig het. Ek is jammer dat ek satan ondersteun het in wat ek gesê het. Vergewe my asseblief. Plaas 'n wag voor my mond. Verander my hart dat ek soos U in liefde oor ander sal dink, sal vergewe soos ek U vra om my te vergewe. Dankie vir nog 'n kans om my lewe opnuut aan U oor te gee."

4 April

Naamlose vrou (1)

God het dit goedge-dink om my naamloos in Sy Woord te vermeld. My verhaal staan opgeteken in Rigters 19.

My man was 'n Leviet, afkomstig vanaf die uithoeke van die Efraimsberge. Hy was reeds getroud maar wou my as sy byvrou hê. Ek het by my pa gebly in Betlehem. Vir 'n rukkie het dit redelik goed met ons verhouding gegaan maar toe het ek moeg geword vir die Leviet en het na my pa toe teruggegaan. Ek moet erken ek was ontrou aan my man. Ons was 'n jaar en vier maande uitmekaar toe hy ewe skielik by my pa se huis opgedaag het, hy met sy slaaf en 'n span donkies. Hy het my kom haal. Ek moet sê ek was verras dat hy nog vir my omgee het. My man en my pa het baie van mekaar gehou. Na drie dae wou hy my terugneem Efraimsberge toe. My pa het hom omgepraat om nog twee nagte oor te bly en ons het eers die vyfde dag vertrek. Toe ons by Jebus kom, wat vandag as Jerusalem bekend is, het dit aand geword en ons moes eintlik daar oorgebly het. My man het egter gevoel dat dit veiliger by volksgenote van ons, in die land van Benjamin sal wees en het toe deurgedruk tot by Gibeon in Benjamin. Die mense hier was nie vriendelik nie en niemand het ons oornagteriewe aangebied nie tot 'n ou man wat in Gibeon gewerk het ons oornagteriewe aangebied het. Die Benjaminiete van Gibeon was gevaarlike mense en die ou man het daarop aangedring dat ons by hom moet oornag.

Hy was goed vir ons en het in al ons behoeftes voorsien. My man en die ou man het geëet en gedrink totdat hulle begin vrolik word het. Eensklaps was daar 'n gehamer aan die deur. Dit was 'n klomp straatboewe. Hulle wou my man gehad het om met hom geslagsgemeenskap te hê. Later het my man my gegryp en by die deur uitgestamp sodat die mans met my kon doen wat hulle wou. Hulle het my deur die nag verkrag en later het ek nog net genoeg krag gehad om tot by die drumpel te kruip waar ek gesterf het.

5 April

Naamlose vrou (2)

Wat hierna gebeur het is in die Bybelboek Rigters opgeteken:

My man het my lyk op een van die donkies gelaai en na sy huis toe geneem. Hier het hy my lyk in twaalf stukke opgesny en my liggaamsdele na die hele Israel toe gestuur om die mense bewus te maak van wat met ons in die streek van die Benjaminiete gebeur het. Die mense was diep geraak en het gesê dat soiets nog nooit in Israel gebeur het vandat hulle uit Egipte weggetrek het nie. Hulle het 'n volksvergadering gehou en besluit om die stam Benjamin te straf vir wat hulle ons aangedoen het. Israel het 400,000 voetsoldate gehad en het teen die 26,000 van Benjamin opgetrek. Die Benjaminiete was besonder vaardig en het onder andere 700 linkshandige soldate gehad wat 'n haar met 'n klip uit 'n slingervel kon raakgooi. Die Benjaminiete het nie vir Israel geskrik nie en wou nie die misdadigers uitlewer nie. Al wat oorgebly het was om oorlog met die Benjaminiete te maak. Na aanvanklike terugslae het die Israeliëte sukses behaal. Benjamin is uitgewis, mans, vroue en kinders. Daar het 'n groepie van 400 mans oorgebly en bykans geen vroue nie. Dit het vir my gevoel of my dood gewreek is en dat derduisende vroue met hulle lewens vir my lewe geboet het. Die groot probleem was dat 'n stam van Israel uitgesterf het indien hulle nie vroue vir die oorblywende Benjaminiete kon vind nie. Op die ou einde moes die Benjaminiete vir hulle vroue steel van die jongmeisies wat vir die groot fees na Silo toe gekom het. Die Here is groot en goed en het so selfs vir die stam van Benjamin uitkoms gegee.

Daarom glo ek dat daar ook vir jou vergifnis en hoop is.

6 April

Vrou met 'n naam (1)

My naam is Rut. 'n Hele boek in die Bybel dra my naam. Dit is nou wel 'n kort boekie maar dit is die hele boek. Ek self is nie belangrik nie maar dit wat God deur my gedoen het.

Ek is nie 'n Jood wat gebore is uit een van die twaalf stamme van Israel nie. Eintlik is ek een van die vyande van Israel wat dikwels met hulle oorlog gemaak het. Ek kom van Moab en is dus 'n Moabiet. Ons land was nie ver van Israel af nie maar het bestaan nog voordat Israel hulle land gekry het. Eintlik was dit net die Soutsee wat ons van Israel geskei het.

Ek is 'n klein skakeltjie in 'n ketting van gebeurtenisse wat deur God geïnisieer is. Waarom Hy dit so beplan het weet ek nie. Baie geleerde mense het 'n verklaring hiervoor probeer vind maar ek is bevrees ons sal maar almal moet wag tot die dag wat God dit vir ons sal verduidelik. Nou waaroor gaan die misterie dan?

Soos reeds gesê is ek 'n Moabietiese vrou, deel van die heidene wat teen Israel oorlog gemaak het. Tog het God dit so beskik dat ek een van die voorouers van Jesus Christus was. Waarom? Waarom het God nie maar net 'n mooi maagd uit Israel gebruik vir die geslagsregister van Jesus nie?

My skoonma is Naomi. Sy en haar man Elimelek, het met hulle twee seuns van Israel af na Moab toe verhuis. Ek vermoed dit was in die tyd van die groot droogte in Israel. Die twee seuns het vir hulle elkeen 'n Moabietiese meisie as vrou geneem. Ek was een van daardie meisies en is met Naomi se seun Maglon getroud. God het Sy doel bereik deur my aan Naomi te verbind deur die huwelik met haar seun. Eers het Elimelek gesterf en toe ons twee skoonsusters, se mans. Dit was nog voordat ons kinders gekry het. Naomi het ons die keuse gegee om by ons familie in Moab te bly toe sy besluit het om na Israel terug te gaan.

Ek was net te lief vir Naomi om agter te bly en het saam met haar Israel toe getrek,

7 April

Vrou met 'n naam (2)

“My ontmoeting met my nuwe man, Boas”, is van die mooiste geskiedenis in die Bybel. Ek gaan nie eers probeer om dit vir jou te vertel nie. Lees dit lievers self in Rut 2-4.

Spoedig het die Here ons geseën met 'n seun wie ons Obed genoem het. Naomi se vriendinne het van my seuntjie die volgende vir haar gesê:

"Aan die Here kom die lof toe omdat Hy vandag vir jou 'n lossers gegee het. Mag die lossers se naam bekend wees in Israel, en mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg. (Rut 4:13)

Hierna het my skoonma vir Obed op haar skoot laat sit en as haar eie kind aangeneem.

Hierdie "lossers" is ingewef in die geslagsregister van Jesus, ons ewige "Verlossers":

Peres was die vader van Gesron, Gesron van Ram, Ram van Amminadab, Amminadab van Nagson, Nagson van Salmon, Salmon van Boas, Boas van Obed, Obed van Isai en Isai was die vader van Dawid. (Rut 4:18)

Ek wil herhaal dat daar by my geen verdienste was om so vereer te word nie. Alles was net die toedoen van ons Heer en Meester, Hy, wat my tussen die heidense Moabiete kom uithaal het om vereer te word as deel van die geslagsregister van Jesus, ons Messias, wat 1000 jaar later gebore sou word.

Dalk leef jy nou, 3000 jaar na my. Dalk het God jou ook vereer deur jou te roep uit die heidene om 'n lossers te word van ander wat Jesus nog nie ken nie. Indien jy nog nie 'n lossers van andere geword het nie, is die goeie nuus dat dit nie te laat is nie. Jy kan Jesus as Verlossers van jou sondes nou aanvaar. Jy kan toelaat dat die Heilige Gees jou nou oortuig dat Jesus die volle boete vir al jou sondes betaal het, toe Hy helse smarte aan die kruis in jou plek gely het. So kan jy toegerus word om 'n lossers van ander mense te word, Ja jy!

8 April

Doodsonde (1)

'n Welbekende televisieprediker, Robert Morris, het op een van sy televisie uitsendings op kanaal 342, met huiwering die volgende stelling gemaak:

"Most of the people in this church as well as most of the millions watching will not make it to heaven."

Hy het hierdie stelling gemaak na aanleiding van Mat. 16:24-28 waar Jesus die volgende stelling maak:

"As iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis dra en my volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry."

- Die konteks van hierdie woorde word gevind in die gedeelte waar Petrus Jesus berispe het toe Jesus vertel het dat Hy baie gaan ly, gaan sterf en op die derde dag uit die dood gaan opstaan. Jesus se reaksie op Petrus se woorde was:

"Moenie in my pad staan nie, satan! Jy is vir my 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."

Jesus het nie gehuiwer om Petrus as satan se spreekbuis uit te wys nie. Dit was harde woorde maar wanneer dit oor die misleiding van mense gaan tot op die punt waar hulle hulle redding kan verloor het Jesus nie 'n oomblik gehuiwer om die waarheid te verkondig nie. Dit is ook wat Robert Morris gedoen het toe hy die vreemde woorde met sy gemeente gedeel het.

Dit wil voorkom of daar 'n tipe doodsonde is wat mens in die hel kan laat beland. Vir die volgende paar dae gaan ons 'n bietjie dieper delf in hierdie doodsonde en kyk wat die kommentators van Jesus se woorde sê. Die misleiding het hoofsaaklik te make met die woorde:

Jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê."

9 April

Doodsonde (2)

Jesus noem drie voorwaardes waaraan 'n mens moet voldoen indien jy Sy dissipel wil wees.

Kom ons kyk na die kommentare ten opsigte van die eerste vereiste in Mat.16

"Indien iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën. "

Verloën word deur die kommentators as *deny* in Engels vertaal. Volgens **Ellicott's Commentary** verwys *deny* hier na Jesus se verloëning van homself toe Hy, die Seun van God, Homself geledig het toe Hy 'n mens geword het. Hy het Homself geledig van al Sy Goddelikheid wat Hy in die hemel by Sy Vader gehad het.

Benson commentary sê van die selfverloëning van die mens:

" Let him in all things deny his own will, however pleasing and do the will of God, however painful."

Matthew Henry's concise Commentary:

"If self-denial be a hard lesson, it is no more than what our Master learned and practiced, to redeem us, and teach us.

Barnes notes on the Bible

"Let him deny himself- That is, let him surrender to God's will, his affections, his body and his soul. Let him not seek his own happiness as the supreme object but be willing to renounce all, and lay down his life also if required."

Matthew Poole's commentary

" To deny ourselves is to put off our natural affections towards the good things of this life, let them be pleasure, profit, honours, relations, life or any thing which would keep us from our obedience to the will of God. (Jesus het gesê) I seek not My own will, but the will of the Father which sent Me. "

10 April

Doodsonde (3)

Uit die baie kommentare op *Bible Hub* kyk ons nog vir oulaas na nog een ten opsigte van selfverloëning:

Gill's Exposition of the entire Bible

Jesus was bewus dat Sy dissipels 'n aardse koninkryk verwag het. Hulle het geglo dat hulle aardse rykdom sal ontvang, geëer sal word deur mense en dat hulle aardse plesier sal smaak. Hierteenoor het Jesus die kruisevangelie aan hulle verkondig wat hulle daarop voorberei het dat hulle vervolgt gaan word, dat hulle baie gaan ly en dat hulle bereid sal moet wees om vir Jesus te sterf.

Volgens hierdie kommentaar beteken selfverloëning die volgende:

" Let him deny sinful self, ungodliness and worldly lusts; and part with them and his former companions ,.....let him deny righteous self and renounce all his works of righteousness in the business of justification and salvation; let him deny himself the pleasures and profits of this world, when in competition with Christ; let him drop and banish all his notions and expectations of an earthly kingdom and worldly grandeur, and think nothing but reproach, persecution and death, for the sake of his Lord and Master.

Uit hierdie paar kommentare is dit duidelik dat Robert Morris reg is in sy evaluering van die sogenaamde moderne gelowige. Min, baie min mense, leef hierdie sienings ten opsigte van wat selfverloëning beteken, regtig uit. Die meeste moderne verwagtings van die lewe van 'n Christen verskil baie van hierdie siening van wat die lewe van 'n persoon wat werklik homself verloën, inhou. Die meeste preke hou vir die mens die belofte van voorspoed, genesing en plesier in met min opoffering, vervolging en lyding. Die stadions sit vol met honderde, duisende, juigende gelowiges terwyl daar geen sprake is van *die min wat eendag in God se koninkryk sal ingaan* .

11 April

Doodsonde (4)

Jesus spreek homself nie net uit ten opsigte van selfverloëning as 'n voorwaarde om Hom te dien nie. Hy praat ook van die noodsaaklikheid om jou kruis te dra. Kom ons kyk na kommentare in hierdie verband.

Gill Exposition of the entire Bible

"....take up his cross; cheerfully receive, and patiently bear, every affliction and evil, however shameful and painful it may be, which is appointed for him, and he is called unto; which is his peculiar cross, as every Christian has its own; to which he should quietly submit, and carry, with an entire resignation to the will of God, in imitation of his Lord."

Kruisdra soos ons dit hier vind is in direkte teenstelling met wat die wêreld die ongeredde mens leer. Die natuurlike mens laat ander die kruis dra. Hy handhaaf homself en volg sy eie drange en begeertes. Die meeste van die tyd gaan dit oor sy eie gerief, plesier, genot, sekuriteit, eer en aansien. Hy wat Jesus volg, volg Jesus in nederigheid, selfverloëning, selfopoffering, in dienslewering, in heiligheid om afgesonder vir Hom te leef soos Hy vir Sy Vader geleef het. Die gelowige mens volg Jesus se voorbeeld deur aardse besittings gering te ag, om tyd saam met God ons Vader deur te bring, om ander te dien, om met deernis en omgee met sy medemens om te gaan al ag die medemens hom nie. Jesus is so navolgenswaardig in Sy liefde. In so baie opsigte is liefde die hoogste vorm van selfverloëning. Jesus leef die opregte liefde ten volle uit wanneer Hy Homself tot die uiterste toe verloën wanneer Hy gewillig in ons plek Sy kruis dra en helse smarte in ons plek verduur.

Ten slotte gaan ons kyk na kommentare ten opsigte van die derde eis wat Jesus stel aan die mens wat agter Hom aan wil kom, naamlik om Hom te volg.

12 April

Doodsonde (5)

Ons kyk na **Gill se kommentaar** ten opsigte van "Jesus te volg:"

"follow Me; in the exercise of grace, as humility, zeal, patience and self-denial; and in the discharge of every duty, moral, or evangelical; and through sufferings and death to His kingdom and glory."

In die kern van navolging van Jesus is die *exercise of grace*. Ons het by Jesus geleer hoe om te bid. Hy leer ons om te vra dat God ons sondes moet vergewe soos ons die wat teen ons oortree, vergewe. Alles gaan hier oor genade; soos God ons genadig is en ons vergewe moet ons ook ons medemens genadiglik vergewe. Indien ons ooit hierdie bede uitgespreek het, het ons 'n groot verantwoordelikheid op onself geneem om ons medemens te vergewe. Ons maak met hierdie gebed 'n ooreenkoms met God dat Hy ons kan oordeel soos ons ons medemens oordeel.

Om Jesus te volg is nie 'n maklike pad nie. Daarom is daar heelwat aanmoediging in die Bybel om te volhard op hierdie pad. Die feit dat dit 'n moeilike, harde pad is, word deur Jesus onderstreep wanneer Hy waarsku dat daar min mense is wat hierdie pad begin loop wat wel eendag in die hemel uitkom. Dit is 'n smal pad en 'n moeilike pad. Die loon is egter so groot dat niks wat 'n mens kan bedink daarmee vergelyk kan word nie. Wie wil nie graag in die hemelse vreugde deel nie? Wie wil nie vir ewig by Jesus wees nie? Wie wil nie vir ewig in vrede en geluk, sonder siekte, dood, ellende en lyding vir ewig lewe nie?

Die wonder van alles is dat terwyl jy nou hier lees dit nog genadetyd vir jou is. Jy kan nou besluit of jy agter Jesus wil aankom. Jy weet nou wat die keuse behels. Jy weet ook wat die loon van so 'n keuse is. Jy weet ook wat die gevolg van die alternatiewe keuse is wanneer jy kies om vir jouself te leef, jou eie selfsugtige plesier kies en te volg waar jou wil en begeerte jou lei.

13 April

Doodsonde (6)

Wat is dan sonde tot die dood?

Is dit wanneer jy God verstoot,

deur eiebelang toe te laat as jou lewensdrang?

Wat is erger as dit,

dat ek vir myself beskik.

so vir myself te lieg,

sonder om oor hierdie sonde te bieg?

-te glo ek is gered

terwyl ek maak my eie helse bed.

Jy het Hom dan nooit gevolg,

altyd soekend na iets met beter gevolg.

Asof dit vir jou sal sorg- jou hoogste doel.

So kom jy in die helse poel,

toe jy jou siel verkoop-

so goedkoop,

vir plesier of iets te begeer, meer as jou God,

en so jou God bespot.

Slaan jy jou hand aan die ploeg,

maar word so gou moeg,

dat jy oor jou skouer loer,

na die wêreldhoer?

14 April

Konings (1)

Israel se bure het konings gehad. God was Israel se koning. Waarom was Israel nie tevrede met God as koning nie? Waarom wou hulle soos hulle heidense bure, 'n koning uit hulle eie geledere gehad het?

Moontlik kan ons die vraag probeer beantwoord deur na ons eie behoeftes te kyk. Min van ons is tevrede met God as ons enigste koning. Dikwels neem ons self daardie plek in. Dit gaan oor ons eer, ons koninkryk en wat ons wil. Wie lewe regtig uit wat ons bid in die Onse Vader:

Laat U Naam geheilig word, Laat U koninkryk kom, Laat U wil geskied.

Ons is dus nie veel anders as wat die Israeliete in die tyd van Samuel was nie. Samuel was so hartseer oor Israel se wense. Dit het vir hom gevoel of Israel hom verwerp het. God het egter ingegryp en vir hom duidelik daarop gewys dat Israel nie vir hom verwerp het nie maar wel vir God. Omdat Samuel so lief was vir God, dink ek, het dit hom nog meer ontstel. Benewens die selfgod het ons ook ander konings in ons lewens. Dink maar aan die baie heldefigure wat ons tot koningstatus verhef. Dit is hartseer om op televisie die duisende juigende mense op die pawiljoene te sien wanneer een of ander sportheld 'n prestasie behaal. Hulle sal opstaan, opspring, juig, hulle hande in die lug waai en indien hulle 'n kans kry die held omarm of selfs 'n foto saam met hom of haar wil laat neem.

Politici word ook maklik tot koningstatus verhef. Ons hang hulle foto's in ons huise en kantore op. Ons bou standbeelde vir hulle en bring eer aan hulle selfs lank nadat hulle afgesterf het. Erger nog, ons glo wat hulle vir ons sê en wat hulle ons belowe. Hoe droewig is dit om te sien hoe ons ons konings probeer verdedig as hulle uitgevang word met korrupsie en leuens.

Môre kyk ons na nog ander konings in ons lewens.

15 April

Konings (2)

Troeteldiere word dikwels beter as mense behandel. Hulle word gevoed, vertroetel, versorg en met liefde behandel. Mense sal hulle vakansies om hul troeteldiere bou en niks doen wat hulle in gevaar sal stel nie. Soms ruk dinge hande uit en oorheers die dier se belang die mens se leefstyl. Die dier mag selfs die rol van die beherende invloed inneem en so die afgod en koning van 'n mens se lewe word.

Die koninggod van baie mense se lewens is egter in lewelose dinge te vind. Van kleintyd af hoor die meeste kinders die woorde:

My kindjie, geleerdheid kan niemand van jou af wegneem nie.

So word die kind groot met die idee dat kennis koning is. Dikwels moet die mens later in sy lewe uitvind dat wysheid, Goddelike wysheid, veel meer rede tot koningskapkroning bied as kennis. Daar is mense met 'n doktorsgraad wat jy regtig nie as koning in jou lewe wil vereer nie. Die wysheid, wat nederig maak, het uitgebly. Die ware wyse wat eer verdien is die een wat bereid is om sonder betitteling maar net as ou Jan of ou Koos bekend te staan.

Dinge wat koning word in 'n mens se lewe kan ook mooi dinge insluit soos geloof. Wanneer jou geloof in geloof egter die beheerfaktor in jou lewe word het ook hierdie mooi ding 'n valse koning geword. Alleen geloof in God en nie geloof in geloof nie, het waarde en ontsluit die mag en krag van Almagtige God in jou lewe.

Nog dinge wat die status van koningskap bereik is onder andere besittings, soos geld. Geld word sekuriteit, dit word nagejaag, daarop word vertrou en die genot wat geld kan bring word die groot koning in baie mense se lewens.

Ons, vandag, is nie veel anders as die Israeliete van ouds nie. Ons lywe, ons siele met die vertrou op die krag van die menslike intellek, die genot van die sintuie sowel as eiewilligheid het grootliks in baie mense se lewens hul koninggod geword.

16 April

Stille veragting

In 2 Samuel 6: 12 kry ons die aangrypende verhaal van hoe koning Dawid die koms van die ark van God gevier het deur juigend voor die ark te dans te midde van musiek en juigkrete van die volk. Hy was skraps geklee en het uitbundig gedans. Sy vrou Milka, dogter van Saul, het die optog vanuit die paleis gadeslaan. Alhoewel sy niks gesê het nie, het sy in stilte Dawid verag. Sy was te hoogmoedig om self aan die vreugdeoptog deel te neem. Haar beswaar was dat Dawid hom voor die slavinne goedkoop gemaak het met sy spontane vreugde oor die koms van die teken van God se teenwoordigheid. Dit wil voorkom of Dawid nadat hy deur Milka oor sy optrede gekonfronteer is, nie weer met haar intiem verkeer het nie. Milka het nooit enige kinders gehad nie.

Kom ons pas hierdie insident toe in ons eie lewens. In die kerk waar ek aanbid is daar heelwat verskillende groepe en vir almal word voorsiening gemaak. Daar is die meer konserwatiewe persone vanuit die ou bedeling en dan is daar ook die meer charismatiese persone. Mense is geneig om, selfs binne die eenheid wat die kerk veronderstel is om te wees, te assosieer met die wat meer soos jy dink en voel. So beland ek toe ook tussen mense wat 'n meer tradisionele benadering volg en emosioneel baie terughoudend is. Daar is byvoorbeeld nie sprake van hande opsteek om God te loof nie. Dikwels het ek die behoefte ervaar om God spontaan te eer met die opsteek van hande. Die teenwoordigheid van die meer konserwatiewe vriende het my egter weerhou en ek het skaam-skaam maar net my hande langs my sye na bo gedraai. Jammer om te sê, maar mense se menings en die vrees vir verwerping, het my soos Milka laat optree. Ek vra dat God my sal vergewe dat ek my vir Hom geskaam het. Mag Hy dit nooit teen my hou nie en Hom eendag vir my skaam nie. So maklik kan Hy by die finale oomblik Sy rug op my keer en sê:

"Ek het jou nooit geken nie."

17 April

Hoop

In die 996 bladsye van die Ou Testament kom die woord *Hoop* ongeveer 16 keer voor en in die 346 bladsye van die Nuwe Testament 60 keer. Dus ongeveer 9 keer meer as in die Ou Testament indien die hoeveelheid bladsye van elke testament in berekening gebring word

Waarom maak die Nuwe Testament dan soveel meer van *Hoop* melding?

Die groot verskil tussen die Ou en Nuwe Testament is in die verbond wat God met die mens gemaak het. In die Ou Testament is van die mens verwag om God se wet te onderhou om in God se seën te deel. Die mens se hoop op redding vanweë sy onvermoë om dit te doen het tot wanhoop aanleiding gegee. Die mens het toe geleer om sy hoop op diere-offers te plaas. Die dier -offers was egter maar net 'n heenwysing na die offer van Christus wat die enigste hoopvolle offer vir die mens sou wees.

In die Nuwe Testament kry ons die Evangelie van Jesus se offer in detail beskryf, maklik om te verstaan en versterk deur vele wonderwerke. Dit was nou relatief makliker om die hoop van verlossing vir jouself toe te sien.

Die hoopvolle verlossingsboodskap was inderdaad 'n gebeurtenis van groot blydskap en betekenis soos die engele dit aan die skaapwagters geopenbaar het, die nag toe Jesus gebore is. (Lukas 2:10)

Hierdie hoopvolle boodskap was so swanger van betekenis dat dit 'n duisend maal herhaal kon word sonder dat dit enigsins die uniekheid en krag van die boodskap sou kon ondermyn. Daarom kan ons net hoopvol vasgryp aan die genadeboodskap van God toe Hy ons beloof het:

My genade is vir jou genoeg. My krag word in jou swakheid volbring. (2 Kor. 12:9)

En : *Elkeen wat My aanroep sal gered word.*

18 April

Realiteit 1

Elkeen van ons leef in ten minste een van drie realiteite; die realiteit van die gelowige kind van God, Jehovah, of die realiteit van die ongelowige Godloënaar of die realiteit van die grysgebieder, naamlik in 'n wisseling tussen die eerste twee realiteite

Kom ons kyk eerstens na die leuenrealiteit van die ongelowige. Hierdie mens glo nie dat God alles gemaak het nie. Hulle glo nie dat alles aan Hom behoort nie. Hulle glo ook nie dat die doel van 'n mens se lewe is om God te verheerlik, Sy koninkryk te laat kom en dat 'n mens gelowig God moet vertrou om Sy wil te laat geskied nie. Die ongelowige glo hy is in beheer of soos die filosoof sê:

Every man is master of his own fate.

Die uitgangspunt vir hierdie mens is dat daar 'n "big bang" was waartydens lewe gevorm is deur samesmeltings van atome . Hieruit het, deur evolusie, die verskillende lewensvorme op die aarde ontstaan, waaronder die mens. Die mens se brein is vir die voorstanders van hierdie teorie dit wat die mens almagtig maak, instaat tot enigiets. Die mens het God nie nodig nie. Hy is sy eie god. Hierdie mens glo gewoonlik dat alles met die afsterwe van 'n mens tot niet gaan en dat daar nie iets soos lewe na die dood bestaan nie. Die lewe nou en hier is alles. Alles gaan om die mens, die mens se genot , die mens se gerief, om iets en iemand te wees. Rykdom en mag word die hoogste doelstellings van hierdie mens. In hierdie mens se stryd om iets en iemand te word gee hy nie om vir sy medemens nie. Hy trap en vertrap maklik ander mense in sy stryd om bo uit te kom. Gewoonlik is die begrafnis van hierdie mens 'n groot probleem vir die agtergeblewenes. Onder die agtergeblewenes is daar gewoonlik gelowiges wat in Jesus as Verlosser glo. Hulle probeer dan een of ander troos vind in die moontlikheid dat die afgestorwene nie so 'n slegte mens was wat die hel verdien nie.

19 April

Realiteit 2

Die tweede realiteit is die van die gelowige kind van God. Hy aanvaar dat Jesus die seun van God is en dat dit wat Jesus gedoen het voldoende is om sy redding te verseker.

Hierdie mens lê sy lewe af vir die God in Wie hy glo. God se koninkryk en die inbring van siele is Sy hoogste prioriteit. Hy verloën homself, dra sy kruis van miskenning van eiebelang en probeer gelowig en gehoorsaam Jesus volg. God se eer is hoër as sy eie eer en hy soek voortdurend daarna in alles wat Hy doen. Hy glo dat Hy en sy eie ek onder die doopwater tot niet gegaan het en toe hy uit die doopwater opgestaan het, hy die asem van die lewe van die Heilige Gees ontvang het omdat God se Gees nou in hom kom woon het. Die lewe hier en nou het net betekenis in die sin van die lotsbepaling van die mens vir die ewigheid wat spoedig kom. Van so 'n mens sê Paulus.

" die lewe is vir my Christus en die sterwe wins." (Fil. 1:21)

Die ewigheid saam met God-Drie-Enig is vir hierdie mens die oorheersende dryfveer van sy lewe. Die aardse bestaan is 'n bywonerbestaan en die aardse huis is net 'n oornaghut op pad na die ewigheid.

Hierdie mens leef uit geloof en die werklikheid van die sintuie het geen oortuigingskrag groter as sy geloof nie. Die nuwe denke, geïnspireer deur God se Gees wat in Hom leef, rig sy bestaan op God en wat God wil.

Liefde uit God, vir God en sy medemens, laat Hy toe as vrug van die Heilige Gees se inwoning in sy lewe. Hy laat ook die res van die vrug van die Heilige Gees toe soos :

Vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. (Gal 5:22)

Hierdie mens se vreugde is daarin dat hy deel is van dit waarna Jesus verwys het toe Hy gesê het: *" Streef hard om in te gaan deur die nou pou poort want die wat ingaan is min.*

20 April

Realiteit 3

Die grysgebiedrealiteit is waar die meeste mense hulle vandag bevind. Hierdie mense het gewoonlik godsdienstig grootgeword en is in hulle ouers se kerke as lidmate aangeneem. Min het ooit die Here persoonlik as Redder en Saligmaker aangeneem .

Gedurende hierdie mense se lewens is hulle dikwels deur predikers verseker van hulle redding en van God se genade. Selde het die meeste van hierdie mense ooit 'n diep persoonlike verhouding met Jesus ontwikkel. Jesus was vir baie van hulle net soos 'n noodwiel van 'n motor wat gebruik word wanneer hulle 'n probleem ervaar. Die sterfbed is vir die meeste van hierdie mense die geleentheid wat hulle bêre vir regmaak van hulle lewens met God.

Tans, het 'n ander tendens sterk na vore getree en dit onder die vaandel van die voorspoedsteologie. Die stadions sit vol van hierdie mense wat nie genoeg kan kry van die beloftes van voorspoed, gesondheid en rykdom hier en nou nie. Dikwels moet hulle net vir die predikers hulle geloof bevestig met stewige finansiële bydraes.

Hierteenoor het Jesus duidelik gepredik dat Sy volgelinge teenspoed, lyding, vervolging, minagting en diskriminasie sal smaak. Paulus wys daarop dat ons, as Jesus se volgelinge, nie beter as ons Leier, Jesus, is nie en dat ons kan verwag om dieselfde behandeling as Jesus te ontvang. Jesus maak dit duidelik vir Sy volgelinge dat hulle 'n harde en moeilike stryd voor hulle het op die lewenspad, dat Sy volgelinge hard sal moet stry om in die hemel in te gaan en dat min mense enduit sal kan volhou.

As voorbeeld van die lyding wat op ons as God se kinders wag kan ons maar net gaan kyk na die lewens van die dissipels van Jesus. Almal, Paulus ingesluit, sterf 'n marteldood. Net Johannes het dit gespaar gebly.

Moderne martelaars is legio soos Broer Jun, Wurmbrand en vele oor die wêreld heen.

21 April

Realiteit 4

Wat sê God van die lewe van Sy kinders hier op die aarde?

Rom. 8:17

*Omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan **Sy lyding** sal ons ook deel hê aan Sy heerlijkheid.*

Rom. 8: 22

*Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die **pyne** van verwagting. En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, **ons sug ook.***

Jesus se lyding Psalm 22:7-17

*Ek is 'n wurm.....Ek word deur die mense bespot....verag,...die dood is naby, daar is niemand wat my help nieal my bene het uitmekaar geval.....my hart het soos was geword..dit smelt weg in my.....ek is so min werd soos 'n potskerf.....my tong kleef aan my verhemelte...**"They have pierced my hands and my feet"**...al wat been in my is kan ek tel....hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel*

Is ons dan beter as ons Heer? Moet ons nie bereid wees om dieselfde lyding as Hy te verduur nie?

Openbaring 21:4

Die realiteit waarin ons nou leef gaan verby. Die realiteit van by God te wees word vir ons beskryf as 'n teenstelling met wat ons nou in hierdie aardse realiteit beleef. Dit is interessant om te sien wat God sê nie in die hemelse realiteit voorkom nie:

*" There will be no more **death** or **mourning** or **crying** or **pain**, for the old order of things has passed away." (Revelation 21:4)*

22 April

Realiteit 5

Kom ons kyk na wat die "old order of things", volgens die Bybel, vir hierdie aardse bedeling inhou:

Johannes 16:32

In die wêreld sal julle dit moeilik hê ; maar hou moed. Ek het die wêreld oorwin.

Hand.5: 41

Die apostels was bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly.

Hand. 16:22

Die skare het ook teen hulle (die apostels) gekant geraak. Die stadsbestuur het toe hulle klere van hulle laat afskeur en beveel dat hulle lyfstraf moet kry. Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi.

2 Tess. 1:6

God is tog regverdig; die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly; en aan julle lyding sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesusverskyn.

2 Tim. 2: 3,9

Dra jou deel van die ontberings....

Vir hierdie evangelie ly ek verdrukkingEk verdra alles. (sê Paulus)

2 Tim. 3: 12

Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolgd word.

Lees verder van die leed wat die gelowige te wagte kan wees in hierdie lewe in Hebr. 11: 6, 35 en verder, Hebr. 12:

Die lyding, smarte en ellende op hierdie aarde het reeds met die dissipels van Jesus begin toe 11 van die 12 'n marteldood gesterf het. Waarom sal dit anders met ons wees?

23 April

(Valse) Realiteit (6)

Is hier en nou, realiteit?

Hoe sal ek weet in menslike swakheid;

in my gebrokenheid?

Die Woord moet my leer; my van die verkeerde afkeer.

Tog is Woord deur Gees vir gees,

en kan ek nie verstaan uit my vlees.

My sintuie skep vir my 'n werklikheid;

gee my 'n begrip van lokaliteit-- van tyd.

Tog bly dit gebroke beleving, met aardse singewing.

Die aardse sien vergaan en met die tyd taan.

Die gehoor verdof; alles word 'n dowwe plof.

My tassie verdwyn; alles word net skyn.

Van seks bly daar niks oor; die drange is versmoor.

--Goddank die stryd is oor.

Dankie dat U wil voltrek; die vrek van die eie ek.

Met tyd vervaag die hier en nou,

verdwyn die strewe van die aardse pronkpou.

Ware werklikheid skop dan in,

die Gees het die vlees oorwin.

Wanneer ek oorstap van die hier en nou

----die hemelse werklikheid vir ewig ontvou.

24 April

Lewensdoel (1)

Waarvoor staan jy elke môre op? Is dit vir die volvoering van jou dagtaak, om een of ander werk af te handel? Neem die werk wat wag jou gedagtes so in beslag dat jy reeds van vroeg af besig is om die werk te bedink en te beplan?

Is dit moontlik dat jy toelaat dat die eise van die dag, soos jy dit verwag, jou so oorheers dat werksverpligting jou afgod geword het?

Indien jy kan opstaan met die eerste gedagte aan God is die gevaar van 'n verkeerde lewensdoel grootliks afgeweer. Die lewe word dan sinvol. Die Woord sê nie verniet in Mat.6:33 die volgende nie:

"Soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid en al hierdie dinge (oplossings vir aardse problem) sal bygevoeg word."

Dit word moontlik wanneer jou eerste gedagtes weg van jousef af op God se teenwoordigheid fokus. Die plesier word dan om jousef in Sy teenwoordigheid te geniet, om in Sy teenwoordigheid te wees, in Hom te rus, Hom te loof, te prys en te dank. Dit gee sin aan jou opstaan. Jou lewensdoel sal dan sentreer om Sy wil, wat Hy wil, die Een vir wie jy bo alles en almal liefhet.

God se wil vir jou is liefde, want Hy is liefde. Hy het jou lief en wil graag dat jy Hom en ander mense met die liefde wat Sy Gees in jou indra, lief het. Liefde kan net bestaan indien daar 'n liefdesobjek in jou lewe is. Vir die doel het God 8 biljoen mense om jou geplaas, Homself en jousef, om lief te hê.

'n Goeie beginplek vir 'n sinvolle lewensdag is om te bedink hoe jy in jou medemens se behoeftes vandag kan voorsien, hulle in liefde kan bedien. Die eise van die dag sal so hanteerbaar word want dan is jy gehoorsaam aan God. Die hele dag word dan 'n verlengstuk van jou intieme verhouding met God, waarmee jy begin het.

25 April

Lewensdoel (2)

Kom ons maak die uitleef van die lewensdoel 'n bietjie meer prakties.

Jy is nog half deur die slaap maar is besig om wakker te word. Eerstens dink jy in dankbaarheid aan God wat jou deur die nag gespaar en laat rus het. Jy sê in 'n sin of twee vir Hom dankie en swaai jou bene van die bed af. Nadat die gewone dinge gedoen is begin jou stiltetyd saam met God. 'n Goeie beginpunt is om in dankbaarheid te bedink wat Hy vir jou beteken en waarmee Hy jou alles seën. Die rykdom van seëninge sal jou so dankbaar teenoor Hom maak dat jy graag vir Hom dankie sal wil sê. Jou dankbede sal gedra word deur jou eerbied, respek en lof aan God. Word dan stil voor Hom en laat Hom toe om Sy gedagtes in jou gees te laat opkom.

Hierna mag jy ook jou behoeftes na Hom toe bring. In jou nederige afhanklikheid kan jy Sy hulp kom vra. Dikwels sal dit nodig wees om teenoor Hom te erken dat jy nie instaat is om te doen wat die lewe van jou vereis nie. So sal jy dan selfs van die dinge wat jy moet doen aan Hom oorgee en Hom vra om dit deur jou te doen.

Solank jou lewe om God se doel met jou lewe draai sal jou volgende prioriteit in jou dag die belange van jou medemens wees. Eintlik sal jou medemens, God se verteenwoordigers vir jou word en sal jy aan hulle in liefde wil doen wat God vir jou doen . Dit sal daarop neerkom dat jy jou medemens sal vergewe, jou medemens in nood met barmhartigheid en hulpverlening sal hanteer en voortdurend vir jouself sal vra:

" Wat sou Jesus vir hierdie mens wou gedoen het?"

'n Belangrike beginsel kom hier ter sprake vir ons almal. Diens aan God en ons medemens kan nie net geloof en liefde wees sonder daade nie. God sal eendag nie vir jou vra hoe lief jy jou medemens gehad het nie, maar Hy sal vra of jy jou medemens gevoed het, hom besoek het toe hy siek was, huisvesting vir hom gegee het en hom geklee het.

26 April

Seën (1)

In Mat. 5:3 staan die volgende woorde opgeteken:

"Geseënd is die wat weet hoe afhanklik hulle van God is."

Wat beteken dit om geseën te wees?

Die *Oxford Dictionary* sê van **bless** en *blessed*, die Engels vir *geseën*, die volgende:

Invoke God`s favour on ...

Invoke word soos volg omskryf: *Ask earnestly for.*

Favour word soos volg omskryf: *Liking, goodwill, approval, kindness beyond what is due.*

Hiervolgens kan God se seën soos volg uiteengesit word:

Iemand kan met sy hele wese verlang dat God hom goedgesind sal wees en guns aan hom sal verleen en Sy goedheid op hom sal uitstort ver bo wat hy verdien.

Die seën van die Here is onlosmaaklik verbind aan ons afhanklikheid van Hom. Die natuurlike, ongeredde mens streef na onafhanklikheid. Hy wil graag sy eie god wees en doen wat hy wil. Daarom is hy dikwels op die bymekaarmaak van geld en besittings ingestel. So 'n mens dink dat geld en besittings hom minder afhanklik van God en ander sal maak. So loop die mens dikwels God se seën mis. Indien jy een van hierdie mense is, sal God se woorde nie vir jou sin maak nie. Jy sal ook nie bereid wees om die waarheid daarvan te aanvaar nie. Dikwels was jou lewe juis op onafhanklikheid ingestel en was dit jou lewensdoel. Jy sal dan probeer om een of ander redenasie toe te pas om God se Woord weg te redeneer sodat jy jou eie kop kan volg. Kom ons bid dat die Heilige Gees jou verstand en hart sal oopmaak sodat jy sal **weet** hoe afhanklik jy van God is.

27 April

Die verkryging van God se seën

Om te weet dat jy afhanklik van God is kom gewoonlik deur die eise van die lewe, dit waarvoor jy nie opgewasse voel nie. Wanneer jy vra dat God jou afhanklik van Hom moet maak, mag Hy dalk jou gebede verhoor. Dit sal gewoonlik gebeur wanneer jy met dinge gekonfronteer word wat bo jou eie kragte en vermoëns is. Met ander woorde pynlike ervarings wat jou geloofsvertroue in Hom sal uitdaag. Verwag dinge soos werkseise wat jy voel net te moeilik vir jou is. Jy kan dit net eenvoudig nie doen nie en weet nie hoe jy deur die taak sal kom nie. Dit mag iets soos byvoorbeeld 'n toespraak wees terwyl jy nog nooit voorheen voor mense opgetree het nie. Dalk verwag jou baas van jou dat jy verder moet studeer terwyl jy nog nooit 'n goeie student was nie. Jy moet dalk met belangrike mense saam vergaderings hou en jy weet hulle is veel beter as jy toegerus. Jy kan net nie dink watter bydrae jy sal kan maak nie.

Al hierdie dinge, en nog veel meer en baie erger dinge, kan deur God gebruik word om jou te seën deur jou afhanklik van Hom te maak. Wanneer jy weet dat jy alleen deur hierdie ding kan kom indien God jou help, sal jy Sy seën deelagtig word. Wanneer jy op die punt kom dat jy weet dat jy iets nie sonder Sy hulp kan doen nie, is jy op die regte plek. Wanneer jy kan sê:

Here, ek kan nie hierdie ding doen nie. Sal U dit asseblief deur my doen,

verloën jy jouself, gee jy die eer aan Hom en is jy besig om Hom te volg. Jy het gevra en Hy is getrou om jou gebed te verhoor. Hy het immers in Sy Woord vir ons hierdie waarheid opgeteken:

Vra en vir julle sal gegee word. (Mat.7: 7)

28 April

Waarom afhanklikheid? (1)

Van die oerbegin af was daar net Een God; Vader, Seun en Heilige Gees. Vandag is dit nog so en so sal dit tot in ewigheid wees.

God het in Sy goedheid, met redes wat ons nie altyd kan verstaan nie, mense en dinge geskep ; dinge soos engele, diere, mense, die aarde en hemelliggame. Van Sy skeppings , het nie Sy Goddelikheid aanvaar nie en het gepoog om self God te word. Dink maar aan satan en 'n derde van die engele, wie deur God uit die hemel gegooi is vanweë hulle opstand teen Hom. Later het die eerste mense wat deur God geskep is, Adam en Eva, ook gedink hulle kan soos God wees deur alles te ken toe hulle deur satan belieg is en oorreed is om aan God ongehoorsaam te word.

Die verhaal van ons bestaan op hierdie aarde is die verhaal van Een Soewereine God, wat deur Sy skeppings, die hemelwesens en die mens, verwerp is deurdad hulle gepoog het om self hulle eie god te wees. Die mens en satan se strewe om self iets en iemand te wees het lynreg gebots met dit wat God met hulle skepping bedoel het om te wees. Hulle is gemaak om Sy afhanklike onderdane te wees om Hom te dien en te eer.

By verskeie geleenthede het Israel, God se uitverkore volk, God verwerp en vir hulle afgode gemaak. Gewoonlik het God hulle gelos om hulle eie wense uit te leef. Hy het ook gewoonlik genadiglik ingegryp en Israel gestraf deur hulle oor te gee aan hulle vyande. Nadat Israel dan verdruk is en baie gely het, het Israel hulle bekeer en teruggekeer na God toe. Dit het plaasgevind wanneer Israel teenoor God erken het dat hulle gesondig het met hulle aanbidding van afgode. In die kies van hulle eie afgode het hulle gepoog om hulle eie wil te doen en sodoende onafhanklik van die ware God te leef. Wanneer Israel die afgode onder hulle verwyder het en in gehoorsame afhanklikheid van God geleef het, het God hulle geseën totdat die volgende siklus van verwerping van God ingetree het.

29 April

Waarom afhanklikheid? (2)

God het alles moontlik gedoen om die mens die geleentheid te gee om te kies om Hom alleen as God te dien. Telkens het Hy probleme toegelaat om Sy volk tot ander insigte te bring maar gewoonlik moes Hy uiterste maatreels tref om Sy volk te laat beseef dat hulle Hom nodig het. Alleen teenspoed en ellende het die mens terugbring na selfverloëning toe. Gewoonlik het die mens dan beseef dat hulle van God afhanklik is. Die mens het dan beseef dat hy alleen kan aangaan wanneer hy op God vertrou.

Die val en opstaan van Israel moes iewers 'n draaipunt bereik. God het van die eerste sondeval af reeds geweet dat die mens homself nie kan red nie. Die mens se natuur was so verdorwe deur die sondeval dat hy nooit self kon besluit het om goed te wees en die besluit deur te voer nie. Die mens kon homself nie red nie; telkens het hy teruggekeer na sy behoefte om sy eie god te wees, onafhanklik van die ware God .

God, moes ingryp in die permanente verandering van die mens. Die mens en God kon nie albei God wees nie. Die mens se dilemma was dat hy nie wou afsien van sy behoefte om self God te wil wees nie. God besluit toe om in die mens se plek gestraf te word deur Sy Seun te stuur om gestraf te word vir wat die mens verkeerd gedoen het. God het in Sy seun al Sy onafhanklikheid, grootheid, almag en ewige lewe kom weggee om as mens te leef soos Hy wou gehad het dat die mens moet leef. Jesus kom dus as nederige mens, in totale afhanklikheid van Sy Vader, sonder enige luister of eer na die aarde toe. As die totaal afhanklike pap baba van nederige, arm ouers word Hy in 'n stal gebore. Sy grootword is gekenmerk deur nederige eenvoud. Hy leer 'n ambag by Sy aardse vader en is aan Sy ouers gehoorsaam. Hy leef in afhanklikheid van hulle tot Hy 30 jaar oud was.

Vir 3 jaar wys Hy die mens hoe Hy wil hê hulle moet lewe. Dan gee Hy homself oor aan die heidense owerheid om Hom te kruisig en so vir die sondes van die mens te betaal.

30 April

Waarom afhanklikheid (3)

Die absolute afhanklikheid van Jesus in die mens se plek word onverbeterlik uitgebeeld waar Jesus aan die kruis hang. Sy hande is vasgekap en Hy is magteloos in Sy eie onderwerping aan Sy Vader se wil. Sy voete is vasgekap en Hy kan nêrens heen gaan nie. Hy is dors en kan nie vir homself water gee nie- Hy, die Bron van Lewende Water. Hy kan nie eers sy naaktheid bedek nie en is afhanklik van die ordentlikheid van mense wat kies om Hom nie aan te staar nie. In hierdie diepe pyn en lyding dink Hy nie aan Homself nie- Hy die God van die heelal. Hy dink aan Sy aardse moeder se versorging en vertrou haar aan Sy dissipel Johannes toe. Hy red die moordenaar aan die kruis langs Hom en beloof aan Hom die ewige lewe. Is daar dan nog iets wat Jesus kon doen om te boet vir die mens se sonde om self God te wil wees? Kon Jesus nog nederiger geword het? Kon Hy nog meer afhanklik van Sy Vader geword het? Hy het die volle prys betaal. Hy, die Grootste het die kleinste, die swakste geword. Hy die Skepper van alles het skepsel, die afhanklike in die mens se plek geword. Dit wat die mens nie kon regkry nie het Hy vir die mens, in die mens se plek, kom doen. Toe Hy sterf het Hy in die mens se plek gesterf. Laer kon die ewige God nie daal nie. Die volle prys vir die vryspraak van die mense is so betaal.

Enige mens wat in die toekoms hierdie verlossing vir hom of haarself sou aanvaar sou ook sterf aan sy eie behoefte om self God te wil wees. Hy sou dan God se Gees in homself ontvang. So sal hy dan ook instaat wees om homself te verloën, sy kruis van selfverloëning te dra en te volg waar Sy Koning hom ook sal lei.

Nooit sal hy weer voor God probeer uit hardloop nie maar in nederigheid sal hy afhanklik volg waar God hom ookal lei. Dan word Mat. 5:3 se tweede deel vir hom waar:

"Want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel."

1 Mei

Owerheid (1)

Van die moeilikste paragrawe in die Bybel is die gedeeltes in Romeine 13 wat handel oor 'n mens se optrede teenoor die owerheid. Eintlik is dit nie so moeilik om dit te verstaan nie maar waarom die optrede teenoor die owerheid so deur God bepaal word. Kom ons kyk na enkele problem in hierdie verband:

Romeine 13:1

Julle moet die regering gehoorsaam, want God het dit daar geplaas. Geen regering bestaan buite God se toedoen nie. Dit impliseer dat hulle wat weier om die owerheid te gehoorsaam hulle teen die instelling van God verset. Die wat dit doen bring 'n oordeel oor hulleself.

Vrae wat na aanleiding van hierdie gedeelte ontstaan is onder andere:

1. Is alle regerings deur God daar geplaas? Bestaan daar werklik geen regering buite God se toedoen nie? Wat is die konteks van hierdie opmerkings; is dit vir gelowige Israëliete gegee of ook vir ons in ons huidige omstandighede? Is dit 'n algemene waarheid wat vir alle mense, regerings en alle tye geld?

2. Dit kan tog nie as 'n algemene waarheid aanvaar word dat die mens wat weier om die owerheid te gehoorsaam hulle teen die instelling van God verset nie? Dink in hierdie verband aan Daniël wat geweier het om die beeld van koning Darius te aanbid. Hy het tog nie 'n oordeel van God oor homself gebring toe Hy God bo 'n aardse owerheid geëer en aanbid het nie.

3. In Genesis 12:3 staan die volgende opgeteken:

Ek sal seën die wat jou seën en die wat jou vervloek sal Ek vervloek. Indien 'n Godloënde owerheid soos die ANC, Israel vervloek en kies om die leuens van satan oor Israel deur die vyande van Israel, te ondersteuns, moet die gelowiges so 'n owerheid gehoorsaam?

2 Mei

Owerheid (2)

Nog vrae wat na aanleiding van Romeine 13:1-2 gevra kan word is die volgende:

1. Wanneer 'n mens weier om die owerheid te gehoorsaam wanneer die owerheid van jou verwag om wette wat aborsie beskerm te gehoorsaam, moet die owerheid gehoorsaam word? Of as die owerheid wette maak om homoseksuele mense se optredes te normaliseer, of as pornografie en sedeloosheid by kinders deur wetgewing beskerm word, of lotery 'n aanvaarbare fondsinsameling vir gemeenskapinstellings word, of owerhede wat korrup optree en burgers beroof rampokkery algemeen maak?

In Rom 13: staan:

'n Mens hoef nie vir die owerheid bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen.

Hierdie stelling kan tog nie in die algemeen vir alle regerings en omstandighede geld nie. Dink maar aan die volksuitwissing van die Jode tydens die tweede wêreldoorlog toe die soldate gehoorsaam aan hulle regering en Hitler, 6 miljoen Jode vermoor het. Hulle het wel lof van hulle regering ontvang maar wat hulle gedoen het is tog die uiterste vorm van kwaad en nie goed nie.

In vers 4 staan:

Die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. Die owerheid het die reg om te straf, om die kwaaddoener te straf. Wanneer is iets kwaaddoen en wanneer is is iets goeddoen? Kan die owerheid maar net wette maak soos hulle wil volgens hulle definisie van goed en sleg?

In vers 5 staan:

Daarom moet jy jou onderwerpook omdat dit 'n gewetensaak is. Watter rol moet 'n gelowige se gewete speel wanneer 'n goddelose regering aan bewind is?

3 Mei

Owerheid (3)

God is alwys. Hy maak nie 'n fout nie. Hy weet die beste. Iewers is ek besig om 'n fout in my betekenisgewing van owerheid, soos in Romeine 13 aangedui, te maak. Nou hoe moet ek Rom. 13 verstaan?

God het die mens gemaak. Daarom is die mens 'n afhanklike ondergeskikte van God. God is die mens se owerheid. Toe kom Adam en Eva se sondeval omdat hulle nie tevrede was met hulle afhanklikheid van God nie. Hulle wou self god wees. Satan het hulle laat glo dat dit moontlik is indien hulle alles ken, wat volgens hom, moontlik sou wees indien hulle van die boom van alle kennis sou eet. Dit is wat God uitdruklik verbied het. So verloor die mens sy ideale verhouding met die Goddelike owerheid. God was die mens nietemin nog steeds genadig en het eintlik maar nog hulle owerheid gebly; Hy lei hulle, laat Sy wil nog met hulle geskiet, gee vir hulle reëls waarvolgens hulle moet leef en oefen beheer oor hulle uit. In 1 Samuel 7 word die hartseer verhaal vertel van Israel se openlike verwerping van God as hulle owerheid. Hulle wil 'n koning hê, 'n mens soos hulle, een van hulle om hulle owerheid te wees. In 1 Samuel 8:7 staan:

Samuel het tot die Here gebid, en die Here het vir hom gesê: "Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jou nie verwerp nie; hulle het My verwerp as koning oor hulle. Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe.Stel die saak net baie duidelik aan hulle ; Sê vir hulle wat die reg van die koning is wat oor hulle sal regeer."

Israel het so vir hom 'n nuwe owerheid in die plek van God gekies. Die heidennasies om hulle het nog nooit die ware god as owerheid oor hulle geken en aanvaar nie. God waarsku Israel dat die nuwe owerheid wat hy nou vir homself kies sekere eise aan hom gaan stel. Môre kyk ons na die eise van die nuwe owerheid.

4 Mei

Owerheid (4)

In 1 Samuel 8: 11 verduidelik Samuel wat die implikasies van die nuwe owerheid gaan wees:

1. *Die koning wat oor julle gaan heers, sal die reg hê om julle seuns diensplig te laat doen.*
2. *Hulle sal as boodskappers voor sy strydwa moet hardloop.*
3. *Hulle sal ook sy lande moet ploeg, vir hom moet oes, wapens moet maak en sy strydwaens moet regmaak.*
4. *Julle dogters sal hy gebruik om vir hom salf te meng, te kook en te bak.*
5. *Hy sal die beste landerye, wingerde en olyfboorde vat en dit vir sy amptenare gee.*
6. *Hy sal 10 persent van julle landerye en wingerde se oes vat en dit vir sy paleiswerkers en ander amptenare gee.*
7. *Hy sal die beste van julle jongmans en donkies vat om vir hom te werk.*
8. *Hy sal ook 10 persent van die aanteel van julle kleinvee vat.*
9. *Julle sal self eintlik maar sy slawe wees.*

As julle dan in die toekoms by die Here smee om tog net ontslae te raak van die koning wat julle gekies het, sal Hy nie julle gebede verhoor nie.

In die lig van die eiewillige keuse van Israel en God se waarskuwing ten opsigte van wat hulle van die owerheid, wat Israel vir homself gekies het, kan verwag, maak Romeine 13 se verpligtinge ten opsigte van die owerheid meer sin.

Bedink die gedeelte in 1 Samuel 8 vanaf vers 11 en probeer dit in verband bring met wat God sê die mens se houding moet wees ten opsigte van die owerheid soos dit vir ons opgeteken is in Romeine 13. Mòre meer daaroor.

5 Mei

Owerheid (5)

Eers was God die enigste owerheid in die tyd van Adam. Toe kies die mens self vir hom 'n owerheid in die tyd van Samuel. Oor hierdie mensgemaakte owerheid se rol in 'n volk se lewe gee God duidelike voorspellings. Vandag is ons besig om die vervulling van God se waarskuwings te beleef ;

Daar is maar min dae wat ons *die Here nie smee om ons tog te laat onslae raak van die owerhede wat ons self gekies het nie. God het uitdruklik belowe dat Hy nie hierdie gebede sal verhoor nie. (1 Samuel 8:19)*

So baie van dit wat God beloof het die owerheid sal doen, het deur die eeue waar geword. Tog is God goed en genadig. Hy laat ons nie heeltemaal deur die owerheid vernietig word nie. Hy gee vir ons die hoop en moed dat Hy nog steeds in beheer van Sy kinders se lewens is. Ons mag nie aan die owerheid toegee wanneer sy bevel teen die bevel van God is nie. So bly homoseksualisme verkeerd (Rom.1), is aborsie in God se oë 'n gruwel,(Jy mag nie moord pleeg nie), bly God se Woord en wil heilig en 'n riglyn vir ons optrede. Weliswaar sal ons stryd kan verwag met die owerheid wat onself gekies het maar ons weet dat God belowe het dat Hy met ons is. Hy het ook belowe dat ons dit moeilik sal hê op die aarde, dat daar voortdurend stryd sal wees tussen die outoriteit van God en die magspel van sataniese owerhede.

Ons leef in 'n tyd wat hierdie dinge al meer waar word, 'n tyd wat die owerheid al hoe korrupter word en ons al meer weerstand teen sataniese planne moet bied. Baie van die dinge wat satan van ons deur die owerheid vereis kan ons as gelowige kinders van God nie aanvaar nie. Weet dat ons op 'n smal, moeilike pad beweeg te midde van owerhede en magte wat ons redding van ons wil steel en ons saam met hulle in die hel wil dompel.

6 Mei

God se worsteling

Indien Moses nie Israel ingetree het nie, sou God die ganse wêreldbevolking uitgewis het vanweë hulle korrupte gedrag. So word Israel eintlik die redder van die wêreld want dit is net terwille van Israel en Moses se pleit vir Israel dat die res van die wêreld gespaar is. Dit laat ons dink aan 'n tyd lank voor hierdie gebeurtenis toe God wel die wêreldbevolking uitgewis het en net vir Noag en nog 7 familielede gespaar het. Amper het God, net na die mens se skepping, die mensdom uitgewis toe Adam en Eva gekies het om satan se leuens in plaas van God se Woord te glo. Kleiner uitwissings van gemeenskappe het God wel na Moses se intrede vir Israel toegelaat soos by Sodom en Gomorra. Heidennasies is in totaliteit deur God uitgewis om plek te maak vir Sy volk in die Beloofde Land. Een ding staan vas en dit is dat God 'n genadige en vergewende God is. Indien Hy dit nie is nie sou daar lankal niks van die mensdom oor gewees het nie.

God het wel worsteling oor Sy besluite oor die mens ervaar. Hy het die mens goed gemaak, na Sy beeld. Die bedoeling was dat die mens Hom sou verheerlik en aan Hom gehoorsaam sou wees. God was lief vir Sy skepping, veral die kroon van Sy skepping, die mens. Toe die mens God en Sy gebod verwerp het moes God teleurgesteld in Sy skepping gewees het. Sy liefde het Hom toeganklik vir Moses se intrede vir Israel gemaak. Selfs aan Abraham se versoek dat die goddelose Sodom en Gemorra gespaar moet word indien daar 10 regverdige oor was in die stede, het God gehoor gegee.

Vandag het niks ten opsigte van God se liefde en genade verander nie. Al wat wel gebeur het is dat God, in Sy groot liefde vir die mens, Sy Seun as offer en boetedoening vir die mens se sonde, op Golgota laat sterf het. Hy het ook Sy Heilige Gees in die mens, wat die verlossing wou aanvaar, gegee. Ons wat in Hom glo kan dus nie anders as om Hom ook lief te hê en te poog om Sy wil te doen nie..

7 Mei

Juda en Benjamin (1)

Juda was die grootste van die 12 stamme van Israel. Die naam Jood kom dan ook van die naam Juda af. Juda was die vierde seun van Jakob by sy vrou Lea. Tog word Juda beskryf asof hy die eersgeborene is. Dalk vanweë die besondere mens wat hy was. Hy was in sekere opsigte die een wat ingetree het, soos veel later ons Here Jesus vir ons die Intreder sou word. Juda is ook die een wat sy broer Josef wou red toe die ander broers hom wou vermoor. So word hy dan ook Josef se Intreder en Redder. God het Juda besonder geseën omdat uit sy nageslag koning Dawid gebore sou word en so ook ons Here Jesus Christus . Sy nageslag was 'n koninklike nageslag.

Ons weet dat Israel God as owerheid verwerp het. Hulle wou 'n koning hê soos die heidennasies om hulle. God was nie goed genoeg vir hulle nie. Ironies dat, toe God aan hulle versoek voldoen het, Hy die stam van Benjamin gekies het waaruit hulle aardse koning sou kom. Die stam Benjamin word deur Saul, die eerste koning van Israel, soos volg beskryf:

Ek is maar net 'n Benjaminiet, uit die swakste stam van Israel. Boonop is my familie die kleinste uit die stam Benjamin! (1 Sam. 9:21)

Vanuit 'n menslike perspektief het Saul nie rede gehad om so minderwaardig te voel nie. Sy pa was Kis, 'n baie ryk man, en sy se geslagsregister word in die Bybel vermeld. Van Saul sê die Bybel:

"Hy was sterk en mooi; onder die Israëliete was daar niemand mooier as hy nie. Hy was 'n kop langer as enige van sy volksgenote. (1 Sam. 9:2)

God was teleurgesteld in Israel wat 'n aardse koning bo Hom verkies het en Hom so verwerp het. God laat Saul deur Samuel as koning salf. Eintlik laat God toe dat menslike oorwegings Israel lei in hul keuse van 'n koning. Die uiterlike van Saul sou die mense beïndruk terwyl God na die hart kyk, soos in die keuse van Dawid. Hoe kies ons leiers?

8 Mei

Juda en Benjamin(2)

Alhoewel Israel Saul bo God gekies het om hulle te regeer en so God verwerp het, het God Israel nie aan hulle lot oorgelaat nie. Hy het gesorg dat Samuel vir Saul seën en het Saul selfs vir 'n tydjie toegelaat om as profeet op te tree. God het egter Saul se menslike gebreke geken en het geweet dat hy verkeerde keuses sal uitoefen soos God Israel gewaarsku het oor hulle keuse van 'n aardse koning as owerheid. Toe Saul voor die volk as koning bevestig moes word het sy eie minderwaardigheid gemaak dat die oomblik vir hom net te groot geword het. Hy het gaan wegkruip waar hy gedink het hulle hom nie sal kan opspoor nie. Die mense het gebid en God gevra of Saul nog sal kom. God antwoord hulle so:

"Nee, hy is al hier. Hy kruip weg tussen die bondels goed" (1 Sam. 10:22)

Nadat Saul as koning bevestig is het God se voorspelling ten opsigte van wat van 'n menslikgekose owerheid te wagte kan wees, grootliks waar geword. Nietemin is ons God vol genade en liefde vir ons, soos blyk uit die woorde van Samuel vir Israel:

*"As julle eerbied aan die Here betoon, Hom dien en na Sy stem luister en julle ook nie verset teen die bevel van die Here nie, **julle sowel as die koning wat oor julle regeer**, sal die Here julle God by julle wees." (1 Sam. 12:14)*

Hierdie versie gee ons weer nuwe hoop en moed. In Sy groot genade en liefde vir ons is God bereid om ons te help al het ons verkeerde keuses gemaak en Hom selfs beledig en verwerp. Daar is egter 5 voorwaardes aan verbonde:

1. Ons moet eerbied aan die Here betoon.
2. Ons moet Hom dien.
3. Ons moet na Sy stem luister. 4. Ons moet ons nie teen Sy bevel verset nie. 5. Ons owerheid moet Hom dien en respekteer.

Bogenoemde geld ook vir ons owerheid. (is dit moontlik vir 'n kommunist?)

9 Mei

Skynheiligheid (1)

'n Ou oom vertel my die volgende ervaring wat hy gehad het:

Kom ons noem die prediker die "jong predikant". Die jong predikant het standpunt ingeneem oor die relevansie van die Ou Testament. Hy het beweer dat die Ou Testament en die Ou Verbond afgehandel is en dat 'n gelowige net die Nuwe Testament nodig het.

Hierdie benadering het die ou oom gegrief want hy het geweet dat die jong predikant 'n baie groot fout begaan met sy skrifuitleg. Wat die ou oom nog verder ontstel het is die feit dat die jong predikant onder die 10 populêrste predikers in Amerika gereken word. Toe die predikers en veral die mediapredikers in Suid-Afrika toenemend die jong prediker se boeke begin aanbeveel, het die ou oom erg ontsteld geraak en selfs begin briewe skryf aan die predikers om hulle bedag te maak op die oneer wat hulle God aandoen, aan Hom wat die:

Hele skrif ingegee het. (2 Tim. 3:16)

Die ou oom het woede en aggressie van die predikers ervaar toe hy hulle op die moontlikheid van hulle foutiewe Bybelinterpretasie gewys het. Vanweë hulle reaksie hierop het hy wrewel teenoor hulle begin ervaar. In hierdie tyd het 'n hartjie in die ou oom se oog gebars en alhoewel dit vir hom gevoel het of hy nog goeie visie het, was hy bekommerd dat hy sy sig kon verloor. Hy het die saak voor God gebring en vir genesing gevra. Dit is op hierdie stadium dat hy die volgende artikel in *Joy magazine* gelees het. (Oct. 2022 p.54)

Hierdie artikel het gehandel oor menslike skynheiligheid. Volgens die skrywer van die artikel is daar twee tipes skynheiligheid. Dit was veral die tweede tipe, wat beskryf is, wat die ou oom aangegryp het naamlik:

Looking down on others when we ourselves are flawed.

Môre sal ons in groter diepte na hierdie tipe skynheiligheid kyk.

10 Mei

Skynheiligheid (2)

In Romeine 12:9 staan:

Love must be without hypocrisy

'n Skynheilige persoon mag baie mooi volgens sy uiterlike optrede lyk maar ware geregtigheid kom van 'n innerlike transformasie van die Heilige Gees waarin liefde 'n belangrike rol speel.

In hierdie verband het Jesus 'n belangrike uitspraak gelewer in Mat: 7:3-5:

Waarom sien jy die splinter raak in jou broer se oog, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? Of hoekom kan jy vir jou broer sê: " Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal ,en intussen is daar 'n balk in jou eie oog. Huigelaar (Skynheilige) ! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.

Dit is toe dat die ou oom besef het hoe groot die balk in sy eie oog is. Die balk in sy eie oog was sy liefdeloosheid veral teenoor die jong prediker en die wat soos die jong prediker geglo het. Eers nadat hy sy liefdeloosheid besef en bely het kon hy die liefdesvrug van die Heilige Gees dra en vir al die ander oortreders bid en vra dat God hulle genadig moet wees. Snaaks, vrede het weer teruggekeer in die ou oom se gemoed en hy kon sonder wrewel en hatigheid ander se oortredings sien vir wat dit was -geringe spinters teenoor sy massiewe balk

Dit is da nook nie 'n wonder dat God die ou oom se oog hierna aangeraak het en die mediese dokter kon verklaar dat daar niks ernstigs met die ou oom se oog verkeerd is nie en dat die binne 'n rukkie natuurlik sal genees.

Prys die Here, want Hy is goed.

11 Mei

Oorlede

In 1 en 2 Konings word van baie konings in Israel se geskiedenis melding gemaak. Bykans almal se geskiedenis eindig met die woorde:

..... is oorlede en is begrawe.

Die woorde sal ook oor die meeste van ons se lewens, vroëer of later, uitgespreek word. Sommige van ons sal met geboorte sterf en ander sal vir tagtig jaar of meer lewe. In baie gelowiges leef die verwagting dat hulle nie sal sterf nie en dat hulle die wederkoms van Jesus op die wolke sal beleef. Hulle glo dat hulle volgens Jesus se beloftes, in 'n oomblik met Jesus se wederkoms, sal verander om in verheerlikte liggame Hom in die wolke tegemoet te gaan. Sommige mense glo dit nie en glo dat hulle soos plante sal sterf sonder dat daar 'n ewige toekoms op hulle wag. Dit moet seker 'n mate van troos vir die ongelowige mens bring aangesien daar dan nie straf sal wees vir wat die mens verkeerd gedoen het nie. Die relatiewe lengte van 'n mens se lewe is 'n probleem. Gemeet teen die ewigheid is die 70 tot 80 jaar op die aarde 'n nietigheid. 'n Goeie vergelyking sal wees wanneer 'n mens een sandkorreltjie met al die sandkorrels in al die oseane van die wêreld vergelyk. So is die lewensspan van die mens se lewe in vergelyking met die lengte van die ewigheid.

Gesien teen hierdie agtergrond is die enigste sin van hierdie lewe te vind in die feit dat die aardse lewe die toekomsbestemming van die mens bepaal. Vir enige mens is daar die geleentheid wanneer hy of sy die evangelie van Jesus Christus hoor, dit te glo of te verwerp. Indien die persoon dit glo kan die persoon die Reddende genade van ons Here Jesus vir hom- of haarself aanvaar. So word die mens nuut gebore. Hy ontvang God se Gees en kan die Heilige Gees toelaat om sy lewe te beheer en te bestuur.

Mag jy een van hierdie geseënde mense wees

12 Mei

Die Alwetende God

God is die enigste alwetende. Die mens met sy beperkte vermoëns kan nie 'n denkbeeldvorm van alwetenskap nie, net soos hy nie 'n denkbeeld kan vorm van ewigheid nie.

In Gen.1:26 sê die Woord dat God die **mens** na Sy beeld gemaak het. Iets van God se alwetende beeld is in die mens ingebou. Alhoewel die mens nooit alles kan weet nie kan die mens meer weet. Iets in die mens is ewig soekend na meer weet. Dalk omdat ons soos God wil wees om die goeie na te streef, streef ons ook na meer te ken, om soos God te wees.

Satan is die derde persoon betrokke by alwetenskap. Hy is die vader van die leuen.(Joh. 8:44). Die leuen is die teenoorgestelde van om te weet. Daarom is God en Satan die uiterste pole van alwetenskap. Kennis kan tog nie kennis wees indien dit vals is en op leuens gebaseer is nie.

God se alwetenskap is so diep dat ons dit nie kan verklaar nie. Neem nou maar net die doel waarvoor God die mens geskape het. Dit het seker te doen met God se plesier en die vreugde om die mens te sien doen wat Hy van hulle verlang en om die mens te gebruik om Hom te verheerlik en te eer. Tog moes God in Sy alwetenskap geweet het dat die mens in sonde sal val en Hom so sal onteer. God moes ook van die begin af geweet het hoe Hy die mens tegemoet gaan kom om hom van sy sondes te verlos. Geweldig is die gedagte dat God Sy groot plan, wat Hy van die begin af in gedagte gehad het, tot uitvoering bring en dat ons deel van hierdie plan is maar tog begenadig is om te sien hoe God se plan in voltooiing gaan. Hy het vir ons die breë riglyne van Sy plan uiteengesit tot aan die einde toe, veral in Sy openbarings in die laaste boek van die Bybel.

Ons sal vir 'n paar dae kyk na die verloop van die mens se geskiedenis sover dit ken en kennis aangaan.

13 Mei

Alwetenheid (2)

Die mens se behoefte om te weet het hom oopgestel vir satan se verleidings.(Gen.2) Die mens het geweet dat hy 'n keuse het om God te gehoorsaam of nie te gehoorsaam nie. God het nie net die keuse aan die mens verduidelik nie maar ook die gevolge van sy keuse. Al wat die mens moes doen was om God te glo, te vertrou en te gehoorsaam. Satan skep 'n nuwe behoefte by mens en kombineer die behoefte met die mens se soeke na meerdere kennis. Hy fokus in op Eva deur wie hy eintlik by Adam wil uitkom. Sy plan is meesterlik uitgewerk; eers moes hy Eva vlei asof sy die slim een is en hy die dom een is, want hy kom na haar toe met 'n vraag asof sy die meerdere kennis het en sy hom kan inlig .In hierdie vraag is satan se leuenagtigheid geopenbaar.

"Het God regtig gesê julle mag niks van die vrugte in die tuin eet nie?" Gen. 3:1.Nuwe Lewende Vertaling)

Eva moes gedink het dat satan maar baie dom is terwyl hy in werklikheid 'n intellektuele spel met haar gespeel het wat vër bo haar insig was. In die eerste plek het hy dit reggekry om haar in 'n gesprek te betrek. Soos reeds gesê, moes sy baie gevlei gevoel het. Deur die "dom" vraag te vra nooi hy haar uit om betrokke te raak en kan hy haar gedagtes begin manipuleer. Sy is dan ook tog te gretig om satan reg te help met kennis wat hy reeds beter as sy verstaan het. Alles was net 'n vangnet vir die beïnvloedbare Eva. Nadat hy haar aandag gekry het en haar in gesprekvoering betrek het, is sy oopgestel vir sy skokkende en verleidende verklaring:

Julle sal nie sterf nie. God weet dat julle sekere dinge te wete sal kom wanneer julle daarvan eet. Julle sal dan net soos God alle kennis hê.(Gen.3:5). Om so slim soos God te wees was vir die mens net 'n te groot versoeking. Eva en Adam het geëet.

14 Mei

Alwetenheid (3)

So is die mens in sonde gedompel. Satan het sy doel bereik; die mens was nou net so 'n gevalle wese as hyself. Hulle was ook gedoem tot verlorenheid en sou saam met hom in die hel die ewigheid deurbring. Hy het hulle oorrede om ongehoorsaam aan God te wees. Deur fyn woordspeling mislei hy die mens. Wanneer satan sê dat die mens soos God sal wees deur alles te ken bedoel hy iets heel anders as wat God van die mens se sondeval in die volgende woorde sê:

Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hulle beskik oor alle kennis; goed en kwaad. (Gen. 3:22)

Eva het gedink dat sy soos God in sy alwetenheid sal word indien sy van die verbode vrug eet. Dit was nie die geval nie. Wat wel gebeur het, is dat waar die mens die goeie geken het, hulle nou ook die slegte ken omdat hulle deel van die slegte geword het. Moreelgesproke het die mens nou wel alle kennis gehad-van goed en sleg.

Die groot sonde van die mens was sy strewe om self god te wees net soos dit satan se strewe was voordat hy uit die hemel gegooi is. Die mens het gedink dat hy sy eie god kan wees indien hy alles kan ken.

Duisende jaar later is een mens besonderlik deur God geseën toe God aan hom die keuse gegee het om enigiets van God te vra. Ons dink hier aan Salomo. Toe Salomo wysheid van God vra was God so tevrede met sy keuse dat Hy hom met wysheid en baie ander dinge geseën het. (1 Kon.3:10). Die kiem van die sonde van Adam en Eva was egter nog steeds latent in hierdie wyse man. Sy kennis het hom verlei en hy het so baie van homself begin dink dat God nie meer vir hom die enigste god was nie. Hy is deur sy baie buitelandse vroue verlei om vir hulle afgodsbeelde te maak. Sy kennis het sy wysheid oorskadu.

15 Mei

Alwetenheid (4)

Wat van die mens wat vandag leef?

Nog nooit in die mens se geskiedenis was daar soveel kennis vir so baie mense juis in die tyd wat ons leef beskikbaar nie. Deur die internet en programme op die internet kan die mens vandag bykans enige onderwerp op sy rekenaar intik en binne sekondes is daar ritse inligting beskikbaar. Nie al die inligting is waar nie en satan het ook hier 'n belangrike speelveld ontdek. Deur valse inligting is baie mense mislei, in ellende gedompel en het baie al hulle geld verloor. Twyfel in God en God se voorsiening word dikwels deur satan uitgebuit om die mens se geloof in God verder af te takel. Breër gesien in Goddelike perspektief stem met wat tans oor die wêreld gebeur grootliks ooreen met wat God vir die eindtyd van die mens se bestaan op die aarde voorspel het. Kennis het grootliks toegeneem, mense het liefhebbers van genot eerder as God geword. Rekenaarspeletjies het die onwerklikheid so werklik gemaak dat die leuen van die skynwerklikheid vir baie mense die werklikheid geword het. Vandaar die sinlose term virtuele werklikheid. Hoe kan skynwerklikheid werklikheid wees? So leef hulle in 'n droomwêreld wat vir hulle so utopies voorgestel word dat baie ongelowig word en die skynwerklikheid bo die hemelse werklikheid verkies.

Die grootste gevaar van die moderne tegnologie is dat die mens deur die inligting tot sy beskikking glo dat hy in beheer is. As die mens net kan weet wat in die wêreld aan die gang is, voel dit vir hom of hy iets daaraan kan doen. Hy begin soos 'n god voel wat beheer oor sy lewe kan uitoefen. Ongelukkig bring die meerdere kennis die mens op die punt van die afgrond want hy is nie gemaak om onafhanklik van God te leef nie. Jesus het nie verniet 2000 jaar gelede reeds vir ons gesê dat *die mens wat weet hoe afhanklik hy van God is juis die geseëndes van God is. Hulle sal die koninkryk van God beërf.* (Mat.5:3)

16 Mei

Alwetenheid (5)

Menslike vergoddeliking is nie net 'n individuele aangeleentheid nie. Die menslike samelewing is grootliks daarop ingestel om die leuen van satan te ondersteun en in stand te hou. Jesus hierteenoor het ons geleer dat ons net Sy volgelinge kan wees indien ons bereid is om onself te verloën, die kruis van selfverloëning te dra en Hom te volg waar Hy ons lei. Tans is die meeste samelewings ingestel op menslike vergoddeliking. Die mens word aangemoedig om self iemand en iets te wees; deur geldmag te bekom, deur sy kwalifikasies te verbeter, die regte voertuig te besit, in die regte omgewing te woon, die regte klere te dra, by die regte klub in te skakel, vriende in die regte kringe te hê en die regte beroep te beoefen. Indien jy slaag sal die samelewing jou beloon met titels, jou met respek behandel, na jou mening luister en jou toelaat om hulle lewens te beïnvloed. Jy sal selfs toegelaat word om mense se moraliteit te vorm. Tans is die moderne moraliteit die van relatiewe moraliteit waar elke persoon kies om te leef volgens morele beginsels wat vir hom of haar werk. So plaas die moderne mens die kroon op sy eie kop. Hy is *master of his own fate*. Dikwels sal die ou tradisionele Christen gelowige met Bybelse waardes, mense wat glo dat God die enigste God is, deur die moderne mens verag word met die woorde:

Dit is tyd dat julle moet bykom.

Selde sal dit waarby bygekom moet word gedefinieer word. Indien gekyk word wat deur die moderne regerings voorgestaan word as 'n ideale samelewing en deur hulle uitgeleef word, sal die volgende sake aangedui word waarby die mens moet *bykom*:

1. *Die vryheid om te aborteer soos en wanneer dit jou pas.*
2. *Homoseksuele verhoudings is natuurlik en mense wat dit beoefen tree nie onbybels op nie en mag predikers in gemeentes wees waar hulle saam met hulle selfdegeslag huweliksmaats die gemeente sal lei om **tog net by te kom**.*

17 Mei

Die Innerlike Lewe (1)

Elke mens het 'n innerlike lewe. Dikwels is die uiterlike lewe van die mens, dit wat hy sê en doen nie in ooreenstemming met sy ware innerlike mens nie. Dit wil sê wat hy in sy hart voel en dink nie. So 'n mens is vals en word deur Jesus as 'n Fariseër beskou: *Mooi van buite maar binne vol doodsbenedere.* (Mat.23:27)

Die innerlike mens is kompleks en moeilik verstaanbaar. Hierteenoor is die uiterlike mens, die liggaamlike mens, veel eenvoudiger. Met 'n mens se sintuie kan jy die uiterlike mens verstaan want jy kan hom sien, hoor, ruik en aan hom raak. Met die innerlike mens is dit veel anders gestel. Die innerlike mens sluit in die mens se gees en sy siel. Om jouself en ander mense beter te verstaan is dit nodig om kennis te neem van die innerlike mens.

Dit wat die uiterlike mens laat beweeg en reageer word deur sy innerlike mens bepaal. Die Sielkunde het hier tog 'n bydrae gelewer wanneer die kompleksiteit van die menslike optrede aan die hand van die volgende verklaar word:

'n Mens word bewus van sy omgewing deur sy sintuie. Hy gee betekenis aan wat hy ervaar. As gevolg van sy betekenisgewing ervaar hy gewoonlik 'n emosie wat weer 'n sterk invloed uitoefen op hoe hy reageer, wat hy doen en wat hy sê. Nie alle menslike reaksies is die gevolg van emosie nie maar gewoonlik die gevolg van betekenisgewing.

Die Bybel gee erkenning aan die bestaan van 'n liggaam, 'n siel en 'n gees by die mens. (1Tes. 5:23) Die samewerking van hierdie aspekte van die mens is ingewikkeld en verskeie faktore kan hierop inwerk. Behalwe die drie dele van 'n mens wat reeds genoem is kom daar nog 'n deel by naamlik die Heilige Gees. Die rol wat die Heilige Gees speel verskil by gelowiges en ongelowiges. Die gelowige het 'n nuwe mens geword en die rede waarom 'n gelowige optree soos hy optree sal verskil van die ongelowige. Vir die volgende paar dae sal ons 'n bietjie dieper ingaan op die verskillende komponente waaruit die mens bestaan.

18 Mei

Die innerlike lewe (2) Die menslike siel

Die meeste navorsers stem saam dat die menslike siel die volgende aspekte bevat:

1. Verstand

2. Emosies

3. Wil

Sommige navorsers wil graag die element van die *gewete* bybring.

Na my mening is *geloof* een van die belangrike aspekte van die siel en kan die siel nie volledig aangedui word sonder die geloofselement nie.

Die siel word beskou as die filter vanaf die liggaamlike ervarings van die mens na die gees van die mens. Dit wat die mens met sy liggaamlike sintuie waarneem moet deur sy verstandelike betekenisgewing verwerk word om deur sy gees ingeneem te word. Die mens is bewus van die sielswerking maar is nie bewus van hoe dit inwerk op sy geesdimensie nie. Daar is 'n verskil in hoe die siel by die gelowige en die ongelowige werk. Soos ons later sal sien is die ongelowige se gees dood volgens God se belofte dat indien die mens sondig hy sal sterf. Dit beteken dat die ongelowige met sy siel gebeurtenisse verwerk en dan liggaamlik daarop reageer. So sal die ongelowige wat voel dat hy veronreg is, met woede en aggressie kan reageer en 'n persoon liggaamlik te lyf gaan of hom met sy woorde aanval en vervloek. Die gees van die mens kry dan nie kans om geestelike betekenis, aan wat gebeur, te gee nie. Die verstand van die ongelowige gee betekenis en die liggaam reageer daarop. Die gelowige mag dieselfde onreg beleef maar vanweë die geesinvloed kies om die oortreder te vergewe. Die gelowige mag dalk selfs kies om vriendelik op te tree en goed vir die oortreder te wees. Gewoonlik sal die liggaam die verhouding van die mens met sy omgewing bepaal, die siel die verhouding met ander persone en die gees die verhouding met God.

19 Mei

Die innerlike lewe (3) Menslike gees

Dit is met huiwering dat 'n mens 'n paar gedagtes oor die menslike gees wil waag. Die meeste mense sal hulle hande in die lug gooi en net sê hulle weet niks van die mens se gees nie, hulle verstaan nie hoe dit werk nie en hulle wil nie daarvoor praat nie. Tog is dit seker die belangrikste komponent van die mens se wese.

Die eerste mens is voor die sondeval met 'n gees geskep. Die asem van God het lewe vir die mens gegee toe God dit in die mens ingeblaas het. Met die sondeval van die mens het God se voorspelling waar geword dat die sondige mens sou sterf. Ons weet dat sy liggaam en siel nie dadelik gesterf het nie. God kan nie lieg nie en so moet ons dus aflei dat die deel van die mens wat wel gesterf het sy gees was. Die mens se gees het te doen met sy verhouding met God, God wat onder andere Gees is. Met die mens se sondeval het hy geestelik gesterf wat weer beteken dat die natuurlike mens vanweë sy sondes nie in God se koninkryk kan ingaan nie en vir ewig net in 'n verhouding met satan sou staan. Hy het geestelik gesterf.

Indien die mens wat so geestelik gesterf het sy verlore, dooie toestand voor God bely en erken dat dat hy 'n sondaar is en God vra om hom te help, vind 'n wonder plaas. Maar voordat dit kan gebeur, moet die mens sekere dinge **weet, glo en vir homself aanvaar**. Hy moet **weet** dat Jesus vir al sy sondes, van Adam se tyd af, geboet het toe Jesus, die onskuldige Seun van God, deur God as sondaar in sy plek gestraf het. Die mens moet verder **glo** dat God Jesus se offer aan die kruis op Golgota as voldoende boetedoening beskou sodat hy vrygespreek kan word. Hy moet ook dit wat God en Jesus vir hom gedoen het aanvaar as voldoende vir sy vryspraak. Hy moet die **genade vat-dit vir homself vat**. Dan vind die wonder plaas. God se Gees, die Heilige Gees, kom dan in die plek van die dooie mensgees woon. Die mens word weer gebore deur God se Gees wat in hom kom woon.

20 Mei

Die innerlike mens (4) Die Heilige Gees

God is Een maar funksioneer as Vader, Seun en Heilige Gees. Voordat Jesus opgevaar het, het Hy beloof dat Hy Sy Gees as Trooster vir ons sal stuur. Dit het dan ook met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinksterdag gebeur en sedertdien vind dit nog steeds plaas wanneer iemand Hom tot God bekeer. So kom God se Gees in ons woon. Indien ons Hom toelaat dra Hy vrug in ons: *Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. (Gal.5)*

Hy dra nie net vrug in ons nie maar gee ons ook gawes soos om te preek, te bemoedig te genees, ander te leer en vir Hom te getuig. Dan is die Heilige Gees ook bereid om ons te lei, te beheer en ons te bestuur. Ons moet net bereid wees om Hom toe te laat om God in ons te wees.

Soms is daar blokkasies in ons groei na Geesvervulling toe. Dit mag wees dat daar sondes in ons lewens is waarvan ons nie wil afstand doen nie. Ons mag in eie trots neersien op ander mense. Ons mag weier om ander wat teen ons oortree te vergewe, ons mag God dalk nie regtig vertrou nie of ons mag te eiewillig wees. Al die blokkasies in die pad van Geesvervulling kom op een ding neer, die aanbidding van die eie ek. Jesus wys ons so mooi tereg met die volgende woorde:

Indien iemand agter My aan wil kom moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg. (Mat. 16:24)

Wat altyd onthou moet word is dat God alles is. Hy het alles gemaak. Alles behoort aan Hom. Hy weet alles. Hy is van ewigheid tot ewigheid. Hy is almagtig. Hy het Sy alles, Sy beste, Sy Seun vir ons gegee. Hy vra ook van ons alles van onself, sonder om iets terug te hou. So kan Hy in ons in Sy volheid kom woon.

21 Mei

Lewe

Lewenskos deur die naelstring van genade,

dan deur die moedersbors.

Tog kan dit nie die ware Lewe voed;

slegs die verdrinkingsdood van die doopwater

wanneer die eie ek finaal afwater.

Tot *eie ek* tot niet is en ek los van self

Uit genade gebore word in Hom-

ek opstaan saam met Hom:

Hy die lewensasem van Ruach

In my laat leef deur

Ja- inasem--- en

Weh-uitasem.

Laat my so oorleef -vir ewig lewe.

Net deur U my God, deur U vrede.

Alles van self verloën,

U te volg my Kroon,

tot ook ek in die hemel woon.

My oog op Hom,

vanwaar my redding kom.

Ek volg Hom- dra my kruis,

alles van die self verguis.

'n Fluister in my oor: "Het jou lief." 'n knal wat die Hemel klief.

22 Mei

Lewe en Dood

Maak gesond my sondeseer,

die pyn wat my beheer,

die leuen wat die sonderoof afkrap,

met vuile voete my wonde trap.

Waarom? Ek is tog dood,

het afgesterf-die hel verderf,

toe ek saam met Jesus gebore word,

die oue mens die dood in stort.

Goddank dit was die einde niet,

het nie soos 'n ster verskiet....

uitgebrand met 'n helse stank.

Nee, U het my uit die hel gediep, my hand gevat,

my opgehelp, my in U laat leef, saam die hemel inbeweeg;

sonde en dood agtergelaat-

gepul met U Gees;

nie meer 'n verwonde bees,

net een met U, Reine GodsGees-

Wat 'n Fees!

23 Mei

Vier in Een

U Seun uit te brei-

'n boetie te laat bykry.

Wat 'n proses te soek deur 'n miljoen

'n paar te kry vir versoen.

Saam te bind in 'n liggaam,

as U kerk, deur U versterk.

Word U Godheid dan vier,

in die hemel en die aarde hier?

Deur baie eeue voorberei,

in U hande soos klei,

tot mensheid Godheid word,

in 'n nuwe plan ingestort.

Tydlike mensheid ingekort,

swakke mensheid so verword.

Mensheid moes sterf,

U ewigheid te vererf.

Van U geërf- familie nou,

mens sal nie meer doelloos swerf-

Word deur God verheerlik -Heilig soos Hy.

Vierde been voltooi,

satansengele verstrooi, uitgewerp;

deur nuwe hemelwesens vervang . Wees tog net nie bang!

24 Mei

Trots

Wie van ons maak nie foute nie? Selfs Dawid, die man na God se hart het foute begaan. Dit gee ons moed veral wanneer ons skuldig voor God staan. Kom ons kyk na 'n fout wat Dawid begaan het. Gewoonlik word 'n fout van Dawid uitgewys as sy buite-egtelike verhouding met Batseba. Ons wil vandag na 'n minder bekende fout van hom kyk.

In 1 Kronieke word suksesvolle veldslae van Dawid verhaal. Moontlik het hierdie veldslae tot sy fout van trots aanleiding gegee. Ons kan mos met Dawid een voel in hierdie verband; hoeveel keer het satan nie juis ons laat struikel direk nadat ons oorwinnings en sukses behaal het nie.

In 1 Kronieke 21 word 'n oënskynlike goeie daad van Dawid opgeteken. Hy besluit om die volk te laat tel. Sy motief agter die volkstelling was verkeerd; hy wou iets van sy eie grootheid herbeleef in die groot getal Jode wat sy onderdane is. Uit die volkstelling het dit geblyk dat daar 1,100,000 weerbare manne in Israel was en 470,000 in Juda.

Om Dawid se sonde te verstaan moet teruggeblaai word na Eksodus 30 toe. In *The Amplified Bible* word dit soos volg weergegee in 1 Kronieke 21:3:

It was not wrong to take a census; however, to do so Exodus 30:12 demanded a half-shekel of silver be paid for each individual. It was referred to as "ransom money" meaning in essence, that the children of Israel were purchased by the Blood of the Lamb, for silver was a type of redemption in Old Testament terminology. Ignoring this command of the Lord to pay the ransom money, a half-shekel of the sanctuary for each person taken in the census, David was bypassing the cross, which God can never allow.

Vir hierdie sonde van Dawid het God hom 'n keuse tussen 3 vorms van straf gegee. Wat ons hieruit kan leer is dat indien ons die kruis van Christus met disrespek hanteer, God dit as 'n groot sonde beskou : *All who ignore the cross do so foolishly. (1Chron.21:8)*

25 Mei

Slim tot dom

Salomo beteken *ryk aan vrede*. God het Salomo uitgekies om besonder geseën te word nog voordat hy iets kon doen om God se seën te verdien. Dawid, sy vader, en Batseba, sy moeder, moes seker iets hiervan geweet het toe hulle hom die mooi naam van Salomo gegee het. Later het God belowe dat Hy vir Israel vrede sal gee tydens Salomo se heerskappy.

Min mense kry die voorreg, soos Salomo, dat God jou 'n vrye keuse gee om van Hom te vra net wat jy wil. Salomo kies wysheid en insig maar nie ter wille van homself nie maar ter wille van God se volk om goed en regverdig oor God se volk te heers. Vir hierdie wyse keuse beloon God hom met rykdom en eer. Hy sou ook volgens God se belofte 'n lang lewe geniet maar daar was 'n voorwaarde aan verbonde:

"As jy jou in jou optrede hou aan my voorskrifte en gebooie soos jou vader Dawid gedoen het, sal Ek jou ook nog 'n lang lewe gee."

Ongelukkig het die wyse Salomo een swakheid gehad naamlik sy liefde vir vroue; hy het 700 vrouens en 300 byvroue gehad. Baie van hierdie vroue het uit heidennasies gekom, direk teen God se wens. Hierdie vrouens het hom verlei tot afgodediens. Vanweë Salomo se ontrouheid het hy 'n kort lewe gehad. Hy het net 60 jaar oud geword.

Uit Salomo se lewe kan ons vandag, 3000 jaar later, nog baie leer, soos die volgende:

1. Ons word dikwels geseën omdat ons ouers guns in God se oë ontvang het.
2. Ons word nie net geseën nie maar teenspoed word ook van ons afgekeer omdat ons ouers guns in God se oë ontvang het.
3. Soms is dit nie net ons ouers ter wille van wie ons geseën word nie maar ander gelowiges uit ons voorsate. Abraham, Isak en Jakob het bygedra tot die seën wat op Salomo gerus het.
4. Oppas vir voorspoed. Dit kan jou arrogant maak en selfvertroue kan jou laat sink.

26 Mei

Junkie

Adrenaliënverslaafde-Emosiesoekende begaafde,
jy, met jou bekwaamheid; liggaam of verstand, ja, jy met jou domme dors,
wie die energie op gemors uitmors.

Waarom oor die heuweltoppe sweef,
soos 'n voëltjie wie se vere in die wind beef,
verdoof

Nooit rustig en stil, in die dale, die tyd met God vul.

Tot jy moeg en uitgeput in die doodsbed dut,
en wonder- waarom?

Wonder, waarom so dom?

Kon ek nooit die opwinding los en eerder die liefde bedink
voordat ek die grafgat insink.

Vergeet die emosiewekkers, die onruswetters.

Vergeet van opwinding, die adrenaliën, die prikkeling;
sport, die koerant, die tv. en beredenering,
die soek na antwoorde sonder Godsverering.

Rus tog mens in jou God, Sy vergifnis en Sy gebod.

Bedink die liefde, genade en vrede,
ja, die ware lewe.

27 Mei

Tyd (1)

God het tyd geskep. Hy is God van tyd en word nie deur tyd beheer nie. God word deur niks beheer nie. Hy is God van alles en deur Hom het alles tot stand gekom.

Op die vierde dag het God die son, maan en sterre geskep om aan die mens later iets van tyd te laat beleef. Voor die skepping van die hemelliggame het alles in 'n tydlose dimensie bestaan. Dit is 'n dimensie wat vir 'n mens onbedinkbaar is. Die mens is as deel van die ewigheid geskep totdat hy sonde begaan het en die doodstydning oor hom voltrek is. God het hom immers gewaarsku om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie want dan sou hy sterf. Die vloek van beperkte tyd sou oor hom voltrek word.

Omdat die mens weens sy ongeloof nie hierdie goddelike waarhede wou aanvaar nie moes hy vir homself 'n skeppingsverhaal bedink. Om homself te vergoddelik het die mens homself in beheer geplaas en God uit sy skeppingsverklaring uitgesluit. Indien die mens sy eie God moes word moes hy 'n storie bedink om homself te vergoddelik. So het die fabel van 'n sogenaamde "Big Bang" teorie ontstaan . Hierdie teorie is al oor en oor deur die wetenskap as vals bewys. Tog het die mens krampagtig daaraan vasgehou want anders sou hy die bestaan van 'n God wat alles geskep het moes erken. So word daar deur die media hard gewerk om die valsheid van die evolusieleer lewendig te hou. Humanisme, of die vergoddeliking van die mens, is noodsaaklik om hierdie valse leer in stand te hou. Daarom pas dit die Humanis om te leer dat die mens na sy liggaamlike bestaan op die aarde net eenvoudig dood is en dat niks na die dood bestaan nie. Hulle ontken so die werklikheid van 'n tydsdimensie wat deur God aan die mens geopenbaar is. Teen die eindtyd sal die leuen, van satan, hoogtyd vier en die mens grootliks mislei word, soos tans aan die gebeur is.

28 Mei

Tyd (2)

Dat God in beheer van tyd is word veral op twee plekke in die Bybel vir ons duidelik uitgewys.

Die eerste is in Josua 10:12 vir ons opgeteken.

" Die dag toe die Here die Ammoniete in die mag van die Israelite gegee het, het Josua die Here om hulp gevra. Ten aanhore van Israel het hy gesê: 'Son staan stil in Gibeon, en maan staan stil in Ajalonlaagte'.

Die son het stilgestaan, die maan het nie geroer nie totdat Israel sy vyande verslaan het.....Die son het halfpad in die hemel bly staan. Byna 'n volle dag was hy nie haastig om onder te gaan nie.

Mense wat 'n wetenskaplike verklaring vir hierdie gebeurtenis soek sal die inskrywing in Maroela Media van 31 Oktober 2017 interessant vind:

"Wetenskaplikes het nou tot die gevolgtrekking gekom dat die oorspronklike Hebreeus kan beteken dat die son en maan opgehou het om te doen wat hulle gewoonlik doen -naamlik skyn.

Volgens die navorsing beteken dit dat die Bybel die oudste behoorlik opgetekende rekord van sonsverduistering verskaf.

Volgens die navorsing het wetenskaplikes van die Universiteit van Cambridge 'n model ontwerp om afwykings in die aarde se baanvlak oor 'n lang tyd te verreken, en tot die gevolgtrekking gekom dat die gebeurtenis op 30 Oktober 1207 voor Christus moes plaasgevind het. Die meeste van ons sal egter verkies om gelowig te aanvaar dat God almagtig is en selfs die son kon laat stilstaan het. So sal ons ook die baie ander wonderwerke van God gelowig aanvaar.

29 Mei

Tyd (3)

Die tweede plek in die Bybel waar God se oppermag selfs oor tyd vir ons duidelik uitgewys word is in 2 Konings 20:8. Daar staan:

"Toe vra Hiskia vir Jesaja: Wat is die teken dat die Here my sal gesond maak en dat ek oormôre weer na die huis van die Here toe sal gaan?"

Jesaja het geantwoord: Die Here gee jou die volgende teken dat Hy sal doen wat Hy gesê het: moet die skaduwee tien trappe vorentoe gaan of tien trappe terugkom.

Hiskia sê toe: Dit is maklik vir die skaduwee om tien trappe vorentoe te skuif (Volgens kommentators sou dit die natuurlike gang van die son gevolg het). Nee, laat dit tien trappe terugkom. Die versoek van Hiskia stem ooreen met sy lewe wat reeds afgesluit was en wat God weer herstel het en 15 jaar bygevoeg het. Sy lewe het eintlik 15 jaar teruggeskuif tot 15 jaar voor sy dood.

God het gedoen presies wat Hiskia versoek het.

Merkwaardig is dat volgens die baie kommentators in *Bible Hub* nêrens gewaag word met 'n wetenskaplike verklaring vir hierdie unieke gebeurtenis nie.

Telkens word dit as 'n wonderwerk van God verklaar. Soms is die verklaarders bereid om na meer as een vertaling te verwys. Daar word egter nooit werklik 'n verklaring vir hierdie wonderwerk gewaag nie.

Nog 'n verwysings na God se almatige omgang met tyd kry ons in 2 Konings 19 waar God die arrogante Sanherib van Assirië tereg wys. Sanherib is deur God gebruik om Sy almag en beheer oor tyd met 'n profesie te bewys. God het verklaar dat Sanherib nie Jerusalem sal inneem nie, al was hy hoe suksesvol in sy vorige veldslae. God bewys sy beheer oor tyd deur in een nag 180,000 Assiriërs om die lewe te bring, presies soos Hy dit voorspel het. God beskik die geskiedenis vooruit.

30 Mei

Tyd (4)

In Prediker 3:1 staan:

Daar is 'n tyd om gebore te word en 'n tyd om te sterf.

God van tyd bepaal ook vir jou en my die tyd om gebore te word en die tyd om te sterf. Ons kan die lewe nie verleng nie maar ons kan dit wel verkort deur onder andere roekeloos te lewe en ons liggame te verniel. Soms gebeur dit dat die roekelose lewens van ander mense ons lewens verkort soos wanneer 'n besope motorbestuurder jou lewe van jou af wegneem.

In Johannes 14 tot 17 kom die uitdrukking

"nog net 'n klein tydjie"

'n paar keer voor. (1953 vertaling van die Bybel)

Jesus verwys onder andere na die tydperk wat Hy in die graf sou wees. Vir ons as mense met 'n tydelike lewensspan kry die woorde ook 'n ander betekenis wanneer dit na die kortstondige aard van ons lewens op die aarde verwys. Sewentig tot 75 jaar gelede het die skrywer die voorreg gehad om in 'n plaashuis in Namibië op Sondag in 'n koel voorhuis te luister na sy grootvader wat uit die Bybel gelees het. Van alles wat gelees is, is dit al wat hy kan onthou; *Nog net 'n klein tydjie*. Hierdie woorde word nou 'n besondere realiteit, nou dat die skrywer 82 jaar oud is. Die spoedige hereniging met baie van die mense wat by hierdie huisgodsdiens teenwoordig was, en reeds oorgestap het, is nog net 'n *klein tydjie* die toekoms in. Spoedig sal daar 'n hereniging wees in die wonderlike teenwoordigheid van ons God; Vader, Seun en Heilige Gees.

Mag jy ook die opwindende smaak van 'n uitsien na 'n oorstap in 'n tydlose ruimte in.

31 Mei

Dit gaan goed (1)

In Psalm 1 tot 5 word gepraat van *dit gaan goed*. In **Psalm 1** word 'n goeie beskrywing gegee van wanneer dit met 'n mens goed gaan. Dit gaan onder andere goed met die mens

" Wat nie die raad van die goddelose volg nie ,

Nie met goddeloses omgaan nie,

Nie met ligsinniges saamspan nie,

Maar

Wat in die woord van die Here sy vreugde vind,

Dit dag en nag oordink."

In **Psalm 2** sê die digter:

" Dit gaan goed met almal wat by die Here skuiling soek,

Hom met ontsag dien,

Hom met vrees en bewing toejuig,

Hom onderdanig is."

Psalm 3 sê:

"Hulp kom net van die Here af.

U laat dit goed gaan met U volk,

U Here, beskerm my aan alle kante

Psalm 4:

"Daar is baie wat sê: Wie sal dit weer met ons goed laat gaan?

Here, U laat my veilig woon."

Psalm 5: *" U laat dit goed gaan met die regverdige, Here, U goedheid beskerm hom soos 'n skild."*

1 Junie

Dit gaan goed (2)

Ons almal wil hê dat dit met ons goed moet gaan. Soos uit die eerste 5 Psalms blyk kan *goed gaan* met verskillende aspekte van 'n mens se lewe te make hê soos:

Om voorspoedig te wees, 'n lewe te hê wat goeie vrugte dra, om deur God gelei te word, om met baie besittings geseën te word, deur die Here beskerm te word, om aan die mens eer en aansien te gee, wanneer die Here jou gebede beantwoord, om goed te slaap en wakker te word, om nie vir mense bang te wees nie, om deur God bevry te word wanneer jy angstig rondkyk, die Here jou hoor, jy vreugde belewe, om dadelik aan die slaap te raak, om te weet die Here luister na jou stem, God verdra nie onreg nie, hooghartiges durf nie voor die Here kom nie, so ook nie die wat onreg doen nie, ook nie die leuenaars nie en ook nie die moordenaars en bedrieërs nie, almal wat by die Here skuil kan bly wees, die Here beskerm die wat Hom liefhet.

Dalk is dit wat jy as *goedgaan* beskou nie in hierdie lysie nie. Dalk sal jy gesondheid hierby wil voeg of goeie verhoudings met jou kinders, of genoeg geld om rustig te kan aftree, of net vrede en stilte om jou of dalk 'n mooi uitsig op die see.

Ander persone sal dalk meer na die geestelike aspekte soek soos:

Die beleving van God se teenwoordigheid in jou in die vorm van Sy Gees. Die dra van die vrug van die Heilige Geesinwoning. Of 'n uitsien na die groot oorstap na Jesus toe of meer tyd om Sy Woord te bestudeer en met Hom te praat of dalk net 'n intiemer verhouding met jou Hemelse Vader.

God ken elkeen van ons se hartsbegeertes. Indien dit ooreenstem met Sy wil vir ons lewens het ons volgens Sy uitnodiging die reg om dit na Hom toe te bring en Hom te vertrou dat Hy ons sal verhoor soos Hy die beste weet wanneer Hy weet dit die beste vir ons sal wees.

2 Junie

Moeg (1 Maart 2023)

Was ek vry -Het ek my in U verbly?

Waarom vir myself so lieg-

Heer, ek kom voor U bieg:

My oornaghut

het my nog steeds beskut;

My gedagtes was my bron,

vanwaar my sekerheid kom.

Dankie dat U als openbaar,

maak dit tog nou klaar.

Help my om my lewe af te skud,

aan U oor te gee, my God.

Gee my U krag,

U wat alles vermag.

Ek het U so nodig vandag.

.....

Dankie vir U krag wat vloei,

U wat my versugting in U vasboei.

Dankie dat ek nie hoef te verstaan,

alleen my hart te hou op die pad deur U gebaan;

om te lewe in vertrou, nooit in aanskou.

Dankie vir U wil, dit maak my ongeloof stil.

So word ek vry en kan ek my in U verbly.

3 Junie

Hoe groot is U (1)

(Psalm 8)

4." As ek U hemel aanskou, die werk van U vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het,

Wat is die mens dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?

U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met eer en heerlijkheid gekroon, U laat hom heers oor die werke van U hande, U het alles aan hom onderwerp;"

Onbeskryflik heerlijk, groot, goed en almagtig is ons Here. Met wie en wat kan ons Hom vergelyk om enigsins 'n denkbeeld te kan vorm van hoe groot Hy regtig is? Kom ons kyk net na een van Sy skeppingswonders naamlik die sterre.

Wanneer ons in die nag opkyk sien ons derduisende sterre. Dit word bereken dat 'n mens ongeveer 6000 sterre op 'n helder aand kan sien. Dit is baie. 'n Mens wonder of Abraham God se uitdaging aanvaar het en probeer het om die sterre te tel om 'n idee te vorm van hoe talryk sy nakomelinge sal wees.

Die melkweg of hemelstraat waarin ons planeet geleë is, bevat ongeveer 'n honderd biljoen sterre. In getalle geskryf lyk dit so: 100,000,000,000. Dit is 'n honderd duisend miljoen sterre.

Indien dit jou dalk nie beïndruk nie kan jy maar die volgende in gedagte hou. Ons melkweg of hemelstraat is maar een van miljoene melkweë. Hierdie melkweë of hemelstrate is ontsaglike afstande van mekaar verwyder. Indien jy teen die spoed van die ruimtetuig Voyager vlieg sal dit jou ongeveer 750 jaar neem om by ons naaste buurman- melkweg uit te kom. Môre kyk ons na nog interessantheide in hierdie verband.

4 Junie

Hoe groot is U (2)

Hoeveel sterre is daar? 'n Ander manier om 'n denkbeeld te probeer vorm van hoeveel sterre in die hemelruim is, is om dit te vergelyk met sandkorrels. Daar word bereken dat indien al die sandkorrels van al die strande van die wêreld saamgevoeg word dit omtrent gelykstaande sal wees aan die hoeveelheid sterre wat bestaan. Vir die van ons wat van getalle hou kan ons dit so verduidelik: Dit is die volgende getal:

200,000,000,000,000,000,000,000

Of te wel 200 met 21 nulle. In woorde uitgedruk is dit tweehonderd, biljoen, triljoen sterre. Dit is moeilik en eintlik onmoontlik om 'n denkbeeld te vorm van wat 'n ligjaar is. Dit word soos volg beskryf:

Dit is die afstand wat lig in 'n jaar se tyd sal trek. Vir ons is die spoed van lig geweldig vinnig. Dink net hoe ver kan lig trek in 'n jaar se tyd. Om 'n denkbeeld te vorm van hoe groot die heelal is, is dit nodig om in terme van ligjare te dink. Van ons aarde af sal jy in enige rigting vir 46 biljoen ligjare kan reis om die einde van hemelskepping te bereik. Daarom kom die lig van nuwe sterre wat lankal reeds uitgebrand het nou eers by ons aan. Ons dink ons sien die ster maar die ster is gebore, het miljoene jare bestaan en het al uitgebrand terwyl sy lig ons nou eers bereik.

In die lig van die grootheid van God se skepping kan 'n mens jou maar net verwonder oor die grootheid van God se liefde wanneer Hy na 'n nietigheid soos 'n mens omsien, aan hom dink en hom met eer en heerlikheid kroon.

5 Junie.

Psalms(1)

Dawid het 74 van die 150 psalms geskryf; dit is waarvan ons seker kan wees. Daar is egter ook 'n klompie psalms vanwie die outeurs nie bekend is nie. Psalm 10 word nie as 'n Dawidpsalm aangedui nie maar in die Latynse Vulgaat is die psalm deel van Psalm 9 wat wel deur Dawid geskryf is. Kom ons staan vir 'n rukkie stil by psalm 10.

Ons ervaar tans die gebroke, sondige wêreld. Vir ons is dit nie maklik nie en die pyn van die gebroke wêreld is onafskeidbaar met ons daaglikse ervarings verweef. Dink in hierdie verband maar net aan die verskriklike onreg wat veral deur leuens hoogty vier in omtrent alle aspekte van die lewe. Vir Dawid was dit 3000 jaar gelede niks anders nie.

Dawid beskryf die goddelose mense van sy tyd in Psalm 10 soos volg;

Die goddelose is vol van hulleself. Hulle vervolg 'n hulpelose, hulle bedink sluwe planne, hy verryk homself ten koste van ander, Hy verag die Here, Hy sê: " God vra nie rekenskap nie", daar is geen plek vir God in al sy planne nie, hy dink: ek sal nie wankel nie, hy onderdruk en bedrieg, hy bedink onheil en onreg, hy vermoor onskuldiges in die geheim. Hy loer rond in die donker, hy vang die hulpelose en slaan hom.

Kan ons iets by Dawid leer in die manier waarop hy teenoor die goddelose mense van sy tyd optree? Die eeste ding wat hy doen is om die mense in gebed voor God te bring en met God oor hulle te praat. *In hierdie gebed vra hy God om Sy mag te toon. Hy vra God om die hulpeloses nie te vergeet nie. Hy erken dat God bewus is van al die slegte dinge wat die goddelose mense doen en dat God wel 'n einde daaraan gaan maak. Hy bevestig dat God betroubaar is en dat die mens hom op God kan verlaat en dat God die weeskind help. Hy vra dat God die mag van die goddelose mense moet inperk. Hy vra ook dat God die goddelose mense moet straf en nie een van sy misdade moet miskyk nie.*

6 Junie

Psalms (2)

Nadat Dawid met God in Psalm 10 oor die goddelose mense gepraat het bevestig hy sy geloof in God deur erkenning te gee aan alles wat God vir hom en ander regverdige mense doen. Hy sê in Psalm 10:16:

" Die Here bly altyd koning,

U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here,

U gee hulle nuwe moed,

U verhoor hulle gebed,

U behartig die regsak van die weeskind,

en van die mens in nood,

sodat niemand op aarde langer in vrees hoef te lewe nie."

Hoe heerlik is dit om te weet dat die God van Dawid ook ons God is; onveranderlik, ewig goed en altyd betroubaar.

Indien jy God as jou Here en Verlosser aangeneem het en as jou ewige Koning eer, mag jy ook weet dat jy nie tevergeefs by Hom smeek vir uitkoms nie. Hy sal jou nuwe moed gee al lyk dit hoe donker om jou. Hy hoor en verhoor jou gebed. Al lyk dinge hoe onregverdig met die goddeloses in bewind, weet dat God jou regsak hanteer. Al is jou nood hoe groot dit sal nooit groter wees as die liefde en genadige voorsiening van God nie. Weet, as jy bang voel, vertrou jy nog nie ten volle op God nie.

Kyk na die uitkoms van Dawid se lewe. Al was hy aan hoeveel gevare blootgestel en het hoeveel mense probeer om hom te benadeel en dood te maak, uit dit alles het God hom gered en geseën. Om dit vir ons makliker te maak om God te vertrou het Hy toegelaat dat al Dawid se swakhede vir ons opgeteken word. Nieteenstaande dit alles het God hom nog liefgehad en vir hom bly sorg. Hy wil dit ook vir ons doen.

7 Junie

Juwele uit die Psalms (1)

Daar is kosbare juwele opgesluit in die Psalms. Wat vandag kosbaar is mag môre vir jou minder kosbaar wees afhangende van jou omstandighede. Verskillende vertalings vryf ook verskillende fasette van die juwele blink. Wat vandag vir my kosbaar is mag vir jou minder kosbaar wees. Die feit bly egter staan dat die 150 Psalms, soos vir ons opgeteken, tydloos is in die bemoediging, raadgewing, leiding en lofsange aan ons God. Ons gaan vir die res van Junie kyk na verskillende vertalings van Psalms. Daar gaan enkele verse uit die ou Nederlandse Bybel voor die 1933 vertaling uitegelig word en daar gaan ook na Engelse vertalings gekyk word.

Mag jy uit hierdie oorsig van die juwele uit die Psalms iets vind wat jou vandag sal bemoedig en sal inspireer.

Die vertalings waaruit enkele verse geneem gaan word is:

1. Ou Nederlandse vertaling: Vermoedelik uit die 1800's
2. Die 1933 Afrikaanse Bybel.
3. Die 1983 vertaling van die Afrikaanse Bybel.
4. The New King James vertaling.
- 5 The Amplified Bible
6. The Living Bible
7. The Expositors Study Bible
8. Die Boodskap
9. Die Nuwe Lewende Vertaling van die Bybel
- 10 Die Bybel vir Almal (Dowes)

8 Junie

Juwele uit Psalms (Ou Nederlandse Vertaling)

Die skrywer moes met 'n skok besef dat in hierdie vertaling die hele Psalmboek ontbreek. Selfs in die baie los blaai van die ou Bybel kon geen psalm gevind word nie. Vermoedelik is hierdie gedeelte opgelees en kon die Psalms nie die tyd oorleef nie. Tog is daar in 2 Samuel 23:1 tot 5 sprake van Psalms van Dawid. Die gedeelte word in sy oorspronklike vorm weergegee; Die voorwoord tot hierdie 5 verse word soos volg weergegee:

Laaste woorden van David, waarin hij van zine Goddelijke roeping tot zijn koninklijk en profetisch ampt getuigt:

1. Voorts zijn dit de laatste woorden van David. David die zoon van Isai, zegt, en de man, die hoog is opgericht, de gezalfde van Jakobs God, en liefelijk in psalmen van Israel, zegt:

2. De Geest des Heeren heft door mij gesproken, en Zijne rede is op mijne tong geweest.

3. De God Israëls heeft gezegd, de Rotssteen Israëls heeft tot mij gesproken: Er zal zijn een Heerscher over de menschen, een Rechtvaardige, een Heerscher in de vreeze Gods.

4. En Hij zal zijn gelijk het lichts des morgens, wanneer die zon opgaat, des morgens zonder wolken, wanneer van den glans na de regen de grasscheutjes uit de aarde voortkomen.

5. Hoewel mij huis alzo niet is bij God, nogtans heeft Hij mij een eeuwig verbond gesteld, dat in alles wel geordineerd en bewaard is; voorzeker is daarin al mijn heil, en alle lust, hoewel Hij het nog niet doet uitspruiten.

9 Junie

Juwele uit Psalms (Afrikaanse 1933 vertaling)

Die meeste van die ouer Bybellesers sal Psalm 23 uit die ou vertaling van die Bybel onthou. Dalk het jy, soos ek, deur jou moeder se toedoen die Psalm geleer. Kom ons kyk na hierdie juweel:

Psalm 23

Die Here is my Herder

'n Psalm van Dawid

Die Here is my Herder; niks sal my ontbreek nie.

Hy laat my neerlê in groen weivelde;

na waters waar rus is, lei Hy my heen.

Hy verkwik my siel;

Hy lei my in die spore van geregtigheid, om Sy Naam ontwil.

Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie;

*want U is met my ; U stok en U staf **die** vertroos my.*

U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders;

U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor.

Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe;

En ek sal in die huis van die Here bly in lengte van dae.

Van hierdie pragtige psalm kan ons net sê:

Amen ! (wat gebruik word om die woorde van iemand anders te bevestig)

en

Sela ! (wees kalm en dink rustig hieroor)

10 Junie

Juwele uit die Psalms (New King James) 1

1. Ps. 2: 12

Blessed are those who put their trust in Him.

2. Ps. 9:10

And those who know Your name will put their trust in You;

For You, Lord, have not forsaken those who put their trust in You:

For You, Lord, have not forsaken those who seek You.

3. Ps. 10:17

Lord, You have heard the desire of the humble;

You will prepare their heart;

You will cause Your ear to hear.

4. Ps. 16: 5, 6, 8 and 11

O Lord, You are the portion of my inheritance and my cup;

You maintain my lot.

The lines have fallen to me in pleasant places;

Yes, I have a good inheritance.

I have set the Lord always before me;

Because He is at my right hand I shall not be moved.

You will show me the path of life;

In Your presence is fullness of joy;

At Your right hand are pleasures forevermore.

11 Junie

Juwele uit die Psalms (NKJ V) 2

Ps. 17:5

*Uphold my steps in Your paths,
That my footsteps may not slip.*

Ps 18:

30: *The word of the Lord is proven;
He is a shield to all who trust in Him.*

36: *You enlarged my path under me,
So my feet did not slip.*

Ps. 19:

9: *The fear of the Lord is clean, enduring forever.*

14: *Let the words of my mouth and the meditation of my heart
Be acceptable in Your sight.*

O Lord, My strength and my Redeemer.

Ps. 22

11: *Be not far from me,*

For trouble is near;

For there is none to help.

Ps. 24:10

Who is this King of glory?

The Lord of hosts,

He is the King of glory.

Ps. 25:11

For Your name`s sake, O Lord, pardon my iniquity, for it is great.

12 Junie

Juwele uit die Psalms (Nuwe Lewende Vertaling) 1

Ps. 27:

1. *Die Here is my lig en my redding,*

vir wie moet ek dan vrees?

Die Here is my lewenstoevlug.

Vir wie sal ek dan bang wees?

8. *U het vir my hart gesê:*

" Kom en dien My"

Ek antwoord:

" Here, ek kom U dien."

(Heb. 10:7: Kyk, O God, ek het gekom om U wil te doen)

Ps. 28:7

Die Here is my krag,

my beskermmer

Wat ek met my hele hart vertrou.

Hy help my

en my hart is vol vreugde .

Daarom dank ek Hom met my lied.

Ps. 30:

3. *Here my God,*

ek het na U geroep om hulp

en U het my gesond gemaak, Here.

U het my gered van die doderyk,

U het verhoed dat ek wegsak in die graf.

13 Junie

Juwele uit Psalms (Nuwe Lewende Vertaling) 2

Ps. 30: 6

*Sy toorn duur net 'n oomblik,
maar Sy genade is lewenslank!
In die nag vloei die trane ,
maar in die oggend
is daar vreugde.*

Ps. 31:

*16. My toekoms is in U hande.
25. Wees sterk en vol moed,
almal wat op die Here vertrou.*

Ps. 32: 8

*Die Here sê:
"Ek sal jou onderrig
en die pad wys waarop jy
moet gaan.
Ek sal jou raad gee,
My oog sal op jou wees.
Moenie redeloos wees
soos 'n perd of muil
Wat met 'n stang en toom
beheer moet word nie."*

14 Junie

Juwele uit Psalms (Nuwe Lewende Vertaling) 3

Ps. 33

4.die woord van die Here

is waarheid,

en alles wat Hy doen,

staan vas.

13. Die Here kyk vanuit die hemel

en sien die hele mensdom.

Vanuit Sy woning

sien Hy al die bewoners op die aarde.

Omdat Hy hulle harte gemaak het,

verstaan Hy alles wat hulle doen.

Ps. 34

8. Die Engel van die Here

hou wag oor

almal wat Hom dien, en Hy red hulle.

9. Beproof en sien dat die Here goed is.

Geseënd is die persoon wat op Hom vertrou.

18. Wanneer die mense roep om hulp,

hoor die Here hulle.

Uit al hulle moeilikhede

red Hy hulle.

Die Here is naby die wat hartseer is.

Hy help hulle wat geestelik stukkend is.

15 Junie

Juwele uit die Psalms (Bybel 1983 vertaling) 1

Ps. 37

1. Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie,

want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer.

Vertrou liever op die Here en doen wat goed is,

woon en werk rustig voort.

Vind jou vreugde in die Here, Hy sal jou gee wat jou hart begeer.

Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.

7. Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.

8. Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie;

dit bring net ellende.

9. Die skelms sal uitgeroei word, maar die wat hulle vertrou in die Here stel,

sal in besit van die land bly.

16. Die bietjie van die regverdige is beter as die rykdom van talle goddeloses.

18. Die Here sorg vir die lewe van die opregtes en wat hulle besit sal hulle behou solank hulle lewe.

19. In tyd van nood sal hulle nie verleë staan nie, in tyd van gebrek sal hulle genoeg hê.

23. Die Here bepaal die koers van die mens met wie se lewe Hy tevrede is.

27. Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, dan sal jy die land altyd bewoon.

39. Die Here is hulle toevlug in tyd van nood. Die Here help hulle en Hy bevry hulle, Hy bevry hulle van die slegte mense en red hulle, want hulle skuil by Hom.

16 Junie

Juwele uit die Psalms (Bybel 1983 Vertaling) 2

Psalm 39

*4. Daar was 'n brandpyn in my,
my smart het 'n vuur in my geword.*

Toe moes ek praat;

maak tog aan my bekend

wanneer my einde sal wees, Here,

en hoeveel dae daar vir my oor is

sodat ek sal weet

wanneer my lewe verby is.

Kyk, U het bepaal

dat my dae min sal wees,

In U oë is my lewensduur byna niks.

Ag, alle mense is maar verganklik. Sela

Die mens leef soos in 'n droom

en hy sloof hom af vir niks.

Hy gaan op maar weet nie wie dit sal kry nie.

Is daar nog hoop vir my, Here?

U is my enigste hoop

13. moet tog nie koud staan

teenoor my trane nie,

want ek is net op U beskerming aangewese;

U alleen sorg vir my.

17 Junie

Juwele uit die Psalms (Bybel 1983 Vertaling) 3

Ps. 40

1. *Ek het gesmag na die hulp van die Here.*

Hy het na my toe afgebuig

en my hulpgeroep gehoor.

Hy het my uitgetrek

uit die put van die dood,

uit die modderige slyk,

my op 'n rots laat staan

en my weer op vaste grond laat loop.

5. *Dit gaan goed met die mens*

wat sy vertrou in die Here stel

en hom nie wend tot duistere magte

en tot mense wat hulle

met skyngode ophou nie.

7 en Hebr. 10:7: Kyk ek het gekom om U wil te doen

11. *Dat U verlos het ek nie vir myself gehou nie.*

17. *Laat almal wat by U hulp soek,*

jubel en bly wees oor U.

Laat die wat op U hulp staat maak,

altyddeur sê: " Die Here is groot."

18. *Ek is hulpeloos en arm,*

maar die Here dink aan my. U is my hulp en my redder. My God moet tog nie talm nie.

18 Junie

Juwele uit die Psalms (Bybel 1983 Vertaling) 4

Ps. 41: 4

Die Here sal hom bystaan in sy siekte.

As hy siek is sal U hom genees.

Ps. 42:

2. Soos 'n wildsbok smag na waterstrome,

so smag ek na U, o God

6. Waarom is ek so in vertwyfeling

en waarom kerm ek so?

Vertrou op God!

Ps 43:5

Soos Psalm 42: 6

Ps. 46 :

2. God is vir ons 'n toevlug

en 'n beskerming;

Hy was nog altyd bereid om te help in ons nood.

Daarom is ons nie bang nie

6. God is daar binne in. Dit sal nie wankel nie . (1953 vertaling)

11. Bedaar en erken dat Ek God is,

hoog bo die nasies,

hoog bo die aarde.

Psalm 47: 2

Al julle volke klap julle hande; juig tot eer van God met 'n jubelende stem,

want die Here, die Allerhoogste, kom eerbied toe.

19 Junie

Juwele uit die Psalms (Bybel 1983 Vertaling) 5

Ps. 49:

*6. Waarom sou ek my in moeilike tye kwel,
as ek bedreig word deur die onreg van bedrieërs,
van mense wat net op hulle besittings vertrou
en met hulle rykdom spog*

13. Met weelde en al leef die mens nie vir altyd nie.

Dit is die lot ook van mense

wat op hulleself vertrou.

15. Soos skape is hulle bestem

om te sterwe;

die dood is hulle wagter.

Sonder meer daal hulle in die graf in;

In die doderyk verdwyn alles waarop hulle vertrou het;

vir hulle bestaan dit nie meer nie.

Maar vir my sal God loskoop uit die mag van die dood;

ek sal aan Hom behoort.

17. Moet jou nie daaroor kwel

dat mense ryk word ,

dat hulle besittings baie word nie,

want as hulle sterf

neem hulle niks saam nie.

Hulle besittings sal

hulle nie volg nie.

20 Junie

Juwele uit die Psalms (Amplified Bible) 1

Ps. 50: 15:

And call on Me in the day of trouble;

I will deliver you

and you shall honour and glorify Me.

Ps. 53: 2-3:

God looked down from heaven upon the children of men to see if there were any who understood , who sought (inquired after and desperately required) God.

Every one of them has gone back (backslidden and fallen away; they have altogether become filthy and corrupt; there is none who does good, no, not one.

Ps. 54:7:

For He has delivered me out of every trouble.

Ps. 55: 22:

Cast your burden on the Lord (releasing the weight of it) and He will sustain you; He will never allow the (consistently) righteous to be moved (made to slip, fall or fail).

Ps. 56: 4

By (the help of) God I will praise His word; on God I lean, rely and confidently put my trust ; I will not fear. What can man, who is flesh, do to me?

Ps. 59: 17

Unto You, O my Strenght, I will sing praises; for God is my Defence, my Fortress, and High Tower, the God Who shows me mercy and steadfast love.

Ps. 62:2

He only is my Rock and my Salvation, my Defence and my Fortress, I shall not be greatly moved.

21 Junie

Juwele uit die Psalms (Amplified Bible) 2

Ps.62:8

*Trust in, lean on, rely on, and have confidence in Him at all times, you people;
Pour out your hearts before Him. God is a refuge for us (a fortress and high tower)
Sela (pause and calmly think of that)!*

Ps. 62: 11

*God has spoken once, twice have I heard this: that power belongs to God.
12. Also to You, O Lord, belong mercy and loving -kindness, for You render to
every man according to his work.*

Ps. 63:4

So will I bless You while I live; I will lift up my hands in Your Name.

Ps. 66: 20:

*Blessed be God, Who has not rejected my prayer nor removed His mercy and
Loving- kindness from being (as it always is) with me.*

Ps. 69:10

When I wept and humbled myself with fasting, I was jeered at and humiliated.

Ps. 69:29:

*But I am poor, sorrowfull, and in pain; let Your salvation, O God, set me up
on high.*

Ps. 70:5

*But I am poor and needy; hasten to me, O God! You are my Help and my Deliverer;
O Lord, do not tarry.*

22 Junie

Juwele uit die Psalms (Amplified Bible) 3

Ps. 71:9

Cast me not off nor send me away in the time of old age, forsake me not when my Strength is spent and my powers fail.

17.

*My God, You have taught me from my youth,
and hitherto have declared Your wondrous works.*

18.

*Yes, even when I am old and gray-headed, O God, forsake me not,
(but keep me alive) until I have declared Your mighty strength to (this)
generation, and Your might and power to all that are to come.*

20.

*You Who have shown us (all) troubles great and sure, will quicken us again
and bring us up again from the depths of the earth.*

23 Junie

Juwele uit Psalms (Die Bybel vir Almal) 1

Ps. 78: 22

*God was kwaad omdat hulle nie geglo het
dat Hy sal doen wat Hy belowe het nie,
hulle het nie geglo dat Hy hulle sal red nie.*

Ps. 90: 3:

*U laat die mens sterf
sodat hy weer stof word,
U sê: " Mens jy moet teruggaan."
Want vir U is 1000 jaar soos gister
wat verby is.*

Ps. 91:

*2: By U is ek veilig
U is vir my 'n veilige plek in die berge
4. Die Here sal jou beskerm soos 'n hen haar kuikens, onder haar vlerke beskerm.
7. Wanneer 1000 mense langs jou sterf, of 10,000,
sal daar niks wat sleg is met jou gebeur nie.*

14-16:

*Die Here sê: " Ek sal hom red omdat hy aanhou om lief te wees vir My.
Ek sal hom beskerm omdat hy My ken.
Hy sal roep en vra dat Ek hom moet help, en Ek sal doen wat hy vra.
Ek sal hom lank laat lewe, baie lank, hy sal weet dat Ek hom gered het.*

24 Junie

Juwele uit Psalms (Die Bybel vir Almal) 2

Ps. 94:17

As die Here my nie gehelp het nie was ek lank gelede al dood.

Ps. 103:2

Ek wil die Here prys,

ek wil nie een ding vergeet

wat Hy gedoen het nie.

Ps. 111: 10

As iemand wysheid wil kry,

dan moet hy die Here eer en dien,

as iemand regtig verstandig wil word,

dan moet hy doen wat die Here wil hê.

Ps.116: 7

Ek moet nou ophou

om bekommerd te wees,

want die Here het goeie dinge

gedoen aan my.

Ps. 118:

5. *Toe dit sleg gegaan het met my,*

het ek geroep

en gevra dat die Here my moet help. Die Here het my gehelp en my vry gemaak.

8. *Dit is beter om te vra dat die Here jou moet beskerm,*

beter as om te dink dat mense jou sal help.

25 Junie

Juwele uit Psalms (Die Bybel vir Almal) 3

Ps. 119

Hierdie is die langste psalm in die Bybel; 'n hele 176 versies. Merkwaardig is die getal kere wat die woord, **doen**, in die psalm voorkom, 'n hele 85 keer. Hierdie psalm gaan oor hoe die skrywer hom verlustig in die wet van die Here. Dit is duidelik dat die skrywer dit nie genoeg kan beklemtoon dat dit van die grootste belang is om die wet **te doen** nie.

Ps. 119: 2-4:

*Dit gaan goed met die mense wat **doen***

wat die Here sê

En wat met hulle hele hart

naby Hom wil wees.

Hulle is ook mense

*wat nie verkeerde dinge **doen** nie*

en wat lewe soos die Here wil hê.

U het self vir ons gesê

*wat ons moet **doen**,*

*en ons moet dit presies **doen**.*

Ps. 121:1-5

Ek kyk op na die berge en ek vra:

" Van waar sal iemand kom om my te help?"

Dit is die Here wat my sal help,

die Here wat die hemel

en die aarde gemaak het.

Hy sal keer dat jy nie val nie, Hy beskerm jou, Hy slaap nie.

26 Junie

Juwele uit Psalms (Die Bybel vir Almal) 4

Ps. 122: 6

Julle moet bid dat Jerusalem

vrede sal hê.

Julle moet sê: " Ons bid dat die mense

wat lief is vir jou, veilig sal woon."

Ps. 127: 1-2 (Sleutelpsalm van die skrywer se lewe)

As die Here die huis nie bou nie,

dan help dit nie dat die bouers

hard werk om die huis te bou nie.

Dit help nie dat julle vroeg opstaan

en laat gaan slaap nie,

dit help nie dat julle hard werk

om te kan lewe nie,

want die Here sorg

vir die mense

vir wie Hy lief is.

Hy gee vir hulle alles

wat hulle nodig het

ook terwyl hulle slaap.

27 Junie

Juwele uit Psalms (Die Bybel vir Almal) 4

Ps. 131

Here, ek dink nie dat ek belangrik is nie,

ek is nie hoogmoedig nie,

ek probeer nie om dinge te doen

wat vir my te moeilik is nie.

Nee, ek is tevrede met wat ek is,

ek is soos 'n kind wat nie meer

aan sy ma drink nie,

'n kind wat gelukkig is by sy ma.

...julle moet glo

dat die Here julle sal help,

nou en vir altyd.

Ps. 138: 8

U red my met U eie hand.

Die Here doen alles vir my .

Here, U doen altyd wat U belowe het.

U het die mense

met U eie hande gemaak,

U moenie vir hulle alleen los nie.

Ps. 139-21-22

Ek haat die mense wat vir U haat, Ek hou niks van mense

wat opstandig is teen U nie.

Ek haat hulle met my hele hart, hulle is my vyande.

28 Junie

Juwele uit Psalms (Die Bybel vir Almal) 5

Ps. 145:14

Die Here hou die mense regop

wat wil val,

Hy tel die mense op

wat nie meer kan staan nie.

Ps. 150: 2-6:

Julle moet die Here prys omdat Hy groot dinge gedoen het,

julle moet Hom prys, want Hy is baie groot.

Julle moet die ramshoring blaas, julle moet die Here prys.

Julle moet die harpe en die liere speel, julle moet die Here prys.

Julle moet die tamboeryne slaan en julle moet dans, julle moet die Here prys.

Julle moet die snaarmusiek maak en julle moet die fluite blaas,

julle moet die Here prys.

Julle moet die simbale teen mekaar slaan,

almal moet dit hoor,

dit moet raas.

alles wat lewe ,

moet die Here prys.

Julle moet die Here prys.

29 Junie

Keerpunt

Sal U in my werk,
my gees en siel bewerk
om ander te kan versterk.
U weet ek is hol en leeg,
my eie krag kon niks beweeg.
Alles is stil en dood,
soms voel dit of U my verstoot.

Dan breek die waarheid deur,
U het my tog gekeur.
U laat die mislukking toe,
my te bring voor 'n deur- so toe.
My eie planne het misluk,
geen oes vir my beskik.

Ek kom op U woord, O Heer;
leer my tog nog 'n keer;
dat U als hier beheer.
Ek vertrou U vir die oes,
ook as ek vir wrede branders koes.
Ek vaar nou dieper Heer,
sal U die visse netin keer.
Dankie U is in my boot, U het my nie verstoot.

30 Junie

Juwele uit Spreuke (Die Bybel 1983 Vertaling)- 1

Die 31 hoofstukke van Spreuke is eintlik 'n totale onuitputlike bron van kosbaarhede vir elke dag van die maand. Daar sal nietemin gepoog word om enkele uitstaande spreuke te delf. Weereens sal die juweel vandag moontlik met 'n nuwe juweel môre vervang kan word. Die een juweel mag vir die volgende persoon dalk deur nog 'n mooier juweel vervang word.

1. Soek jy 'n lang lewe?

Spr. 3:1 *My seun wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie.*

2. Soek jy guns en byval by God en mens?

Spr. 3:3 *Moenie dat liefde en trou by
jou ontbreek nie.*

3. Wil jy hê dat God jou die regte pad moet laat loop?

Spr. 3:5 *Vertrou volkome
op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy
doen..*

4. Wil jy gesond wees? **Spr.3:7**

*Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die
Here en vermy wat sleg is.*

5. Wil jy ryk en voorspoedig wees?

Spr.3:9 *Vereer die Here met offerandes uit al
wat jy besit en met die beste van jou oes.*

Deel 2

Die volgende 188 dagstukkies maak afwisselend gebruik van gedigte. Die dagstukkies sal vir die persoon wat naby die groot oorgang van hierdie lewe na die toekomstige ewige lewe tans lewe, besondere betekenis kry. Die rede hiervoor is dat die skrywer homself in hierdie kategorie bevind. Aangesien nie een van ons weet hoe lank ons nog op hierdie aarde sal wees nie, het die benadering 'n relevansie vir elke persoon se lewe. Ons weet ook nie hoe lank dit sal wees voordat Jesus op die wolke kom om ons te kom haal nie. In die tyd waarin ons lewe in 2023 wil dit voorkom of Sy koms net om die draai is.

Indien jy die gedigte swaarmoedig vind wil ek voorstel dat jy weer 'n slag jou verhouding met jou Hemelse Vader ondersoek. Niks kan tog groter vreugde verskaf as die sekerheid dat ons binnekort by Jesus sal wees nie.

My bede is dat hierdie dagstukkies jou verhouding met die Goddelikheid sal versterk. Indien jy nog nie 'n verhouding met Hom het nie vertrou ek dat jy by die lees van hierdie dagstukkies 'n dringende behoefte sal ontwikkel om jou verhouding met Hom reg te maak voordat dit vir ewig te laat word.

Amen!

Mag dit so wees!

1 Julie

Nagmaalbloed

Dankie vir U bloedsweet, Heer,
toe U Vader vra die smart te keer.

Toe U so vir ons sondes boet,
gehoorsaam, soos God se Seun moet.

Soos Mirjam aan U voet,
sit ek langs U voet vol bloed -

Spykergate!

Hoe kon U so vir my sonde boet?

Hoër op die wond van die swaard,
in U sy ingesny.

Nog bloed!

Dan U kop, Heer,
die verwoesting wat U so beseer:
gebroke lippe en tande, geklapte wange.

Nog bloed!

Om van U rug nie eers te praat;
verskeur verwoes, bebloed.

Dan op U kop die doringkroon
van satanshoon,
asof dit U lyding moet beloon.

Bloed, net bloed

wat vrylik vloei,
terwyl die sondewind oor Golgota loei,

verduur U hel en pyn.

Al wat ongeskend nog blyk

is U liefdevolle kyk,

deur U bloed.

Dan U hande Heer, oor my uitgestrek,

al my sonde te bedek.

Net die bloed wat my omvou

en so geboorte gee aan 'n nuwe ou;

genade druppelend my te was ,

vir ewig verlos van die sondelas.

Dankie, aan U voet te sit ,

U, vir ewig te aanbid.

Net U Bloed!

2 Julie

Ewige stryd

Was dit nog altyd daar;

die stryd tussen reg en barbaar?

Was die latente sleg,

net tydelik weg,

in satan verskuil,

die goed vir sleg verruil?

Die geskiedenis van tyd,

sal ewig en altyd

'n stryd wees tussen goed en kwaad;

Gods goedheid met kwaad te skaad.

Aardse tydspan van 6000 jaar

het net 'n kookpot van stryd gebaar.

Die sleg is besig om te wen,

Maar God bepaal 'n tyd,

wanneer satanskwaad word toegesluit.

Vir 'n rukkie in die ewigheid

Word die kwaad in die hel gebind;

Maar nooit vernietig nie.

Sal die sleg dan uit die hel kom,

of sal dit weer uit hemelwesens kom?

Sal die siklus van goed en kwaad nooit stop?

Is dit die wêreld se ewige lot?

Vernietig tog, my Heer,

hierdie bose, bose sweer.

Is die stryd vir ewig bepaal,
sal dit vir ewig herhaal?
Is die kwaad onvernietigbaar - nooit klaar?
is satansgees onvernietigbaar?
Net die dood kan sonde permanent verstoot.
Waarom Heer maak U satan dan nie dood,
sodat hy nooit weer U skepping in die hel in stoot?
Is die mens se lewe vir ewig gedoem tot helse bewe,
In siklusse van begin tot ewigheid?
Dank God vir die dood,
dat U so vir ons die sondelewe verstoot.
Dank dat U, ons Heer, in ons plek kom sterf
So die dood vir ons vererf.
Sodat ons in U kan lewe
En nie meer vir die hel bewe;
nie nou en nooit weer.
Al beur satan hoe
deur te breek deur die heldeur, so toe.
Word die proses vir ewig herhaal
'n duisend maal?
Bou U so bietjie vir bietjie die hemelkern vir U ewige feesmaal?

3 Julie

Waarlik te besit (2023)

Al begeer jy hoe,
al strewe jy tot in ewigheid toe
na dinge om jou,
ja, jy ou pronkpou.
Dit is als tevergeefs,
jy kan dit net 'n rukkie beleef.
Ware besit is in jou gees,
nie in jou vlees;
al voel jy met jou hand,
en kou jy met jou tand,
als net skynbedrog,
wees tog nie daaraan verknog.
Die liefde, vreugde en vrede,
deur Sy Gees in jou gegewe,
is al wat werklik is.
Moet dit tog nie in die lewe mis.
Daarsonder is daar niks.
Moet tog nie so swoeg en woel,
God weet wat jy in jou hart bedoel.
Kom lê jou lewe af,
soek Sy liefde so sag,
ja, Sy liefde en trou:
Hy vra net na jou berou,
Hom te glo en te vertrou.

4 Julie

Visvangnet

(Lukas 5)

Visvangnet, my gebrek,
toe ek jou wou herstel,
met my talente so getel;
so onvoldoende en vol gebrek,
ek, die satansgek.

My heil toe ek ontdek,
die verskuilde eie ek,
en oorgee aan Hom,
vanwaar alle heil kom.

Toe ek die draad van een net herstel,
en toelaat dat dit by God tel,
ontdek ek U belofte so groot:

"Vaar na die diepwater in jou geestesnood."

Maar weet: Hy alleen gee die oes,
slegs wanneer jy die self verwoes.

Werk aan jou toutjie-doen dit goed,
hy gaan daaruit 'n siel voed,
en grootmaak tot 'n vis,
Uit die hel gered, gewis.

5 Julie

Probleme (*Mat.6:24, Gal.2:20*)

Grondwortel van jou probleem?

Adamsonde wat jou van God vervreem.

Soos Adam wil ook jy,

God van jou eie lewe bly,

in beheer te wees, te lewe uit jou vlees,

te groet die lewe uit die Gees.

So word jy weinig meer as 'n mensbees.

So word die lewe dus, 'n stryd, gewis,

vol probleme wat jy nie kan mis

Die oplossing is te vind in uit te vind,

te erken die sonde wat jou bind:

Te sien hoe jy self wil beheer,

nie jou drang tot selfwil keer.

Hoe om agter Hom aan te kom,

(Mattheus 16: 24 gee die plan)

Selfverloëning en volg van Hom;

in die toelaat van Sy Gees jou te beheer,

kan jy die sondeval keer.

Wanneer jy nie meer leef, met al jou begeer,

nie meer aan jou eie wil vaskleef,

sal die sondelas van jou verkas.

Bring jou probleem na Hom,

daar waar verlossing vandaan kom.

6 Julie

Leuen van Eienaarskap

Het gedink besit is my beskik;

toe soek ek tagtig jaar

als vir my bymekaar.

Tot ek my greep verloor

op alles wat my so bekoor.

Eers was dit my lyf,

om dit maksimaal te bedryf.

Geleidelik het dit afgesterf,

hier op die aardse werf.

Toe het dit wat ek nog ag

my begin verag,

in verslyt en verweer,

my sekuriteit omgekeer.

My tyd loop uit,

alles is meer en meer verslyt.

Daar is nou weinig oor om te verloor.

Spoedig sal ek sterf,

en alles word deur ander vererf.

Dan staan ek met 'n leë leuen,

gestroop van alles om my heen.

Net U, o God, word steeds meer,

namate U hierdie sinloosheid omkeer.

7 Julie

My God

U is lief vir my;

U dood en boetedoen het my bevry.

U kan nie lieg;

U sal my vergewe, my red, nie meer op my sondes let.

Aan hierdie beloftes gryp ek vas;

ek weet ek sal die wegraping nie verpas.

Dank God, niks hiervan kan ek verdien;

Nooit sal my wil, my dryf, my flyt,

U genade vir my afslyt.

U belofte Heer,

laat my nooit van U af wegkeer.

Dit wat U belof is genoeg ;

dit sal my sondes wegploeg.

Kom reine Heer,

Laat niks ons verhouding keer.

Hou my vas, elke dag.

Ek het U lank verwag.

Moet tog nie van my vergeet,

U wat alles weet.

Ek hou aan U beloftes vas;

" my bloed sal jou sondes afwas"

Dankie vir U liefde Heer, in my hart omgekeer.

8 Julie

Goeie Here

Here, U is so goed, opreg in U gemoed.

U lieg nie- praat net waarheid,

U is deursigtige klaarheid.

Daarom kan ons U vertrou,

wanneer U beloof ons op te bou,

te versorg, op te tree as borg,

ons sondes te vergewe,

al laat dit satan bewe.

U is ewig Heer, U het oor tyd beheer.

Niks is groter as U nie,

hoe hoog 'n Moslemtoring ook mag troon.

U lag vir hul hoon, U wat bo die hemelgewelf woon,

toekyk op hul domme rondswerf,

hoe satan hul probeer bederf, bedrieg,

hul in die afgrond in gelieg.

Om te glo dat hul self god kan wees deur

goed te doen en so die hemel te win.

Tientriljoen mense breine,

maak nie die minste indruk teen Syne.

God is ewig, almagtig en goed.

Sy nederige Seun kom boet,

vir jou en my sonde.

Neem dit aan; glo in Hom tot Hy weer kom.

9 Julie

Geloof

(Gal.3)

Gratis geskenk wat God beloof,
vorm die basis van ons geloof.

Geloof is nie iets om te doen,
so 'n geloof kan nie versoen.

Alleen geloof in Hom,
vanwaar my redding kom.

Slegs so 'n geloof kan vertrou,
dat Hy ons van die hel onthou.

Abraham het geglo
toe hy nie kon sien wat belowe is,
hy het geweet God lieg nie, dit is beslis.

Uit Sy mond kom net waarheid,
om ons te gee geestelike klaarheid.

Gryp vas aan Hom, laat Sy liefde jou red,
Gebruik gebed.

Bely jou skuld.

Hou vas aan Sy geduld.

Hy wil jou red, Hy het vir jou skuld betaal.

Glo - Hy het beloof,
beweeg so oor die helse kloof,
in die arms in van Hom wat op jou wag,
Hy met die ewige krag.

10 Julie

Beste Vakansie

(Gal .4: 23. Scottburg 2023)

Was dit dan die beste ooit,

kon niks dit wen, ooit?

My laaste sien van die see,

neem my gevoelens en gedagtes mee.

'n Honderd keer my Heer,

Het U so my gedagtes beheer,

My sig op die horison vasgepen,

Tog niks meer as 5 kilometers, moet ek erken,

So word ook my gedagtes oor U grootheid afgerem

totdat ek my beperktheid voor U erken.

Nou bly nog net wat ek nie kan sien,

dit by U wat ek ewig wil dien.

My blik sweef op na U hemelboog,

vêr bo wat ek kan sien met my mense-oog.

Deur die wolke heen

sien ek reeds die oop deur van U seën,

waar ek ewig gaan rus,

vir altyd deur U genade gekus.

Dus sal ek nie meer huil,

Oor die aardse mooi, so dikwels verskuil.

Al wat nou nog tel, my God en Heer,

is U beloftes so teer.

U genade is genoeg,
die lewe kon my nie ploeg.
Vir altyd Heer, by U!
U het so hoog vir my gebie.
Dankie Heer!

11 Julie

Die Seepad

(Lukas 5)

"As you go you reach your miracle"

Wie sal my die pad wys,

die afstand bepaal,

sodat my eie sotheid my nie inhaal;

Ek kom op 'n plek

en sterf aan eie drek?

Net U Heer wat die wysheid skenk,

Ver bo wat ek kan bedenk.

Gee my die kennis Heer,

my rigtingloosheid te besweer,

insig Heer,

van die verkeerde seepad te keer.

U alleen weet waar die diep water is,

Daar waar die oorvloed visse is.

U gee die wind,

U is my goedgesind.

Dankie vir die Engelas om te help.

12 Julie

Antwoord vir Wakkerlê-worstelstryd

Worstelstryd van wording,

soos geboorte in vleeswording,

voorloper van nuwemenswording;

gebore uit gees

in aflê van vlees.

So is die beuring

na die ewige lewe deurdringing.

In jou koors op die grens van virtualiteit,

moet jy ook jou lewe slyt.

Al voel die tyd gemors,

leer jy so na die lewe dors.

Dankie Vriend vir U deel,

van U stryd so omvattend in geheel.

Spoedig rus ons sag,

gebore uit die sondenag

in U lig deur U vir ons vermag.

13 Julie

Nog een Gebed

U weet van alles deur U gedoen,

vir elke liefdesoen,

toe U uit U hart praat,

en vir elke goeie daad.

Veral Heer toe ek ander kon leer,

van U my Heer.

Toe U my kies en ek vergeefs spartel,

in U liefdesgreep wat voel soos martel.

So het U my gevorm deur alles heen,

my van self gespeen.

Dankie vir die boeke,

die antwoord op baie soeke.

Dankie dat dit ook ander vertel,

van U my God, U goedheid ongetel.

Gebruik die boeke Heer,

selfs na my aardse verweer,

wanneer ek as as word gestrooi,

laat U genade steeds ontplooi,

vir siele in te kom,

nie meer wagtend vir Hom.

Kom gou my Heer, die menseval te keer.

Ek is lief vir U

DankU.

14 Julie

Voor Konsepsiesiele

Ek, dooie siel op die rak,
van God se verskeidenheid, vasgeplak.

Dood, met potensiaal,
wat net God uit die mens kan haal.

So begin lewe in Hom,
daar waar ek vandaan kom.

Hy laat my gebore word;
uit geesdood tot lewe.

So moet ek Hom dien,
deur die wet wat Hy voorsien.

Tot geesdood gaan oor tot lewe,
wanneer ek op Sy genade begin swewe.

Genade betoon van Bo.

Genade verdien deur Jesus' lyding heen,

Dat ek kan eet, lewensbrood,
genade verdien deur U bloedsweet.

Dankie dat ek nou kan leef in hierdie weet,
nie deur dwang van die wet ontvang,

maar in liefde gebore,
in U genade uitverkore.

Hoe kan my trou aan U, my Bruidegom,
gedwing word deur wetsonderhouding om?

Hierdie siel leef
deur liefdesgenade, in Godsgoedheid ingeweef.

15 Julie

Wie is jou god?

(Spr. 3:34: hulle wat nederig is en uit Sy hand leef,

Het Hy oneindig lief)

Die geheim van alles is niks,-

God skep die ewigheid in 'n kits.

Hoe groot is Hy wat alles skep,

hoe klein die mensie met homself behep.

God skep al groter,

selfsug maak die mens al kleiner.

In liefde gee God en verruim Homself,

mens krap tevergeefs in sy selfspens.

Hoe kan hy in die leë self na skatte delf?

God se geeliefde word al breër

selfliefde maak die mens 'n noue selfbedrieër.

Net God is God,

die mens is vrot.

Hoe meer mens God wil wees,

hoe meer word hy sterflike vlees.

God alleen is God.

Dit is Sy skeppingsgebod.

Net hy wat uit Gods hand wil eet,

homself verloën,

sal in Gods liefde woon.

16 Julie

Grote Ek

(1 *Pertrus* 5:5)

Hoe groter ek,

hoe groter gek.

God is lief vir die nederige,

die wat hulself verloën.

In hulle wil Hy woon.

Wat is selfverloëning, Heer?

Is dit om die self om te keer,

te ontken, vir hom 'nee' te sê?

Hoe sien jy jou ware self?

God sê: " Wanneer jy aanhou dieper delf,

tot jy by die punt kom waar jy niks vind

van self wat jou aan satan bind.

Moenie van jouself so baie dink,

in jou eie grootheidswaan sal jy die hel ins

ink."

Vergeet van Sielkunde, van die Humanis,

hulle wil jou verlei, gewis,

Met hul selfbeeldprediking,

lei hulle jou die hel in.

God sê: " Weg met self, volg My,

so alleen kan jy die ewige lewe kry."

17 Julie

Laaste ure

Laaste 24 uur

vir my verduur.

Eers die worsteling,

met Sy bloed wat die grond indring.

Hoeveel moet jy ly,

dat die bloed van jou voorkop gly,

soos sweet?

Net U sal weet,

hoeveel U moes ly,

my van sonde te bevry.

Sodat ek nie hoef te boet,

en die verlossing te ervaar-so soet.

Wat was die ergste Heer,

liggaamslyding of verperpingspyne,

toe U geliefde vriende U verlaat,

U uitverkore volk roep na U smaad,

U van Vader moes hoor

dat Hy U gaan verlaat.?

Net U, Alleen, gestroop van al,

dit maak 'n mens mal,

tot U salig sterf met:

“ Dit is volbring.”

Wetend U het die siele ingebring-die dood oorwin.

18 Julie

Ek 2

(1 Petrus 5:5)

Clothe yourself, all of you with humility,

as the garb of a servant,

so that its covering cannot be stripped from you,

with freedom from pride and arrogance toward one another.

God sets Himself against the:

Proud: Trotsaards

Insolent: Onbeskaamdes, parmantiges

Onverbearing: Aanmatigendes, hoogmoediges, baasspeleriges

Presumptious: verwaandes, voorbariges

Boastful: Spoggeriges, windmakeriges

Disdainful: Wie ander met minagting behandel

He gives grace to the humble.

19 Julie

Swart of Witt

Is jy geskik,
die hemelpoort in te buk?
Of moet jy nog meer leer buig,
nog meer aan teenspoed suig,
om in jouself klein te word,
jouself in te gort,
tot jy deur die oog van 'n naald,
los kan gly, onbepaald,
wanneer Hy jou kom roep,
en jy voor Hom moet boet;
met leë hande staan,
met slegs die prys deur Hom betaal?
Sy hande is, Goddank, nie leeg,
maar vol genade soos dit oor jou beweeg.
Kan jy dit vat, dit ontvang?
Jy is tog nie bang,
niks te wees,
stil voor Hom te beef,
vir ewig aan Sy voet te sit ,
Hom te bly aanbid.

20 Julie

Skeppingsdimensie

Eers skep Hy lig,

uit duisternis gelig, te verlig, vir sig.

Hy sê dis goed,

soos God.

Toe skep Hy kleur,

omdat Hy alles beheer.

Toe kom beweging,

toe singewing.

Alles in Sy almag,

alles uit Sy groot krag.

Toe maak Hy lewe,

net van Hom gegewe.

Toe groei en voortplanting.

Toe kom die mens

en hy skep dood

en hieruit sy eie lewensnood.

Hy vervang sondeloosheid met doodse boosheid.

Tog, God heers oor die dood

en skep weer lewe deur Sy Seun se dood te gewe,

deur dood te oorwin en dooie geeste in te bring.

So skep God goedheid en vrede,

om die slegte sondemens te laat bewe.

21 Julie

Diepwater

(Lukas 5 . 13 April 2023)

Op U woord, O Heer,

gee ek oor aan U beheer.

U, wat alles weet,

sê my waar en hoe ek moet sweet.

Vir bykans tien jaar nou,

poog ek siele vir U te behou.

Soos Petrus het ek niks gevang,

en is nou effens bang,

vir mislukkingseer,

wanneer ek weer probeer.

Tog sê U, Heer: "Diepwater toe."

Die nette is nou bykans gewas,

en elke tou gelas.

U het die net herstel.

Ek wag nou op U bevel:

"Diepwater toe, waar die visse wag."

Alles net in en deur U krag.

Dankie Heer, my God, U laat lewe deur my bot,

in menige moeë siel, deur satan verniel.

Siele vir God te vang;

nou nie meer bang.

22 Julie

Simon-Petrus

(Luk. 5, Hebr.10:9- -22 April 2023)

Hoe kon my ma weet, dat ek Petrus moes heet?

Het sy tagtig jaar terug

geweet dat ek vir die sonde sou vlug;

dat daar 'n dag sou kom,

dat Jesus in my lewe sou inkom,

met die woord:

"Simon-Petrus vaar diepwater toe?"

Het sy in haar gees gesien,

my liefde om te dien?

Alles genade van God,

Hy gee immers Sy liefdesgebod.

Het sy toe reeds geweet van die tweede boot,

wat langs my die water sou instoot?

met die Engelahelper aan boord?

Kon sy dit sien; 'n helper vir haar kind,

so nou aan haar verbind?

So sou die kind die nette los,

en konsentreer op sielekos;

dit waarvoor hy sou kom:

" Kyk, o God, hier is ek, om U wil te doen,"

ander met U te versoen.

23 Julie

Waarheen Heer?

Die wind het opgehou met waai,

my spane lê stil; sonder swaai.

Ek, net drywend, sonder krag of plan-

geen vis gevang.

Tog is U wind vir my gespan.

In Sy stille fluister lê my krag:

"Jy mag nou beter verwag.

Weet Ek is by jou,

in jou lewensboot ingebou,

sonder die ou, die eie-ek ou."

Onverklaarbaarheid bring vrees-

of steun op die Heilige Gees.

Met nuwe moed, op spoed, diepwater toe.

Hy gee wind,

koers en regte gesind;

nuwe hoop en moed,

so sal Hy my leed vergoed.

Gedink: ek kom land- toe staan Hy op die strand.

Hy klim in my boot,

Laat hom windop loop-

Diepwater toe.

24 Julie

Moeg (1 Maart 2023)

Was ek vry -Het ek my in U verbly?

Waarom vir myself so lieg-

Heer, ek kom voor U bieg:

My oornaghut

het my nog steeds beskut;

My gedagtes was my bron,

vanwaar my sekerheid kom.

Dankie dat U als openbaar,

maak dit tog nou klaar.

Help my om my lewe af te skud,

aan U oor te gee, my God.

Gee my U krag,

U wat als vermag.

Ek het U so nodig vandag

Dankie vir U krag wat vloei,

U wat my versugting in U vasboei.

Dankie dat ek nie hoef te verstaan,

alleen my hart hou op die pad deur U gebaan;

Om te lewe in vertrou, nooit in aanskou.

Dankie vir U wil, dit maak my ongeloof stil.

So word ek vry en kan ek my in U verbly.

Dankie dat U als openbaar.

25 Julie

Rusdag

Heerlike rusdag,
langverwagte kragdag;
om weer te kan begin,
rustig oor Hom te kan besin,
Sy raad te vra, te luister na Hom,
Vanwaar alle goeie rate kom.
Net alles agter te laat,
al die week se swoeg en smaat.
Te weet Hy dink nie meer
aan alles wat my siel swartsmeer.
Hy staan net en wag,
met ope arms vol krag,
vir die wat als reg bedag.
Hy kyk nie na jou slegte werkverslag.
wanneer jy daaroor voor Hom huil
weet jy kan in Sy genade skuil.
Hy wil jou vandag voed,
met alles goed,
selfs Sy genadebloed,
om Sy plan met jou vas te maak,
een sondesmaat,
et vrede en rus,
wanneer Hy jou met liefde kus in Sy rus.

26 Julie

Vir A

(4 Januarie 2023)

Eerste kleinkind,

bloedkind,

van jou en my.

Klein soos jy.

Bron van vreugde,

so vol reine deugde.

Dankie God en Heer,

vir U seën - so ongekeer.

Sal U haar lewetjie beheer,

haar gebruik tot U eer.

Hou haar vas,

dat geen leed haar sal belas.

Ek bid vir ons, my vrou,

dat die kind ons altyd sal behou-

tot trou,

tot die ewigheid ons toevou.

van D

27 Julie

Monkey –afgestorwe katjie

Jy met jou sagte wit lyf,

wat elke nag teen my lê, so styf.

Met jou kop in my hand,

koppie met so min katverstand.

Maar jou liefde en trou hou my instand.

Dit keer dat ek my verstand verloor

elke keer as iemand my boor.

Altyd kom ek terug met 'n sug

as jy my moedgee vir my daaglikse plig.

Een lewende wese, altyd opreg, altyd betroubaar,

altyd diensbaar.

Altyd op my hakke ,

net jy ken my smart se vlakke.

Mis jou my kat, my skat.

Weet ek sal jou weldra anderkant sien,

waar ek glo jy Hom nou dien.

Pa P

28 Julie

Dood en Lewe (Efes.2:13)

Die sonde het ons doodgemaak.

Ons sou die ewigheid nooit by U kon smaak.

Alleen in ons selfdood kon U ons kom haal,

deur Self in die hel neer te daal,

toe U als volbring

en die engele juigend sing,

is ons die hemel ingebring.

God self verklaar:

"Maar nou is julle een met Christus Jesus"

Jesus het vir ons die dood oorwin,

die hel in ons plek ingedring,

ons so uit die dood te bring.

Dankie, dankie Heer.

Dit was nodig, net eenkeer,

U bloed te stort,

die hel so in te kort,

Vir 'n klein tydjie voor ons sterf aan self,

die ou lewe vir ewig bederf,

die heerlikheid verwerf.

Ons het die ewigheid so nodig,

U te dank vir die ou mens, so oorbodig.

Nou in ons reine eenheid met U,

nuutgemaak, vir U nuwe taak.

Hemelburger! Ons hoef na niks meer te hunker.

29 Julie

Geloof

Begin met afhanklikheid,
soos 'n baba skreeu vir kos, hitte en sorgsaamheid.

Geloof kom na gereelde sorg,
van Iemand wat instaan as borg.

So kom niks tot iets deur die een wat vertrouë kies.

Alles uit genade;
ook jy kon verwerp wees,
ja, 'n wees.

Alles, alleen deur toelating van Sy Gees,
alleen in jou niksword,
kom jy by alles wat Hy vir jou verdien,
om Sy goedheid te sien.

Die weg na Jesus gebaan,
alleen deur op jou knieë te staan.

Dan die was, die voetewas,
nie die kopwas.

Alleen deur jou selfverloëning,
voor die Erekonink,
word die nuwe mens gebore,
deur God uitverkore,
om in Hom te leef,
die hemelruim in te sweef.

Indien jy nie self buig,
bid dat God jou so bemin,

jou te buig en in te bring,

na Sy sin.

30 Julie

Feast of Trumpets

6 September 2022

(begin om sononder van 5 September vir 2 dae)

Sal U vandag kom,

my die hel te laat ontkom,

wil jy die wegraping misloop,

van hemelse luister gestroop?

Die hel wat vir 7 jaar duur-sonder kuur.

Dan is die kerk weg,

al wat vandag nog weerhou die sleg.

Ja, wat die die hel weerhou,

blyplek van die pronkpou,

wie self god wil wees,

sonder om die ware God te vrees.

Sal U my van daardie hel onthou,

in U huwelikskleed toegevou?

My gereedmaak, vir U ewigheidstaak;

U te dien en eer,

U vir ewig te verHeer.

My God---My God,

My ewige salige lot.

Dankie, dankie Heer, vir ewig aan U die eer.

31 Julie

Estergees

Mooie Esterkind,

Hadassa was jou naam gewees.

Weeskind, oom Morrie het jou grootgemaak,
jou nooit, nooit versaak.

Al was julle bannelinge, nooit deur God vergeet,
Hy wat alles van jul weet.

Mooie mens, uitverkies vir die Purimfees;
gerig deur God se Gees:

Nederige vrou, altyd aan jou Borg getrou,
altyd kon Hy jou vertrou.

Gehoorsame kind, God het jou gevind,
jou gekies vir 'n tyd soos nou.

Jy mag voor die Koning staan,
Soos dit jou betaam.

Nederig sonder selfverherheffing,
gesëen met vrouewysheid.

Jy was so baie soos ons Heer

Wie telkens vir ons die onheil afweer.

Moderne Hadassa, jy met jou Estergees,
bly op koers, sonder vrees.

1 Augustus

Doen of glo

Sagte band van geloof,

sag, maar nie swak,

soos aan 'n boom, 'n tak.

niks sonder die stam;

so ook die siel sonder geloofsaanhang.

Nie in doen, net in geloof,

kan jy die siel keer van opdroog.

Alleen te drink van die wyn,

die sieleheil vir jou en myn.

Tog, wyn is niks,

Net die heil daardeur beskik;

die versterking van geloof,

van alles wat God beloof.

Weet, in geloof was Sy bloed jou skoon,

so laat Hy Sy Gees in jou woon.

Dit wat jy sien en vat,

kan nooit God se liefde vir jou omvat.

Net die geloofsoog kan iets sien,

van die ewige lewe wat Hy aan jou bedien.

So voel jy Sy sagte hand van liefde,

op jou rus, ewig deur Hom gekus.

Hou vas in geloof aan Hom - dit is al hoe jy gaan inkom.

2 Augustus

Doop

Dood in jou moeder se skoot.

Net haar lewe gee jou lewe.

Alleen suurstof deur die naelstring

kan jou tot lewe bring.

Voor jy vir ewig kan lewe

moet jy weer voor die dood bewe;

Weer sonder asem van self,

deur geboortenaelstring lug ingebring,

deur geloof in Sy dood wat jou lewe gee,

die dood weggee.

In die selfdood is daar geen asemnood.

God se asem, Sy Ruachwind, gee lewe:

In : Jah

Uit: Weh

Die Ruachwind van God ,

Jou, so goedgesind.

3 Augustus

God of Afgod

(Gal. 5:13-26)

Wie sal dit wees, wie sal jy dien?

Net twee van te kies.

Of God of self- die laaste 'n verlies.

'n Helder streep is getrek;

Of God of eiedrekek.

God is God, Hy deel nie Sy eer,

al probeer jy hoe hard jouself verheer.

Wat is die sleutel,

hoe sal God vir jou begin tel?

Wat breek die oersonde van begeer en beheer?

Wat kan die mens van die ewige hel keer?

Slegs die mens se sterf aan homself;

Die dood van die mens se wil en begeer,

die omkeer van die woordjie **beheer**.

Die mens soek beheer maar God keer

deur die woordjie **laattoe**.

Alleen in jou oorgee aan Hom, Kan daar vrede in jou siel kom.

Kies weg van self, kruisig self, laat Hom toe, gee oor aan Hom,

laat Hy jou lei, jou beheer, jou gedrag bepaal,

elke dag, 'n duisend maal.

Verlustig jou in Hom, van Wie die ewige heil kom.

4 Augustus

Oop Deure

Die dood van nieteweës,

word deur bevrugting genees.

So word die eerste deur geopen,

jy word as mens gereken.

Die deur na lig en asemhaal,

word deur geboorte bepaal.

Om te kan loop en praat,

open die deur na ander te haat,

of met liefde te beraat.

Die skooldeur wat toeklap,

open die deur na volwassedeurstap.

'n Loopbaan open die deur,

om as vrou of man voort te beur,

iets en iemand te word

by wie daar niks meer skort.

Die groot deur van redding en lewe,

word soms iewers langs die pad belewe;

gou of later word so sin gevind.

Deur die doop word jy aan God verbind

of deur satan verblind.

So swaai die deur na ewigheid oop,

die deur van nieteweës vir ewig oop.

Die doel van alles maak dan sin,

dit bring jou die hemel in.

Of, mag God verhoed,

dat jy in die hel sal boet,

omdat jy nooit deur die deur na Hom

inkom.

5 Augustus

Verstopping

Vir Self: Hoe deurbreek ek die verstopping,

die deurvloei van siel na gees?

Ek het immers die vryheid om te kies,

Heilige Gees toe te laat, te vloei van siel na gees,

om ander met liefde te beraat, die eie ek dood te maak,

God voor te stoot,

Hy, my Leidsman en my Heer,

Hy, wat lei en beheer.

Die geheim lê in **toelaat**,

voor dit word te laat.

Vir die vrou:

Sal jy tog ook die vryheid benut,

jy wat weet jy word deur God beskut.

So deur te breek deur blokkasies,

veral die eie dom redenasies.

Moet tog nie so baie bedink,

so die hel insink.

Sal jy tog Gees toelaat,

jou gedagtes nuut te maak,

te vul met hoop,

te weet jy word nie verstoot.

Vir God:

Help haar tog teer,

toelaat dat U Gees haar beheer.

Dankie vir my vrou.

Sal U haar tog opbou,

haar geloof versterk

al die verstoppings wegwerk.

6 Augustus

30 April 1943--30 April 2023

Tagtig jaar terug,

op 'n Vrydag,

het jou ma ontsluit,

die donker vir jou deur geboorte gestuit,

volgens God se besluit.

Toe na agtien jaar

kom ons by mekaar.

Sedertdien my vrou,

het jy my met liefde bedien,

sonder dat ek iets daarvan verdien.

Nou twee-en-sestig jaar later

Maak ons gereed oor te stap

Die een dalk voor die ander, terwyl die lewe die ander bly trap.

Wens ek het woorde gehad jou te vertel

van my dankbaarheid en liefde ongetel.

Mag ons saam nog 'n tydjie hier deel

en nie 'n enkele minuut verspeel.

Seën en voorspoed my vrou.

Ek sal jou altyd onthou.

7 Augustus

Die kleintjies van Mat. 18

Jy wat jouself gering ag,

en niemand verag.

Jesus sê jy is vir Hom

so goed as 'n mens kan kom.

Wanneer ons, die kameel,

ons, ons niks meer verbeel,

klein word soos 'n speldekop,

kan ons die hel fop.

Wee hom wat tot struikeling bring,

kap hom af tot in die graf

(voet, of hand of oog).

Beter sonder hom as met hom in die hel te kom.

Voor God is ons klein soos 'n skaap,

maar Hy, die Wagter, het ons vir Hom gekoop.

Hy soek ons, hou ons vas,

so sal ons die hel verpas.

Alleen die hardekopskaap, sonder berou en selfgemaak,

moet jy vermy en hom van jou afsny.

Soek die gemeenskap van ander kleintjies,

bid saam en vra na Hom, vanwaar jou heil kom.

Alleen in jou vergifnis, leef Hy in jou,

Vermoor dan tog die eie pronkpou, en Hy sal jou toevou.

Net 'n stofspikkel, so klein, kan deur die speldekop huppel.

8 Augustus

Diepwater (1)

(Lukas 5 . 13 April 2023)

Op U woord, O Heer,

gee ek oor aan U beheer.

U, wat alles weet,

sê my waar en hoe ek moet sweet.

Vir bykans tien jaar nou,

poog ek siele vir U te behou.

Soos Petrus het ek niks gevang,

en is nou effens bang,

vir mislukkingseer

wanneer ek weer probeer,

Tog sê U, Heer: "Diepwater toe."

Die nette is nou bykans gewas,

en elke tou gelas.

U het die net herstel.

Ek wag nou op U bevel:

"Diepwater toe, waar die visse wag."

Alles net in en deur U krag.

Dankie Heer, my God, U laat lewe deur my bot,

in menige moeë siel, deur satan verniel.

Siele vir God te vang; nou nie meer bang.

9 Augustus **Wie is U**

Wie is U my Heer?

Is dit so dat niks U keer,

met sondaars te meng,

hul intiem te ken,

met hul te verkeer,

hulle siele om te keer?

Neem U deel,

om siele te heel,

of trek U ook 'n streep?

Keer U steeds dobbeltafels om?

Skel U nog op die Fariseër

hulle wat U probeer beheer?

Sê U nog die koning sleg?

Maak U nog 'n uitspraak

oor hulle wat gedurig galbraak?

Sê U nog: "Skut die stof af,

van hul wat my verag?"

Sê U Nog: "Gaan onder hulle uit,

hul wat teen My besluit?"

Sê U ook dat hul wat kind bo U eer,

nie werd is voor U te kom, my Heer?

Praat U in U woord, meer van hel en dood

as hemel of ewige brood?

Ken ons van U net wat ons wil, wat pas by ons mensegril?

10 Augustus

As you go you receive the miracle

Lukas 5: 5 (15 April 2023)

Wie sal my die pad wys,
wie sal my afstand bepaal,
sodat my eie sotheid my nie agterhaal,
en ek kom op 'n plek,
waar ek verdrink in eie-ekdrekk?

**Net U, Heer, wie die wysheid skenk,
vêr bo wat 'n mens kan bedenk.**

Gee my die wysheid, Heer,
die domheid te besweer, dit om te keer-
insig, Heer,
op die verkeerde pad omtekeer.

U alleen weet waar die diepwater is,
daar waar oorvloed visse is.

U gee die wind,

U is my goedgesind.

Dankie vir die maters om te help;
die groot oes in te bring, binne in die bote in.

Aan U die eer, my Heer,

U wat alles beHeer.

11 Augustus

Goeie Here

(Scottburgh 2023)

Here, U is so goed,

opreg in U gemoed.

U lieg nie- praat net waarheid,

U is deursigtige klaarheid.

Daarom kan ons U vertrou,

wanneer U beloof ons op te bou,

te versorg, op te tree as borg,

ons sondes te vergewe,

al laat dit satan bewe.

U is ewig Heer,

U het oor tyd beheer.

Niks is groter as U nie,

hoe hoog 'n Moslemtoring ook mag troon,

U lag vir hul hoon, U wat bo die hemelgewelf woon,

toekyk op hul domme rondswerf,

hoe satan hul probeer bederf , bedrieg,

hul in die afgrond in belieg.

Om te glo dat hul self god kan wees deur

goed te doen en so die hemel te win.

Tientriljoen mense breine,

maak nie die minste indruk teen Syne.

God is ewig, almagtig en goed.

Sy nederige Seun kom boet,

vir jou en my sonde.

Neem dit aan; glo in Hom tot Hy weer kom.

12 Augustus

Gebed vir my vriend, Jakobus

Ya'qov

(Jakob mooie naam, kort vir Jakobus)

'n Leeftyd lank doen hy eer aan hierdie naam.

Ons dank U Here vir hierdie man:

Jakob se naamgenoot,

nog nooit deur, U ons God, verstoot.

U het hom getoets, gemeet,

toe hy van pyn en lyding sweet.

U weet van sy nagworsteling, sy dagworsteling.

U weet hoe hy daar deurkom;

hoe U krag in sy swakheid word volmag.

Dankie Heer.

Getoë, getoets: karoobossietoets,

wat met so min so baie gee.

Onooglik maar met lewenskrag,

wat deur U die onmoontlike vermag.

Sy laaste skof lê nou voor,

dofweg hoor ons reeds die hemelkoor.

Hou hom steeds op sy pos,

vanwaar hy hemelbriewe pos,

na ons die dorre grond,

Lewenswater, woorde van God, in liefde verseël. Amen!

13 Augustus

Gasverwarmer

(Junie -Junie)

Jy, vol van gas wat rondplons,
koud en vloeibaar, verhit tog vir ons.

Hoe kan koud warm word?

Alleen deur 'n vonk,
wat gas vuur laat word.

Ons is soos die verwarmer,

Gevul met U gas, verseker.

Maar sonder vonk van glo en vertrou,
van berou en op U bou

bly die Geeskrag dood in ons rondplons,
en kan dit nie hitte uitstraal vir ons.

Ek laat U toe; ek gee oor,
en wil glo dat U my verhoor.

Kom Vonk van Genade,
breek tog deur die koue sieleskade.

Verhit my Heer ,
breek af wat nog keer,
dat U Geeshitte versprei
ander vir die ewigheid voor te berei.

Kom vonk van" toelaat"
voor dit word vir ewig te laat.

14 Augustus

Die Geheimenis

(Efes. 3:6)

Evangelie, blye boodskap,
te midde van al die menslike doodkap,
nie net van liggaam,
maar ook siel, in die dans van die doodsriel,
in harmonie met die mensewêreld.

Goddank vir U Gees in my,
Hy wat my gees ewig aan U bind.
Waarlik, ek het genade in U gevind.

Nou een met my Heer,
aan my sy, die Jood, my Broer.
niks kan my meer ontroer.

U het my die brood van die lewe gevoer.

Die wete ontroer my gemoed,
ek hoef nie meer in die hel te boet.

het U die dood en hel oorwin,

U het my ingebring.

Nou is ek deel van U volk
en wag op U koms op die hemelwolk.

Dankie vir deelgenoot te wees
van U volk en liggaam

So groot. Kom gou my Heer!

15 Augustus

Derde Lewe

24 Junie 2023

Eers was daar die onbeplande swangerskap.

Goddank, die ouers kies vir hul kind die lewe;

vir die ongebore kind het hulle liefde gevind.

So het hy bly lewe, die eerste lewe.

Goddank nie met 'n tang stukkie uit die baarmoeder opgevang.

Hy het die eerste dood oorleef.

U, God, het die lewe gegewe.

Die kind het afgedwaal.

Sy lewe word 'n treurverhaal,

van vergryp aan plesier,

soos 'n redelose dier,

'n soeke na sekuriteit in self.

Hy was genadiglik van nature swak bedeel,

en moes sy onvermoë met God deel.

So het hy aan self gesterf.

Dit was die tweede dood- die self.

Die nuwe lewe het nou gekom.

Die lewe het in hom geblom.

Hy het in sy God geleef,

om nooit weer vir die dood te beef.

Toe kom die derde dood.

God het dit vir hom ontbloot.

Dit is waar hy binnekort sou hoort.

Hy sou die aarde moes verlaat,

in 'n vleesdood, 'n dooie staat.

Uit hierdie dood was daar geen uitkoms meer.

Hy sou deur die dood moes beur,

om ewig by God die oorwinning oor dood te vier.

Hy was nie meer hier.

16 Augustus

Boekemaak 2023

Steeds vasgeloop,

eie onvermoë bly geknoop.

Wanneer word hy van self gestroop?

Iewers in die toekoms lê *diep water toe*,

daar waar die baie visse loop.

Ek weet U toets my Here,

soos vorige kere.

Vergewe my dat ek op ander wag,

hulle kan tog nie vervang U Godddelike krag.

U alleen het al die mag,

dra my ook deur hierdie nag.

U opdrag is tog: " Wag, iewers in die toekoms wag die dag".

Dankie vir die manna van U Woord,

waarmee U my voed en behoed.

Dankie vir die manna-aas vir honger siele; U woord.

Maak dit tog verteerbare aas

siele in te bring vir U, die Baas.

Honger siele wat smagtend roep,

na U genadebloed.

Here ontsluit die blokkasie,

op U tyd deur U grasie.

U weet my tyd loop uit,

maak asseblief U besluit.

Seën Engel(a) deur U gestuur.

17 Augustus

Moedeloos

Hoogtepunt van jou lewe,
bemoenienis deur God gegewe,
toe jy weet jy nie meer kan,
en jy om jou kyk; bang-bang,
vir die lewenseis,
ver bo wat jy uit jouself kan bewys.
Hoogtepunt, toe jy op jou knieë gaan,
en sê: "Ek weet nie verderaan,
help my Here moet my tog nie begewe."
Sy krag kom in werking,
in jou aardse beperking.
Wanneer jy na Hom roep
antwoord Hy met 'n vriendelike groet:
"Kom na my toe, jy met jou moedelose ek,
jy is nou op die regte plek,
dat Ek jou met genade toe kan dek.
Ek maak jou 'n wêreldgek,
om jou te bring op die regte plek;
hier by My voete wil ek jou versterk."
Juig dan, moedelse,
Jy is vrygestel van die bose,
bekragtig in jou God, jou ewige salige lot.

18 Augustus

Onsterflike siel

As God eenmaal lewe gee,

kan niemand dit teruggee.

Geen siel kan sterf,

net ly in die verderf,

of ewig lewe,

met ononderbroke vrede.

Net een van twee,

bring jou keuse mee.

Kies jy die ewige straf,

brand jy soos kaf.

Of kies jy die ewige vreugde,

bly jy by God met al Sy deugde.

Hoe lank sal dit duur, jou vreug of vrees?

Langer as wat jy kan bedink, God of satan se kind.

Waarom sal jy dan, dom, kies om nie by Hom uit te kom?

Nou, ja nou, en hier,

gee hy jou die geleentheid vir ewige plesier.

Gryp die kans,

vermy die helse krans.

Sweef op na Bo,

daar waar Hy vir jou wag.

Die keuse is in jou mag.

19 Augustus

Virtuele vriend *vir nou.*

Ek kan jou nie sien,
jou hand vat,
in jou oë kyk,
met jou praat,
of jou help nie.

Tog bly jy my vriend.

Ek kan: jou met my geesoog sien,
jou hand in liedevolle belangstelling vat,
jou met gebede teen die trappe ophelp,
jou oë sien, vol wysheid en hoe jy met deernis kyk,
die eggo van jou woorde hoor.

Ek kan hulp vir jou bedink,
jou streel met my woorde.

So bly jy my vriend en eendag,

wanneer ons oorgestap het,

sal virtueel, volmaakte realiteit wees.

Beste Vriend *vir ewig.*

Vir 'n rukkie op aarde, moet ek U virtueel beleef.

Tog is U werklikheid so groot, ek moet voor U buig.

U is so werklik, Heer;

U het my self uitgeskeur

vir U woonplek te maak,

vir ewig te verseël, wat 'n wondersaak.

20 Augustus

Is jy my broer?

Is jy vies vir my, my broer,
het ek iets slegs in jou geroer,
toe ek jou kind verwerp,
haatlik en skerp,
alle bande breek,
geen grenslyn meer om oor te steek?

Ja, tog is jy nie reg;

ek is nie **jou** kneg.

My hoogste lojaliteit,

is nie aan jou in jou menslikheid.

Want,

God het gesê: "Vermy die anti-chris,

gaan onder die Godloënaar uit,

sonder julle af,

jy het immers niks te doen met die kaf;

moenie in dieselfde juk trek,

anders sal jy saam met hom vrek."

Vir wie moet ek luister, môre sal ek sterf,

en deur die hemelruimte swerf,

voor ek voor Hom moet buig, en van my lewe getuig.

My boetie, **ek kies Hom**, vanwaar my ewige lewe kom.

Jammer vir die pyn.

Mag dit iewers in die toekoms verdwyn.

21 Augustus 2023

Vir oorlede J

(Op sy laaste verjaarsdag 26 Aug. 2022)

Toe is daar nog een,

'n jaar is daarmee heen.

Gewonder: sou jy dit maak?

Genadiglik het Hy jou bewaak.

Tog is ons elke dag bestem,

ons greep op die lewe te ontklem,

die greep op die lewensrem.

Nou sweef ons gedagtes na Bo,

na Hom in wie ons glo.

Nog is die dop hier,

tog, nie meer om te versier.

Spoedig stap ons oor,

deel te word van die hemelkoor.

Mag Hy jou bruikbaar vind --hier of daar,

genadiglik bly Hy aan bewind.

Goddank vir die hemelklank:

Hy sal jou onderskraag, soos dit Hom behaag.

22 Augustus

Auschwitz 1943

**(14 jarige dogter met gebreekte lip na klap van
bewaarderes-----een uur voor haar teregstelling deur 'n
inspuiting in haar hart)**

Mooie meisiekind,

het jy jou God gevind?

Is dit waarom jou siel juig,

die hoeke van jou mond opbuig?

Jou kroon is afgeskeur, afgeskeer

deur satansvriend, wie dink daar is geen keer,

dat jy sy boosheid nie kan afweer.

Hy het nie jou kleed gesien,

deur Jesus bloed gekleur,

verwit,

jy is reeds in Sy besit.

Spoedig sal die haakspeldknoop,

vervang word met Sy goue hoop.

Wanneer jy jou ou ogies weer oopmaak

kyk op in die goue straat.

Jy sal Hom sien sit, op Sy troon,

met 'n kroon

vir jou reggesit.

23 Augustus

Vir A

6 Maart 2022

Nog 'n jaar verbygetik,

nog nie aan die lewe verstik.

Ons is nog almal hier,

te deel in die lewensplesier.

Tog breek alreeds die nuwe dag—

Het ons hier genoeg vermag?

Ons sal hier nie weet,

of ons het genoeg gesweet,

in ons strewe om te doen:

Ander met Hom te versoen.

Mag die nuwe jaar,

vir jou net vrede baar.

Weet jou hand is vas in Syne.

Liefdevol sal Hy jou lei,

selfs deur die doodsvallei.

Rustig sussie,

bly in Hom;

Hy het als onder beheer,

ja, Hy, ons liewe Heer,

sal die sleg van jou lewe afweer, soos altyd, nog 'n keer.

24 Augustus 2023

Amper daar

Eintlik was hierdie bedoel as 'n dagstukkie vir die 31 ste Desember. Nou, 3 dae na my 82 ste verjaarsdag, lyk einde Desember 'n bietjie ver en skryf ek maar die stukkie-gedigjie:

Amper klaar;

die lewe het toe die dood gebaar.

Dalk is als net 'n aanval van satan,

soos net hy kan,

die verwoester van vrede.

“Is dit hoe dit voel, my Here?”

Soos Elia weg te hol,

in die woestynsand te rol,

onder 'n bos te lê,

met niks om te sê?

Mag U, God, my behoed

so, die lewe te verlaat, met 'n dooie gemoed.

Laat my net dankbaar verlos wees,

van alle vlees en vrees.

Is daar iets soos vreugdevolle geluk,

of moet die mens altyd 'n bitter pil sluk?

“Here, wat 'n genade, losmaking te begin ervaar;

'n uitreik na U, na Bo,

ver bo wat ek ooit kon glo.

Hier is ek, Heer,

doen soos U wil.

Los tog net nooit my hand,

lei my tot in die Beloofde Land.

Here uit myself kan ek nie,

ek is bakhand voor U.

U is my enigste hoop

in hierdie nood.

Help tog asseblief.

Mag hierdie gebed

U hemelruim deurklief.

Hoor tog asseblief.”

Amen!

25 Augustus

Heimweë

Van heimweë tot hoopvolle vrede,
in verwagting van die uitkoms van bede.

Wie het jou geïnspireer met woorde,
van hemelse akkoorde?

Sien jy ook die winkende hande,
deurboor en sonder skande.

Sien jy ook bekende hande,
uitgestrek oor dekades van verlange?

Hoe kan jy nog jou hande wring,
hulle nie nader bring,

vas te gryp,

aan hulle wat reeds uitreik?

Dalk is jy nog 'n bietjie jonk,
van die hede en toekoms dronk.

Luister tog na 'n ou mens

met sy lewe weggewens,

uit te sien na die lewe sonder grens.

26 Augustus

Net Hy

Geen aardse plesier,
geen mooie natuur,
kan my uit U hande ruk,
U het hierdie blom vir U gepluk.
Sondedreurdrenkte aarde,
het vir my geen waarde.
Al dreig die sondevloed,
my te laat vergeet van U bloed-
mag God dit verhoed!
As ek weens sonde ly,
weet ek U is steeds naby.
Al tik die sonde voort,
U genade open die hemelpoort.
Jesus, U alleen kan my bevry,
U maak my vir ewig bly.
Dankie God en Heer,
ja, nog 'n keer.

27 Augustus

Voëltjiegeloof

Hat ek maar die geloof,

van 'n voëltjie – U te loof.

Soek en jul sal vind,

maak my soos 'n voëltjiekind:

Gelowig te soek en te weet,

U voorsien sonder my sweet.

Voëltjie, soek gelowig kos,

hy weet U is op U pos;

U sal voorsien en vir hom gee,

hy sal nie op die grond val,

(hoeveel keer hoor jy dit al?)

sonder God se wil.

Probeer jy Sy wil kul?

Hy het jou nog meer lief,

as hy wat die lug deurkief.

Van jou is elke haar getel,

die Woord het dit vertel.

Laat staan jou vrees;

Laat Hy jou God wees.

28 Augustus

Afghanistan-2022

Afghaankind, mooie meisiekind,
styf teen jou moeder vasgedruk,
terwyl jou pa met jou koper heul.

Jou te verkoop,

vir meer geld neul.

Die trane wat oor jou wange rol,
kosbare pêrels deur God getel.

Elke pêrel ruk my hart,

tot in diepe smart.

Wyl ek hulpeloos kyk,

was jy maar 'n lyk;

jou gees by God,

aan Hom toegeslaan die hoogste bod.

Kind, jy sal in my gedagtes bly,

tot God jou eendag bevry.

29 Augustus

Voëltjie

Was ek maar soos jy,

altyd vrolik en bly.

In jou breintjie gegrafeer

soms tien inhoude, soms meer.

Tog is hul genoeg,

te keer dat die lewe jou ploeg,

soos met ons, die mens,

wat verkies nie te put uit Sy spens.

Altyd probeer selfgenoegsaam wees,

dommer as 'n bees.

Kennis in Sy Woord verklank-

oppas vir die brein se doodstank,

van selfbedank,

vir wat self kon doen,

om met God te versoen.

30 Augustus

Dankbaarheid

(Spreekw 14: 22: 'n Goeie mens laat 'n erfenis na vir sy kleinkinders)

Dankie ouPa en ouMa,

vir die erfenis oorgedra-

van herinnering,

wat 'n mooie ding.

Al gee jul selfs uit gebrek,

bespot so die suinige vrek.

Liefde was die groot geskenk,

wat ek nou nog bly gedenk.

Opgeoffer vir my gerief,

sal my ondank bly deurklief.

Hoe graag sou ek nog eenmaal

dank wou sê vir wat u behaal en betaal.

Dankie ook, aan U Heer,

herinneringe geskenk, so teer.

Niks Heer kan U liefde wen,

vir my in die hemel afgepen.

Elke dag U heiligheid te aanskou,

hoe U liefde ontvou.

Dan word herinnering van mens vervaag

deur 'n uitsien-- die toekoms in te waag.

Dankie vir herinnering wat ek het,

U hulp op elke plek.

U is die oue, die toekoms en ook die nou.

U is al wat tel,

ja, die Grote El.

31 Augustus

Liewe Ma en Pa

Waarom was julle so goed vir my?

Ek sou graag julle harte wou verbly.

Wanneer het jul beseef,

jul verwagtings is bederf?

Vir my net 'n oorlewingstryd,

ja, 'n moeilike tyd.

Tog het jul liefde nooit getaan,

Ek was die senter van jul bestaan.

Graag sou ek jul wou bedank,

al is dit nou net 'n holle klank,

weerklinkend in die ruimte,

niemand ontvang die klank.

Wie weet, eendag spoedig nou,

kan ek jul weer voor oë kry.

Soveel skuld ek jul;

“Dankie” is nou net 'n nul.

Kyk in my hart, O God,

sien daar U groot gebod.

U weet die liefde in my woel,

die teerste gevoel.

Sal U dit oordra, Heer?

Verbly hul harte hierdie keer.

1 September

Van Bouers en huise

Daar was 'n klein huisie.

'n Bouer het daar ingetrek.

In die huisie was daar skatte, onoopgemaak.

Die bouer is daarvoor gekoop.

Vir 40 jaar is daar gebly en gebou.

Hulle was getrou en so het daar kinders gekom,

skatte deur hulle samekom.

Die skatte is gepoets deur lyding,

deur swaar saamstryding.

Tog het hul volhard.

So word die huisie 'n paleisie,

waar sagte voetval word gehoor,

nuwe kinderstemme bekoor;

vreugdeskatte onbeperk.

Toe was die huis haas klaar gebou,

rustyd vir hulle so getrou.

Bouer en vrou het hul doel gedien.

Nou kan hul na die ewigheid uitsien.

(Vir P.Bouer en P. Kleynhaus)

2 September

Ester

Mooie Esterkind,

Hadassa was jou naam gewees.

Weeskind, oom Morrie het jou grootgemaak,
jou nooit, nooit versaak.

Al was julle bannelinge, nooit deur God vergeet,

Hy wat alles van jul weet.

Mooie mens, uitverkies vir die Purimfees;

Gerig deur God se Gees:

Nederige vrou, altyd aan jou Borg getrou
altyd kon Hy jou vertrou.

Gehoorsame kind, God het jou gevind,

jou gekies vir 'n tyd soos nou.

Jy mag voor die Koning staan,

Soos dit jou betaam.

Nederig sonder selfverheffing,
gesien met vrouewysheid.

Jy was so baie soos ons Heer

Wie telkens vir ons die onheil afweer.

Moderne Hadassa, jy met jou Estergees,

Bly op koers, sonder vrees.

3 September

Verwerping

Weet jy hoe dit voel
wanneer ander teen jou verkoel,
hul afsluit van jou,
jou vermy vir altyd en nou?
Het jy al die leë plek gevoel,
daar waar die opstand in jou woel,
wanneer jy nie skuldig voel,
jy die ander probeer verstaan,
in jou oog 'n traan,
'n hart wat krimp,
soos jy in pyn verdrink.
wonde wat ontsteek, stadig genees,
'n rofie so dun,
wat ander jou nie eers gun.
Hul wat gedurig krap
nie toelaat dat wonde lap.
So, het jy dit al ervaar?
wat het dit in jou hart gebaar?
Haat, vertwyfeling en pyn,
of was jou hart vergewend rein,
toe jy aan jou Heer se lyding dink,
toe Hy in verwerping wegsink,
vir my en jou sonde, so ongebonde.

4 September

Doop

Onthou jy lank terug,

toe jy gerus het langs jou ma se rug,

in die watersak, voor jy afsak,

en gebore word- in die lewe uitgestort?

Onthou jy die vrees, die koud,

toe jy uit die water kom, verwelkom met 'n klap op die boud?

Toe jy moes asemhaal, die dood nie toelaat jou in te haal.

Verstaan jy nou die genot,

van die reën en en storms om jou huis,

in die veilig voel in jou ma se kombuis,

wetende in Hom is alles veilig en plus?

Maak die doop nou sin,

jou dompeling in die water in,

jou geboorte, toe Hy jou uit die water lig,

en Sy asem in jou blaas?

is jy nog steeds dankbaar verbaas,

oor die nuwe lewe wat Hy in jou plaas?

5 September

Waarom?

Om 2vm. vanoggend, 14 April 2010, het 'n seun, ouderdom 24, met sy motor teen 'n bees vasgery. Hy was onder die invloed van drank en het teen 'n hoë spoed gery. Hy is opslag dood. Waarom het hy gesterf? .

Niks, nie eers wetenskaplike wetmatighede, bestaan buite God nie. Hy het alles gemaak. Hy is alwetend, almagtig, alwys, algoed en tydloos.

Hy het die ganse skepping gemaak.

In die skepping het Hy sekere wetmatighede ingebou. Daar is natuurlike oorsake en gevolge.

Wanneer jy 'n bal opgooi kom hy weer af. Die wet van swaartekrag bepaal dit.

Die mens het egter ook 'n wil, 'n vrye wil. God, in sy almag, kan die mens se wil beïnvloed.

Dink maar aan die Farao wat nie die Israeliete wou laat trek het nie. Elke keer het die Here by die farao se wil ingegryp en hom God se wil laat doen. Die mens kan dus besluit hoe hoog hy die bal wil gooi en teen watter hoek hy die bal wil gooi. God kan egter hier 'n rol speel en die mens se wil so beïnvloed dat hy die bal saggies vir sy klein seuntjie wil gooi.

Hierdie wil van die mens kan egter ook deel van sy natuurlike toerusting wees. God het sekere wetmatighede in die mens ingebou, soos om vir sy kind lief te wees en mooi met die kind te wil speel.

Diere kan ook wil om iets te doen. Indien jy vir die hond 'n stukkie vleis gooi in plaas van 'n bal kan 'n valk dalk besluit dat hy die vleis nodiger het as die hond en die vleis voor die hond wegraap. Ook hier kan God ingryp indien Hy wil. Hy kan die voël se vlug vertraag of hom laat skrik vir iets. Normaalweg sal God nie in die wetmatigheid wat hy bepaal het, sonder 'n goeie rede ingryp nie.

Satan is ook 'n gegewe werklikheid. Hy het baie demone tot sy beskikking. Normaalweg werk hy teen God se wil en is sy groot doel om die mens in sy mag te kry en hom verkeerde dinge te laat doen. Hy kan ook binne God se toelatende wil die mens dan skade berokken(Job). Sy hoogste doel is om die mens weg van God af te hou en so seker te maak dat die mens eendag saam met hom in die hel sal wees. Om weer terug te keer na die opgooi van die bal. Satan kan indien God dit toelaat 'n sterk wind laat waai wat die bal van koers af kan stuur. Hy kan ook die aarde laat oopskeur in 'n aardbewing en die man sowel as sy bal uitwis. God mag dit toelaat soos in die geval van Job waar al sy kinders op een dag deur satan gedood is.

Dan is daar natuurlik in die laaste instansie God se wil. Soos reeds gesê is alles onderworpe aan Sy wil en laat Hy toe wat Hy wil, soos Hy wil, wanneer Hy wil.

6 September

Bloedkind

My seun, my seun,

jy bly my seun.

Al is daar pyn in my hart,

al soek ek troos vir smart.

Wie is ek?

Hoe sal ek jou meet,

as Hy al my sonde vergeet?

Hoeveel keer moes Hy,

my van skuldlas bevry?

Nooit was ek te sleg,

het Hy aanhou vir my siel geveg.

Altyd bly ek Sy seun,

selfs onder die sondelas se kreun.

Sy bly jy my kind,

vir ewig aan my vasgebind.

7 September

Die Prys

Die prys wat U vir die verlossing van my sonde en vir my redding betaal het, was net te hoog. Geen mens kon hierdie hoë prys verdien nie. Alleen U liefde en genade kon U gedring het om so 'n prys te betaal.

1. Hoe kon U, Here God, U kosbaarste, U eie Kind, U geliefde Seun, oorgee aan 'n mensdom om Hom te verwoes? Hoe kon U ons so lief gehad het om dit te doen? Hoe kon U in U Kind se grootste nood, U gesig van Hom af weggedraai het? Hoe kon U, U doof hou toe Hy in sterwensnood uitgeroep het: *My God, My God waarom het U My verlaat?* Hoe kon U so 'n hoë prys vir sondaarmense betaal het?

2. Hoe kon U, Here Jesus, U kosbare lewe vir ons kom opoffer het? Hoe kon U die eer wat U in die hemel gehad het, kom prysgee vir 'n nederige eenvoudige bestaan hier op die aarde? Hoe kon U, U koningskap in die hemel prysgee vir 'n diensknegbestaan hier op die aarde? Hoe kon U die voete was van mense wat U geweet het U gaan verraaï en verloën? Hoe kon U die hemel opgee vir die aarde? Hoe kon U, U sondelose heilige bestaan verruil vir 'n lewe onder sondaarmense? Hoe kon U onder slegte, vuil, sieklike mense kom woon? Here was die prys nie te hoog nie? Hoe kon U, die Erekening, toelaat dat 'n nikswerd heiden U deur die gesig klap, U in die gesig spoeg, 'n doringkroon op U kop vaskap? Hoe kon U die mag aan 'n heidense heerser gee om U te laat gësel, totdat stukke vleis uit U liggaam geruk is? Was die prys nie te hoog wat U vir my redding moes betaal nie? Here toe hulle die bietjie klere wat U gehad het uitgetrek het en toe die lot daarvoor gewerp het en U nakend aan die kruis vasgespyker het, was dit nie dalk net te veel nie? Was die prys vir my redding nie dalk te hoog nie? Here toe spykers deur die gevoeligste senuweebondels van U liggaam gekap is om U aan 'n kruishout vas te spyker en U bloed met die grond gemeng het, was dit nie net te veel nie? Toe U, Wie alles gemaak het, moes erken *Ek is dors*, was die prys vir my redding nie dalk te hoog nie?

3. Here, geen mens kan die hoë prys werd wees nie. Die boete wat betaal is, was net te hoog. As U dit nie in my hart werk om hierdie boete vir my sondes te aanvaar nie, sal ek 'n ewigheid lank in 'n helse verwyte lewe dat ek die bloed van Jesus vertrap het en dit nie geag het nie. Here, al was die prys te hoog, U het dit betaal.

Hoe kan ek so 'n prys, so 'n hoë boete, die hoogste offer wat ooit gebring is, die grootste lyding denkbaar vir my redding, hoe kan ek dit afwys, wegwys, wegklap en sê *nee dankie*, *ek wil dit nie hê nie?*

Here, ek het 'n ewigheid nodig om U te dank vir die prys wat U vir my redding betaal het.

8 September

Ermelo 2021

Dalk vandag, bietjie harder soek,
soos 'n hand onder 'n donker doek,
vir verlore glorie,
lank terug se storie.

Tog sal jy die juweel kry,
maak jou soektog net vry en bly.

Jy moet weet waarna om te soek,
Nie 'n koek, boek of gekloek;
dit wat waarde gee,
in jou herinnerings ingevee.
Haal hul uit, onder die lap uit.
Sien hoe mooi is hul behou,
toe jy hul van nader beskou.

So ontdek jy dan weer Douglasdam,
soos 'n paddastoel die kroon van die swam,
of die stadsaal se visdam,
die standbeeld by die kerk,
Franken se Stoommolen, meel onbeperk
Die kerke sonder bordele,
die skoon lug, 'n vergesig,
die gelowige saamtrekke,
die eenheid in die Gees.

Ja, die juweel van die Hoëveld,
deur God vir ons bewaar, sonder enige mensbeswaar,
in ons geheue ingebaar.

Noudat jy self bykans herinnering is,
troetel vir oulaas die belewenis.

9 September

4 September 1961

My kind wat kan ek vir jou wens?

Nooit 'n leë pens,

'n bankrekening oorlopens vol,

Sy goedheid ingeprop

nooit Sy voorsiening toegestop

'n gesin wat die Here dien,

omdat Hy altyd voorsien.

My kind, Ma dink aan jou,

Selfs as die verre toekoms jou omvou.

4 September 2021

Dankie Ma, elke wens vervul,

al het die lewe my soms gekul.

Nou begin die afdraendpad,

soms word ek lewenssat.

Ek weet Hy wil dat ek leef,

al moet ek soms vir die uitdagings beef.

“My God wees my tot hulp,

In U liefdeshande toegeskulp.

Wees met my gesin, O Heer,

Ek bid U weer soos so baie keer;

Dankie Heer, my Wonderheer.”

10 September

Psalm 23: Skaap

Skaap, so sonder begrip,

wat weet jy, wat jou so verbly?

Jy weet tog niks

van dit waaroor die mense kwel.

Jou wete is net wie jou herder is-

so loop jy die kwade mis.

Mens, was jy maar 'n skaap,

afhanklik, sonder begrip van kwaad,

mediteer, terwyl die geeskos verteer;

soos die skaap in die weiveld rus-

eers vreet en dan verteer.

Vreet jy jou dik, o mens

tot 'n oorvol kennisspens

van God se Woord, opgepot,

sonder meditasie-wag net vir die vrot?

Beperkte mens met een pens,

oortref deur domme vierpensskaap-

het hy jou goddelike wysheid gekoop?

Skaap, is dit waarom jy so rustig lê en rus

in die Heer se genade gesus?

Kom leer van die skaap, voor jy vir ewig gaan slaap.

11 September

Lang-Covid-Slagoffer

U het hom toegerus met grade plus,

hom ook geskoei en gebrei,

deur lewenslesse voorberei.

U het hom uitgestort,

sy self ingekort-

Hom so vir U taak voorberei.

Tog vind U dit nog nodig Heer,

in te gryp en hom te leer,

weer en weer en nog 'n keer,

tot hy volkome ingekeer,

omgekeer, by U die pas makeer.

Tot U hom beter toegerus,

verder op die lewenspad bestuur,

Met: " Voorwaarts mars",-

al gaan dit soms bars.

Dankie God en Heer;

ons plaas hom weer, nog 'n keer,

in U hande Heer.

12 September

Vooruitsien

Raak jy ook haastig,
as jy hul beskuldig,
hul wat voor jou lewe,
hul oorstap is tog 'n gegewe,
asof jy hul wegwens,
o, ongeduldige mens?
Trippel jy van ongeduld, om voor in die tou te kom,
gereed vir die oorstap na Hom?
Verlang jy meer na die aan die anderkant,
as na die aan die lewensduskant?

Dan het jy die era betree,
van die baie sterkes wat nie meegee,
voor hul word weggevee.

Welkom in die tagtigs,
die speelplek van die kragtiges-
nie meer in vlees en bloed,
maar in die wese van die gemoed.

Nog net een voor jou in die tou,
“maak tog asseblief gou”.
Alles is reeds hier voltooi,
reeds met die hemelkleed getooi.

Hy staan gereed met uitgestrekte hand:

“Kom kind, erf jou beloofde land”.-

Dank Vader, Heer en God

Vir die hemelse genot.

Los alles van die hier en nou- Hy kom vir jou –so gou....

13 September

Vryheid

Scottburgh Mei 20 2023

Ermelo:

Agter mure vasgekluiser,

alles word duister.

My siel versmoor,

het ek hom hier vermoor?

Gee tog lig,

'n vergesig,

Heer, laat my asemhaal ,

voor U my kom haal.

Scottburgh:

Goddank vir Scott se dorp,

ingeperktheid opgeskort.

Die see so ruim en wyd,

red my siel van benoudheid.

Maak my tog vry in U o Heer,

my hart van verweer gekeer,

my gees verruim in U,

in U ewigheid vernu.

14 September

Ateïs

Kom uit die duisternis.

Ook jy het eens lig gesien,
toe gekies satan te dien.

Moet ek jou lief,
jou sieledief,

Jy, wat my Verlosser haat,
en soek na die kwaad?

Wat het ek met jou gemeen,
jy van God vervreem?

Jy wat satan seën

Jy wat Jesus verag,

Hom tot leuenaar maak,

sê Hy lieg

en in Sy gesig spuug

omdat jy nie glo in Sy saak?

Moet ek sleg voel,

as ek jou koudheid voel,

jy met jou titel en al,

in die hel sien val?

Dankie, jy is so koud,

haatlik in jou verhewenheid,

In jou neersien op my eenvoudigheid

15 September

Blye Dag

(5 April 1962-----5 April 2022)

Blye dag

60 jaar vandag.

Toe ek jou ontmoet-

herinnering so soet.

Mooie meisiekind,

God het jou vir my gevind.

My eensaamheid deurbreek.

Nooit sal ek jou vergeet-

Anna Hart

Genade vir my smarthart.

Het jou so lief,

my hartedief.

Dankie, dankie Heer

Meer as wat ek ooit kon begeer.

16 September

Opstaantyd

Die môrester vervaag,

voor die helder son opdaag.

So vervaag ook my lig,

wanneer Sy Gees verlig.

Tevergeefs dat ek soek

na wat my liggie was,

wanneer Sy Gees my oppas.

Soms sal die wolke Sy glans verdof,

nes ek in my ou self inplof.

Genadiglik sal die son weer skyn,

die sterre en wolke verdwyn.

So ook met my ou siel,

dansend die selfdoodriël.

Hy raak net nooit uitgeput,

wil altyd uitklim uit die doodspuit.

Soos die son onkeerbaar oorwin,

wil Sy Gees ook wanneer jy reg besin,

volle beheer neem, oor alles waaroor die ou siel ween.

Totdat die dag kom en die eie-ek omkom,

ontkom van alles wat hier bind,

dit wat maak jou sleggesind.

En net U glans nog bly –dit waarin ek my ewig verbly.

17 September

Hekwagskuld

Wat 'n Vryheid,

blydschap en vrede,

my God van U gegewe.

Toe ek dronk van haat,

my medemens wou skaad,

deur vloek en raas,

my aanstel as sy baas.

Al wat ek oorhou,

was die gewetenskou,

die twyfel die vrees;

ek gedra my soos 'n bees.

Op U woord spreek ek toe vry

en my sondebely.

Toe weet ek U is by my-

silwerskoon deur water, wyn en bloed,

bring U rus in my gemoed.

Ja, bloed en wyn , helend vir my geestespyn.

Dankie Heer,

U het my val gekeer

.

18 September

Bloed en Grond

Jesus se bloed het in Getsemane gevloei, vanaf die oomblik toe die eerste druppels bloed deur Sy sweetporiëe gepers het, (Lukas 22: 44) totdat hy Sy laaste asem uitgeblaas het op Golgota. Telkens langs die lydensweg het Sy bloed die aarde deurdrenk. Telkens is die dooie, sondige grondmens(mens wat uit grond gemaak is), langs die lydensweg, deur die bloed van Jesus lewendig gemaak, wanneer mense Hom as die Seun van God herken het.

In die Tuin van Getsemane het Sy bloed, lewe vir die dissipels om Hom gebring. (Lukas 22).

Jesus herstel die bloeiende oor van die persoon wie se oor afgekap is. So bring Hy lewe vir selfs slawe (Mat. 26:51). Jesus se laaste wonderwerk op die aarde is gebêre vir 'n onbenullige slaaf, om so geloof wat lewe gee, vir hom beskikbaar te maak.

Ook in die Hoëpriester se huis het Jesus se bloed op die grond geval toe Hy deur die gesig geslaan is. Jesus se bloed vloei ook vir die belangrike mense, die kerkmense, die geleerdes, die geestelikes (Mat 26:57).

Jesus se druppende bloed het ook by Pilatus, die heidense goewerneur geval. So bring Jesus se bloed ook lewe vir die heidene, die wat met mag bekleed is, verneme mense wat eintlik niks van Hom af weet nie (Mat: 27:1).

Die goewerneur laat Jesus gésel. Nou begin Jesus se bloed in alle erns vloei. Die Jode het mos gesê: *laat Sy bloed op ons en ons kinders kom.* So bring Jesus se bloed ook vir die Jode lewe (Mat. 27:25).

Op die Lydensweg was daar baie mense wat Jesus se lyding gade geslaan het toe Hy met sy verskeurde bebloede liggaam onder die swaar kruishout aangesukkel het Golgota toe. Onder hierdie mense was daar tydens die Paasfees uit bykans alle dele van die wêreld

besoekers. So het Jesus se bloed ook lewe gebring vir al die mense van die wêreld. Sy bloed het die grond waarop die nasies gestaan het, deurdrenk om vir hulle lewe te gee (Lukas 23:26).

Die grootste bloedverlies was toe Jesus aan die kruis opgehys is op Golgota. Toe het Sy bloed met die grond, aan die voet van die kruis gemeng. Hier het Jesus se bloed finaal vir ons, die grondmense, lewe gebring toe sy bloed met ons, die grond, gemeng het.

19 September

Blokkasies

‘n Mens se verhouding met God is nie altyd dieselfde nie. Soms is daar ‘n diepe intieme verhouding met God en soms voel dit weer vir jou of daar iets in jou verhouding met Hom haper. Hierdie probleem mag so erg word dat dit vir jou begin voel of daar ‘n blokkasie in jou verhouding met Hom is en of jy nie regtig deurbreek wanneer jy met Hom praat nie. Hierdie gevoel kom gewoonlik na ‘n tydperk van dieper geestelike groei, nadat jy baie naby aan Hom gekom het. Wat veroorsaak dat ons hierdie blokkasies in ons verhouding met Hom ervaar? Dit is seker ‘n baie persoonlike saak en daar mag seker baie redes hiervoor wees. Ek deel egter in hierdie verband ‘n paar gedagtes met jou ten opsigte van ons onvermoë om ander te vergewe.

Die hele dag kom die meeste mense in situasies waar hulle vergewensgesindheid getoets word. Dink maar aan die uitdagings van die volgende situasies:

Onreg. Voorbeelde van onreg wat jy daaglik moet vergewe is die volgende: Jy betaal getrou elke belasting wat jy moet betaal en wanneer jy ‘n noodsaaklikheid, wat deur belasting in stand gehou moet word, wil gebruik soos ‘n pad, is die pad vol slaggate. Nie net word jou motor verniel nie, jy kry skades en soms word jou lewe selfs in gevaar gestel. Hier kom die toets vir vergifnis. Kan jy die owerheid vergewe? Kan jy vir die owerheid en padbouers aanhou bid? Kan jy die onreg in liefde verwerk?

Nog ‘n voorbeeld van onreg: Daar is ‘n oumens wat alleen woon. Die oumens word op ‘n dag wreed vermoor. Voordat die mens vermoor word, word sy eers gemartel deur haar met ‘n warm strykyster te brand, toe word sy verkrag en toe met ‘n stomp voorwerp doodgeslaan. Die moordenaar het net haar selfoon en twintig rand in haar beursie gebuit. Kan jy die moordenaar vergewe en vir hom bid al haat jy wat hy gedoen het? Wat daarvan as hierdie

oumens jou ma was? Sal jy kan vergewe? Sal jy die moordenaar kan kwytstel en die oordeel en straf aan God oorlaat?

Kom ons kyk na voorbeelde wat ons dalk meer direk kan raak: Jou predikant besoek jou nie nadat 'n geliefde van jou afgesterf het nie. Jou vriend groet jou nie toe jy by hom verbystap in die dorp nie. Jou man sê nie dankie vir die kos wat jy vir hom gekook het nie. Jou buurman se hond blaf deur die nag en jy hou jou buurman daarvoor verantwoordelik. Jy kan nie vergeet en vergewe wat 'n onderwyser vir jou gesê het toe jy op skool was nie. Jou baas het jou onregverdig behandel en 'n ander persoon die bevordering gegee wat jou toekom. Regstellende aksie het jou jou werk gekos. Regstellende aksie veroorsaak dat jou kind in die buiteland moet werk soek omdat hy nie hier kan werk kry nie. Jou man wys nie dat hy vir jou lief is nie. Die kerkmense beskinder jou. Die owerheid sorg nie meer vir noodsaaklike dienste soos water, elektrisiteit en riolering nie. So kan jy die lysie vir jouself voltooi. Hoe hanteer jy vergifnis in hierdie gevalle? Hou jy die onreg teen hierdie persone en instansies? Indien wel moet jy nie verbaas wees indien daar blokkasies in jou verhouding met God kom nie.

20 September

Blye Verwagting

Dink assebliefsaam met my oor die volgende: Jy het die hele jaar hard gewerk. Nou eindelijk is die vakansie, waarna jy so lank uitgesien het en waarvoor jy lank gespaar het, voor die deur. Jy is besig om die finale afrondings te maak en alles in gereedheid te kry. Almal is opgewonde oor die vakansie. Almal sien met verwagting uit na die vakansie waarvoor so lank beplan is, voor gewag is en waarna gretig uitgesien is.

'n Ander moontlikheid: Jy wag en beplan en spaar bykans 'n leeftyd lank vir die oorsese reis. Jy het die toerplan al 'n duisend maal deurgewerk. Jy weet presies watter dag jy wat gaan besigtig. Die visas is in orde. Die eerste ontmoeting met die toergroep is reeds gedoen. Nou tel jy die dae af na die datum van jou vlug toe.

Nog 'n moontlikheid: 'n Leeftyd lank swoeg en sweet jy om eendag met gemak op Hermanus te gaan aftree. Nou is dit nog net enkele dae oor voordat die blye dag aanbreek. Jy het reeds met die vervoerkontraakteur gereël en hy kom oormore jou trek laai. In jou geestesoog kan jy al die berge en die see sien. Jy kan al sien hoe jy op jou stoep sit en die walvisse dophou. Man, jy kan nie meer wag nie.

Wat van die volgende? Jy het jou hele lewe 'n passie gehad vir mooi motors. Nou het die dag aangebreek dat jy ook agter die ster van die Duitse vuurwa kan inskuif. Jy het al 'n paar toetsritte onderneem. Jy weet hoe die leerbekleedsel van die sitplekke ruik. Hierdie is 'n droom wat nou bewaarheid gaan word. Jy kan nie meer wag nie.

Laaste scenario: Jou kind het Australië toe verhuis. Jy het hom en jou twee kleinkinders meer as 'n jaar laas gesien. Die afwagting maak jou gedaan. Jy kan nie meer wag dat hulle moet land nie.

In hierdie paar voorbeelde, wat jy met jou eie passies kan aanvul, is daar vyf sleutelbegrippe in opgesluit: *Gretige uitsien, volhardende uitsien, geduldige uitsien, om te wag met 'n verwagting*. In Hebreërs 9 word hierdie begrippe in vers 28 met 'n ander gebeurtenis in verband gebring:

Even so it is that Christ, having been offered to take upon Himself and bear as a burden the sins of many once and once for all, will appear a second time, not to carry any burden of sin nor to deal with sin, but to bring to full salvation those who are eagerly, constantly, and patiently waiting for and expecting Him (Amplified Bible).

Dit wil voorkom of die volle begenadiging van die mense by Jesus se wederkoms slegs vir die sal wees wat gretig, aanhoudend, geduldig op Hom wag en Hom verwag.

Die vraag is nou wat is jou hoogste passie? Kan jy met opregtheid sê dat dit waarop jy wag, waarop jy hoop, dit waarvoor jy bid, dit wat jou verwagting is, op Jesus se wederkoms gefokus is. Het jy bo alles vanoggend gebid dat Hy vandag moet kom en by Sy wederkoms jou nie moet miskyk nie? Is dit so dat jy gereed is om Hom vandag, nou, tegemoet te gaan sonder dat jy die minste teleurgesteld sal voel dat een of ander aardse verwagting nie gerealiseer het nie? Sal jy liever vandag Jesus tegemoet gaan as om met vakansie te gaan, 'n toer te onderneem, 'n pragmotor te gaan koop, langs die goue strande by jou vakansiehuisie te stap of jou kind uit die vreemde te verwelkom?

Sal dit vir jou moontlik wees indien jy vandag Jesus in die lug tegemoet moet gaan om nie eenkeer om te kyk na dit wat jy agterlaat nie? Sal jy soos Paulus kan sê dat alles vir jou niksseggend word wanneer dit met Jesus vergelyk word?

Dalk is dit vir jou moeilik. Dalk het jy nog nie tot op die punt van selfverloëning gekom waar hierdie dinge vir jou moontlik gemaak word nie. Dalk is jy soos die menseregte gemeente van Laodicia (Openb.3:14). Dalk hou jou rykdom en selfgenoegsaamheid jou terug. Die koue water, wat die vuur van die Heilige Gees blus, is dikwels die onvermoë om

die self te kruisig. Andrew Murray het gesê dat dit vir die mens bykans onmoontlik is om homself te kruisig en die self te verloën (*Ontdek die Geesvervulde Lewe p. 82*). Dalk is daar in hierdie waarheid die rede vir die moderne Christen se doodsheid te vinde. Dalk probeer die mens, in voortsetting van die Humanistiese en Sielkundige idees, om self alles te doen, wanneer hy probeer om homself te kruisig. Die mens, en sy ekstensiteite, het as afgod vir homself, so oorheersend geword, dat selfverloëning en kruisdra vir die moderne Christen bykans onmoontlik geword het. Hierdie mens se enigste hoop is in die volgende woorde van die Bybel te vinde: *Dit is God wat ons gewillig en bekwaam maak om Sy wil uit te voer(Fil. 2: 13)*. Dit is Jesus se wil dat ons, ons self moet verloën, ons kruis moet opneem en Hom moet volg (Mat. 10:38). Vir hierdie noodsaaklike aspek maak Hy ons gewillig en bekwaam. Die mens wat God waarlik vandag op die wolke wil sien kom, sal God toelaat om selfverloëning in hom te voltrek. Te veel Christene wil graag een met Jesus in Sy opstanding en lewe wees, maar is nie gewillig om een met Hom in Sy kruisiging en dood te word nie. Die wriemeling van die onthoofde eie-ekslanggees, word nog deur te veel Christene vir lewe aangesien.

21 September

Boetedoen, toelaat en aanvaarding

Teen die einde van 'n mens se lewe sal daar een vraag wees wat beantwoord moet word naamlik: *Was jou lewe sinvol of nie?*

Die waarheid is dat 'n sinvolle lewe, 'n lewe sal wees wat so geleef is dat:

'n Persoon seker sal wees dat hy of sy vir ewig saam met Christus sal lewe, nadat hy of sy gesterf het.

'n Sinlose lewe sal een wees wat, na al die gesweet en geswoeg van die lewe, net 'n paar aardse besittings sal kan wys, sonder dat die persoon werklik by Christus as Verlosser uitgekom het. Met ander woorde 'n lewe wat gemors is en waarvoor vir ewig in die hel geboet sal moet word.

Van nature is ons almal besig om ons lewens te mors met sinlose aktiwiteite. Indien daar nie iets daadwerkliks gebeur met ons lewens nie, dryf ons net sinloos tot ons einde.

Die groot vraag is dan: *Hoe kan die natuurlike lewe wat op die ewige hel uitloop omgekeer word sodat 'n persoon se lewe sinvol sal wees?*

Daar is basies drie groot momente wat in so 'n persoon se lewe moet plaasvind naamlik: *Boetedoening, toelating en aanvaarding*. Kom ons kyk bietjie dieper na hierdie momente.

Boetedoening

Die mens oortree sy hele lewe lank God se wette. Soos vir verkeersoortredings moet daar dan 'n sekere boete betaal word. Omdat God die toppunt van geregtigheid is kan die mens se oortredinge nie ongestraf bly nie. Iets moet as boete vir die sonde gebring word. Alle mense het gesondig (Rom.5:12). Geen gewone mens kan dus vir 'n ander mens se sonde die boete betaal nie. God het in Sy groot liefde vir die mens uitkoms uit sy dilemma voorsien. Vir God kon net 'n baie groot boete vir al die mense se sondes genoeg wees. Die

grootste boete wat gehêf kon word, is dit wat die kosbaarste vir God is. Dit wat die kosbaarste vir God is, is Sy eie heilige sondelose Seun. Hy het besluit dat dit, Sy Seun se lewe, 'n groot genoeg boete vir die mens se sonde kan wees.

Jesus het dus gekom om die boete vir ons sondes te kom betaal met sy eie lewe. Om 'n boete te betaal is soms maklik veral indien jy genoeg geld het. Vir Christus was dit egter nie net nodig om 'n boete te betaal nie, nee Hy moes boete doen. Hy moes self betrokke raak by die boete, Hy kon nie net iets kom gee nie. Hy was die boete en in boetedoening kon Hy aan God se vereiste vir geregtigheid voldoen.

Tot hiertoe, is wat jy nodig het om te weet, ten opsigte van jou redding en jou vergifnis. Alles was sover nog net kopkennis. Selfs satan weet hierdie dinge en so ook al sy trawante maar hulle bestaan is sinloos in die sin dat hulle vir ewig in die hel sal opeindig. Jou kopkennis aangaande hierdie dinge sal jou lewe dan ook nie sinvol kan maak nie. Wat is dan nog nodig?

22 September

Toelaat en Aanvaarding

Toelaat

Jesus staan by die deur van jou hart en klop (Op. 3:20). Hy wil graag in jou lewe inkom en hierdie kopkennis aangaande Hom in jou hart indra. Jy moet nie net weet van hierdie dinge nie, jy moet Hom toelaat om hierdie dinge, Sy verlossing, Sy boete wat Hy vir jou sondes betaal het, diep in jou hart te kom bevestig. Jy moet dus jou diepste binneste oopmaak vir Hom. Jy moet Hom toelaat om in te kom. Vir die doel moet jy jou eie belange, begeertes, jou eie wil opoffer. Jy moet jou hart leeg en skoon maak van alles wat met die self en die self se bevrediging, die self se handhawing te make het. Jy moet plek maak vir Hom in jou lewe. Jy moet jouself verloën, jy moet jouself oorgee en aan Hom onderwerp. Nou is dit nie meer kopkennis nie. Nou begin jy jou onderskei van satan, want satan kan homself nooit opgee nie, hy kan homself nie aan God onderwerp nie, want dit is juis vir die feit dat hy self sy eie god wou wees, dat hy is waar hy is. So is ook al sy volgelinge nie in staat tot selfverloëning nie. Jesus het gesê: *Elkeen wat agter my aan wil kom moet homself verloën, sy kruis opneem en My volg* (Mat. 16: 24).

Daar is mense wat tot by hierdie stap kom maar net nie die laaste stap tot 'n volkome sinvolle lewe kan gee nie. Nou wat is dan die volgende stap?

Aanvaarding.

Jesus kom in ons harte in met die doel om alles nuut te maak, om ons nuwe mense te maak, om Sy Gees in ons te laat bly sodat ons deur die Gees se leiding, en oorgawe aan Sy Gees se werking, vrug, soos liefde, kan dra (Gal.: 5: 22) Wanneer ons Jesus se redding, heelmaking en Sy Gees in ons binneste aanvaar, kan Hy waarlik ons begin gebruik om Sy doel met ons te bereik. Weet ons wat aanvaarding beteken? Indien iemand vir jou iets gee,

moet jy jou hand uitsteek, dit aanvaar, dit vat, en glo dat dit wat jy ontvang het nou joune is. Jy mag nie twyfel nie. Jy mag dit wat jy ontvang het nie teruggee nie. Dit is nou joune. Jy kan dit geniet en gebruik en dit sal seker goeie maniere wees om jou dankbaarheid teenoor die gewer te betoon en uit te spreek. Indien jy God se groot geskenke so aanvaar, dit jou eie maak, nie twyfel dat jy dit ontvang het nie, dit in besit neem, dit gebruik en dankbaar daarvoor is, begin jou lewe sinvol word. Dan kan die Heilige Gees jou lei, jou beheer en jou lewe bestuur.

Sal jy nie nou kom, terwyl daar nog tyd en geleentheid is nie . Neem kennis van Jesus se groot boetedoening. Wees bereid om jouself te verloën en Jesus in jou lewe toe te laat. Gee oor, nooi Hom in. Aanvaar gelowig dit wat Hy in Sy groot liefde vir jou ewige welsyn gedoen het. Lewe dan sinvol totdat Hy jou kom haal.

23 September

Brandpyn

Dink 'n bietjie oor die volgende: Kan jy nog onthou hoe dit gebrand het toe 'n doring jou gestek het. Dit was soos vuur en jy kon nie rus voordat die laaste van die doring uitgehaal was nie en selfs daarna het dit nog soos vuur gebrand.

Kan jy jou die pyn voorstel indien iemand 'n klomp doringtakkies vat, dit op 'n manier bymekaar sit en dit dan op jou kop vasdruk. Onthou jy mag niks daaraan doen nie. Hoe sal jy dan daarvan hou indien iemand met 'n stok kom en die dorings op jou kop vasslaan? Kan jy jou die brandpyn van so iets voorstel?

Kom ons dink aan iets anders.

Onthou jy toe jy skaam geword het toe mense jou gespot het, jou beledig het, toe jy jou nie kon verweer het teen mense se mondelingse aanvalle op jou nie? Kan jy onthou hoe jou gesig gegloei het van die skaamte? Hoe warm jy geword het, hoe jou gesig rooi geword het? Vroëer jare het ons pak gekry wanneer ons stout was. Kan jy onthou hoe 'n rottanghou gebrand het? Dit het gevoel of jy aan die brand was. Die wat baie taai en baie stout was kan selfs onthou hoe dit gevoel het om drie of meer hou te kry. Jy kon vir dae nie behoorlik sit nie.

Het iemand jou al ooit deur die gesig geklap? Indien wel sal jy weet dat dit soos vuur brand en dat die persoon se handmerke op jou gesig gelaat word.

Het jy al ooit 'n oop wond gehad en dan die slegte ervaring gehad dat jy dit stamp of dat iets daarteen skuur. Veral wanneer dit ontsteek en jy koors ontwikkel, is hitte en brand die oorheersende gevoel.

Was jy al regtig dors? So dors dat jou keel gebrand het van droogheid?

Gelukkig het die van ons wat in hierdie slegte ervarings gedeel het gewoonlik net een van die dinge op een slag verduur. Kan jy jou indink hoe dit moet voel om van hierdie dinge gelyktydig te ervaar?

Al die brandervarings wat sover genoem is, is vir ons gegee as heenwysings na dit wat God se Seun vir ons sondes verduur het. Ons sou moes gebrand het in 'n helse vuur vir ons sondes. Hy het in ons plek die brandpyn van lyding verdra.

Jesus het 'n doringkroon gedra. Die doringkroon is op sy kop vasgeslaan met 'n stok deur die Romeinse wagte.(Mat. 27 tot 30, Markus 15: 19)

Jesus is gespot, gespuug, verneder, uitgejou, beledig, kaal uitgetrek, Sy skaamte is ontbloot.(Mat. 26 en 27, Ps. 22, Jes. 53). Hoe skaam moes Hy, ons Meester, nie geword het nie.

Jesus is gegésel. Sy rug is stukkend geslaan vanaf sy rug tot by Sy bobene. (Mat. 26 en 27) Sy liggaam was een bebloede pappery.(Jes. 52)

Hoeveel keer is Jesus nie deur die gesig geklap nie?(Mat. 26)

Hy moes die skuur van die dwarsbalk van die kruis in géselwonde verdra. Geen wonder dat Hy ineengestort het nie.(Mat. 27)

Hy was bitter dors. (Joh. 19)

Hy het al hierdie helse brandpyne, vir ons sondes, vir ons redding, verduur (Jes. 53, 1 Petrus 2).

Is dit waarom daar in die ou tyd altyd 'n brandoffer gebring moes word vir die redding van Sy volk as 'n heenwysing na die brandpyne wat Hy vir die mensdom se sondes sou moes kom deurmaak?

24 September

Brood

Om by 'n brood uit te kom, is 'n hele proses nodig; Koringsaad moet gesaai word, die saad moet in die grond gelaat word totdat dit sterf, dan moet dit begin groei totdat daar 'n koringoes is, dan moet die koring geoes word, die koring moet gesuiwer word van die kaf, die koring moet gemaal word, die koringmeel moet verwerk word saam met ander bestanddele tot 'n deeg en dan moet die deeg in 'n oond gebak word. Brood word gebak met die doel dat dit geëet moet word. Die brood word deur die liggaam opgeneem om energie en krag aan die liggaam te voorsien. Die krag moet gebruik word om onder andere weer te ploeg en te plant sodat daar weer koring geoes kan word.

Jesus gee aan ons die Brood van die Lewe, met ander woorde Homself. Eers moes Hy sterf soos 'n koringkorrel voordat Hy die oes van die lewe aan ons kon gee. Soos sy kruis in die grond geplant is word koringsaad in die grond geplant. Eers moes Jesus vir ons sondes sterf voordat Hy kon opstaan en begin lewe. Soos die Evangelie nuwe lewe in mense se lewens bring, bring koringbrood lewe en krag vir die mens se aardse bestaan. Jesus se afsterwe en opstanding bring 'n groot oes in van siele van die wat hulle bekeer. Daar is mense wat nie die Evangelie aanvaar nie en die Bybel verwys na hulle as die kaf wat uitgewan sal word uit die koring. Na 'n mens se bekering en wedergeboorte moet 'n mens deur die meul van die lewe gaan wat dikwels deur beproewing en lyding gekenmerk word. So word die mens deur die lewe gemaal om bruikbare meel te word. In die lewe van die gelowige sal smart, beproewing en lyding die bakproses voltooi. Van die bestanddele wat in die verwerking van die lewensbrood ingemeng word is benewens siekte, armoede, pyn, beproewing, lyding ook dinge soos, genade, geloof en liefde. Die mens moet ook deur die hitte van die lewe gaan, om soos brood gebak te word totdat 'n eenheid van Christelike karakter gevorm is. Soos brood geëet moet word moet die gelowige die Ewige Brood, Jesus eet. *As julle nie*

my liggaam eet en My bloed drink nie het julle nie deel aan My nie (Mat. 26:26). Wanneer Jesus deur die Heilige Gees in ons kom woon, word ons verander en word ons deur die Brood van die Lewe toegerus met krag en geestesenergie. Die bakoond van die lewe berei die gelowige voor om die Evangelie te saai sodat daar 'n groot oes van siele kan inkom.

25 September

Die Jood

(Efes 2:13-22)

Ek was dood,

uitgesluit van wat aan die Jood behoort.

Maar nou, na Jesus dood en opstanding,

een met Hom.

Maar ook met jou my broer.

Meer nog, saam met jou, die Jood,

een met God waar ons ewig hoort.

Misterie van God-Drie-enig;

ek en Jood in Hom verenig,

vir ewig vredig.

Nooit weer afgegrens,

van God en mens.

Deur Gods Gees vrye toegang

tot die Vader verkry.

Dit is rede om vreugde te bely,

nie meer in 'n bywonershuisie te bly.

nie bywoner meer,

nou medeburger van my Heer.

Deel van Sy gesin, vir ewig bemin.

'n Steen in Sy gebou,

Jesus hoeksteen ingebou.

Alles tot 'n tempelhuis behou,

waarin God bly, getrou, my te behou.

26 September

Smal pad

Die pad is smal en steil,

Here, God van my heil,

geen ompaaie -geen kortpaaie,

geen kansvat met draaie.

Hou jy die hemelpoort in sig,

laat dit jou moed oplik.

Dan kom jy by die laaste krans na bo,

byna loodreg, en moedig beur jy voort,

wetende jy sal dit nooit self kan doen.

Dan sien jy Hom bo-op die rots staan,

winkend vanwaar jy moet gaan.

Net toe jy weet dit kan nie gebeur,

en jy moeitevol probeer opbeur,

jou hand voel glip,

sien jy hoe Hy afbuk.

Skielik gryp Sy bebloede hand

joune vas met 'n ysterklamp.

Moeisaam word jy opgetrek

vanuit die aardse drek.

Dan staan jou voete op die vaste Rots,

en jy voel Sy liefdeshart teen jou pols.

27 September

Dood en Lewe (Efes.2:13)

Die sonde het ons doodgemaak.

Ons sou die ewigheid nooit by U kon smaak.

Alleen in ons selfdood kon U ons kom haal,

deur Self in die hel neer te daal,

toe U als volbring

en die engele juigend sing,

is ons die hemel ingebring.

God self verklaar:

"Maar nou is julle een met Christus Jesus"

Jesus het vir ons die dood oorwin,

die hel in ons plek ingedring,

ons so uit die dood te bring.

Dankie, dankie Heer.

Dit was nodig, net eenkeer,

U bloed te stort,

die hel so in te kort,

Vir 'n klein tydjie voor ons sterf aan self,

die ou lewe vir ewig bederf,

die heerlijkheid verwerf.

Ons het die ewigheid so nodig,

U te dank vir die ou mens, so oorbodig.

Nou in ons reine eenheid met U,

nuutgemaak, vir U nuwe taak.

Hemelburger! Ons hoef na niks meer te hunker.

28 September

Nagmaalbloed

Dankie vir U bloedsweet, Heer,
toe U Vader vra die smart te keer.

Toe U so vir ons sondes boet,
gehoorsaam, soos God se Seun moet.

Soos Mirjam aan U voet,
sit ek langs U voet vol bloed

Spykergate!

Hoe kon U so vir my sonde boet?

Hoër op die wond van die swaard,
in U sy ingesny.

Nog bloed!

Dan U kop, Heer,
die verwoesting wat U so beseer:
gebroke lippe en tande, geklapte wange.

Nog bloed!

Om van U rug nie eers te praat;
verskeur verwoes, bebloed.

Dan op U kop die doringkroon
van satanshoon,
asof dit U lyding moet beloon.

Bloed, net bloed

wat vrylik vloei,

terwyl die sondewind oor Golgota loei,

verduur U hel en pyn.

Al wat ongeskend nog blyk

is U liefdevolle kyk,

deur U bloed.

Dan U hande Heer, oor my uitgestrek,

al my sonde te bedek.

Net die bloed wat my omvou

en so geboorte gee aan 'n nuwe ou;

genade druppelend my te was ,

vir ewig verlos van die sondelas.

Dankie, aan U voet te sit ,

U, vir ewig te aanbid.

Net U Bloed!

29 September

Misleiding

Misleiding is satan se werktuig. Reeds met die bestaan van die eerste mens het hy sy strategie om te mislei, vervolmaak. (Gen.3) Die enigste persoon wat nie vir sy misleiding geval het nie was Jesus.(Mat. 4) Nie, omdat hy nie probeer het nie, maar omdat Jesus deur sy leuenagtigheid kon sien toe hy Jesus probeer verlei het, met verkeerde interpretasies van die Woord.

Vandag het niks nog verander nie. Misleiding is aan die orde van die dag. Jesus het gewaarsku dat geweldige misleiding een van die eindtydtekens sal wees. (Mat. 24:4) Kom ons kyk in meer besonderhede na hoe satan te werk gaan met sy misleiding.

In Gal. 5: 6 staan hierdie woorde opgeteken:

*" Al wat van belang is, is **geloof** wat deur **liefde** tot **dade** oorgaan."*

Daar word verwys na 3 belangrike aspekte: *Geloof, liefde, daade*. Alles begin met **geloof**. Dit is 'n genadegawe van God en mens kom deur gehoor tot geloof. (Rom. 10:17) Geloof in Jesus as Verlosser lei tot die uitstorting van die Heilige Gees in 'n mens se lewe. 'n Deel van die vrug van die inwoning van die Heilige Gees is **liefde**. Wanneer die liefde jou dring doen jy **goeie daade** en vermy jy die slegte. Die drie genoemde aspekte is intiem verweef en kan nie los van mekaar staan nie. Kom ons kyk hoe hierdie drie aspekte in koning Dawid se lewe by twee geleenthede gefunksioneer het:

Op 15 jarige ouderdom kom bring Dawid vir sy broers kos waar Israel en hulle vyande in gevegslinies teenoor mekaar opgestel is. Dawid is maar net 'n skeepwagter en is nog te jonk om saam met sy broers teen die vyand te veg. Goliat, is die baasvegter van die Filistyne. Hy is 'n reus. Hy daag elke dag Israel uit om 'n vegter te stuur om teen hom te kom veg. Niemand in Israel is braaf genoeg om die uitnodiging te aanvaar nie, totdat Dawid opdaag. Dawid is geskool in geloof maar nie in oorlogvoering nie. Hy weet egter dat God tot alles

instaat is want God het hom die krag gegee om 'n beer en 'n leeu dood te maak toe hulle sy pa se skape wou vang. Hy verklaar homself bereid om teen Goliat te veg en verklaar vol geloof dat Goliat die onderspit sal delf. Sy liefde vir God dryf hom om op te tree en God se eer te beskerm. Dawid het geleer dat hy nie net in God en wat God kan doen moet glo nie, maar dat hy self ook iets moet doen. Hy kon nie net passief wees en glo dat indien hy Heilige Gees sou toelaat, Heilige Gees alles sal doen nie. Geloof in God se almag en God se goedheid maak hom lief vir God en dring hom iets vir God se eer te doen. Die res van Dawid se konfrontasie met Goliat word vir ons pragtig in Gen. 17 beskryf. Dawid gooi met sy slingervel 'n ronde klipie presies in die voorkop van Goliat in. Hy kap Goliat se kop met Goliat se swaard af en rapporteer aan koning Saul met Goliat se afgekapte kop in sy hand. Hierdie is 'n pragtige voorbeeld van geloof wat deur liefde tot daad oorgaan. Die verhaal van Dawid eindig nie hier nie.

Baie jare later is Dawid koning. Hy stuur sy soldate om te gaan veg, maar in plaas van om hulle te lei in die stryd, hang hy by die paleis rond. Hy glo nog steeds in God en wil steeds sy liefde vir God bewys maar hy het passief geword. Hy wag dat Heilige Gees alles moet doen terwyl hy met sy eie dinge besig is. Hy eet lekker en vat sy middagslapie. Dan drentel hy op die mure van die paleis rond en kyk of hy iets interessants kan sien. Sy passiewe geloof en liefde vir homself en sy eie genot en gerief lei tot sy verleiding. Terwyl hy so rondrentel sien hy sy buurvrou, die beeldskone Batseba, bad. Deur sy wellus gedryf het hy omgang met haar, bevrug haar en laat haar man vermoor. Hierna was Dawid se lewe nooit weer wat dit was nie. Hy word 'n vlugteling en sy gesin word uitmekaar geskeur. Iewers het iets met *Geloof wat deur liefde tot daad oorgaan* verkeerd geloop. Hy het wel nog geglo en was nog steeds lief vir God maar hy het nie sy deel gedoen nie.

In Gal. 5:16 staan ook die volgende opgeteken:

"Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie."

Om beheer en bestuur te word, word geïmpliseer dat daar iets gedoen moet word. Dink maar aan 'n motor; dit kan tog nie bestuur word indien die motor stilstaan nie.'n Mens kan tog nie passief net sit, niks doen nie en dan wil toelaat dat iets moet gebeur nie. Daar moet tog iets toegelaat word, terwyl jy iets doen.

In Gal. 5: 18 staan:

"As julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie."

Hoe kan 'n mens jou laat lei indien jy op een plek passief staan en die Heilige Gees wat jou wil lei, ignoreer? Ook hier word aksie geïmpliseer met ander woorde om iets te doen. Wanneer die mens deur geloof in liefde gedring word, volg aksie, aksie wat geseën word deur die hulp wat God aan jou verleen.

Dawid moes in die **stryd** gebly het saam met sy soldate net soos Dawid lank terug teen Goliat geveg het.

Daarom het God ons in Sy Woord aangemoedig met die woorde:

Stry hard om in te gaan deur die nou poort want breed is die weg en die poort wat na die verderf lei. (Luk. 13:24)

Paulus verwys in sy sendbriewe na **stryd**, na voorbereiding vir 'n **wedloop**, na die **stryd om die prys te behaal**, na 'n **wapenrusting** en na volharding. dit is alles dinge wat met aksie, inspanning en stryd te make het.

Juis op hierdie punt kom die **groot misleiding** van satan wanneer hy die mens laat glo dat die mens maar net moet vertrou, passief moet wag en Heilige Gees maar net moet toelaat om dinge te doen, te laat gebeur en 'n mens te lei.

Die vrug wat Heilige Gees in 'n mens dra het met aksie te make. Jakobus stel dit uitdruklik **dat geloof sonder werke dood is. (Jak.2:26)**

Werke kan 'n mens nie red nie. Alleen die bloed van Jesus kan dit doen. Maar indien daar nie werke en stryd na wedergeboorte is nie is, was daar heel moontlik ook nooit geloof of redding nie.

30 September

Middagslapie

(2 Sam. 11, 1 Kor.9:24, Gal.5, Efes.6:10)

Koning Dawid, geliefde van God,
waarom breek jy Sy gebod?
Toe jy moes veg en oorwin,
vat jy 'n middagslapie soos min.
In jou verveelde ledigheid,
drentel jy op die paleis se mure rond,
om met begeerlike oë te kyk na Batseba, so gesond en volrond.

Was jy ook so, my vriend, sonder stryd,
'n maklike prooi van die boosheid?
Een ding lei tot die ander,
wil jy ook so God se plan verander,
tot jy die vloek oor jou koningskap lok
en die genade van God blok?
Moenie die Gees misverstaan;
jy mag nie net toelaat en dan selfgenoegsaam rus.
Die sonde wag om jou te kus-- in jou wellus.
Stry hard om in te gaan,
op die nuwe smal baan.
Moet nie jou verantwoordelikheid ontwyk,
dat jou dade swak en willoos blyk.
Hardloop om die prys te behaal,
al laat dit die self maar kaal.

Wees seker van jou doel,

bly so uit die hel se poel.

Oppas passief te rus,

passief in die hel in gesus.

Eers Sy krag ontvang en dan die lewe te stry-nie meer bang.

1 Oktober

Waarheen Heer?

Die wind het opgehou met waai,

my spane lê stil; sonder swaai.

Ek, net drywend, sonder krag of plan-

geen vis gevang.

Tog is U wind vir my gespan.

In Sy stille fluister lê my krag:

"Jy mag nou beter verwag.

Weet Ek is by jou,

in jou lewensboot ingebou,

sonder die ou, die eie-ek ou."

Onverklaarbaarheid bring vrees-

of steun op die Heilige Gees.

Met nuwe moed, op spoed, diepwater toe.

Hy gee wind,

koers en regte gesind;

nuwe hoop en moed,

so sal Hy my leed vergoed.

Gedink: ek kom land- toe staan Hy op die strand.

Hy klim in my boot,

Laat hom windop loop-

Diepwater toe.

2 Oktober

U alleen

U alleen is Heer.

Sal U my beheer,

my ou lewe omkeer,

satan se beheer verbreek

my kom vul met U, o Heer?

Mag satan en self nooit oorheer(s).

Kom Here, Heer, tog nog 'n keer.

Open die sondeseer,

heel my met U genade, dik gesmeer.

Kom neem vir ewig beheer.

U het my duur gekoop;

met U Gees die sonde besweer,

vir ewig my verlos, van die sondeseer.

My Heer,

aan U al die eer.

Jochonan

(God is genadig)

3 Oktober

My Heer, my Heer

Hoe sal ek U kan dank en loof my Heer?

Ek kom met my woorde,

maak dit tog hemelse akkoorde.

Ek kom met my siel, hart en verstand,

hou dit vir U eer instand.

Ek kom met voet en hand,

U te dien my Heer.

Ek probeer niks verdien,

dit is U wat als voorsien.

Ek kom met stille berusting,

en hoop U genade is geen vergissing.

Maak my lewe sinvol

dat ek U doel tref , ja, in die kol.

My hoogste strewe, my God;

mag my lewe wees vir U genot.

Dankie vir U waarheidstempel,

Amen, Amen, Amen.

My Pa,

My God

Verlosser, Heil,

Onmoontlik U Goddelikheid te peil.

4 Oktober

Timmerman

(My buurman)

Voel jy een met Hom,
vanwaar jou talente kom,
wanneer jy kap en saag,
die stomp se dooie gees verjaag,
tot jy iets skep,
deur God se Gees in jou gewek?
Lank terug is jou genes in die moederskoot geploeg;
kunsvol saamgevoeg,
sodat jy van Hom sou getuig,
wanneer jy die dooie stompe ombuig
tot iets mooi, wat kan spreek.
Ook Hy het geswoeg met die hout,
wetend Hy sou daaraan hang
om jou sondes te ondervang.
Geniet dan so die heilige werk,
Wat Hy in en deur jou bewerk.
Mag jou skeppings Hom loof,
deur elke houtjie wat jy kloof
tot skeppingswonder, vir Sy eer afgesonder.

5 Oktober

Eerste offer

Abel, hoe is jy gevorm,

so vroom so geborgen?

Waarom kon jy God glo,

alles uit Sy hand ontvang van bo?

Jy en Kain het tog saam grootgeword,

en tog was groter genade op jou uitgestort.

Was jou veetjies, wie self kon groei,

dit wat jou geloof in God kon laat bloei?

Was Kain behep met sy eie selfgesprek,

toe hy voel sy sukses is deur sy eie woel?

Wie het vir Abel vertel van die Offerlam en Bethel?

Hoe het dit in sy gees

opgewel tot groter as sy eie vlees?

God, U het Abel geseën met U Heilige vrees,

toe hy U erken,

sy liefde vir U beken.

U het sy offer aangeneem,

hom so van die aardse gespeen.

Mag ook ons, o Heer, U offer eer,

dit met dankbaarheid ontvang,

seël van U wees sonder meer te verlang.

Ek aanvaar U offer, Heer,

nog 'n keer, nog 'n keer,

weer en weer, my Heer.

6 Oktober

“Any desk”- Geestelike ervaring

Salige gevoel;

in geloof beheer verloor,

oorgedra na Hom

van wie alle mag kom.

Net te rus,

beheer af te staan,

te sien hoe Hy lei,

en ingryp op die lewenspad,

Elke keer korrigeer,

wanneer ek misluk in selfbeheer.

Vrede in geloof;

Hy doen wat Hy beloof.

Hy bestaan en lei

vir my, in Sy hande, die klei.

In die rustige wete dat Hy alles sien,

alles is voor Hom opgedien,

om Sy plan te volvoer,

sonder dat jy ‘n toon hoef te roer.

Dankie God vir die wete:

U liefde,

alles werk ten goede mee.

Ek het my lewe aan U oorgegee.

7 Oktober

Beheer verloor

Beheer verloor, van nie te weet,

te dink die Heer het van my vergeet.

Satan laat jou in hierdie leuen sweet.

Hy probeer altyd weer, terug te kry wat hy in die paradys verbeur.

Sekuriteit vir die mens kom deur te weet,

te verstaan, nie te vergeet.

Daarom is die ouderdom so genadig vir die dom.

Altyd kan jy nou 'n rede vind,

jou van jou onvermoë te ontbind.

Pleks van jou swakheid te erken,

dit voor God te beken

en op Hom te steun vir ken

so jou hemelplek af te pen.

Daar waar volle sekerheid is,

waar Hy teenwoordig is, gewis.

Waar jy nie meer sweet in jou vergeefse selfprobeer,

so die mislukking af te weer.

Kom tog gou Heer,

Genees my seer

van lewensmoeg sonder enige verweer.

8 Oktober

Struikelblok (Mat.16:33)

Struikelblok van denke,
satan se groot geskenke,
aan jou wat God wil keer, weg te neem God's beheer.

Subtiel of nie; satan sal bly bie

vir jou siel met 'n leuen
totdat jy op mense steun.

Wat wil God?

Wat is Sy gebod?

Nie wat wil die mens,
wat is goed vir die mens se wens?

Jesus het gesterf,

Hy het gely,
ons te keer dat ons met satan die hel in gly.

Oppas vir wat jy wil,
wanneer jy satan eiewillig hoor gil.

Verloën dan jousef,
hou op vir selfoplossings delf.

Luister fyn, wag op Hom ,
vanwaar die volle waarheid kom.

Moenie satanshelper word,
hy wat jou redding wil inkort
jou in die hel te stort .

9 Oktober

Waarom al die toetse?

Waarom Here so baie toetse?

Is dit sommer net lewenspoetse?

Toetse waaroor ek nie lag,

waardeur ek soek na krag.

Is die oplossing die vra na sin?

Sal ek kan verdra wanneer ek helder sien?

Of is dit juis die sin,

nie te sien en te verklaar,

maar net in geloof op U te bou,

U te vertrou,

blindelings te volg,

wetend U sal sorg?

Dankie dan vir lyding, die sielsbevryding,

van selfbeheer, dat die boot omkeer.

Dankie vir die groei, die sterker word,

die eie krag uitgestort,

soos die eie krag verword.

Goddank, my krag kom van Bo,

dit weet ek uit U woord, U antwoord.

Dankie dat U altyd beter weet,

selfs al laat U toe die sieleleed,

ons te herinner aan U bloedsweet.

10 Oktober

Diefstal

Agt van my veertien wakkerbly-ure,

uit my dag geruk,

omdat Eskom so beskik,

met hul duister planne,

verborge vir die meeste manne.

Alles deel van 'n groot komplot,

beheer te kry oor menselot.

Waarom 'n regering so boos?

sal U, o God ons troos?

Dankie dat U verklaar:

“Satan is amper klaar,

hy sing sy swanesang”.

Vir hom is ons nie meer bang.

Hy mag vir 'n rukkie voel hy is god,

spoedig is die hel sy lot.

Al steel hy nou van ons die lig,

spoedig sal hy in die hel vir ewig sug.

Vrees nie die duister wat hy bring,

God se lig sal dit verdring.

Eerste skepping van God- Die Lig,

verlig vir ons 'n ewige vergesig.

11 Oktober

Geloofsoog

Hoe meer geloof,
hoe dieper sien die geloofsoog
hoe U beheer, hoe U stuur
en elke ding beheer volgens U plan.
So word my lewensplan herstel,
sodat ek ander daarvan kan vertel:
Goddelik om te sien,
hoe U my vorm, U te dien.
Tog, kom geloof deur gehoor
en sien kan die geloof versmoor.
Moenie vra dat Hy moet wys,
luister, doen en Hy sal wys
die uiteinde van jou geloof,
wat Hy so hoog aanprys.
Oppas vir die oog
wat so maklik soek na die hemelboog,
van begeer, van wat mens beoog.
Luister fyn vir Sy stem,
moontlik deur jou eie wil getem.
Hy sal spreek,
Vertrou Hom.
Doen Sy wil en Hy sal jou wens vervul.

12 Oktober

Die verhouding

'n Leeftyd lank gesoek,
eindelik gevind,
dit wat my aan U bind---'n verhouding.

Eers die ontdekking
van U beskikking,
toe die aanslag van eie idees
die ontdekking van eie vlees.

Toe die blokkasie,
die irritasie,
die stop,
die luister,
die stille influister
van U wil.

Nie meer 'n geskil,
maar 'n hartlike doen van U wil;
te skryf wat U gee.

Nie meer die gestoei met tegniek,
dit laat telkens die verhouding breek.

Alles is oop en vredevol,
laat Sy genade jou toerol.

Net U wil, my Heer,
elke dag tot U eer. DankU Heer.

13 Oktober

Die eerste Dag

Was dit 'n biljoen jare terug,

toe God na die woesterny kyk en sug?

Was dit 'n taak te groot,

vir ordeskepping soos dit by God hoort?

Moes alles wag vir God se Gees,

Wie oor die diepwaters sou sweef?

God is lig en het Sy Geeslig gebring,

Sy skepping uit die duisternis te wring.

God het die hemel en aarde geskep,

woes, donker en alleen.

Vanuit sy hemelsig was die aarde net 'n donker vergesig.

Sy Lig bring ook vir ons 'n vergesig;

van wat sal volg;

'n wonder van Sy sorg.

So skep Hy nie net lig,

maar vir ons die wonder van hemelsig,

vir ons in donker sonde vasgevang,

struikelend, blind en bang.

Tot God se Seun, die Lig,

mense se donker lewens sou verlig

met die Blye Boodschap,

van God se hoofskap,

van Sy liefde

en Sy Seun,

Wie se genade oor die aarde sou dreun,

die mooiste woorde, hemelse akkoorde.

So is daar tog Hoop

– so duur vir ons gekoop.

14 Oktober

Vyandsliefde (Lukas 6)

Liefde is deur God geheilig,

om ons siele te beveilig.

Om liefde te leer doen,

moet ons met God deur Jesus versoen.

Menslike liefde, van nature gerig op self,

is waar jy die boosheid delf.

So het Eva gefaal,

toe sy na selfbegeerte daal.

Ons is sedertdien vervloek,

en daarom sal ons in die hel moet boet .

Tog gee Jesus in Sy liefde ons 'n kans,

ons teen die hel te verskans.

Alleen in sterf aan self,

die omkeer van die liefdeself,

die kruisiging van die liefdeself;

die begeertedrif,

die heilige gedagtesif,

tot net een waarheid bly:

Ek kan net God of self verkry.

Ons word deur lyding bevry,

van self, oor wie ons, ons so verbly.

Alleen in eenword met Sy lyding,
kom daar vir ons bevryding.
Die hoogste toets vir selfbevryding,
lê in die wat sorg vir ons lyding;
om vyand lief te hê en te seën,
al moet jy oor verlore selfliefde ween.
U, Jesus, het dit als gedoen,
Goddank, in U is ons versoen.

15 Oktober

Moederduif 1

Vir weke hou ons haar dop,

met haar stilsit het sy baie gefop.

Die koue winterwind het haar veertjies gevind,

en haar teenwoordigheid aan ons verraai.

Ons was so bly

toe ons die kleintjie in die gesig kry.

Die troue moeder,

altyd haar kind se behoeder.

Toe slaan die lanksman toe,

en al wat bly is dooie takkies,

waar die gesinnetjie was.

Ma verkas,

gedryf deur haar moederlas,

om weer voor te begin,

deur God's liefde gedring.

Weer die lewe te sien groei,

net elders word ontplooi.

Gee ons ook so hoop, o God,

dat U so die Beskikker bly van ons lot;

dalk lank of kort in die nes,

tot die dood ook ons verpes.

Tog sal satanslaksman nie ons lewe uitwis---net U kan.

16 Oktober

Of

Moederduif 2

Moederduif het toe nooit geskuif.

toe ons weer kyk is sy op haar pos,
om te sorg vir kos, vir haar kleinding
vir wie sy die liedjie sing.

Laksman moes toe onverrig verkas,
uitgewerp; vir moeder nie meer 'n las.

Kleintjie knus toegevou,
vir die lewe behou.

Ons is saam met jou bly.

Nog 'n gesinnetjie vir God verkry.

Dankie dat ons so in die lewe kon deel,
deur U, o GodsGees aan ons toebedeel.

Wees ook met die klein geveerte,
met ons begeerte,

deel van U te wees,

vir altyd by U, onbevrees.

Net juigend, met hande na bo,

soos die duif se moederoë,

Wanneer sy dankbaar tot U sing, die mooie ding.

Nie net neergedaal, maar ook uit liefde ons kom haal.

17 Oktober

Om God se stem te hoor

Hoe, Here, hoor ek U stem?

Net wanneer ek luister kan ek U stem herken.

Wees my genadig, ek is so dom,

en kan so dikwels U seën ontkom.

Genadiglik praat U hard,

veral deur omstandighede met my hart.

So kan ek nie kies waar ek my lewe slyt,

U hand het my hier neergesmyt.

U het eise bo my vermoë gestel,

my so diep afhanklik van U ingestel.

Soms was ek koud van vrees,

vanweë die swakheid van my vlees.

Tog het U altyd weer gespreek,

my hart en vlees aangespreek.

Duidelik het U dan my koers bepaal,

gemaak dat ek die eindpunt haal.

So het ek deur U Woord geleer

te luister na wat U my leer.

Altyd is my geloof getoets,

my krag deur U hulp blink gepoets.

So kon ek leer my na U te keer,

uit U sagte influistering te leer,

oor te gee aan U beheer.

Boor my ore oop
dat ek so van self gestroop,
net op U sal bly hoop.

Wat kom na hoor?

God sê: “kom,
kom luister,
hoor en **doen**.

Anders is jou geloof gedoem.”

Geloof sonder daade is immers dood;
Die willoosheid het krag verstoot.

Doen, beteken tog dat jy moet gaan,
ander te oortuig van hul sondebestaan;
God se Gees te vertrou
die woorde om te bou
tot redding vir elke ou.

18 Oktober

Katarakke

Daar was 'n eenoogkoning,
sukkellend teen die trappe van sy woning.

Toe kom die lig,
van 'n verwagte vergesig.

Hy gooi sy bril weg
en glo hy sien nie meer sleg.

Nou nog net een oog te doen,
dan kan hy met brilloosheid versoen.

Mooi soos 'n jongman,
met oë wat kan.

Nog net 'n week,
nooit weer oë wat sweet,
vanweë ou lense opgekyk.

Baie wordelees het hul weggeslyt.

Nou weer reg vir 'n miljoen,
indien sy jare daaraan kan voldoen.

Tog is die aardse realiteit,
dikwels die van teleurgesteldheid:

Maklik te beloop maar so kan dit die droom beroof.

19 Oktober

Een pak slae (2 Tess. 2:10)

(na 10 boeke geskryf oor misleiding en leuens)

Net een pak sla,

my pa,

moes my deur die lewe dra

soos een oersonde vir ewig verdoem.

Die leuen het satan se bose plan verbloem.

Om met God te versoen

moes die waarheid kom,

die leuen uit te wis,

waarheid te laat wen in die twis.

Hoe het jy geweet,

dit is waarvoor jy sou sweet?

Die stryd vir waarheid, heldere klaarheid;

die uitwissing van die grysgebied

tussen verkeerd en reg, soos Hy gebied.

Genade laat die katarsis kom,

jy, uit die leuenhel losgebom

toe Hy vir jou siel kom.

Dit bevestig in jou doop,

verlossing uit die ewige dood.

Tog moes die boeke nog kom,

alles net van Hom.

katarsieer vir Sy eer.

Maar redding alleen deur my Heer.

So bly U ewig Heer.

Nie meer pyn van leuenseer.

20 Oktober

Swart of teWitt

Is jy geskik,
die hemelpoort in te buk?
Of moet jy nog meer leer buig,
nog meer aan teenspoed suig,
om in jouself klein te word,
jouself in te gort,
tot jy deur die oog van 'n naald,
los kan gly, onbepaald,
wanneer Hy jou kom roep,
en jy voor Hom moet boet;
Met leë hande staan,
met slegs die prys deur Hom betaal.
Sy hande is, Goddank, nie leeg,
Maar vol genade soos dit oor jou beweeg.
Kan jy dit vat, dit ontvang?
Jy is tog nie bang,
niks te wees,
stil voor Hom te beef,
vir ewig aan Sy voet te sit ,
Hom te bly aanbid.

21 Oktober

My Broer

‘n Leeftyd van dien,

om vir ander te voorsien.

Altyd bereid, altyd opplek,

om die tafel vir familie te dek.

Groot en sterk,

hartjie klein en ingeperk,

maar ook so ruim,

vir hulpbehoewenes ontruim.

Altyd weer die kinders,

moet nooit van hulle skinder.

Absoluut lojaal,

in sy diepste wese so bepaal.

Vlymskerp intellek,

oppas dat jy nie sy gramskap wek.

Soos sy pa; altyd liefde sonder vra.

Soos sy ma; altyd dienend sonder kla.

Kinderlik gelowig, het God altyd broodnodig.

Vir altyd in Godstrou ingebind,

vir die ewigheid gevind.

Die lewenstryd kon ons nie onderkry,

net te veel liefde in ‘n ry,

vir jou en my.

Dankie broer en vriend. Mag ons liefde nooit ontbind.

22 Oktober

Boekemaak

Uitgeskryf, leeggeskryf, viswyf,

met jou raas en kla,

sonder om pyn te verdra.

Is jy nou leeggebraak,

oor al wat vir jou saakmaak?

Of is daar nog 'n kiem of twee,

wat jou vrede wegvee,

wanneer jy op onbekende paaie beweeg,

al probeer jy hulle koers wegveeg?

So maklik glip hul weer in, in selfbejammering.

Voel jy gekruisig, swaar gewond,

en krap jy nog rond

daar waar die leegte is,

hoopvol iets te vis?

Genadig word jy afgestomp,

leeggeskryf,

jou ou viswyf.

23 Oktober

Tragiese raaisel

Waarom is jou gemoed so sleg en vuil,

vuiler as 'n sondekuil?

Was dit die vloek , deur ouers op jou uitgeroep?

Het jy reeds van vroeg geweet,

hul wou eintlik van jou vergeet,

toe jy onwelkom kom,

en hul probeer verbloem jou binnekom?

Abnormaal, het hul gefaal,

en dit onbewustelik in jou opvoeding ingemaal,

sonder dat jy dit weet,

het hulle dit nooit vergeet-

tot jy die troudag ontdek,

vir jou 'n slegte stilhouplek.

Tog bring dit begrip,

toe jy die tyd afpik

en hul geheim ontbloot-

die verwoesting van die maagdeskoot.

Het die seën vir hul uitgebly

toe hul weer 'n baba kry?

24 Oktober

Bloedkleinkind

(Vir Arauna)

Mooiste, mooiste ding,
in ons wêreld ingebring;
perfek
volmaak.

Gemaak na God se smaak.

Welkom skone kind,
liefde sal jy by ons vind.

Elke hand wil jou aanraak,
jou seën so vervolmaak.

Toegevoeg tot die derde geslag,
mag jy jou lewe lank lag.

Nogmaals welkom, mooiste ding,
ons sal jou altyd bemin.

25 Oktober

Vluchteling

Jy, vluchteling uit Oekraïne,
is jy dalk die een
van 144,000 oor die wêreldheen
oppad na jou Joodse Vaderland,
ter voorbereiding van die eindtydstand?

Of

Maak jy maar net Aliyah,
in opdrag van Jehovah,
soos Hy bepaal dit sal wees?
Buite Israel voel jy soos 'n wees,
tot jou voet die Land betree,
jy die grond soen,
wat Hy lank gelede
reeds met jou gees versoen.

Jy kon tog niks anders doen;
jou gene roep na eenheid met Hom,
daar waar jy vandaan kom.

26 Oktober **Lewe**

Om te vergewe;

elke dag, uit Sy krag. Waarom Here?

Dankie my God, U het my vergewe,

geleer van liefde,

deur U prys vir my betaal.

Alleen ingebed in hierdie wete, kry ek vrede;

kan ek my skuldenaar,

vrygespreek verklaar.

Wat is sy senteskuld teen my,

teen waarvan U my bevry?

Gee tog U wil in my,

ander te bevry, die aan my sy.

Dat ek nooit die bitter woord sal hoor:

"Jy het my genade vir jou vermoor, versmoor,

toe jy onbereid,

vasklou aan jou bitterheid.

Wraak kom My alleen toe,

nou en vorentoe."

Nie deur te doen,

kan jy met jou hater versoen.

Alleen in Sy vryspraak,

maak jy die ewige deurbraak.

Alles gebou op geloofsvertrou.

Steun op Hom -dit sal jou nooit berou.

27 Oktober

Moderne Kind

Is jy my ma,

of het jy my maar net gedra?

Is jy my pa,

of wie het die saad dan gedra?

Wie is ek,

identiteitslose gek,

wie nerens hoort,

altyd vlugtend voort,

voordat die skande my inhaal,

en jy my vertel, my verhaal?

Waarom het jul dit aan my gedoen,

hoe kan ek ooit met jul versoen?

Is alles dan net bedrog,

of mag ek nie so iets vra,

ek, die kleine bog?

Weet julle, ja julle wat julle gesinne ken,

hoe weesheid 'n mens se siel beklem.

Alles hier is onseker,

niks kan dit verbeter.

Waarom dan nog toevoeg tot my smart,

julle harte so verhard?

Net dink aan jul plesier,

asof ek niks meer is as 'n blote dier.

Tog is daar hoop vir my ,
al het ek baie seer gekry:
Niemand kan my God se Vaderskap ontken,
in Jesus is Hy, die ewige Vader, vir my gewen,
toe Vader aan die kruis Hom verlaat,
seker te maak, Hy sal my nooit verlaat.

28 Oktober

Lewensdoel

Altyd eise groter as wat ek kon hanteer,
so het U my geleer,
my so gehanteer.

Altyd die eiewaan te breek,
deur pyn en lyding
in die eie-ekverdwyning.

So gevorm, voorberei

tot ek kon uitroep :

“Heer, ek lewe alleen deur U, my Heer.

Wat sou my doel tog wees.

Waaroor is ek tog so bevrees?

Eers die skool, die ander daar,

gesag wat nooit bedaar,

die openbare optrede

berower van die vrede,

die afhanklikheid, die vorming van diensbaarheid.

Tot U die doel laat deurbreek:

Jy sal nie preek of spreek

maar nederig help en ander versterk

deur hul te leer, hul te bekeer,

die Woord op hul hart te skryf, dit is jou bedryf.”

29 Oktober

Kosbaarste

Het dit al vir jou gevoel of jy jou kosbaarste verloor het of dat dit bedreig word? Alleen die een wat die hel daarvan ervaar het sal weet waaroor dit gaan. Al wat sin maak hier teen die einde van jou lewe is jou geloof, soos my ouma altyd gesê het kort, voor haar dood: “My ou kindjie, as ek net my geloof kan behou.” Onlangs is my geloof geskud deur ‘n prediker in wie ek baie vertrou gehad het. Hy het gepreek oor die Groot Wittroonoordeel teen die einde van die tyd. In die preek het hy ‘n sterk saak uitgemaak dat elke mens van sy eie lewe voor God sal moet rekenskap gee. Elke verkeerde daad of woord sal voor almal teenwoordig aan die groot klok opgehang word, want elke verkeerde ding is in ‘n boek opgeteken. Elke mens sal van elke verkeerde daad, elke verkeerde gedagte, elke versuim uit sy verlede voor almal teenwoordig, ‘n verduideliking moet gee. Op hierdie punt het dit gevoel of my geloof in ‘n genadige God in duie stort. My geloof in Jesus kon my nie hierdeur dra nie. Alles het vir my so tevergeefs gevoel. God is getrou en Hy het soos Hy belof in Romeine 8:28, “ alles ten goede laat meewerk.” Dit het gevoel of ek in skaamte verdrink. Hoe sou ek ooit weer iemand anders in die oë kon kyk?

Op hierdie punt het God my te hulp gekom en het Hy my begin herinner aan Sy Woord, die ware Woord in konteks gesien:

- 1. God sal nooit weer aan my sonde dink nie. (Hebr. 10:17)**
- 2. Hy verwyder my sonde van my sover as die Ooste van die Weste is. (Ps. 103:12)**
- 3. Deur Sy bloed is ek rein gewas van die sondelas. (2 Kor. 11:2)**
- 4. In die doopwater het die ou mens gesterf en toe ek uit die doopwater opstaan, het Hy die ewige lewe soos nuwe asem in my ingeblaas. (Rom. 6)**
- 5. Paulus sê dat hy hom losmaak van wat agter is en hom uitstrek na wat voor is**

6. In Rom. 8:33 staan: “ Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry”.

God is so getrou. In Rom. 12 beloof Hy ons dat Hy alles ten goede sal laat meewerk. Hiervan kan ek ook nou weer getuig. Selfs die valse prediking kan Hy ten goede laat meewerk. Nou besef ek opnuut watter genade dit is om vrygespreek te wees **omdat Jesus nooit weer aan my sondes dink nie**. Daar is weer vreugde en dankbaarheid in my lewe. Te midde van soveel onsekerheid bly hierdie sekerheid my by en is dit nuutafgestof altyd in my geestesoog.

Ons weet dat die volgende groot gebeurtenis die Wegraping van God se kinders is om vir eers die bruilofsfees van die lam saam met Christus vir 7 jaat te geniet. Dit, terwyl die groot verdrukking op die aarde voltrek word voordat die groot Wittroonoordeel sal plaasvind van die mense wat Jesus se verlossing verwerp het. Hoe sal die geredde skoongewaste bruid van Christus by hierdie feesmaal kan aansit en weet dat Hy binnekort aan die vergrype van die ou mens se sondes in Sy lewe blootgestel sal word voor al sy geliefde broers en susters om hom.? Dit maak tog net nie sin nie.

Daar is nie meer plek vir die ou dinge nie. Die ou mens het gesterf. Alles het nuut geword. God het my vergewe en dink nie meer aan wat die ou mens gedoen het nie.

Dankie Here!

Dankie Here!

Dankie Here!

Dankie Here!

Dankie Here!

Dankie Here!

Dankie Here!

30 Oktober

Skarlaken

(Bybelse Ensiklopedie P. 597)

Eikeboom van Libanon,

vanwaar die skarlakenwonder kom.

Was jy, eik, die bron van die plank

waaraan Jesus sou hang?

Klein skildluis oortrek die eik

juis in die Paastyd om hul doel te bereik.

Elke skildluis maak baie kleintjies en sterf dan self,

beskermend oorgebuig om die kleintjies te bederf,

en aan die lewe te hou

terwyl hulself die dood aanskou.

Hul dood gee lewe aan hul kind,

wat in hul ouer se dood hul eie lewe vind.

Skildluis se skarlakenkleur,

dui op wat Jesus in Sy lyding vir ons verduur.

Bloedrooi is die luis se koningskleur

soos Jesusbloed, ons Borg, vir ons sorg.

Daarom moes **skildluis** eintlik **Skuldluis** heet.

omdat Jesus in Sy dood, bloed sou sweet,

(rooie bloed-skarlakenbloed)

sodat God van ons skuld sou vergeet.

Toe die luise, in hul dood, skarlaken verkleur

is ons, die kinderluisies, gered.

So word baie dooie skildluse gemaal,
die skarlakenkleur te bepaal.
Bloedrooi sal ons altyd herinner
aan Sy dood wat ons verdorwenheid verhinder.
Soos die skildgogga, skuldgogga, vir ons sou word,
Het Hy ook aan die kruis van bo oor ons gebuig,
en het sy bloedrooi bloed,
ons ewig van die hel behoed.

31 Oktober

Modderpoel

Modderpoel, sondepoel, ingewoel.
Hoe meer jy spartel om los te kom,
hoe meer jy vloek en skel,
en ander van hul sleglot vertel,
hoe dieper daal jy in sondeduister,
tot satansleuen jou versmoor,
jy wegsink tot niemand jou hulpkreet later hoor.
Hoe meer jy haat,
hoe meer ervaar jy sieleskaad,
hoe tuister raak jy in die sondevuil,
totdat jy later dit vir niks wil verruil.

So is dit ook met heilig skoon
waar liefde woon,
vir hul wat by God inwoon;
Hoe meer hul hul vyand bemin,
hoe meer liefde word vir ander ontgin---
Die skone riene in die aardse kleine,
is dan die oefenveld vir afsien van haatgeweld,
die ontginning van liefde vir ander en God.
Hoe meer jy doen soos God:
Vergewe volgens Sy gebod,
hoe voller word die lewenspoel

Van helder skone heilige liefdeswater.
Hoe meer jou liefde vloei,
hoe vaster word jy aan God se liefde geboei.
Wie wil dan nog 'n sondevark wees,
indien hy vol kan wees van God se liefdesGees?
Sal U dan in my en my broer werk,
volgens U liefde, onbeperk,
Vir my en ander,
veral hul wat U wil verander.

1 November

Niksmens 1

(Lukas 18:13)

Daar is net een God, net Een, wat God kan wees.
Dan is daar die res, wat so graag eiegod wil wees.
Van die vroegste tyd
moes die mens sy lewe in onderdanigheid slyt.
So min het dit reggekry,
elkeen wou op sy donkie ry,
en probeer so God na Sy kroon te steek.
Dit veroorsaak vir God net leed.
Dus voortdurend stryd,
reeds sedert die oue, oue tyd.
So het satan geval,
saam met 'n derde van die engeletal—
Wat 'n knal. Toe gaan die mensdom mal.
Eva wou soos God, alles weet.
Hierin was haar dood versteek.
Saam met haar die ganse mensedom,
ja, die mens, so dom.
Die enigste uitweg sou kom
indien die mens van homself ontkom.
So kon niemand God volg
sonder te buig voor God as Borg.
Fariseërmens wat op sy bors slaan,

in gewaande eiewaan,

homself verlos verklaar,

sal so sy eie dood baar.

Alleen die niksmens, wat kom buig en getuig:

“Ek is die sondemens, ‘n niksmens.”

se wens word deur God gehoor.

2 November

Niksmens 2

Hoe moet mens dan wees,
te toon dat hy God vrees?
Alleen in selfverloëning,
ruimte skep vir Erekoning.
Daar is in 'n mens se hart,
nie plek vir self en God;
een van die twee sal botoon voer:
Of selfmens of Heilige Gees sal daar roer.
Watter mens is dan aan Geesseën ryk?
Slegs hy wat van self wegkyk.
Watter genade dan vir die arm man,
hy wat self niks het aan te bied,
wat in sy swakheid kom,
stil te buig voor Hom,
te bely – U alleen is God.
Net Hy wat so nederig kom buig,
en alleen van God getuig;
wat afhanklik is,
onwaardig voel,
so uit die sondemodder woel,
skuldig en bedroef,
as niksmens by God`s voet vertoef.
Ja, net die niksmens,
sal eendag Jesus volg, vir ewig versorg.

3 November

Love

Love takes risks:

to sidestep

the trap of unforgiveness.

You may choose to forgive.

So be stil.

Remember what He did for you:

He forgave your sins,

wrote it off.

does not think about it any more,

removes it as far as the East is from the west.

He died for your sins,

in your place,

yes, suffered the hellish place

reserved for you.

How can you not forgive,

when in forgiveness

you become like Him;

The greatest honour

man can have,

to suffer on His behalf.

Identify your foe,

Him who did you wrong,

Who treated you unrighteously?

This is your chance

to become like God;

to share the pain of love.

4 November

Die einde

(21 Augustus 2023)

Nog is dit het einde niet.

Ons is net in 'n deurgang.

Soms vir sommiges net 'n vloekgang,

of 'n pyngang.

Vir ander 'n drukgang

of 'n plesiergang.

Vir ons in Jesus,

'n pynlike vreugdegang;

Pyn om in Jesus se pyn te deel

en vreugde oor ons die hemel deel,

waar Hy vir ons wag,

waar Hy gereedstaan en ons inwag.

Daarvoor voorsien Hy vir elke dag krag

uit Sy ewige almag.

Langs die lewenspad

word ons afgekap:

van katarak tot by geldsak.

Alles om ons voor te berei

as pragbruid, van eie-ek vry.

Hou dus vas aan Hom,

spoedig sal ons by Hom tuis kom,

volmaak en rein soos Hy,

van wie ons die ewige lewe kry.

5 November

Kosbaar-Kosbaar

(2 Petrus 1:1)

Wat is kosbaarder as geloof?

Met geloof wil ek U loof,

dankbaar uit U hand ontvang,

sonder vrees en sonder bang,

sonder verdienste Heer,

net genade keer op keer.

Ek bid vir geloof,

te glo wat U belooft.

tog is al wat ek kan doen,

met U te versoen;

my hand uit te steek,

U bevryding te ontvang.

So te sing die swanesang

van die eie drang,

na roem en besit,

my hart op U alleen te sit.

U my hoop, my vreug, my ewige God.

Ek laat U toe

om genadig op my te bly,

tot U die hoogste prys betaal,

my siel vir U kom haal.

Kom gou my Heer,

Laat niks U keer.

Dankie vir die kosbaarheid,

U ewige goedheid.

6 November

Dag voor geboorte

Dit is nou naby.

Ek is reeds groot en vet.

Wil nou uit my waterbed.

Alles is gevorm, more sal dit gebeur,
wanneer ek van die naelstring losskeur.

Dan sal net die gees ons bind-
ja, ma se kind.

Tot ek 'n ander geesgenoot vind,
naas u my God aan U verbind.

Voor ek een word met my vrou, so goedgesind.

Die water om my begin reeds beweeg;
my koppie lê net reg vir uitbeweeg.

Reeds trek my ma se spiere saam,
die weg van my geboorte te baan.

Goddelik bepaald die weg, my lewensreg,
deur God aan my toegeken,
te lewe en Hom te ken.

Ek begin beweeg,

My kop vind die gleuf;
wat 'n donker tonnel,
wat my wil verfrommel.

Tog breek ek deur,
geen water kan my keer.

Die lig, Goddank die Lig,

wat eers was 'n vergesig,

kan ek nou aanskou.

Deur die water vloei ek,

gedoop tot lewe.

7 November

Tweede Geboorte

Hierna het ek opgegroeï,

knus in my ouerhuis,

soos in 'n beskermende kluis.

Tog het die lewenseise my gebrei,

pyn het nie uitgebly.

Ek moes leer van verantwoordbaarheid,

van gesag en eie swakheid,

van lewenseise en vrese-

van lewenskeuse.

Tot op 'n punt het als te veel geword,

in die ervaring van my eie tekort.

Ek is so voorberei

vir die lewe wat my sou brei.

My enigste hoop het ek gevind,

vas aan my God verbind.

Ek het geleer

my na Hom te bekeer,

aan Hom oor te gee.

So die lewe te ontvang.

Heuglike dag toe ek Sy kind word;

Hy Sy genade oor my uitstort,

ek uit die water gebore word in my doop,

opstaan uit die sondedoodslot

Vir ewig vir die sonde dood,

om te lewe,
deur die naelstring van genade---
my tweede geboorte.

8 November Derde Geboorte

Nou, op 82, wag die laaste geboorte.

Vlees groei nie meer maar kwyn nou weg,
die lewenstryd is besleg.

Wat sleg is, is beveg.

Salig om aan Sy genade oor te gee,
te wag op Hom wat my kom haal.

Los van alles wat my bind,
veral die sonde wat nog steeds my wil verslind.

Spoedig sal ek sterf,
om die ewige lewe te vererf,
weergebore word;

Weer deur water, wolkewater, die derde water.

Nou water verbind met lug en Lig,
wanneer Hy my deur die wolke lig.

Vir ewig by Hom te wees,
nooit weer 'n wees.

Dan vasgeklem aan Sy deurboorde hand,
lei Hy my tot op die hemelsand.

Laaste maal gebore,
vir ewig beskore by Hom te wees.

Van alle sleg genees.

Dankie God en Koning,
vir my nuwe inwoning.

Kom tog gou asseblief.

9 November Dankie vir:

Dankie Here vir U,

vir Wie U is en wat U doen.

Veral U genade wat ons met U versoen.

Dankie dat U in ons leef, ons vergeef,

vir ons sorg, ewige Borg.

Vir elke hou gely om ons van doodstraf te bevry.

Ons van die vloekhout te bewaar,

waar ons moes hang.

In ons plek is U vasgekap, verneder en verlaat,

tot in die dood vir ons geskaad.

Dankie dat U nie net sterf,

maar ook lewe en so vir ons die lewe verwerf.

Dankie vir U afbeelding om ons,

Mense na U beeld gevorm,

Om hul lief te kan hê,

dit te wys en vir hul te sê.

Dankie vir U skepping Heer,

ons te herinner aan U goedheid, by elke dag se ommekeer.

wanneer ons nog 'n dag beleef,

en U goedheid oor ons sweef.

Dankie vir nou, maar veral dat ons U vir die ewigheid kan vertrou.

10 November

Toetsing 1

Toets vir selfverloëning:

Om te volg agter Erekening.

Hoe sal ek weet

of ek ooit genoeg ellende sweet?

Dit is tog al wat my kan red;

die niksword in gebed

voor Hom

vanwaar my heil kom.

Ook sal daar die toets deur ander kom,

wanneer hul my uitdaag om te haat,

om nie te vergeef,

hul nie vry te spreek,

maar dood en verdoemenis oor hul te preek.

Maklik om die toets te dop,

met my ou natuur soekend na die selfgod,

bo die Godsgebod

van selfverloëning, van ander dien, van vergewing,

van buig voor God, Hom te maak my ewige genot.

Uit self kan ons die toets nie slaag.

Altyd weer die hunkering na die sondepoel,

waar self in elk geval die hel verdoel.

11 November

Toetsing 2

In Selfverloëning, in selfdood,
word ek van die rand van die hel weggestoot.
In ontkenning van self open die hemelgewelf.
Tog is die grootste toets
wanneer vyand jou beproef;
wanneer sy onreg jou omvou
en jy aan vergifnis probeer vasklou,
wanneer onreg na wraak soek,
en GodsGees in jou gees woel,
na Godsliefde in jou soek in jou lewenspoel.
Daar waar die natuurlike haat,
altyd soek na die kwaad van selfregverdiging.
Dit, terwyl net Jesus regverdiging vir jou by God beding.
Vergifnis vir hom wat jou haat,
hy wat jou lewensgeluk skaad,
is net in jou Heer,
soos toe hulle Sy klere afskeur,
Hy verwerp aan die kruis moes hang,
vervloek deur mens en slang.
Toe Hy in Goddelike vergifnis roep:
“My Vader vergeef hul,
hul weet nie wat hul doen.”
My God, dat ons so met U versoen,
deur soos U te doen:” vergewe hulle Heer.”

12 November

Satansteistering

Hoe sal ek weet dis hy wat my versoek,

my aanval, my belieg, my ondergang soek?

Hoe ek oor hom dink

sal blyk uit hoe ek sy aanval beleef,

soos wanneer ek hom vrees,

nie net vir hom, maar ook wat hy in my gedagtes laat opkom.

Sien ek wat gebeur,

as 'n uitdaging om na God toe op te beur,

of is ek platgeslaan deur

satansmag wat my meesleur?

Maak wat ek verwag, my bang vir satanskrag,

glo ek so sy leuen,

en veroorsaak dit in my twyfel om op God te steun?

Maak wat ek vrees, satan groot en sterk

en lei dit daartoe dat ek my vertrouwe op God beperk?

Wat is die vrug van my verstaan?

Is dit die vrug van my God se Gees?

Liefde, geluk en vrede--

of is dit haat, ongeluk en onvrede?

Raak ek depressief

Of juig ek oor die ongerief?

Bring onseker tye my nader aan God

of gryp ek rond en bont

na iets om aan vas te hou,

vergetend van God's trou?

Wil ek net weglug

of bly ek afhanklik Hom vertrou

om my ook hier te onderhou?

Die uitkoms is reeds vir ons behaal:

“Onderwerp jou aan God, staan satan teë, en hy sal van jou af weglug.”

13 November

Trauma 1

Geestelik verwond, in my siel gesteek

deur satan wat hom op my wreek.

Ek behoort nie meer aan hom,

het sy vyand geword toe ek van myself loskom,

oorgee aan my Heer,

Hy wat my helleval keer.

Op my sagte plek; die weerlose plek,

op die tyd van uitputting en pyn,

het hy toegeslaan.

In my selfbeheptheid was ek so dom,

het ek nie die aanval sien kom.

Eers midde in die geveg,

het ek besef;

My stryd is nie teen vlees en bloed

maar teen die bose wat my vrede verhoed.

Dit kom deur drogbeelde van betekenisgee,

dit sleep my emosioneel mee,

tot slegte emosies oorspoel,

ek sink in die hellepoel

van swart depressie,

aangepor deur my omstandigheid

van eer en selfverwyd,

or al die pyn wat ek bring,

aan ander wat net tot Sy eer wil sing.

14 November

Trauma 2

Die gevolg van die pyn wat ek toedien,
is swaar om om my te sien.

Ander wat moedig weer probeer,
hulle vir wie ek in my traumapyn beseer.

Ook die pyn van eie skuldgevoel,
oor pyn wat ander voel.

Dus probeer ek genees en herstel
deur mooi dingetjies te vertel.

Ek kan nie vir my skuld betaal,
iewers sal ek genade moet gaan haal.

Mag die traumaties beseerdes,
iewers genade vind om genade aan my vas te bind.

My God, buite die pyn,
mag Hy aan jou, my slagoffer, verskyn.

Mag Hy ook aan jou die wondersalf,
genade op genade, verskaf,

gebore uit Sy liefde vir harte so verslae.

Goddank aan U, o Gees,

U bring genesing vir gees en vlees.

So word spoedig ons troos vervul,
satan kan ons met sy leuens nie meer kul.

Net Goddelike genade bring genesing,

Laat ons juigend sing,

saam met hul deur ons benadeel,

hul wie se genadeliefde ons nog deel.

Mag U genade en liefde al die traumapyn genees,

ook vir my, mens, wat leef soos 'n bees.

15 November

Trauma 3

Wat van die ander?

die wat deur jou trauma verander,

hul vrede verloor,

in hul trane versmoor;

die in wie jy jou wonde oorplant,

hom of haar toerus as jou verbitteringsgesant.

Hul wat deur jou trauma geraak,

in hul pyn gal braak.

So sit jy deur jou mond,

in hul siel 'n wond.

Nou moet hul jou trauma,

as eie trauma, dubbel hanteer.

Selfsug hou alles in stand.

Geen rede of verstand,

hou hierteen stand.

Slegs 'n geestelike proses,

van God gegee, kan ons verlos,

in Sy Woord na ons gepos.

Onderwerp jou deur te vergewe,

deur nederig te buig,

voete te soen, soos Jesus doen.

Slegs so kan jy met God en ander versoen.

Hierna, satan teë te staan

hom te laat vlieg na sy maan.

In Godskrag is hy reeds oorwin

vlug hy soos min.

Siedaar, satan kan jou net verkrag,

wanneer jy sy bose mag, bo God ag.

16 November

Trauma of Unforgiveness;

From bitterness to forgiveness.

(Hebr. 12:15, Efes.4)

Source of bitterness: unresolved anger over time

Anger: Physical and emotional reaction to perceived injustice.

Death: Anger suffered and suppressed. Pent up anger is leading cause of death.

Unforgiveness: Get off your high horse. Make room for realistic expectations.

Are you blameless? Have you never made a mistake?

How would you like others to treat you if it were you who made the mistake?

How did Jesus treat His enemies, those that humiliated Him and killed Him?

If you don't forgive how can you expect Him to forgive you?

Be aware of blame: you can not forgive some one and blame him the same time.

Place of evil: There is no evil in God. But God can use evil like with Pharaoh, to get His purpose done.

Solution: Admit your own faults and give God's love and forgiveness away.

You can not give to others what you did not experience yourself.

Forgiveness: When you give up your right to blame others.

Freedom: Forgiveness sets you, the prisoner, free.

Vengeance: Choose to forgive. Give up your right to vengeance.

17 November

Elf-Uil

(kleinste van alle uile) Spreuke 3:34

Ek het nie hande nie,

ek kan nie vat nie.

Maar U my God het gesê:

Die wat nederig is,

En uit My hand eet,

Het Ek innig lief.

U het vir my 'n bekkie gegee

en voetjies om mee te vat.

Ek kom op U belofte Heer.

Ek weet ek is die kleinste,

maar kan elke dag uit U hand eet.

Daarom is ek bly dat U my innig liefhet.

So kom ek dan nou U liefde vat,

uit U hand vir my gegee.

U wat nooit sê: "Nee".

U wat doen wat U wil om vir ons te voorsien.

veral vir die ewigheid Heer;

ons te voed met die brood van die lewe, U ons Here.

Op U uitnodiging kom ek dan so

uit U hand te eet,

nederig aan U voete Heer.

Ek het U so lief my Heer.

18 November

Geloof 1

Geloof kom deur gehoor-

verstand wil geloof vermoor.

Mens wil ken en dan glo-

God wil hê mens moet glo en so Hom ken.

Wat is die sin van eers te wil sien, dan te wil glo?

Dan is wetenskap jou god,

die wete word jou god.

Eers as die mens kan bewys,

sal die werklikheid vir hom verrys.

Tog is wat ons sintuiglik ervaar,

dikwels ver van wat is waar.

So sien jy die son opkom,

maar die aarde draai om die son.

Veral is dit wat gees is,

vir meeste mense 'n geheimenis.

Hul kan dit nie vat en voel,

en daarom is dit nie vir hul bedoel.

Tog is die geesteswêreld realiteit,

Ja, daar waar ons die ewigheid slyt.

Genade is om geloof te ontvang,

van Hom wat uitdeel aan die nederige bang,

wie weet hy kan self niks vermag,

op God wag vir krag,

vir Hom in liefde gedoop, genadiglik so vrygekoop,

losgekoop uit die sondedood.

19 November

Geloof 2

(Spr. 3:34)

**Die wat nederig is,
En uit Sy hand eet,
Het Hy innig lief.**

Om klein, nietig en afhanklik,
vertrouend op te sien na Hom, onverganklik,
vanwaar alle goeie gawes kom.
Dit is waar geloof begin,
die wegdraai van eie sin,
na Hom wat alles sien, die sin kan sien;
ook ons behoeftes en wat ons verdien.
Tog is Sy genade veel meer as wat ons verdien.
Verdien is wat Hy doen;
daarom sal die mens nooit kan roem,
op dit wat hy kwansuis doen.
Ons roem is in geloof op ons God,
Wie genadig verlossing vir ons oppot.
Ons kan net nederig kom vra,
glo
en uit Sy hand ontvang
ewige lewe,
verlos te juig,
altyd van Hom te getuig.

Dankie Here

20 November

Mispa

(‘n Ogie hou oor.(Gen. 31:49)

“Dit is Mispa want die Here hou ‘n oog oor ons

Wanneer ons mekaar nie meer kan sien nie.”

Dankie, vriend en maat,

my broer wat my nou verlaat.

Al sal ek jou nie weer sien,

in my hart jou tog nog bedien.

Soos so vele Woensdae,

as ons na mekaar uitreik met vrae.

Altyd was Sy Gees getrou,

het Hy ons in Sy liefde gehou.

So het Hy ons geleer,

om die baie ken te beheer.

Tog was dit altyd goed,

mekaar so te kon ontmoet.

Ek mis jou reeds, my goeie vriend.

Indien ons dan nie weer hier sien,

anderkant sal ons mekaar bedien;

met vrede, liefde en plesier.

Nooit weer te skei,

net ewig in Sy liefde te bly.

Mispa! Dan vir jou. Ek sal jou altyd onthou.

21 November

Familiekrisis

Ek het U nodig Here.

Uit eie krag kan ek dit nie doen,

in nederigheid wil ek versoen,

die soen met liefde doen;

nie meer oordeel,

net die ander bevoordeel,

met my vergiffenis,

die enigste uitweg, beslis.

U, Jesus, het my ontelbare sondes vrygestel, afgeskryf,

elke sonde wat ek bedryf.

Help my tog God en Heer,

van U te leer;

te buig, te buk,

die duiwel so te verstrik.

Die ou mens is immers dood,

en eet nie meer die sondebrood

van leuens en bedrog.

Dit is net God wat nou vir ons sorg.

Help my tog Heer,

my van onvergifnis te bekeer.

Help my om onreg af te skryf,

en so van die hel af weg te dryf.

Dood tog nog 'n keer die eie self,

my nie meer in selfsug te bederf.

Hier is ek aan U voete heer,

U te eer,

So ook my vyand te dien, al is dit seer.

Deur U seer, my Heer, die hel te keer.

Dankie dat U so my buig.

Ek wil ewig van U goedheid getuig.

22 November

Een God

Daar is net een God

die ander is almal af-god,

valse nabootsings van iets van God;

soos om te besit, mag, kennis, beheer en menslike verstand.

Alles wat op aarde gebeur,

val binne hierdie sfeer.

God weet alles, ook alles vooruit

en het dus met die mens se keuses 'n groot verband.

Hy het geweet hoe mens en satan sou kies;

self god te wil wees tot hul ewige verlies.

Was die mens en satan se bestaan so deur God gebaan

om Sy eie Goddelikheid in die hemel te suiwer

van ongeloof en huiwer, van self en eerder God te dien,

van valsheid en leuens

en al die ander dinge waarop mense steun?

Was die laaste 6000 jaar maar net 'n week in God se ewigheid,

'n ligte hoesie om keel skoon te maak

van dit wat Sy perfektheid ligweg skaad?

Is daar dan ook mense verkies, geheilig, om God se hemel te suiwer?

Is die hel die afvalhoop van alles wat God se Godheid wou stroop

en die hemel die uitverkorenes se hoop?

Dankie Jesus.

23 November

So baie afgode.

So baie wat met God meeding

bo God uit te kring.

Vir eer, vir strewe, om voor te werk,

te besit, te geniet self te versterk,

belangrik te wees, te beheer,

nie met ons Heer, maar eie eer.

Wat 'n leuen het satan geplant

in die mens se verstand:

“Jy kan soos God wees,

deur als te weet.”

Wat hy nie sê nie is dat” jy saam met my in die hel sal sweet.”

Waarom is die mens so dom,

wil hy so graag ewig omkom?

Daar is tog net Een God!

Luister tog hierdie een keer, sot.

Wees tog nie so verspot,

die lewe is nie laf en mal,

soos 'n speletjie met 'n bal.

Die lewe is net een kans

die ewigheid by God te bepaal.

Kom nou, dit is dalk nou vir jou die laaste maal.

24 November

Van Rots tot Sand 1

(Joh. 8: 1-10)

Ek was verkeerd,

ek moes myself beter kon beheer.

Waarom kon ek nie my drange keer?

Ek het mos geweet van die wet,

waarin God ons belet, owerspel te pleeg.

Die wet wat ons van die aarde sou veeg.

Ja, die harde rotswet, kon God se skryfvinger

nie verhinder;

my lot was verseël –klipreën was my deel.

Toe kom daardie Man, Hy wat alles kan.

Toe hul Hom vra

hoeveel van my skuld hul moes verdra,

vir hoeveel ek moes boet,

het Hy vooroor gebuk.

Toe het Hy in die sagte grond geskryf,

ook met Sy vinger,

‘n Nuwe Gebod:

‘n Sagte woord wat sou verhinder

dat ek sou boet.

O, die woorde so soet:

“ Vrou het hul nie die oordeel voltrek ?”

Toe Hy van hul genade hoor,

het Hy in liefde na my gekyk en gesê:

“Gaan nou maar.”

Toe het ek geweet,

Ek sou nie in die hel hoef te sweet.

Sy genade was genoeg,

my van my slegte verlede los te ploeg.

“Dankie Jesus,

my Meneer,

my Heer.

Mag my storie

Ander van die hel keer.

25 November

Moses, Jesus en Ons (Joh.8 en Onse Vader gebed)

Moses het God's wet ontvang,

geskryf deur God op klip

om mense te leer

hul van die kwade te keer.

Die mens kon die wet nie hou,

hul het satanswoord vasgeklou,

nie hul skuld kom bely,

Jesus, Offerlam van God, moes daarvoor kom ly.

Die lam se bloed moes mens se hel verhoed,

die lam wat sou dui op hoeveel Jesus moes ly.

Toe die geleerde mens Jesus vra na die wet

het Hy sy genadewet

met Sy vinger geskryf,

soos Hy in ons harte Sy nuwe wet skryf.

'n Nuwe wet word deur Hom verklaar:

“Alleen jy wat sonder sonde is, mag oordeel en verdoem,

die eerste wetsklip gooi, ander vir die hel tooi.”

Jesus se genade het 'n prys, vir ons wat vergewe is.

Dit wat ons genadiglik ontvang, moet ook ons skuldenaars ontbarg

sodat ook hulle vergifnis kan ontvang.

26 November

Lewensafsluiting

Weer terug waar ek 80 jaar gelede was;
alleen in my ouerhuis, sonder broer of suster,
smekend by my ouers vir 'n broer,
'n smeking wat hul verhoor;
'n Broer voorwaar, maar wat 'n teleurstelling;
pienk en verrimpel en later 'n laspos.
Was ek dan simpel?
Ek sou nog 20 jaar moes wag,
voor vriendskap kon bloei in eie krag.
So het ek tog 'n broer gehad.
Hy was altyd lojaal, saam goeie tye behaal.
Ons was so verskillend.
My eie swakheid en vrees
het my reeds van kleintyd op Jesus aangewees.
So het Jesus my gedra, 'n lewe lank,
my altyd nader aan Hom gebring,
tot hier waar ek haas moet sluit die lewenskring.

27 November

Dooie Christenbroer

Dit was met die laaste skoot,

toe jy my verwerp, jousef verwyder,----- klaar gekuier.

Lank was jy my deel,

ja, jy so goed bedeel,

met kontant en verstand.

Eer het jy gesmaak,

hulle het jou die leier gemaak.

Tog het een probleem jou vir my gedood,

jou seun was die doodskoot;

jou seun, jou als, jou trots, jou god.

Jou seun het my gekonfronteer:

“Jy is deel van my gesin, of jy moet jou Here dien,

jy kan nie albei eer en seën.

Indien jy Jesus kies, is dit jou verlies.

In welk geval ek jou nooit weer wil sien.

en sal van nou af my vir jou skaam:

My gesin of jou Heer,

Kies nou wie jou toekoms beheer.”

Jesus hoe kan ek U verwerp,

U, in die varkhok werp?

U is ‘n miljoen keer meer, my Heer,

as iets wat satan nou my bied.

Die seun, die ateïs, glo nie in U,

verwerp U,

stel U gelyk aan

Boedah, Alla en en Mohammed.

God, ek doen soos U sê:

“Gaan onder hulle uit!”

28 November

Wildehonde uit die hel,

Hulle het my, die ou bok, gemerk,

hulle wil hom jaag tot hy vrêk.

Wie sal hul aanslag keer, dit afweer?

Hy hoor reeds hul voetval,

hul asemhaal sonder tal.

Hoe lank sal hy nog kan hou,

voor in die tou?

Reeds moes hy een lastige brak,

afskop van sy hak.

Die het tjankend onder 'n bos gaan lê,

met niks om meer te sê.

Dit is die ou grote in die trop,

wat die ou bok pla.

Hy wat sy kans afwag tot die ou bok lê,

tot hy moeg en uitgeput neersak.

Nog net 'n klein entjie moet die ou bok hol,

Dan is hy by sy veilige kol,

waar sy maats reeds wag,

hom te verwelkom met hul Heilige Krag.

Hy weet hy sal daar veilig wees,

daar, by die Leier van sy trop.

Mag God hom daartoe help.

29 November

Satanseun (Mat. 10: 32-38)

Wat maak dat jy God verwerp, wat maak jou so sterk

te dink jy kan dit op jou eie maak,

God so vermaak?

Waar het dit gebeur?

Jy was tog 'n oulike kind,

ons almal goedgesind;

die kerk besoek, gekatkiseer,

en tog was jy nooit by Hom, ons Heer.

Hoe kan jy sê Boeddha en Jesus

is gelyk, deur mens geskep uit hul kultuur?

Hoe kan jy ons Heer, Verlosser, God

so bespot?

Meer nog, het jy van satansleuen

gemaak jou borg en steun,

toe jy Jesus uit jou lewe kruisig,

Hom bespot, verkleineer, ontken,

in jou groothedswaan,

glo dat Hy nie bestaan?

Hoe kon jy so jou selfgod word?

Wat het van al ons gebede vir jou geword?

Nou is jou lewensplan,

Soveel van jou gesin

vir satan te win. **Mag God jou verhoed.**

30 November

Hoop (Joh. 8:3-11)

Wie sal die eerste klip gooi?

Hoer op heterdaad betrap.

Dit is nou nie meer 'n grap- Stenig gaan hul jou.

Daar is net Een wat jou kan behou,

Hy, die man wat in die sand skryf.

Hy, wie voor jou buig en jou wil leer,

'n nuwe wet formuleer.

Hy maak die slimmes bewus,

dat hulle val vir satanslis.

Een vir een het hul weggedros,

deur hulle gewetes gepos-

hul onvergifnis, uitgebuit deur satanslis.

Tot net Jesus oorbly.

Sy kon dit nie glo:

Genade in plaas van 'n verhoor.

So kan sy haar **bekeer**

en die helse pad afweer.

Ook ons moet weet;

onvergifnis sal jou in die hel laat sweet.

Daar is nog hoop,

vergifnis wat om die hoekie loer,

vir my en jou, my broer.

1 Desember

Doodskoot

Doodskoot my vriend,
jou kind het jou weggevoer.

Wat wit moes wees word donker swart
deur die kind te kies vir ewige smart.

*Hy is groot laat hom vir homself besluit,
wanneer hy die hemel uit sy keuse sluit.*

Dis erg genoeg, my vriend,
hy sy keuse helwaarts voer.

Waarom kan hy nie hierin berus?

Maar nee, hy wil ander meeneem na sy helse rus.

Met strategie vir oorreding, wat nie pas.

Waarom ander emosioneel manipuleer,
hul waarheid probeer omkeer.

Nog erger hul dreig:

“Of my leuen aanvaar, of my lewe sonder jou,

kies nou gou,

anders gaan dit jou berou.

Ek sal jou van my vervreem

Indien jy nie nou satan aanneem.”

My God maak my sterk,

vat my hand.

Lei my na U Beloofde Land.

2 Desember

Die Nuwe Lewe

Losgemaak;

Van: alles wat vir die wêreld saak maak.

Van alle mense-eer. Eer behoort aan my Heer.

Van alle mensewysheid en begrip: Ware wysheid kom van God.

Eet net uit God se wysheidskrip.

Vry van besit; als is net geleen vir gebruik.

Vry van mense wat my haat en soek na kwaad.

Om op Sy genade te sweef,

na plekke waar ek nie hoef te beef

weens vrees vir verwerping.

Losgemaak van sondebande,

die voorsmaak van helse brande,

wat wag vir die wat Hom nie ag.

Losgemaak van mense wat Hom ontken.

Vry van mensfamilie, gebind aan Godsfamilie,

met broers ontelbaar meer,

wie vergoed vir aardse seer.

Vry van verlies, toe ek U kies.

Vry van onvergifnis en twis,

Vry van satanslis.

U het my vrygemaak,

Die wêreld te versaak,

Dankie Here

3 Desember

Na verlies

Stop jou fokus op wat jy verloor,
bedink die wagtende engelekoor,
ja, dit wat wag,
deur Sy genadige krag,
die skat reeds in jou gees ontvou,
Sy Heilige Gees in jou ingebou,
Sy teenwoordigheid,
die vreugde van die Vryheid wat Hy gee,
deur wat Hy doen om jou met Hom te versoen.

Fokus op Sy versorging,
die vergifnis van als wat sleg is,
die liefde wat Hy oorvloedig skenk,
die blydschap,
die vrede van my Here.

Ek wil net van vreugde sing en dans voor U.

Alle eer aan U

DankU,

God en Heer, my Heer, nog 'n keer.

Amen.

4 Desember

Abramtoets

‘n Honderd jaar moes Abram wag,
toe gee God hom krag;
70 jaar oue Sarah het ‘n seun verwag.
Sy geliefde Seun van die Belofte,
saam met God se gelofte,
hom ‘n groot nasie te maak.
Tot die dag
wat God Abram sou toets of Isak sy afgod is.
Wat sou jy doen as God jou so sou toets?
Wanneer hy jou geliefde kind vra en sê:
“Gee hom vir My,
tot in die dood –sonder lewenshoop,
van weersiens gestroop.”
Kan jy God so vertrou,
dat Hy selfs in die dood Sy belofte kan hou,
selfs na die toets jou sal beloon,
met seën van Bo getoon?
Met seën duisend maal meer as jou vertoon.
Dalk sal God jou ook toets tot jy die mes lig,
uit te doof jou seun se lewenslig.
Dalk sal Hy jou hand keer,
en jou liefde vir Hom eer.
Deur jou geliefde terug te gee.

5 Desember

Na die toets

Oppas vir arrogansie,

omdat jou Heer jou iets kos.

Sy toets was genade,

jou weg te vorm van die kwade.

Geloof is 'n genadegawe van God,

nooit jou eie goeie bedoelings, sot.

Saam met die toets het Hy uitkoms gegee,

Sy genade sleep jou mee.

Alles wat goed is kom van Hom,

slaan tog nooit jou eie trom.

Satan is gemeen, hy lieg.

Jy is nie so goed soos jy meerwaardig bieg.

Moet nooit ander minder ag en verag.

Moet nooit jou self geestelik verhef,

asof jy self die goedheid verwerf.

Oppas vir kritiek en oordeel,

so verloor jy jou hemeldeel.

Kom, wees nederig en weet,

redding kom nie deur eie sweet.

Alleen in selfverloëning ,

bly Jesus altyd jou Koning.

6 Desember

Dankie Here

Dankie vir U, my Heer,

dankie Vader dat U my God is.

Dankie Seun dat U my Jesus is;

Redder, Verlosser en Heil.

Dankie Heilige Gees dat U in my woon,

Alles rein en skoon bo alles laat uittroon.

Dankie ook vir wat U gee,

U goedheid voer my mee.

Dankie dat U my nie verstoot,

my gebede hoor en verhoor.

Dankie vir gebed, my Heer,

om so met U te kommunikeer.

Dankie vir gelowiges om my,

my weg te lei, van sonde weg te bly.

Dankie vir U vrede, Here,

vir U liefde wat my omkeer.

Dankie vir sekuriteit

van U ewige goedheid.

Dankie vir die hier en nou,

die lewe, gesondheid, U trou,

vir my vrou,

vir vergifnis, vryspraak en berou,

oor wat my vrede weg wil knou.

Dankie vir U versorging,

vir gerief,

vir finansies,

'n kar,

'n huis, pensioen, my bure, my dorp,

Vir hierdie dag,

vir U almag.

Dankie, dankie Heer.

7 Desember

Leuens 1

Ons het daagliks met leuens in ons lewens te make. Dikwels word ons so afgestomp deur leuens wat herhaal word dat ons onwetend opgee in ons stryd om die waarheid te probeer onderskei. Neem byvoorbeeld die baie advertensies waarmee ons gekonfronteer word. Later begin ons die leuen glo dat hierdie of daardie waspoeier beter is en witter was as 'n ander of dat jy gesonder sal wees indien jy hierdie of daardie middel gebruik.

Leuens kom in baie gewade na ons toe. Kom ons probeer van hierdie gewade herken in die volgende woorde:

Valsheid, redenasies, misleiding, leuens, leuengod, leuentaal, oorlewerings, advertensies, virtualiteit (skynwerklikheid) kunsmatige intelligensie, verwarring, valse profesieë, voorspoedsteologie en liberale skrifuitleg.

In die volgende dagstukkies sal ons in groter diepte ingaan op sommige van hierdie verskynsel en sien hoe leuens ons lewens negatief beïnvloed.

Gewoonlik vind leuens 'n noue aanklank by die siel van die ongelowige, by wie die verstand, emosie en begeertes op die eie ek gerig is.

8 Desember

Leuens 2

Die oorsprong van leuens

Satan, word die vader van leuens genoem. God kan nie leuenagtig wees nie. Dit is nie Sy aard nie. Die Bybel verklaar van God dat Hy die Weg, Die **Waarheid** en die lewe is. Satan se eerste leuen was 'n selfleuen. Hy het vir homself gelieg toe hy begin glo het dat hy vanweë sy skoonheid, bekwaamheid en musiektalent bo God kan uitstyg. Nie net het hy homself mislei nie maar hy het ook 'n derde van die engele met sy leuen oortuig van sy eie grootheid. Die gevolg was dat God, satan en sy ondersteuners uit die hemel gegooi het. Satan het hierdeur niks geleer nie en het aanhou bly glo dat hy god kan wees. Die geskiedenis van die mensdom draai grootliks om hierdie stryd tussen leuen en waarheid. Satan was nie tevrede met die misleiding van engele alleen nie. Nadat God die mens gemaak het, het hy ook die mens probeer mislei met sy leuens.

Meer hieroor in die volgende dagstukkies.

9 Desember

Leuen 3

Eva val vir satan se leuen

Wanneer ons vandag terugkyk na die misleiding van Eva wonder 'n mens soms waarom Eva so maklik aan satan se misleiding toegegee het. Dit is vir ons maklik om te dink dat satan se leuens tog vir Eva maklik herkenbaar moes gewees het. Die sluheid van satan bedrieg egter vandag nog baie van ons en ons is maar net so dom en onopgewasse teen satan se misleiding as wat Eva was. Neem nou maar net fyn uitgewerkte misleiding van kommunisme. Een van die belangrike leuenagtige misleidings wat hulle gebruik, is wanneer hulle van teses, anti-teses en sinteses gebruik maak. Die tese mag byvoorbeeld wees dat dit verkeerd is om te steel. Die anti-tese waarheen hulle die mense wil mislei is dat dit reg is om te steel. Hulle sal dan soos volg deur sintese van die twee begrippe die mens met hulle leuens vang. Wat hulle sal doen is om iets te vind wat nie so direk herkenbaar is nie, iets wat so 'n bietjie van waarheid en die leuen bevat. Deur die klein leuentjie genoegsaam te herhaal sal die mens afgestomp raak vir die volle waarheid en sal dit aanvaarbaar word. Deur met klein stappies weg te beweeg van die waarheid af sal die mens gelei word om die leuen as waarheid te aanvaar. Stappe in hierdie verband sal byvoorbeeld die herskryf van die geskiedenis kan insluit om die mens te oortuig dat dit darem vreeslik verkeerd is dat so min mense so baie besit en dat so baie mense so min besit. Die wegneem van dit wat mense voor gewerk het en wettiglik bekom het kan so geregverdig word totdat die leuen van kommunisme of gesamentlike besit van alles deur almal 'n aanvaarbare sintese word. Die groot leuen van kommunisme word hierdeur verberg, naamlik dat daar agter die manipulerings van mense 'n groepie persone sit wat geweldig ryk word deur die uitbuiting van mense.

So word die mens vandag nog soos in Eva se tyd deur leuens uitgebuit.

10 Desember

Leuens 4

Die leuen in die Paradys

God het die mens gewaarsku dat indien hy van die verbode vrug van die boom van kennis van goed en kwaad eet, hy sou sterf. Satan maak God tot leuenaar wanneer hy Eva verseker dat dit wat God gesê het nie waar is nie. Hy beloof dat die mens soos God sal wees deur alles te kan ken, indien die mens bereid is om hom, die vader van die leuen te glo. Dit is interessant dat satan sy eie swakheid, wat hom daartoe gebring het om uit die hemel geskop te word, gebruik om Eva te mislei. Hy beloof haar dat sy haar eie god sal kan wees en dat sy so groot soos God kan wees. Die instrument van satan se misleiding is die mens se liefde vir hom- en haarself, die behoefte om iets en iemand te wees. Satan doen hom dom voor en vra kamtig vir Eva of dit so is dat God gesê het hulle mag nie van die bome se vrugte eet nie. Van die begin af is hy besig met misleiding. Hy laat Eva belangrik voel en slaag daarin om haar by 'n redenasie te betrek, 'n tegniek wat hy vir die volgende 6000 jaar met groot vrug sou gebruik vir menslike misleiding. In hierdie verband is dit opmerklik dat die groot geeste in die NG. Kerk, as werktuie van satan, deur sinodale besluite die kerk in die afgrond van die hel in bedrieg het met hulle misleidende redenasies. Hulle het die mens laat glo dat dit wat God in Sy Woord vir ons opgeten het nie waar is nie. God het gesê dat homoseksuele verhoudings sonde is. Satan sê dit is nie waar nie en die selfs predikante mag maar homoseksuele verhoudings bedryf.

Die paradysverhaal word vandag nog herhaal. Die waarheid is dat die mens wel sterf soos God beloof het indien hy ongehoorsaam is. So het die eerste mens en almal na hom geestelik gesterf met die sondeval en het al die mense, behalwe twee, ook liggaamlik gesterf. Die leuens van satan het in ons tyd baie gesofistikeerd geraak. Meer daaroor later.

11 Desember

Leuens 5

Evolusie

In Genesis 1:1 staan:

In die begin het God die hemel en die aarde geskep.

Satan sê:

In die oerbegin was daar 'n helse slag; 'n sogenaamde "Big Bang", waaruit die eerste lewe ontstaan het en waarvandaan, deur evolusie, die skepping oor 'n tydperk van miljoene jare ontwikkel het met die mens as die laaste fase van die ontwikkeling.

Die groot leuen van satan ten opsigte van die vergoddeliking van die mens is afhanklik van die leuen wat hy fabriseer ten opsigte van die skeppingsverhaal. God moet deur hierdie leuen uit die skeppingsverhaal uitgehaal word. Die grootsheid van God, as Skepper van alles, sal nooit by satan se leuens kan inpas nie. Daar moes net 'n ander verklaring vir die ontstaan van iets so wonderlik soos God se skepping gevind word. Satan kon egter nooit deur evolusie verklaar waaruit die elemente van die Big Bang ontstaan het nie. Daar is soveel swak punte in die evolusieteorie dat dit bykans onmoontlik is om intelligent daaroor te redeneer. Daar is soveel onmoontlikhede in hierdie teorie dat dit baie geloof verg om dit enigsins te verklaar, veel meer as om te glo dat die Almagtige God die Skepper van dit alles is.

Tragies dat die mens die leuens van satan ten opsigte van evolusie glo en dit aan die kinders en studente verkondig. Waarom het die mens so ontvanklik vir hierdie leuen geword? Een moontlike verklaring word gevind in die vergoddeliking van die mens. 'n Mens kan nooit god wees indien hy nie 'n verklaring het vir sy eie ontstaan nie; 'n verklaring wat God ontken.

12 Desember

Leuens 6

Ekstensiteit van die mens

Die menslike vermoëns is beperk. Hy kan net tot op 'n punt verstaan en verklaar. So is dit onmoontlik vir die mens om die volgende natuurverskynsel te verklaar:

Sekere voëls broei in die arktiese gebiede hul kuikens uit. Terwyl die kuikens nog oefen om te vlieg vertrek die ouers reeds na warmer dele toe, selfs duisende kilometres van waar die kleintjies besig is om te groei. Nadat die kleintjies vliegstadium bereik, vertrek hulle agter hulle ouers aan. Na 'n vlug van duisende kilometer land hulle by hulle ouers sonder dat 'n leier hulle vertel het hoe en waar om te vlieg. Indien daar groot storms in hierdie tyd sou voorkom stel die voëltjies hulle vlug uit tot die weer meer geskik is. Teorieë baie- verklarings min.

Omdat die mens se vermoëns so beperk is moes hy homself uitbrei. Hy het gevolglik 'n masjien geskep wat hom van baie van sy beperkthede losgemaak het naamlik 'n rekenaar. Die rekenaar kon die mens se beperkte kennis uitbrei, dit het hom in staat gestel om sy vertaalprobleem tussen tale te oorkom, dit kon berekenings vinniger doen as wat sy natuurlike brein kon, dit kon bykans enige inligting oor enige onderwerp binne sekondes beskikbaar maak.

Die enigste probleem is dat daar min waarborge ten opsigte van die waarheid van hierdie kennis is. So is bereken dat tot 70 % van die inligting op die internet vals is. Ook hier het satan, die vader van die leuen sy invloed laat geld.

Die uibreiding van die mens om sy onvermoëns te oorkom is vinnig besig om toe te neem. So het robotika, bots, daargestel wat baie van die werk wat deur mense verrig word kan oorneem. Die bots word nie siek nie, staak nie en neem nie vakansies nie.

Die mens het begin glo dat hy die Skeppergod kan nadoen.

13 Desember

Leuens 7

Sensitief

Is U, my God sensitief,

vir dit wat U hart klief?

U is tog immers God,

en daarom U gebod:

Dat ons in liefde voor U sal buig,

van al U goedheid sal getuig,

nooit onself sal verhef,

onself bo U sal bederf,

asof ons self ons lot bepaal,

uit eie krag en mag behaal.

Altyd hierdie stryd: Mens wat hom stel aan U gelyk.

Daarom sal die mens sterf,

sy hoogste lewenskerf hier verwerf.

Hy sal niks kan meeneem,

en gestroop staan, voor God-alleen,

buigend, huilend of juigend.

Daar is net een God;

Ons liefdevolle lot.

Moet Hom nooit uitdaag,

jy sal tog nie slaag.

Hy is sensitief vir wat Hom behaag.

Deur die leuen glo mens hyself is god,

in beheer van sy eie lot.

14 Desember

Leuen 8

Valse werklikheid

In die eindtyd, volgens Bybelse voorspellings, gaan daar baie misleiding plaasvind, Tans is die misleiding van die mensdom besig om ongekeerde afmetings aan te neem. In hierdie verband kan maar net gedink word aan die volgende paar begrippe wat tans modewoorde geword het:

Augmented Reality (AR), Virtual Reality (VR), Metaheelal en Avatars.

Van hierdie begrippe is virtueel of virtuele werklikheid seker die bekendste. Die sligheid van die vader van die leuen kom duidelik hierin tevoorskyn. Die betekenis van virtueel is skynwerklikheid. Om te praat van skynwerklikheid is 'n direkte weerspreking. Hoe kan iets 'n skynbeeld wees maar ook 'n werklikheid?

VR is die volgende:

Virtual Reality completely replaces the real world environment with a simulated one

Hierdie skynwerklikheid kan enige denkbeeldige voorstelling uitbeeld. Daar is dus geen waarheid aan gekoppel nie. Dikwels word Avatars in hierdie skynwerklikheid gebruik, soms onder die dekmantel dat dit net 'n speletjie is. Daar is gelowiges wat sterk druk uitoefen vir die aanvaarding van VR in die uitdra van die evangelie. Die gevaar van so iets blyk onder andere uit die oorsprong van Avatars:

The incarnation of a Hindu deity (as Vishnu).

AR word beskryf as 'n proses waar digitale inligting bo-oor die fisiese wêreld gelê word, sodat ons lewenswerklike omgewing met rekenaargenereerde elemente aangevul word.

Daar is geen beperking op wat satan uit sy demoniese agtergrond by die werklikheid, soos deur God geskep, kan inmeng nie.

Die eindtyd is voorwaar baie naby.

15 Desember

Leuen 9

Bemarking

Bemarking het in ons tyd so gespesialiseerd geraak dat volledige universiteitskursusse in Bemarking aangebied word. 'n Aspek van bemarking is advertensies. 'n Mens kan bykans geen media gebruik sonder om aan letterlik duisende advertensies blootgestel te word nie. Die kern van 'n suksesvolle advertensie is hoe dit 'n behoefte by 'n persoon aanspreek. Dikwels word mense so uitgebuit sonder dat hulle daarvan bewus is en koop mense dinge wat hulle nie nodig het nie of iets wat hulle nie graag wou gehad het nie vanweë goeie advertensies.

Twee faktore in 'n mens se samestelling word veral deur die advertensiebedryf uitgebuit naamlik:

Behoeftes van mense en die vrees faktor.

Behoeftes waarop veral gekonsentreer word is:

Behoeftes om iets nuuts te besit en ou dinge te vervang, behoefte aan aanvaarding, behoefte om nie geïgnoreer te word nie, behoefte aan sekuriteit, behoefte om aantreklik voor te kom.

Elkeen van hierdie behoeftes en baie ander word na gelang van omstandighede leuenagtig misbruik om mense te manipuleer.

Vrees faktor:

Vrees vir ongelukke en ander teenspoed, dood, om deur ander vermy te word, siekte en om oud te word kan onder andere genoem word.

Behalwe emosionele manipulerings word ook van baie ander tegnieke gebruik gemaak soos: Promosies, baie ander persone, veral belangrike persone, gebruik van die middel, deur die kliënt te komplimenteer, die ander gebruikers van die middel as gelukkig en suksesvol voor te stel. Misleiding en menslike manipulerings lê dikwels aan die grondslag van advertensies.

16 Desember

Leuen 10

Sielkunde 1

(Sien asb in hierdie verband my gratis E- boek: Are you a god-man or a man-god?)

Alhoewel die motivering van die sielkundige gewoonlik bo verdenking is aangesien hy graag sy pasiënt wil help is die sielkundige dikwels die een wat die meeste mislei word.

Neem nou maar die begrip **Sielkunde**. Eenvoudig gestel is dit tog die studie en kennis van die siel. Siel sluit, volgens die algemene opvatting daarvan, die mens se intellek, sy emosies en sy wil in.

Wanneer die sielkundige met sy dagtaak besig is, sal hy selde, indien ooit, seker maak of die persoon voor hom 'n Christen is al dan nie. Dalk is hyself nie 'n Christen nie. Tog is die term siel twee heel verskillende konsepte vir die gelowige en die ongelowige. Vir die gelowige is siel een van die komponente van menswees soos in Gen.2: 7 uitgestippel:

Die Here God het toe die mens gevorm uit die stof van die aarde (sy liggaam), en lewensasem in sy neus geblaas (die menslike gees) sodat die mens 'n lewende wese (met 'n siel) geword het.

Met die sondeval het God se waarskuwing waar geword en het die mens gesterf; sy geeskomponent het gesterf en sy liggaam en siel (verstand, emosies en begeertes) het bly voortbestaan. Die beherende faktor van die mens se lewe het nou in sy siel gesetel. Dit wat hy kon bedink, emosioneel kon ervaar en dit waartoe sy luste, drange en begeertes hom gelei het, het hy gedoen. Die mens was dus uitgelewer aan sy siel. Die siel het gesê dat hy, die mens, die belangrikste is en dat eerste na die mens en sy selfsugtige behoeftes omgesien moet word.

Eers nadat die mens Jesus as Verlosser aangeneem het en homself gekruisig het, kon hy weer gebore word en het God se Gees die plek van die dooie mensgees oorgeneem. Siel het nou 'n totaal nuwe betekenis gekry. Mòre meer daarvan.

17 Desember

Leuens 11

Die siel

Gister het ons gesien dat die siel in beheer van die ongeredde mens se denke, emosies en wil of begeertes is solank hy nog onbekeer is. Die mens se gees het met die sondeval gesterf. Alleen wanneer die mens sy beheersentrum, die siel, kruisig, homself verloën en agter Jesus aan volg kan hy die Heilige Gees, God se Gees, as nuwe beheersentrum in sy lewe laat oorneem. Nou is die menssiel nie meer in beheer nie. Die beheer het oorgegaan na God se Gees. Nommer een is nou nie meer die self nie maar God. Daarom kan die gelowige die Onse Vader gebed bid en eerstens vra dat God se Naam geëer moet word (nie meer sy eie nie), dat God se koninkryk moet kom (nie meer sy eie nie) en dat God se wil moet geskied (nie meer sy eie wil en begeertes nie).

‘n Totaal nuwe dinamika het nou ingetree. Dit is egter nie te sê dat die ou siel sy beheer sommer net aflê nie. Hy hou aan veg om beheer te probeer terugkry. Die lewe van die gelowige raak nou ‘n stryd; ‘n stryd om die Heilige Gees toe te laat om in sy lewe vrug te dra teenoor die ou siel wat nie sy beheer wil opgee nie. Die gelowige is wel gered maar die proses van heiligmaking of oorgawe aan die Heilige Gees duur voort totdat hy oorstap die ewigheid in. (Rom. 8 en Gal 5: 13-25)

Dit sal nou duidelik word waarom daar soveel plek vir leuens en misleiding in die spreekkamer van die sielkundige, ontstaan. Vrae soos die volgende sal nou beantwoord moet word:

Is die terapeut ‘n gelowige of nie? Waarheen is hy met die pasiënt oppad? Na een of ander humanistiese doelstelling toe of na die Geestelike doelstellings van God met die pasiënt? Hoe ver het die pasiënt gevorder op die strydpad tussen die ou siel en die Nuwe Beheersentrum, die Heilige Gees, in sy lewe?

18 Desember

Leuens 12

Die kuns van misleiding

Ter afsluiting van hierdie gedeelte oor hoe die mens deur satan se leuens mislei kan word, word kortliks na een tegniek wat in die Sielkunde gebruik word verwys, naamlik Hipnotiese verwarring.

Hipnoterapie is 'n kragtige terapeutiese hulpmiddel vir die sielkundige. Dalk moet hier nou 'n belangrike vraag beantwoord word en dit is of 'n gelowige sielkundige van hipnoterapie sal gebruik maak aangesien *siel* gewoonlik in sielkunde in die konteks van beheer deur die mens oor sy eie doen en late verwys word sonder die onderwerping aan God se Gees.

Terug by, hoe die terapeut verwarring kan gebruik om sy pasiënt te begelei op die pad van hipnotiese induksie. Eers moet die onderskeid tussen die mens se bewuste en onbewuste verstaan word. Die bewuste het te make met die logiese fisiese omgewing om jou en jou beredenerings om sin daarvan te maak. Die onbewuste is die prosesse wat in jou dieper psige plaasvind waarvan jy gewoonlik nie bewus is nie. Die bewuste maak veral gebruik van logiese denke en die onbewuste meer van die emosionele en verbeelding. Alhoewel die intellektuele dekonstruksie van die werklikheid belangrik is, kan dit spontane en kreatiewe denke inhibeer en 'n persoon verhinder om diep in hipnose in te gaan. Die pad na die onderbewuste moet dikwels 'n ompad wees om by die bewuste denke verby te beweeg. Dit kan gebeur wanneer die pasiënt se bewuste besig gehou word met die probleem om sin te maak van die verwarring wat deur taal vir hom geskep word. Die verwarring, die wanorde en verbystering fokus die persoon se bewuste daarop om sin te probeer maak. Enige fokus lei tot groter gereedheid om op 'n manier van die ongemak van nie verstaan nie ontslae te raak. Wanneer daar 'n geleentheid kom om wel iets te verstaan word dit gewoonlik aangegryp en is die persoon bereid om dieper stadiums van hipnose in te gaan. Die hele

proses van gebruikmaking van verwarring is tegnies van aard. Daar moet aan heelwat vereiste voldoen word om die tegniek suksesvol te gebruik. Wat wel belangrik is, is dat verwarring of die deurmekaarkrap van die logiese 'n persoon deur die valsheid van 'n alternatiewe werklikheid mislei word tot die oorgawe van sy eie betekenisgewing aan die van die terapeut.

19 Desember

Leuens 13

‘n Metaheelal

Die hoogtepunt van sataniese misleiding word in die term Metaheelal saamgevat. Volgens Wikipedia is die metaheelal die volgende:

Die metaheelal verwys na 'n toekomstige voorgestelde virtuele kollektiewe ruimte, geskep deur die samesmelting van virtuele volharde verbeterde realiteit en fisies volhoubare wêreld, toegevoegde werklikheid en die internet. Die term word tipies gebruik om die konsep van 'n toekomstige weergawe van die internet te beskryf wat kan bestaan uit volgehoue, gedeelde, 3D virtuele ruimtes wat gekoppel is aan 'n waargenome virtuele heelal. Begrippe soos hologramme, virtuele werklikheid en AR (augmented reality) kan hierin 'n toepassing vind.

In die uiteensetting van die metawêreld pas die gedeelte van Openbaring 13: 14-17 goed in. *En hy (antichrist) verlei die bewoners van die aarde deur die tekens wat hom gegee is om voor die oë van die dier die wonders te doen en deur aan die bewoners van die aarde te sê dat hulle 'n beeld moet maak vir die dier, wat die swaar wond ontvang en lewendig geword het. En dit is hom gegee om 'n gees aan die dier se beeld te gee sodat die dier se beeld ook sal praat en maak dat almal gedood word wat nie die dier se beeld aanbid nie. En hy maak dat aan almal, klein en groot, en die rykes en die armes, en die vrymense en die slawe 'n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word. In vers 3 en 8 staan ook: En die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan gegaan. En al die bewoners van die aarde sal hom aanbid.*

Die voorlopers van wat hier beskryf word, gebeur tans.

20 Desember

Tagtig plus

Hier teen die einde raak jy moeg;
jy het vir 80 jaar geswoeg, geploeg,
soms ook geplant.

Meestal sien jy net sand,
van plant en vrug
is daar maar min in sig.

Jy raak so beperk, moeg gewerk,
jou krag is opgebruik,
jy wil nie meer besluit;

Net saggies oorvaar
na waar Hy jou toekoms bewaar,
waar Hy vir jou wag,
in sy ewige mag en krag,
om net oor te gee aan Hom,
te vertrou op Hom,
Hy, jou God en Heer,
Wie lewensellende afweer,
jou nuwe hoop verskaf,
jou deur te dra deur leed- so sag.

Hier is ek Heer, doen U wil, om U ontwil.

Keer dat ek die bietjie lewe, oor, verspil.

Dankie Heer dat U my gebruik,
dat niks U goedheid stuit.

21 Desember

Gebore-weergebore

Nuwe mens, pienk en rein,

so klein.

Eers gebore met 'n gees so dood,

vanweë Eva wat God verstoot.

So lank aangeploeter,

nie geweet daar is iets soeter.

Tot ek Heer, U, ontdek,

en besef ek was 'n grote gek.

Eers toe ek sterf,

my sondelewe bederf,

my siel en liggaam verloor,

toe U kruis my bekoor,

eers toe ek my sonde bely,

kon U my weer in die hande kry.

Toe was ek gereed, gebore te word,

die ou mens was opgekort;

dood en saam met Jesus gekruisig,

om die ou sondegang te wysig.

Wedergebore, nie meer pienk,

maar spierwit, nou vir die hemel geskik.

Gewas in Sy bloed,

vir ewig die hemel te smaak, so soet.

Dankie vir die littekens my Heer, so te deel in U seer.

22 Desember

Gedeelde littekens

Merke net waar jy kyk;

die littekens aan die sondelyk.

Eers gedink die sonde is lekker,

tot dit my verpletter.

Tot Hy ingryp,

my uit die sondepoel gryp,

met geloofsgenade,

my oë geopen vir Sy verlossingsdade.

Toe kon ek aan self sterf,

die hel se vreugde bederf,

toe satan tevergeefs gryp,

my terug te trek in die sondeslyk.

Toe kom die stryd;

Gods Gees in my wat teen die sondehunkering kom stry.

ou siel wat veg vir 'n bestaan, te sien hoe sy invloed taan.

GodsGees wat als oorwin,

stadig maak die lewe sin.

Al wat ek het om te wys,

is Godsgenadebewys:

Die littekens van die worsteling, toe Hy in my inkom,

en ou siel tevergeefs nog veg, my aan die hel te verkneg.

Dankie vir elke teken Heer, my te herinner aan U seer,

vir redding gely – my by U te kry.

23 Desember

Littekens 1

In Gen. 2:7 staan:

En die Here God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het die mens 'n lewende siel geword.(1953 Vertaling)

Hierdie mens was perfek, na die beeld van God geskape; gees, siel en liggaam. Met die sondeval het gebeur, wat God voorspel het, en het die mens gesterf; nie sy liggaam nie, ook nie sy siel nie, dit wil sê nie sy verstand, emosie en wil nie. Maar wel sy gees. Die wonderbaarlike geskiedenis van die mens is vir ons opgeteken in die Ou Testament, die mens se sondeval, God se genade, die wet om die mens van sonde bewus te maak, die offers om die mens te herinner aan die belofte dat daar 'n groot Offer vir die mens se sonde gebring gaan word deur die Messias, die sondelose Seun van God. Hierdie heuglike gebeurtenis het dan ook plaasgevind met die koms van Jesus, ons Messias, Seun van God wat as sondelose vir die mens se sondes kom boet het, 2000 jaar gelede. Hy het die volle boete vir ons sondes kom betaal tot in die dood toe. Sy lyding was onbeskryflik intens, veral die onreg wat Hom aangedoen is toe Hy, die sondelose, vir al die sondes van die mens gestraf is. Na Jesus se opstanding uit die dood en Sy opvaar na die hemel, is die Heilige Gees op die mensdom, wie Jesus as Verlosser aanvaar het, uitgegiet. God se Gees het in die mens kom lewe en die dooie gees van die mens is so met God se onsterlike Gees vervang. Die ou siel van die mens moes sterf want daar het 'n nuwe beheersentrum gekom; die menssiel wat in beheer is van die ongelowige moes nou plek maak vir die beheer van God se Gees. Daarom moet die mens homself verloën, sy kruis opneem en Jesus volg. In die stryd tussen die ou siel van die mens en die Gees van God doen die nuwe mens wonde op. Dit kan fisiese wonde wees en geestelike wonde maar littekens sal daar wees.

24 Desember

Littekens 2

In Gal. 6:14-17 verklaar Paulus die volgende:

Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld. Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is.....17: Niemand moet dit vir my moeilik maak nie, want ek dra al klaar die littekens van Jesus in my liggaam.

Wat is die littekens wat Paulus in sy liggaam dra?

Dit mag dalk die oogprobleem wees wat God hom nie van genees het nie omdat God se krag in Paulus se swakheid volbring moes word.

Dit kon die baie littekens van sy verskeie gëselings gewees het toe sy rug oopgeskeur is.

Dit kon die steniging gewees het toe hy vir dood agtergelaat is.

Die honger, dors en marteling in die tronke het sekerlik ook littekens veroorsaak.

Die ergste was seker die innerlike littekens van onder andere bekommernis oor die mense wat hy gehelp het om in Jesus te glo en wat tot bekering gekom het. Hy was so lief vir hulle en was so bekommerd dat hulle deur misleiding die seën van God se Gees sou ontbeer en afvallig sou word.

Ook ons vandag dra littekens van Jesus in ons rond. Die ergste litteken is seker ons opstand teen God toe ons nog onder die beheer van die ou siel geleef het. Hierdie litteken is ook ons kosbaarste besitting want dit herinner ons gedurig aan God se goedheid en genade en aan wat Jesus ons Redder, Verlosser en Heil vir ons redding kom doen het. Hierdie letsel word ons groot vertoonstuk wanneer ons selfverlonend roem op die Kruis van Christus.

25 Desember

Christusfees

Blye, blye, blye dag!

Verlos van die sondenag.

Die Kind is gebore,

vir ons redding beskore.

Maria, kleine jongvrou,

God se liefde het jou omvou,

Sy Seun aan jou toevertrou.

God, hoe kan ons U dank,

U eer verklank,

U ewig prys,

vir U goedheid aan ons bewys?

26 Desember

Vrygemaak

Vrygemaak van die sondesmaak,

die bitter diep in my siel,

die dans van die doodsriël:

Van swart donker chaos,

blindekol wat my sielsondergang verhaas.

Tog is daar uitkoms;

‘n Vryheid in onderwerping aan Hom,

in weerstand teen satan,

wat my siel na die hel verban.

Die Vryheid is rein en skoon,

amper soos ‘n virtuele droom,

‘n veilige vesting om na te vlug,

wanneer Jesus oor my sug

en my herinner aan Sy vergiffenis.

Dit skep in my ‘n vredelus

na Hom, voor Sy gesig.

Voel hoe die vredekoel in jou siel in vloei;

die afsluiting van onvergiffenis,

wat ‘n salige geheimenis

van vergeet van leed,

deur ander jou aangedoen,

die heerlikheid van Godsversoen.

Heer maak hul ook los en vry, in hul vergiffenis van my.

27 Desember

Alleen

Alleen het my gees op die rak gestaan.

Toe maak God 'n plan:

Hy plaas liefde in 'n paar

vir mekaar.

Hy seën hul liefde en haal my van die rak

en plaas my onder 'n huis se dak.

Met liefde oorweldig Hy my,

liefde wat ek by my ouers kry.

Wat weet ek,

kleine gek?

Ek weet net ek wil nie vrek;

Daarom drink ek van moedersmelk,

wat sy inskink in liefdeskelk.

So groei my siel,

al is my gees deur Evasonde verniel;

dodgebore, vir God verlore.

Tot Sy plan werklik word

en Hy Sy Gees in my stort.

Toe kom my gees in Hom tot lewe

en hoef ek nooit weer vir dood te bewe.

Nou wag ek nog op die oorgang

Om nooit weer alleen te wees, nooit weer bang,

U te loof met hemelsang.

28 Desember

Wie is U

Wie is U, my Heer?

Is dit so dat niks U keer

met sondaars te meng,

hul intiem te ken

met hul te verkeer,

hulle siele om te keer?

Neem U deel siele te heel,

of trek U ook 'n streep?

Keer U ook tafels om in U huis

wanneer hul U Naam verguis?

Skel u ook op die Fariseër

hulle wat U so graag wil beheer.

Sê U ook die koning sleg?

Maak U ook 'n uitspraak

oor die wat galbraak?

Sê U ook: “skud die stof af van hul wat My verag?”

Sê U: “Gaan onder hulle uit,

hul wat teen my besluit?”

Sê U ook dat hul wat kind bo U eer,

nie werd is voor U te kom, my Heer?

Praat U in U Woord meer van hel en dood

as hemel en ewige brood?

Ken ons net van U wat ons wil, wat pas by mensegril?

29 Desember

Laaste 24 Uur

Laaste 24 uur, vir my verduur.

Eers die worsteling,

met U bloed wat die grond indring.

Hoeveel moes U ly,

dat U bloed van U voorkop gly,

soos sweet?

Net U sal weet.

Hoeveel moes U ly

my van sondes te bevry?

Sodat ek nie hoef te boet,

die verlossing te ervaar, so soet.

Wat was die ergste Heer,

liggaamslyding of verwerpingspyne,

toe U vriende U verlaat,

U uitverkore volk roep na U smaad,

U van Vader moes hoor

Dat Hy U gaan verlaat?

Net U alleen, gestroop van al,

Dit was genoeg, dit maak jou mal.

Tot U salig sterf met: “Dit is volbring.”

Wetend U het als gedoen,

U het die dood oorwin,

sodat ons kan leef, en nooit in die hel hoef te beef.

30 Desember

Nuut

So naby en tog so ver;

wees tog by hierdie verskietende ster,

in ruimte en tyd.

Wat 'n saligheid,

nie alleen.

Nog nie versteen tot grond,

op 'n reis deur tyd

Nog net een dag,

dan breek die jaar se nag.

Kan ons nuut begin,

weer besin.

weer nuwe planne maak,

die ou mislukkings versaak.

'n Dag is lank en kort;

kort vir genot

lank vir ly en pyn.

Dra my spoedig deur

tot in die nuwe tyd,

van plek en ewigheid.

31 Desember

Dertig Jaar

1993-2023

Dertig jaar aan,

en haas uitgespan,

Na 'n stywe trek,

sonder enige gebrek.

Nou wink die sagte groen gras,

by waters wat rustig plas.

Waar ek my Heer sien wandel,

en Hy so liefdevol handel.

Winkend vir my om nader te kom na Hom.

Kan reeds Sy vriendelikheid sien,

my skone Jesus, Heer.

Die liefde straal van Hom:

“Ja, Here, ek kom.

Brug die afstand tog gou,

dat niks my van U weerhou.

Hou U arms oop,

maak vir my plek op U skoot,

of by U voete, Heer,

waar littekens U liefde uitstraal.

U het my kom haal.

My God, My God, kom gou.

Sal U tog van my onthou.”